

Agenda

vir die

Berde Sinode

van die

Afrikaanse Protestantse Kerk

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

te Parys

Woensdag 1 tot Dinsdag 7 November 1989

Deel 1

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	i	
Ordereëlings	ii	
Dagprogram	1	
Verslae		
SKK (sluit in: verslae oor "Die Boodskapper", Publikasies, Interkerklike Verhoudinge, Mediaskakeling)		
Deel 1 : Vir kennisname		6
Deel 2 : Vir goedkeuring		25
Deel 3 : Beskrywingspunte		28
Deel 4 : Bylaes		60
Kuratorium		
Verslag		97
Addendumverslag		115
Kommissie vir		
Finansies		119
Kerkleer en Etiese Norme		146
Bybelvertaling		175
Getuienis en Dissipelskap		178
Barmhartigheidsdienste		188
Kapelaansdienste		198
Argief, Video's en Foto's		201
Jeug en Verbondsonderrig		203
Kerkmusiek en -Sang		216
Onderwys en Opvoeding		224
Sending		227
Formuliere en Liturgie		239
Kerkregtelike Sake		264

V O O R W O O R D

HIERMEE DIE AGENDA VIR AFGEVAARDIGDES NA DIE DERDE SINODE VAN DIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING TE PARYS OP WOENSDAG
1 TOT DINSDAG 7 NOVEMBER 1989

Afgevaardigdes word vriendelik gevra om

1. die inhoud van die agenda vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het
2. die hele agenda vooraf aandagtig te bestudeer, aangesien dit tydens die Sinode as gelese beskou sal word. Veral die gedeeltes in verslae gemerk "Vir Kennisname" sal nie tydens die Sinode weer gelees word nie
3. n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerke saam te bring na die Sinode
4. die "ordereëls vir Kerklike vergaderings" in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde volgens die "ordereëls" kan optree
5. onderling te reël dat na afloop van die Sinode, en na ontvangs van die Handeling, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig
6. gereeld voorbidding in die komende Sinode te doen.

Elke afgevaardigde word n veilige reis en verrykende Sinode toegebid.

DS M.C. ADENDORFF
(Skriba : SKK)

O R D E R E Ë L I N G S

1. Voorsittende leraar totdat Voorsitter gekies is. (KO Bepaling 41.5) predikant oudste in jare : dr J.D. Malan.
2. Waarnemende Skriba tot Skriba verkies is: skriba van SKK: ds M.C. Adendorff.
3. Opening deur voorsittende leraar: sang, Skriflesing en gebed.
4. Verwelkoming deur
 - 4.1 voorsittende leraar
 - 4.2 voorsitter, Kerkraad APK Graniet
5. Rapport, Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe.
6. Konstituering.
7. Aanwysing van stemopnemers en stemtellers - uittredende Dagbestuur van SKK.
8. Ordereëls, Kerklike vergaderings: word as gelese beskou.
9. Verkiesing
 - 9.1 Voorsitter (neem stoel in)
 - 9.2 Ondervoorsitter
 - 9.3 Skriba
 - 9.4 Hulpskriba
 - 9.5 Aktuaris
10. Benoeming van tydelike kommissies.
11. Vaststelling van Agenda en Dagprogram.
12. Openingsrede deur Voorsitter van vorige Sinode.
13. Verslae van permanente kommissies.
14. Nagmaal van plaaslike kerk met sinodegangers as gaste.
15. Verslae van tydelike kommissies vir
 - A Regte
 - B Finansies
 - C Jeug en Verbondsonderrig
 - D Barmhartigheidsdienste
 - E Kapelaansdienste

D A G P R O G R A M

WOENSDAG : 1 NOVEMBER 1989

- F Argief
 - G Formuliere en Liturgie
 - H Getuienis en Dissipelskap
 - I Kerkleer en Etiese Norme
 - J Besluite register van Sinodale Besluite vir aandag van Kerkrade
 - K Kerkmusiek en Kerksang
 - L Mediaskakeling
 - M Onderwys en Opvoeding
 - N Samestelling van Permanente Kommissies
 - O Ringsgroepering
 - P Sending
 - Q Algemene Sake
 - R Verlofaansoeke
 - S Notule
 - T Literatuuruitstalling
 - U Foto's
 - V Geloofsbriewe
 - W Akkommodasie
 - X Administrasie en administratiewe hulpmiddels
 - Y Bybelvertaling
 - Z Boodskap van Sinode aan gemeentes
16. Verkiesing van 5 lede (met secundi) van SKK.
 17. Konstituering van Ringe.
 18. Verkiesing deur Ringsgroepe van verteenwoordigers op die SKK, met secundi.
 19. Verkiesing van lede van Kuratorium.
 20. Samestelling van Bestuur van RKA.
 21. Mosies.
 22. Afsluiting: sang, Skriflesing en gebed deur Voorsitter van Sinode.

- | | |
|---------------|--|
| 10:00 - 12:00 | Registrasie |
| 12:00 - 13:00 | Kommissie vir Geloofsbriewe stel rapport op |
| 13:00 - 13:50 | Ete |
| 14:00 - 14:15 | Opening |
| 14:15 - 14:25 | Verwelkoming |
| 14:25 - 14:35 | Rapport, Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe |
| 14:35 - 14:40 | Konstituering |
| 14:40 - 14:45 | Aanwysing van stemopnemers en stemtellers
Ordereëls van Kerklike Vergaderings: as gelese beskou |
| 14:45 - 15:00 | Verkiesing van Voorsitter |
| 15:00 - 15:05 | Reëlins ten opsigte van mediadekking |
| 15:05 - 15:10 | Voorsitter neem stoel in |
| 15:10 - | Verkiesing van Ondervoorsitter, Skriba, Hulp-skriba en Aktuaris |
| 15:15 - 15:30 | Benoeming van tydelike kommissies |
| 15:30 - 15:40 | Vasstelling van Agenda en Dagprogram |
| 15:40 - 16:00 | Verslag SKK |
| 16:00 - 16:30 | Teepouse |
| 16:30 - 17:40 | Verslag SKK |
| 17:40 - 17:50 | Verlofaansoeke |
| 17:50 - 18:00 | Aankondigings (o.m. leiers bidstonde). Goedkeuring mediaverslag |
| 18:00 - 19:15 | Aandete |
| 19:30 - 20:30 | Openingsrede |
| 20:30 - 21:00 | Teepouse |
| 21:00 - | Tydelike Kommissies vergader |

DONDERDAG : 2 NOVEMBER 1989

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 10:30	Verslag SKK (voltooi)
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00	Notule van vorige dag word uitgedeel
11:00 - 13:00	Verslag van Kuratorium Verkiesing van Kuratorium
13:00 - 14:00	Ete
14:15 - 14:30	Goedkeuring, notule van vorige dag
14:30 - 16:00	Verslag, Kommissie vir Finansies
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30	Verslag, Kommissie vir Finansies
17:45	Verlofaansoeke en afkondigings. Goedkeuring van mediaverslag
18:00	Aandete
19:00	Verslag, Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)
20:00	Verslag, Tydelike Kommissie 0 (Ringsgroepering)
20:30	Tee
21:00	Tydelike Kommissies vergader

VRYDAG : 3 NOVEMBER 1989

07:00	Ontbyt
08:00	Bidstond
08:20	Aankondigings en reëlings. Deur loop van dag word SKK-lede verkies
08:30	Verslag KKS vir res van die dag
10:30 - 11:00	Tee
13:00 - 14:00	Ete
14:15 - 14:30	Goedkeuring, notule van vorige dag
16:00 - 16:30	Koffie
17:45	Verlofaansoeke en afkondigings. Goedkeuring mediaverslag
18:00 - 19:00	Ete
20:30 - 21:00	Tee
21:00	Ringe konstitueer; ringsgroepe vergader en kies verteenwoordigers op SKK

SATERDAG : 4 NOVEMBER 1989

07:00	Ontbyt
08:00	Bidstond
08:20	Aankondigings en reëlings
08:30	Verslag KKS
10:30	Tee
11:00	Notule vorige dag word uitgedeel. Verslag KKS voltooi
12:30	Afkondigings en reëlings. Verlofaansoeke. Goedkeuring mediaverslag
13:00	Ete
14:15	Goedkeuring, notule van vorige dag
14:30	Verslag Tydelike Kommissie vir Permanente Kommissies
15:00	Verslag Argief, Video's en Foto's
15:30	Tee Saamverkeer

SONDAG : 5 NOVEMBER 1989

08:00 Ontbyt
 10:00 Nagmaal saam met APK Graniet
 12:00 Verslag Kommissie vir Bybelvertaling
 13:00 Ete
 Rustyd
 15:30 Koffie
 16:00 Verslag, Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap
 17:00 Verslag, Kommissie vir Kerkmusiek en -Sang
 17:45 Afkondigings en reëlings
 18:00 Ete
 19:00 Kort erediens
 19:45 Informele broederlike gesprek oor belewenis van
 APK-lidmaatskap
 21:00 Tee

MAANDAG : 6 NOVEMBER 1989

07:00 Ontbyt
 08:00 Bidstond
 08:20 Aankondigings en reëlings
 08:30 Verslag, Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme
 10:30 Tee
 11:00 Notule van Saterdag en Sondag word uitgedeel
 11:00 Verslag, Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme
 (voltooi)
 12:00 Verslag, Kommissie vir Formuliere en Liturgie
 (voltooi)
 13:00 Ete
 14:15 Goedkeuring van notule vir Saterdag en Sondag
 14:45 Verslag, Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig
 16:00 Koffie
 16:30 Verslag, Kommissie vir Kapelaansdienste (voltooi)
 17:00 Verslag, Kommissie vir Barmhartigheidsdienste (voltooi)
 17:45 Verlofaansoeke en afkondigings.
 Goedkeuring mediaverslag
 18:00 Ete
 19:00 Verslag, Kommissie vir Sending (voltooi)
 20:00 Verslag, Kommissie vir Onderwys en Opvoeding
 20:30 Tee
 21:00 - 22:00 Verslag Tydelike Kommissie vir Regte

DINSDAG : 7 NOVEMBER 1989

07:00 Ontbyt
 08:00 Bidstond
 08:20 Aankondigings en reëlings en uitdeel van notule
 van vorige dag
 08:30 Vir res van dag : Verslae van Tydelike Kommissies
 10:30 Tee
 11:15 Goedkeuring van notule
 11:30 Verslae Tydelike Kommissies (vervolg)
 12:00 Mosies. Goedkeuring mediaverslag
 12:30 Afsluiting : Voorsitter

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODE 1 - 7 NOVEMBER 1989
VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE

DEEL 1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

1.1.1 Lede deur die tweede Sinode verkies

Ds MC Adendorff
Ds A Boshoff
Dr WJG Lubbe
Dr CI van Heerden
Ds AS van Jaarsveld

1.1.2 Lede soos deur die ringsgroepe aangewys

	Primarius	Secundus
Kaapland		
Oos-Kaap	Ds A van Staden	Oef.Z J v Rensburg
Wes-Kaap	Ds NRJ van Zyl	Ds CJ Prins
Natal		
Natalia	Ds CJJ v Rensburg	Ds OD Scheuer
Oranje Vry- staat	Ds JH Theron	Ds LH Jacobs
Transvaal		
Noord-Trans- vaal	Ds R Marè	Ds E Friis
PWV	Ds AJ Taute	Ds NJ Rautenbach
Wes-Transvaal	Ds HCG Robbertze	Ds JA du Plessis

Ds LH Jacobs het as secundus gedien nadat ds JH Theron na Outjo vertrek het. Ds JA du Plessis het in die plek van ds HCG Robbertze gedien, wat die beroep na die Teologiese Skool aangeneem het. Die SKK het ds OD Scheuer opgeroep nadat ds JA du Plessis die beroep na Naboomspruit aangeneem het.

(Kyk aanbeveling 2.1 en 2.2)

1.1.3 Personeel (Dagbestuur)

Die SKK het tydens sy eerste vergadering op 20 en 21 September 1988 die dagbestuur soos volg saamgestel

Prof WJG Lubbe	-	voorsitter
Dr CI van Heerden	-	ondervoorsitter
Ds MC Adendorff	-	skriba
Ds R Marè	-	assistent-skriba
Ds AJ Taute	-	addisionele lid

Die Administrateur het as notulerende skriba opgetree.

1.2 Vergaderings gehou sedert die vorige sinode

1.2.1 Die SKK het ses keer vergader

1.2.2 Die Dagbestuur van die SKK het vyftien keer vergader.

1.3 Sake behandel

Verslag van die handeling van die Dagbestuur is geïnkorporeer in hierdie verslag van die SKK. Die verslag dek die handeling van die SKK vanaf 20/9/88 tot 24/8/89. Die Dagbestuur het in opdrag van die SKK aandag gegee aan alle sake wat dringend aandag moet kry of afgehandel moet word, met verslag aan die SKK van sy handeling. Verslag is gereeld tydens elke SKK-vergadering gelewer.

1.3.1 Sake deur die tweede Sinode na die SKK verwys

Die SKK het aan al die sake die nodige aandag en uitvoering gegee. Dit verskyn onder die

skkvslag/mk

- 2 -

verskillende punte van hierdie verslag. Besluite van die tweede sinode is per omsendbrief en in "Die Boodskapper" aan kerkrade en lidmate onderskeidelik bekend gemaak.

1.3.2 Personeel- en kantoorangeleenthede

Die SKK het besluit dat die voorsitter van die SKK, die administrateur van die SKK en die rekenmeester as Topbestuur van die SKK volgens neergelegde omlýnde take gesamentlik toesig sal hou oor die beheer van die kerkkantoor as geheel en dat die voorsitter van die SKK sekere uitvoerende take, wat deur die SKK omlýn is, sal hanteer.

Hierop is verder besluit dat dr WJG Lubbe die poste van deelydse redakteur van Die Boodskapper en deelydse skakeladministrateur sal beklee met 'n honorarium, gelykstaande aan 'n leraarstraktement.

Die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) het voorgestel dat 'n Raad vir Kerklike Administrasie tot stand kom. 'n Konsep RKA-reglement en konstitusie vorm deel van die KKS se verslag.

Die Dagbesture van die SKK en Kuratorium het tydens 'n gesamentlike vergadering die ondergenoemde interne reëling in verband met personeel- en kantoorangeleenthede getref

1.3.2.1 Personeel

Uitvoering is gegee aan die besluit van die sinode dat die pos van administrateur so gou as wat finansies en middele dit toelaat in aparte poste nl Administrateur vir die SKK en Administrateur vir die Kuratorium, omskep sal word. Die SKK het mnr IA Kotze as Administrateur vir die SKK aangestel. Die Kuratorium het dr FAH van Staden as Administrateur

vir die Kuratorium aangestel.

Daar is verder besluit dat die Kuratorium en SKK elk oor 'n eie Sekretaresse-tikster sal beskik, alhoewel die tikwerk in die kantoor en die beantwoording van die telefoon, deur albei behartig word.

Daar is besluit dat die poste van ontvangsdame en versendingsklerk as uitsluitlik SKK-poste en -vergoedingsverantwoordelikheid beskou word. Die poste van Rekenmeester, assistent-rekenmeester en rekeningklerk word gedeel met 'n vergoedingspakket van een derde as bydrae deur die Kuratorium en twee derdes as bydrae deur die SKK.

Die Administrateur van die Kuratorium is in beheer van die sekretaresse-tikster van die Kuratorium, die spysenier en terrein- en geboueversorger terwyl die Administrateur van die SKK in beheer van al die ander kantoorpersoneel, insluitende die personeel van die rekenkundige afdeling sal wees.

Die SKK het ook 'n pos van deelydse argivaris ingestel om drie dae per maand by die kantoor doenig te wees met die inrig van 'n argief.

Die Administrateur van die SKK tree ook op as inligtingsbeampte t.o.v. gemeentes en lidmate, terwyl die voorsitter van die SKK as inligtingsbeampte t.o.v. buite-instansies optree.

Die volgende poste is tans soos volg gevul

Redakteur (deeltyds) - dr WJG Lubbe
 Skakeladmin.(deeltyds) - dr WJG Lubbe
 Administrateur - mnr IA Kotze
 Rekenmeester (deeltyds) - mnr CJ de la Rey
 Asst-rekenmeester - mnr JH Scholtz
 Ontvangsdame - mev E Booyens
 Sekretaresse - mev MC Klein
 Rekeningklerk - mev SM Korkie
 Versendingsklerk - mev A Alester
 Argivaris (deeltyds) - ds WM Grové

Die SKK is tans besig met 'n ondersoek i.v.m. die moontlike rekenarisering van die kantoor-administrasie.

Riglyne vir administratiewe reëlins tydens die sinode asook riglyne vir die opstel van kommissieverslae, en formulering van beskrywingspunte is deur die SKK daargestel.

1.3.2.2 Geboue en terrein

Die gebou en terrein en die versorging en instandhouding daarvan, is die verantwoordelikheid van die Kuratorium en die gebruik daarvan word aan die SKK verhuur.

Die Kuratorium aanvaar volle verantwoordelikheid vir die kombuis, as deel van die gebou en lewer teen vergoeding 'n diens aan die SKK en permanente kommissies t.o.v. verversings en die voorsiening van etes.

1.3.2.3 Kantoortoerusting

'n Motor is vir administratiewe behoeftes aangekoop. Noodsaaklike ameublement vir die kantoor is aangevul.

1.3.3 Permanente kommissies

skkvslag/mk

- 5 -

Die SKK het in opdrag van die vorige sinode persone op die ondergenoemde permanente kommissies benoem met inagneming van die aanbevelings van die tydelike kommissie vir permanente kommissies.
 Argief, Video's en Foto's
 Barmhartigheidsdienste
 Bybelvertaling
 Die Boodskapper
 Finansies
 Formuliere en Liturgie
 Getuienis en Dissipelskap
 Interkerklike verhoudinge
 Jeug en Verbondsonderrig
 Kapelaansdienste
 Kerkleer en Etiese norme
 Kerkmusiek en -sang
 Kerkregtelike sake
 Onderwys en Opvoeding
 Publikasies
 Sending

Die SKK het die kommissie vir Barmhartigheidsdienste versoek om 'n telefoonkonferensie as vergaderingswyse te ondersoek en as proefneming 'n vergadering in die vorm van 'n telefoonkonferensie te hou. Dit vorm deel van die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste se verslag.

1.3.4

Ringe

Die SKK het die ringsindeling gehandhaaf soos deur die Sinode goedgekeur. Nuwe gemeentes is ingedeel volgens riglyne deur die Sinode gegee, of soos vereis deur die omstandighede.

Ringsittings het oor die algemeen voor einde April plaasgevind. Ringskribas is versoek om voor einde Mei die notules met die beskrywingspunte te kategoriseer en na die sentrale kantoor te stuur. Die bedoeling was om aan permanente kommissies wat van 12 - 15 Junie vergader het, die geleentheid te gee om die beskrywingspunte in behandeling te neem en aanbevelings daaroor is reeds in hulle

skkvslag/mk

- 6 -

verslae in die agenda opgeneem. Op die wyse kan die werksaamhede van die Sinode bespoedig word omdat die tydelike kommissies tydens die sinode dan minder werk sal hê. Permanente kommissies met meer tyd tot hulle beskikking kan ook beter oorwoë aanbevelings voorlê.

1.3.5. Gemeentes

- 1.3.5.1 Die volgende gemeentes is sedert die tweede sinodesitting gestig, sodat daar tans 176 gemeentes bestaan.

Prieska-fontein 17 Augustus 1988
 Namakwaland 4 September 1988
 Sabie 6 November 1988
 Leeudoringstad 9 November 1988
 Aberdeen 16 November 1988
 Outjo 20 November 1988
 Volksrust 11 Januarie 1989
 Balfour 15 Januarie 1989
 Messina 22 Januarie 1989
 Meyerton 22 Februarie 1989
 Uitenhage 8 Maart 1989
 Mosselbaai 2 April 1989
 Sutherland 7 April 1989
 Bothaville 30 April 1989
 Hartbeesfontein 18 Mei 1989
 Keetmanshoop 4 Junie 1989
 Alberton 7 Junie 1989
 Devon 18 Junie 1989
 Windhoek 18 Junie 1989
 Hartbeespoort 02 Augustus 1989

- 1.3.5.2 'n Aantal gemeentes het gekombineer met ander gemeentes om saam die dienste van 'n predikant te bekom.

- 1.3.5.3 Vanweë die predikantetekort is verskeie gemeentes, sommige in kombinasie, nog vakant.

- 1.3.5.4 Sover moontlik is gepoog om te reël dat predikante beskikbaar was vir nagmaal- en doopbediening, die

bevestiging van kerkraadslede en aflegging van geloofsbelydenis.

- 1.3.5.5 Inligtingsgeleenthede is gereël met die oog op gemeentestigting.

- 1.3.5.6 Finansiële hulp ten bedrae van R68 883,33 is sedert die tweede Sinode aan sewe gemeentes verleen.

Die SKK het vanaf 5 Maart 1989 'n bedieningsooreenkoms met sommige gemeentes aangegaan, waarvolgens hulle leraars tydelik gedeeltelike diens vir die SKK verrig.

1.3.6 Predikante

- 1.3.6.1 Die volgende predikante is sedert die tweede sinodesitting deur die SKK of die Dagbestuur van die SKK namens die SKK tot die bediening in die APK toegelaat:

HJ Liversage	- 9 September 1988
CF Swart	- 26 September 1988
PR Jonker	- 10 Oktober 1988
AJB Deyssel	- 1 Desember 1988
JH Swart	- 1 Desember 1988
PB Kotze	- 27 Januarie 1989
SW van Wyk	- 1 Februarie 1989
JJ Venter (Kosie)	- 11 Maart 1989
L Skein	- 16 April 1989
J Ries	- 13 April 1989
AJ van Niekerk	- 25 Junie 1989
JAC Erasmus	- 9 Julie 1989

Die Kuratorium sal verslag lewer van predikante deur hom gelegitimeer

Ds F Botha het op 10 Maart 1989 as lidmaat van die APK bedank.

Die kommissie vir Kerkregtelike Sake het op versoek, die SKK van advies bedien t.o.v. 'n ondertekeningformulier vir

predikante sowel as 'n diens en versorgingsooreenkoms met predikante. Dit vorm deel van die KKS se verslag. Gevalle van leraars wat nie predikantstatus het wanneer hulle na die APK oorkom nie, word deur die Kuratorium behartig.

- 1.3.6.2 Die SKK het die predikante wat tot die bediening in die APK toegelaat is, dadelik beroep en as reisende leraars aangewend vir tydelike bediening in vakante gemeentes of waar nodig vir gemeentestigting. Dit het 'n swaar finansiële las op die SKK gelaai, dog baie geseënde diens tot gevolg gehad in vakante gemeentes.

Die SKK het die Kommissie vir Kerkregtelike Sake versoek om hom van advies te bedien ten opsigte van die toelating van nie-APK predikante om in die APK die Woord te bedien. Dit vorm deel van die KKS se verslag.

- 1.3.6.3 Die SKK het tans een predikant voltyds en twee deeltjys in reisende diens.

Riglyne is neergelê ten opsigte van die vergoeding deur gemeentes aan die SKK vir dienste deur reisende leraars gelewer.

- 1.3.6.4 71 predikante en 4 oefenaars is tans in gemeentes bevestig.

1.3.7 Interkerklike verhoudinge

Die Dagbestuur van die SKK tree ook op as die kommissie vir interkerklike verhoudinge.

- 1.3.7.1 Nadat die SKK nie reaksie gekry het op sy tweede skrywe wat aan die ASK van die NGKerk gerig is insake

broederlike samewerking nie, is weer 'n kopie van die skrywe gestuur. 'n Finale antwoord word nog afgewag.

'n Uitnodiging is egter van die SKDB van die NG Kerk ontvang na samesprekings insake kindermolestering. Die voorsitter van die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste is versoek om die samesprekings by te woon. Verslag van die samesprekings is vervat in die kommissie se verslag aan die Sinode.

- 1.3.7.2 Die Ned Herv Kerk het op ons skrywe oor broederlike samewerking met die APK soos volg geantwoord:

"Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het op sy onlangse vergadering gehandel oor 'n rapport wat voor hom gedien het oor die APK en soos volg besluit:

* Die Algemene Kerkvergadering neem kennis van:

** die ontstaan en bestaan van die APK;

** die feit dat die APK die Bybel aanvaar as die onfeilbare Woord van God-Drie-enig en dat die APK bely wat geskryf staan in die Drie Formuliere van Eenheid; en

** die kerkorde en bepalings van die APK.

* Die vergadering versoek die Raad vir Gesprek met ander

16
Denominasies om in gesprek te tree met die APK.

Dit sal baie waardeer word as u daartoe sal instem om met hierdie raad van die Nederduitsch Hervormde Kerk gesprek te voer".

Die Voorsitter van die SKK het hierop positief geantwoord.

- 1.3.7.3 Die Gereformeerde Kerke het die aangeleentheid na Deputate verwys. Geen verdere reaksie is nog ontvang nie.

1.3.8 Publikasies

Die Dagbestuur van die SKK tree ook op as kommissie vir Publikasies.

- 1.3.8.1 Die SKK het riglyne vir die beoordeling en keuring van manuskripte opgestel asook vir die vergoeding van beoordelaars. Die SKK het die volgende prysbepaling t.o.v. publikasies goedgekeur nl drie maal die drukkoste, wat dan so verdeel word: 65% aan die uitgewer, 15% aan die skrywer en 20% vir AVB, posgeld en hantering. Die prys word afgerond. As die skrywer die drukkoste dra ontvang hy 65 % en die Publikasiekomitee 35 % .

AVB heffing op publikasies geld vanaf die datum waarop die APK 'n belastingnommer verkry het.
(Kyk Aanbeveling 2.4)

1.3.8.2 Die Boodskapper

Die Boodskapper is by die Dept. van Binnelandse Sake as nuusblad geregistreer.

Die Redaksie van Die Boodskapper is

17
soos volg deur die SKK saamgestel.

Prof E Baumbach, mev M Bosman, mnr C du Preez, dr CJ Jooste, mnr IA Kotze, prof WJG Lubbe (eindredakteur), di NJ Rautenbach, AE van den Berg, JJ Venter. Dr CJ Jooste het intussen as lid van die redaksie bedank. Dr MFM Pretorius is deur die SKK as lid van die Redaksie benoem.

Medewerkers

di OD Scheuer, R Schwartz, CJJ van Rensburg, AS van Staden, PS van Staden.

Die Redaksie het 'n kernredaksie uit eie geledere soos volg benoem: dr WJG Lubbe (eindredakteur) dr CJ Jooste (Ondervoorsitter) en mnr IA Kotze (Sekretaris). Ds Jurie Venter is in die plek van dr CJ Jooste as ondervoorsitter benoem. Die redaksie vergader op die eerste Maandag van elke maand om die kopie van Die Boodskapper vir die volgende maand te bespreek. November en Desember se uitgawes word gekombineer sowel as die van Januarie en Februarie.

Die Boodskapper verskyn vanaf Januarie 1989 in 'n groter formaat, gedruk in drie kolomme met 'n groter lettertype en 'n nuwe kopstuk, 'n bylae gekoop deur die Jeugkommissie en 'n bylae gekoop deur die Vroue-aksie.

Die intekengeld is verhoog na R18-00 per jaar. Gemeentelike intekening is vasgestel op R10-00 per jaar per besoekpunt indien vir minstens 25 besoekpunte of vir elke besoekpunt ingeteken word.

Die blad word egter steeds een per besoekpunt (plus 'n paar vir inligting) aan gemeentes gestuur ongeag intekening. (Kyk aanbeveling 2.5)

Amptelike kennisgewings, advertensies en foto's vorm 'n integrale deel van die blad.

Die begroting kom voor in die verslag van die Kommissie vir Finansies.

- 1.3.8.3 Inligtingstuk - "Ontmoet die APK". Die inligtingstuk is deur die SKK voltooi en verskyn as bylae A tot die verslag. Met die aanbieding van die inligting word gehoop om die ware beeld van die kerk te vertoon en valse en negatiewe propaganda teen te werk. (Kyk Aanbeveling 2.6)
- 1.3.8.4 Kerkjaarboek 1989 - die Jaarboek is gepubliseer.
- 'n Tweede oplaag is as gevolg van wye belangstelling gedruk. (Kyk Aanbeveling 2.7)
- 1.3.8.5 Verbondsonderrigboeke - sedert die tweede sinode is 'n nuwe uitgawe van die standerd 3 boek as gevolg van veranderinge gedruk, terwyl die boekevoorraad vir al die ander klasse slegs aangevul is.
- 1.3.8.6 'n Leerboek vir volwasse katekisasie - die boek is in opdrag van die tweede Sinode gedruk, en aan gemeentes vir bestelling beskikbaar gestel. Dit is 'n beknopte studie d.m.v. vrae en antwoorde met die oog op die aflê van belydenis van geloof, vir gebruik deur

volwassenes en vir afronding van die belydenisklas. (Kyk Aanbeveling 2.8)

1.3.8.7 Ander lektuur

Goedgekeurde boekies van verskeie skrywers, hoofsaaklik vanuit die APK, wat deur hulself of ander uitgewers gepubliseer is, word deur die Sentrale kerkkantoor versprei.

Dit blyk dat daar 'n groot behoefte aan sodanige geestelike leesstof bestaan, veral ook aan betroubare gidse vir Bybelstudie.

Boekverkope vanuit die kantoor het sodanig toegeneem, dat die SKK dit oorweeg om boekverkope tot 'n boekwinkel wat geldelik selfstandig is, uit te bou, en later hopelik tot 'n openbare boekwinkel steeds in die eerste plek tot diens van die APK en onder sy beheer.

Die volgende manuskripte is hersien en is tans in verskillende stadia van keuring, hersiening en druk:

"Bestormers gryp die koninkryk met geweld" - dr CI van Heerden.

"Gemeente sonder broers en susters" - dr CI van Heerden.

"God se item op my feesprogram" - dr CI van Heerden

"Infiltrasie van die antichris in SA Kerke" - ds AE van den Berg.

"Kolossense" ds AS van Staden

"Wandeling deur die Handeling 2" - dr CI van Heerden.

"Wat is partisie - ds AE van den Berg"

"ANC, herders en rewolusie" ds AE van den Berg.

"Godsdienste en sektes - Len Nell (skuilnaam)

"Die Belharbelydenis van die toekoms" - ds AE van den Berg

"Die Skriftuurlike fundering van die kinderdoop" - ds AE van den Berg.

"Ek kyk by my venster uit" - dr CI van Heerden. (Kyk Aanbeveling 2.9)

1.3.8.8

Kerkorde

'n Beperkte oplaag van die Kerkorde, soos gewysig tydens die tweede sinode, is gedruk.

1.3.8.9

Kerkregisters

Die doopkladboek, doopseelboek, doopregister, konsistorieboek, lidmaatregister en attestaatboek is gedruk en volgens bestelling aan gemeentes versend.

1.3.8.10

Kerkboek

Die kerkboek is vanweë ontbrekende formuliere wat nog deur die derde Sinode oorweeg moet word, nie gedruk nie.

1.3.8.11

Handelinge van die tweede sinode

Die Handelinge van die tweede sinode is gepubliseer en aan afgevaardigdes versend.

1.3.8.12

Teologiese blad

Die voltydse Teologiese Dosente is versoek om na bespreking tydens 'n SKK-vergadering 'n voorlegging insake 'n teologiese blad vir ons kerk vir die Sinode voor te berei. (Kyk bylae G)

1.3.9

Algemeen

1.3.9.1

Verslag van die SA Regskommissie insake 'n handves vir menseregte

Die SKK het besluit dat sy Dagbestuur kommentaar op die "Akte van Mensregte" aan die SA Regskommissie moet voorlê. Die Dagbestuur het die voorlegging gemaak met inagneming van die hoofartikels oor die "Akte" in Die Boodskapper.

1.3.9.2

Sentrum vir Reformatoriese en kontemporêre Studies (SERKOS)

Die SKK het, nadat hy al die tersaaklike inligtingstukke en publikasies van SERKOS ter insae gehad het, besluit om 'n waarnemer op die vergaderings van SERKOS te benoem, t.w. die Voorsitter van die Kommissie vir Leer en Etiese Norme. (Kyk Aanbeveling 2.10 en Bylae E)

1.3.9.3

Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI)

Die SKK het op versoek van ds CJJ van Rensburg, wat lid van die Hoofbestuur van die MEI was, aansoek gedoen dat die APK ook, soos die drie ander Afrikaanse Kerke, op die Hoofbestuur van die MEI verteenwoordig word. Die aansoek is egter nie goedgekeur nie.

1.3.9.4 Voortrekkerkongres

Die Hoofbestuur van die Voortrekkerbeweging het die APK uitgenooi om 'n verteenwoordiger na die opening van die Voortrekkerkongres in Pretoria te stuur. Ds AE van den Berg het die APK aldaar verteenwoordig.

1.3.9.5 Dr WJG Lubbe en ds MC Adendorff het op Sondag 23 Oktober 1988 saam met verteenwoordigers van die NGKerk aan die SAUK se program Oop Gesprek, deelgeneem.

Die Voorsitter van die SKK het op 24 Oktober 1988 onderhoud gevoer met The Christian Broadcasting Network of America. Hy het ook op uitnodiging op 11 April en 11 Augustus 1989 onderskeidelik, die teologiese studente van die PU vir CHO en 'n groep Amerikaanse toeriste in Pretoria toegesprek. (Kyk Aanbeveling 2.11)

1.3.9.6 AVB op Bybels - die SKK het by die Ontvanger van Inkomste aansoek gedoen dat die AVB-heffing op Bybels geskrap word. Die aansoek is egter nie goedgekeur nie.

1.3.9.7 Dag van verootmoediging - Sondag 3 September 1989 - Die SKK het besluit om alle gemeentes op te roep tot 'n dag van verootmoediging in die lig van omstandighede in die RSA. (Kyk Aanbeveling 2.18)

1.3.9.8 Geloftedag en ander godsdienstige vakansiedae - Daar is in opdrag van die tweede Sinode, by die regering beswaar aangeteken oor die wyse van viering van Geloftedag en ander godsdienstige vakansiedae.

1.3.9.9 Registrasie van die APK-kenteken - Die APK-kenteken is op 7 April 1989 kragtens die Heraldiekwet geregistreer. (Kyk Aanbeveling 2.17)

1.3.9.10 Lapelkenteken - Die maak en verkoop van lapelwapens deur die gemeente Groter-Durban, geniet tans aandag. Dit moes noodwendig eers oorstaan totdat die registrasie van die kenteken afgehandel is.

1.3.9.11 Nagmaal tydens Sinode - ds R Mare het die SKK versoek om oorweging daaraan te skenk dat daar nie nagmaal tydens 'n Sinode gehou word nie. Die SKK het die Kerkregtelike beginsels wat ter sprake is, in aanmerking geneem en in die aanbevelings in deel 2 van die verslag opgeneem. (Kyk Aanbeveling 2.12)

1.3.9.12 Radiokansel - Die SKK het Radiokansel versoek om APK-predikante ook toe te laat om preekbeurte waar te neem. Geen antwoord is nog van Radiokansel ontvang nie.

1.3.9.13 Registrasie as 'n welsynsorganisasie - Aansoek om registrasie van die APK as 'n welsynsorganisasie is by die betrokke staatsdepartement gedoen. Die besluit word nog afgewag.

1.3.9.14 Regspersoonlikheid van die Sinode - Die SKK het in samewerking met die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) aandag gegee aan die regspersoonlikheid van die Sinode. Die aanbeveling is vervat in die verslag van die KKS.

1.3.9.15 SAUK - Die SKK het in opdrag van die tweede Sinode by die SAUK beswaar aangeteken oor die morele

standaard van sekere TV-programme. Die SAUK is ook versoek om aan APK-predikante die geleentheid te bied tot godsdienstebeurte, ateljee- en erediensuitsendings op radio en televisie. Die besluit van die SAUK word nog afgewag.

1.3.9.16 Sondagwetgewing - Die SKK het by die betrokke staatsdepartement beswaar aangeteken i.v.m. voorgenome Sondagwetgewing. Die wetgewing is na verneem word laat vaar.

1.3.9.17 Vaalterreinbeplanningskommissie - Die SKK het goedkeuring verleen dat 'n lugopname van die terrein gedoen word met die oog op makrobeplanning en ontwikkeling van die terrein. 'n Afvaardiging is benoem om samesprekings te voer met die Provinsiale Administrasie van die Oranje Vrystaat insake probleme wat ontstaan het met die oordrag van die grond aan die APK. Die kommissie bestaan uit die volgende lede:

Prof A Swart (Sameroeper), br E Bosman, di JN Joubert, A Boshoff, JH Theron, plus twee verteenwoordigers uit die gemeente Graniet nl. ds L Jacobs, mnr Koot Steenkamp; gekoöpteer: proff E Baumbach, N du Preez, ds JA Brink, mnre J van Niekerk, CJ de la Rey en A van Dyk.

1.3.9.18 'n Brief is aan die waarnemende Staatspresident geskryf. (Kyk Bylae H)

1.3.10 "Ontmoet die APK" - Bylae A

1.3.11 Pensioenfondsaangeleenthede - Bylae B

1.3.12 Trustfonds vir aanvullende pensioen - Bylae C

1.3.13 Verslag van die Bybelgenootskap - Bylae D (Kyk Aanbeveling 2.13 en 2.14)

1.3.14 Verslag waarnemer op Serkos - Bylae E

1.3.15 Verslag Vaalterreinbeplanningskommissie - Bylae F

1.3.16 Voorlegging insake Teologiese Blad - Bylae G

1.3.17 Brief aan waarnemende staatspresident - Bylae H

1.3.18 Versoek APK Groter Durban - Bylae I (Kyk Aanbeveling 2.19)

1.3.19 Versoek APK Mooinooi - Bylae J (kyk aanbeveling 2.16)

DEEL 2. AANBEVELINGS VIR GOEDKEURING

Let Wel: Syfers tussen hakies aan die einde van elke aanbeveling verwys na die betrokke paragrawe in die verslag (Deel 1) waarby die aanbeveling aansluit.

2.1 Die sinode besluit dat aangesien 'n benoemde deur 'n ringsgroep op die SKK die betrokke streek verteenwoordig, hy sy sittingsreg op die SKK verloor wanneer hy na 'n ander gebied verhuis. In so 'n geval neem sy sekondus sitting op die SKK.

(1.1.2)

2.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die geval waar ook die sekonduslid op die SKK nie meer beskikbaar is nie, uit die betrokke ringsgroep die leraar met die langste diens in die betrokke gebied en wat beskikbaar is op te roep om sitting op die SKK te neem. (1.1.2)

2.3 Die Sinode versoek afgevaardigdes om by die indiening van voorstelle tydens die sinodesitting te hou by die volgende riglyne soos opgestel deur die SKK:

Die voorsteller skryf die voorstel duidelik in drukskrif uit in die bewoording waarin die besluit geneem moet word, byvoorbeeld:

"Die sinode spreek sy misnoeë uit oor die swak gehalte van televisieprogramme en doen 'n beroep op die Direkteur-generaal om meer APK-films te vertoon."

Voorsteller: (Voorletters en van van voorsteller en sekondant in drukskrif, met handtekening daarna.)

Sekondant:

- 2.4 Die Sinode keur die optrede van die SKK in die aanwysing van 'n publikasiekomitee en die skepping van 'n publikasiefonds goed, en versoek die Tydelike Kommissie vir Finansies om in die opstel van die begroting voorsiening te maak vir die maksimale uitbreiding van die fonds. (1.3.8.1)
- 2.5 Die Sinode versoek kerkrade om in massa op Die BoodsAPPER in te teken sodat elke besoekpunt een eksemplaar op koste van die kerkraad kan ontvang. Die Sinode oordeel dat dit 'n geestelike belegging is wat hoë dividende sal oplewer. (1.3.8.2)
- 2.6 Die Sinode keur die inligtingstuk "Ontmoet die APK" goed, gee opdrag aan die SKK om dit te laat druk, ook in Engels en versoek kerkrade om dit so wyd moontlik te versprei. (1.3.8.3)
- 2.7 Die Sinode bring die Kerkjaarboek onder aandag van gemeentelêde en moedig lidmate aan om minstens een per besoekpunt te bestel. Benewens waardevolle inligting oor die APK, bevat die jaarboek ook dagstukkies waarvan lidmate met groot seën gebruik kan maak. (1.3.8.4)
- 2.8 Die Sinode moedig kerkrade aan om by die afronding van belydenisklasse en by die onderrig van volwasse katekisasie gebruik te maak van die leerboek daarvoor, naamlik "'n Volwasse Man," deur ds R Maré. (1.3.8.6)
- 2.9 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om 'n voorraad van al die publikasies van die APK aan te hou en dit gereeld uit te stal en so goed as moontlik te versprei. (1.3.8.7)
- 2.10 Die Sinode keur die skakeling van die APK met SERKOS goed,

benoem 'n waarnemer en moedig ook lidmate aan om in te teken op "Serkos-Kompas", die organisasie se nuusbrief. (1.3.9.2)

- 2.11 Die Sinode betuig sy dank teenoor die voorsitter van die SKK vir die waardige wyse waarop hy die APK se saak in die openbaar gestel het. (1.3.9.5)
- 2.12 Die Sinode besluit dat die volgende prosedure in verband met Nagmaal tydens sinodesittings gevolg word
 - 2.12.1 Tydens die sinodale vergadering vier die sinode nie Nagmaal nie, maar die betrokke plaaslike kerk (gemeente) wat die sinodegangers by die Nagmaal as gaste ontvang.
 - 2.12.2 Die geloofsbriewe van die afgevaardigdes word deur die plaaslike kerk as getuienis oor die afgevaardigdes beskou.
 - 2.12.3 Die kerkraad van die plaaslike kerk hou toesig by die Nagmaalsviering.
 - 2.12.4 Die kerkraad van die plaaslike kerk reël die Nagmaal vir die plaaslike gemeente (Kerkorde art 42.1 en 43.2). Die sinodegangers is gaste ooreenkomstig Bepaling 43.3. (1.3.9.11)
- 2.13 Die Sinode neem kennis van die ideaal van die Bybelgenootskap dat 'n bydrae van R6-00 per lidmaat vir Bybelverspreiding bygedra sal word, en doen 'n beroep op kerkrade en lidmate om na vermoë by te dra.
- 2.14 Die Sinode verseker die Bybelgenootskap van sy voortgesette belangstelling in en voorbidding vir die verspreiding van die suiwer Woord van God.
- 2.15 Die Sinode besluit dat beskrywingspunte en verslae wat voortaan nie volgens die riglyne van die sinode en op die vasgestelde datums ingedien word nie, nie ontvanklik sal wees nie.
- 2.16 Die Sinode verwys Bylae J (Brief van APK Mooinooi) na die Tydelike Kommissie vir Finansies.
- 2.17 Die Sinode besluit dat die APK Kenteken as Kerkseël bekend sal staan (1.3.9.9)

- 2.18 Die Sinode wys 'n kommissie aan wat in die toekoms dae van verootmoediging en gebed sal bepaal. (1.3.9.7)
- 2.19 Die Sinode verwys Bylae I (versoek van Groter Durban) na die Tydelike Kommissie vir Finansies vir aanbeveling aan die Sinode.
- 2.20 Die Sinode keur die handeling van die SKK insake die pensioenfonds goed. Die sinode verwys Bylae B en C na die Tydelike Kommissie vir Finansies en vra 'n aanbeveling t.o.v. voorsiening vir pensioengroei.
- 2.21 Die Sinode versoek vriendelik dat alle gemeentes hulle bydraes tot die Trustfonds op datum sal bring.
- 2.22 Die Sinode keur dit goed dat Teologiese studente wat daarvoor in aanmerking kom, mag inskakel by die Kaapse Mediese Plan.
- Die Kuratorium dra die kerk se bydrae tot die premie, en die student se bydrae word as lening op billike voorwaardes aan hom toegeken.
- 2.23 Die Sinode besluit dat wanneer 'n voltydse dienende predikant te sterwe kom, sy weduwee vir 'n tydperk van ses maande steeds haar man se volle basiese traktement en huis-toelae (of gebruik van pastorie) van die betrokke kerkraad/kombinasie van kerkrade sal ontvang.

Motivering:

1. Tans is die saak nog nie gereël nie.
2. Bogenoemde reëling is in ooreenstemming met reëlings in ander gereformeerde kerke.
3. Die kerke het groot verantwoordelikheid teenoor die eggenotes van ons predikante indien laasgenoemde te sterwe kom. Die weduwees kan nie summier die pastorie ontsê word en onversorgd gelaat word nie.

DEEL 3 BESKRYWINGS-PUNTE

3.1 AANBEVELINGS BY KERKRADE T.O.V. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

Die Sinode besluit dat die SKK voortaan aanbevelings

aan kerkrade t.o.v. traktement van leraars sal doen ongeag die verwikkeling in die verband in die NG Kerk. Sodanige aanbevelings asook enige aanbeveling wat finansiële implikasies het, moet behoorlik gemotiveer word en jaarliks voor die einde van Oktober in die hande van die kerkrade wees.

3.1.1 Motivering

Die Afrikaanse Protestantse Kerke is selfstandig en nie afhanklik van beweginge in die NGKerk nie. Aanpassings in die traktement van ons leraars is nie ondergeskik aan aanpassings vir NG predikante nie.

3.1.1.1 Teenoor die argument dat predikante wat uit die NGKerk na die APKerk wil oorkom, nie finansiëel moet verloor nie, stel ons

3.1.1.2. Ons eie traktementskale nie so drasties van die van die NGKerk en NHKerk verskil nie

3.1.1.3 Indien 'n paar honderd rand per jaar verskil in traktement vir 'n voornemende APK predikant so swaar weeg, dat hy daarvoor nie oorkom nie, gaan dit vir hom nie werklik oor die beginsel nie en is hy nie regtig by ons welkom nie.

3.1.1.4 Die SKK moet enige aanbeveling aan kerkrade motiveer. Kerkrade moet op hoogte wees met die agtergrond en doel van die aanbevelings, anders kan die gevoel ontstaan dat die aanbevelings klakkeloos nagevolg moet word en dat die plaaslike kerk nie oor die meriete daarvan kon oordeel nie.

3.1.1.5 Kerkrade stel jaarlikse begrotings op. Dit is daarom nodig dat SKK aanbevelings en -riglyne betyds by kerkrade moet wees sodat dit in die begroting opgeneem kan word indien

die kerkraad dit sou goedkeur.

RING VAN NABOOMSPRUIT

- 3.1.2 AANBEVELING VAN SKK: Die Sinode besluit dat aanbevelings aan kerkrade ten opsigte van traktement van leraars nie gekoppel sal wees aan die praktyk van enige spesifieke ander kerk nie, maar tog rekening sal hou met die algemene peil van traktemente in ander Afrikaanse Kerke. Sodanige aanbevelings, asook ander aanbevelings met finansiële implikasies, moet behoorlik gemotiveer word en jaarliks sover moontlik voor einde Oktober aan kerkrade besorg word.

3.2 HUISTOELAE VIR LERAARS

Die Sinode besluit dat dit baie sterk by kerkrade aanbeveel word om 'n toepaslike huistoelaag aan die leraar te betaal in plek van die voorsiening van 'n woning

3.2.1 Motivering

Baie leraars het al afgetree sonder om 'n eie woning te hê. Langs hierdie weg is dit sowel 'n aansporing daartoe asook finansiële ondersteuning

KERKRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

- 3.2.2 AANBEVELING: Die Sinode beveel dit baie sterk by kerkrade aan om 'n toepaslike huistoelae aan die leraar te betaal in die plek van die voorsiening van 'n pastorie as die betrokke leraar dit sou verkies.

3.3 PREKE DEUR NIE-APK LERAARS

Die Sinode beveel by kerkrade aan dat indien 'n gemeente 'n predikant van 'n ander kerkgenootskap wil uitnoodi om 'n diens te hou, die kerkraad sonder die SKK se toestemming dit kan doen

3.3.1 Motivering

Die kerkraad ken die predikant beter en sal dus nie 'n leraar uitnoodi wat die APK nie goedgesind is nie. Tyd kan ook 'n faktor wees, byvoorbeeld met 'n begrafnis

STRYDENBURG GEMEENTE

- 3.3.2 AANBEVELING: Die Sinode volstaan met die gewysigde Kerkorde, bepalinge en Sinode besluite in die verband.

3.4 VERHOUDING TUSSEN APKERK EN BESWAARDES IN NGKERK

Die Sinode wys 'n ad hoc kommissie aan om indringend en daadwerklik aandag te gee aan die verslegtende verhouding tussen ons lidmate en lidmate van die NGKerk wat steeds beswaard is.

3.4.1 Motivering

- 3.4.1.1 Ons ervaar op plaaslike vlak dat dit ons bondgenote van vroeër is wat ons nou begin beveg bv by skole en dorpsrade

- 3.4.1.2 Die indruk word gelaat dat lede van die Gereformeerde Bond ons as hul vyand nommer een sien. Dit veroorsaak dat hulle soms hulle tyd en asem mors om ons te beveg in plaas van die stryd te stry wat hulle behoort te stry naamlik teen die verliberalisering van die NGKerk.

RING VAN LICHTENBURG

- 3.4.2 AANBEVELING: Die Sinode dra dit aan die SKK op om met die bestuur van die Afrikaanse Gereformeerde Bond in gesprek te tree oor die verhouding van lidmate van die APK en lede van die AGB.

3.5 BEHOUD VAN OPENBARE VAKANSIEDAE

Die Sinode word versoek om by die owerheid aan te dring

om die behoud van die volgende openbare vakansiedae waarby die Christen-Afrikaner intens belang het:

Stigtingsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Krugerdag of Helledag (10 Oktober), Geloftedag, Republiekdag, Kersfees

3.5.1 Motivering

Onlangse pleidooie vir die afskaffing van sommige van vermelde vakansiedae onder andere deur die Universiteit van Wes-Kaap, maak ons beklem, gesien dat die huidige regering so geredelik swig onder druk, byvoorbeeld by die instelling van die Kommunistiese Werkersdag op 1 Mei.

DI JA DU FLESSIS EN JJ VENTER

3.5.2 AANBEVELING:

3.5.2.1 Die Sinode stel dit as sy besliste oortuiging dat die volgende openbare vakansiedae waarby die Christen-Afrikaner intens belang het, as openbare vakansiedae behoue moet bly en sinvol gevier moet word ooreenkomstig die eie karakter van elk: Stigtingsdag (6 April), Goeie Vrydag, Hemelvaartdag Krugerdag (of Helledag, 10 Oktober), Geloftedag, Republiekdag, Kersfees

3.5.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die dienende SKK om hierdie oortuiging aan die owerheid oor te dra.

3.6 GEMEENTESTIGTING

Die onoordeelkundige stigting van gemeentes moet ontmoedig word.

3.6.1 Motivering

Weens die geweldige tekort aan leraars in die APKerk is dit prakties nie moontlik dat 'n

leraar vir elke gemeente op 'n permanente basis beskikbaar is nie met die gevolg dat heelwat gemeentes in kombinasie moet gaan wat 'n geweldige werkslas op die leraars plaas en gevolglik ly die bearbeiding in die verskillende gemeentes daaronder.

3.6.2

AANBEVELING : Die Sinode versoek ringe en kerkrade om by die beplanning van stigting of afstigting van gemeentes, rekening te hou met die groeipotensiaal van die beplande gemeente, asook met ander faktore soos afstande en die bedieningsmoontlikhede. Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat waar moontlik kerke tog plaaslik gevestig sal raak, al is die gemeente aanvanklik klein.

3.7 GEMEENTESTIGTING

Pogings moet onmiddellik aangewend word om te help met die stigting van gemeentes in buurdorpe waar nog nie gemeentes is nie.

3.7.1 Motivering

Daar is probleme met lidmate wat na sulke dorpe verhuis. Wat moet met hierdie gesinne gebeur? Of moet hulle terug na hulle vorige Kerke gaan. Bv My seun is in die polisie op Bethal waar nog nie 'n gemeente is nie.

RING VAN MIDDELBURG

3.7.2 AANBEVELING: Sien 3.6.2

3.8 GEMEENTESTIGTING

Dat die Wyk Hartbeesfontein, 'n wyk van die APK Klerksdorp 'n gemeente mag stig in kombinasie met Klerksdorp.

3.8.1 Motivering

Dat ons reeds voldoende lidmate het en dat groei slegs kan geskied as 'n afsonderlike gemeente gestig word.

OND. JP DU T VAN NIEKERK (Klerksdorp), ds JHE ADAMS

3.8.2 Die Sinode beskou die saak as afgehandel aangesien APK Hartbeesfontein reeds gestig is, en wys daarop dat so 'n aangeleentheid by die betrokke ring en kerkraad tuis hoort. (Kerkorde Art. 37 en Bep. 37.1)

3.9. GEMEENTEGRENSE

Die Sinode spreek hom onverwyl uit oor die beginsel van gemeentegrense en tref die nodige voorbereidings vir die implementering daarvan.

3.9.1 Motivering

Geen

RING VAN HEILBRON

3.9.2 AANBEVELING: Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat ter wille van ordelike bediening daar eventueel duidelike gemeentegrense behoort te wees, en verwys die vasstelling van voorlopige grense na die ringe en gemeentes. Die Sinode is bewus daarvan dat in hierdie vroeë groeistadium van die APK dit nie oral prakties moontlik sal wees om streng grenslyne te handhaaf nie, en versoek ringe en kerkrade om die aangeleentheid baie taktvol en soepel te hanteer. Lidmate moet eerder deur liefdevolle bearbeiding as deur dwangmaatreëls gelei word om in te skakel by die gemeente waarbinne hulle woon.

3.10 RINGSINDELING

Herindeling van Paarl by die Ring van Stellenbosch

Die Ring van Stellenbosch versoek die Sinode dat die gemeente van die Paarl ingesluit word by die Ring van Stellenbosch en dat die benaming - Ring van Paarl verval, en dat Pools en Clanwilliam waarby die Paarl gedurende 1988 ingeskakel het, as 'n eie Ring fungeer.

3.10.1 Motivering

Die Paarl gemeente is reeds in kombinasie met Tygerberg binne 'n afstand van 35 km terwyl die gemeente bykans 150 km vanaf Ring van Clanwilliam geleë is.

RING VAN STELLENBOSCH

3.10.2 AANBEVELING: Sien 3.13.2

3.11 VORMING VAN RING VAN CLANWILLIAM

Die Sinode beveel aan dat die Ring van Clanwilliam gevorm word met die gemeentes van Clanwilliam, Pools en Namakwaland.

3.11.1 Motivering

As gevolg van groot afstande tussen gemeentes en die ontbinding van Weskus-Gemeente, beveel die Sinode aan dat die "Ring van Clanwilliam" gevorm word, wat die gemeente Clanwilliam, Pools en Namakwaland insluit.

KERKRAAD VAN CLANWILLIAM

3.11.2 AANBEVELING : Sien 3.13.2

3.12 RINGSINDELING

Die Ring beveel by die Sinode aan dat Bloemhof en Leeudoringstad by die Migdol Ring ingedeel word.

3.12.1 Motivering

Bloemhof is in kombinasie met Schweizer-Reneke en Leeudoringstad vorm geografies 'n eenheid met die kerke in die Migdol Ring.

RING VAN MIGDOL

3.12.2 AANBEVELING: Sien 3.13.2

3.13 RINGSINDELING EN VERTEENWOORDIGER OP SKK

Die Ring van Stellenbosch beveel by die Sinode aan dat die hele Wes-Kaap Streek 'n aparte verteenwoordiger op die SKK sal hê, met die volgende ringe en gemeentes: 1. Beaufort-Wes: Oudtshoorn, George, Riversdal, Mosselbaai; 2. De Aar: Britstown, Strydenburg, Carnarvon Fraserburg, Sutherland; 3. Clanwilliam: Pools, Namakwaland; 4. Stellenbosch: Paarl, Tygerberg.

3.13.1 Motivering

Aangesien hierdie Streek wyd uitgestrek is en geografies verder van Kimberley afgeleë is as: Kimberley van Johannesburg wil ons vra dat die streke in Wes Kaap en Noord Kaap streke verdeel sal word.

RING VAN STELLENBOSCH

3.13.2 AANBEVELING: Die Sinode verwys die beskrywingspunte na die tydelike kommissie vir ringsindeling en -groepering om in oorleg met die afgevaardigdes uit die betrokke kerkrade en ringe aanbevelings vir die Sinode te formuleer.

3.14 UITSPRAKE NAMENS DIE APK

Die kerkraad van Louna is van oordeel dat lede van die SKK hulle daarvan moet weerhou om uitsprake oor die radio en TV te maak en op te tree asof hulle die hele APK verteenwoordig, daarom versoek die Ring van Migdol die Sinode om hom teen hierdie praktyk uit te spreek.

3.14.1 Motivering

Tydens "Oopgesprek" op die SAUK se Radiodiens het Prof Lubbe en ds Adendorff in gesprek getree met Prof Heyns van die NGKerk en ander teoloë. Die standpunt van die APK is daar bespreek. Volgens Sinodale besluit sal uitsprake wat die APK in die algemeen raak slegs tydens sinodale sittings by wyse van persverklarings uitgereik word.

3.14.2 AANBEVELING

3.14.2.1 Die Sinode aanvaar dat die persone waarna in die motivering verwys word, nie namens die APK opgetree het nie, maar in hulle persoonlike hoedanigheid as mede-opstellers van Geloof en Protes en dat Geloof en Protes die onderwerp van die betrokke "Oop Gesprek" was.

3.14.2.2 Met volle begrip daarvoor dat geen persoon of kommissie standpunte in die openbaar mag stel namens die APK wat nie vanuit sy sinodebesluite verantwoord kan word nie, oordeel die Sinode dat die getuienis van die APK soos in bestaande sinodebesluite weerspieël, nie in die samelewing verswyg mag word nie, en dat elke moontlike geleentheid om sy besondere getuienis te lewer, benut moet word. Daarom dra die Sinode hierdie verantwoordelikheid aan die SKK op. Die SKK mag ook wanneer die geleentheid dit vereis, bekwame kundiges uit die lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerke hiervoor gebruik.

3.14.2.3 Die Sinode beskou dit as sy verantwoordelikheid om noulettend te waak oor standpunte van die APK wat in sinodebesluite beslag kry, sodat dit nie die APK in verleentheid dompel wanneer dit rugbaar gemaak word nie.

3.14.2.4 Die Sinode beskou dit voorts as sy verantwoordelikheid om die uitdra van standpunte wat nie in ooreenstemming met sinodebesluite

is nie, te repudieer en die oortreder(s) tot orde te roep.

(Die gevaar verbonde aan openbare getuienis is nie daarin geleë DAT iemand namens die sinode praat nie, maar in WAT hy namens die sinode sê. Aan die WAT is 'n tweeledige gevaar verbonde: 1. Is dit wat gesê word in ooreenstemming met die amptelike standpunt van die Sinode soos in sy notules opgeneem. 2. Is die amptelike standpunte van so 'n aard dat dit nie verleentheid vir die kerk meebring nie.)

3.15 BEVOEGDHEID VAN DIE SKK

Dat die Ring sy verontrusting uitspreek - teenstrydig met Sinode-besluit dat die SKK steeds sy bevoegdheid bly behou in die resestyd

Die SKK eien homself regte toe wat hom nie toekom nie.

3.15.1 Motivering

Die Sinode van 1988 het besluit dat algea kommissies in die reses sal dien. Daar mag geen koördinerende kommissie wees nie.

RING VAN MIGDOL

3.15.2 AANBEVELING: Die Sinode volstaan met die besluite geneem oor die opdragte van elke kommissie aan die hand van die aanbevelings deur die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme. Die beskrywingspunt toon nie aan waar en wanneer die SKK homself regte toegeëien het wat hom nie toekom nie.

3.16 ADVERTENSIES IN DIE BOODSKAPPER

Beswaar word aangeteken teen die gebruik van handelsadvertensies om Die Boodskapper te help finansier en dit word afgekeur

3.16.1 Motivering

Die Boodskapper is 'n kerklike blad. In die kerk behoort kerklike sake op 'n kerklike wyse bedryf te word. Om handelsflitse as finansieringsbron aan te wend maak die deur oop na die geldmag en allerlei willekeur wat vir die kerk 'n gevaar kan inhou.

RING VAN MIGDOL

3.16.2 AANBEVELING: Sien 3.17.2

3.17 DIE BOODSKAPPER AS WEEKBLAD

Die Boodskapper moet vanaf 1990 na 'n twee-weeklikse en so gou moontlik na 'n weeklikse kerkblad uitgebrei word met 'n vasgestelde redakteur

3.17.1 Motivering

'n Meer omvattende kerkblad met gekleurde advertensies, briewekplom, aktuele onderwerpe, hoofartikel, bladsy ens is 'n groot behoefte wat die aanstelling van 'n vaste redakteur sal regverdig.

RING VAN MOOT-SENTRAAL

3.17.2 AANBEVELING Die Sinode verwys die beskrywingspunte na die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake om aanbevelings vir die Sinode te formuleer.

3.18 AANMOEDIGING OM GEESTELIKE LITERATUUR TE SKRYF

Die APK moedig sy leraars en lidmate aan om geestelike literatuur te skryf. Die beste werk sal dan jaarliks met 'n prys beloon word tydens die opening van die teologiese skool

3.18.1 Motivering

Daar is 'n besluite nood onder ons eie

lidmate vir geestelike werke deur ons eie leraars/lidmate. So 'n prys soos die Credo-prys van die NG Kerk sal heelstreeks 'n aansporing wees.

MOOT-SENTRAAL

- 3.18.2 AANBEVELING: Die sinode moedig leraars en lidmate wat oor die nodige gawes beskik aan om manuskripte aan die publikasiekomitee voor te lê, en gee dit ter oorweging aan die Publikasiekomitee om die beste werk jaarliks met 'n prys te bekroon tydens die opening van die Teologiese Skool.

3.19 REGISTERBOEKE

Kommer word uitgespreek oor die feit dat lidmaatregisters, dooplidmaatregister en ander noodsaaklike registerdokumente nog nie beskikbaar is nie. Waardevolle inligting raak verlore, terwyl amptelike lidmaatsertifikate nie uitgereik kan word nie.

3.19.1 Motivering

Dit skep 'n swak beeld van ons kerk

RING VAN DERBY

- 3.19.2 AANBEVELING: Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Argiefkommissie

3.20 DIE BOODSKAPPER EN DIE ISRAELVISIE

Die amptelike blad van die APKerk behoort nie gebruik te word om oorlog teen die "Israel Waarheid" te voer nie.

3.20.1 Motivering

As die blad vir oorlogvoering teen ander instansies gebruik word dan is daar nie plek vir plasing van artikels wat werklik saak

maak nie en dan gebeur dit dat belangrike inligting, soos bv 'n uiteensetting van die aanwending van die 15% wat aan die SKK oorbetal moet word, nie geplaas word nie. Gebruik 'n aparte blad vir die doel.

RING VAN WITBANK

- 3.20.2 AANBEVELING: Die Sinode oordeel dat Die Boodskapper steeds artikels behoort te dra wat aktueel is volgens die oordeel van die redaksie, en waarin lidmate ingelig word oor waarheid en onwaarheid.

3.21 REFERAAAT OOR NEW AGE BEWEGING

In die lig van die gevaar beveel die Sinode by kerkrade aan dat 'n aansitting by die komende Sinode ingeruim word vir 'n herhaling van die referaat wat ds Nico Rautenbach voor WEK gelewer het op 18/3/89 oor die aanslag van die New Age op die kerk, met tyd vir bespreking daarna.

3.21.1 Motivering

In die felle stryd wat tans teen die Christendom gemik is en die onkundigheid van die mense insake genoemde onderwerp en aangesien tyd teen ons is, is ons ware voortbestaan bedreig. Ons weet dat sinodale tyd beperk is, maar wanneer 'n Christelike voortbestaan op die spel is, is tyd nodig vir besinning.

RING VAN MOOINOOI

- 3.21.2 AANBEVELING: Die Sinode keur die program vir die sinode soos gereël deur die SKK goed.

3.22 TWEEJAARLIKSE SINODESITTING

Dat daar elegs elke tweede jaar 'n Sinodesitting moet plaasvind.

3.22.1 Motivering

Die Ring van Heilbron is van oordeel dat dit 'n besliste voordeel was om, sedert die ontstaan van ons kerk, jaarliks te kon vergader. Aangesien die fundamentele reeds gedoen, en ons kerk onder die seënende hand van die Here op dreef is, behoort ernstige oorweging geskenk te word aan die moontlikheid om voortaan elke tweede jaar te vergader. Dit behoort die kerk vaartbelyn, in tred met tydsomstandighede te hou. Vir die kerk in die algemeen beteken dit reuse koste-besparing asook tydsbesparing, asook beter orde. (Byvoorbeeld: die hersiene Kerkorde het helaas nog nie eens na die jongste Sinodesitting verskyn nie, terwyl die eersvolgende Sinode reeds op hande is!)

RING VAN HEILBRON

- 3.22.2 AANBEVELING: Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake om in oorleg met afgevaardigdes wat sterk oortuigings in die verband het, 'n aanbeveling vir die Sinode te formuleer.

3.23 BANDOPNAMES VAN SINODEVERRIGTINGE

Die Ring van Migdol beveel aan dat 'n bandopname-masjien tydens sinodesittings aangebring word vir 'n oorkonde

3.23.1 Motivering

Die Ring van Migdol is van oordeel dat daar 'n behoefte vir 'n bandmasjien by die sinodesittings is, aangesien dit die korrekte weergawe van die besluite van die sinode in die Handeling van die Sinode sal vergemaklik. Die sterk standpunt wat die Sinode van 1988 teen die vroue-aksie op nasionale basis ingeneem het en die bespreking van die gevare daarvan ontbreek in die Handeling van die Sinode. Dit het daartoe gelei dat die vroue-aksie op nasionale basis eenvoudig voortgaan asof daar geen substansiële besluite by die Sinode van

1988 geneem is nie. Hierdie saak moet ernstig benader word, aangesien afgevaardigdes na die Sinode 'n verslag by hul gemeentes lewer oor die ware toedrag van sake by Sinodesittings.

RING VAN MIGDOL

- 3.23.2 AANBEVELING Die Sinode oordeel dat 'n bandopname van die sinodeverrigtinge nie aan die doel sal beantwoord wat die insenders van die beskrywingspunt in gedagte het nie. Van belang vir kerkrade is nie die algemene bespreking van sake nie - besprekings wat dikwels maar die siening van enkelinge weergee, hoe vurig ook al. Van belang is die besluite wat met die meerderheid van stem deur die Sinode geneem word, en dit word na kontrole deur die notulekommissie en goedkeuring deur die hele sinode (of die kommissie deur hom daartoe aangewys) as korrek weergegee, in die notule aanvaar.

3.24 SINODESITTING OOR NAWEKE

Volgens Die Boedekapper wil dit voorkom asof die Sinode hierdie jaar oor 'n naweek strek. Die Ring versoek die Sinode om die moontlikheid te ondersoek dat afgevaardigdes reeds op 'n Sondagmiddag en - aand aanmeld vir 'n sitting. Dit sal meebring dat daar vroeg op die Maandagoggend met die sitting begin kan word. Daar kan dan tot op die volgende Saterdag rondom middagete gewerk word.

3.24.1 Motivering

Die Ring is terdeë bewus van die tekort aan besprekingstye wat tydens die vorige sinodesittings ondervind is, en verheug hom daarom in die feit dat meer sittingsdae beplan word.

Tog is die Ring verontrus oor die feit dat daar op daardie naweek geen gemeente is wat sal beskik oor die dienste van 'n leraar nie.

RING VAN DERBY

RING VAN MIGDOL

3.24.2 AANBEVELING: Die Sinode versoek die SKK om die sittingstye van sinodes so te reël dat dit sover moontlik die minste ontwrigting van die erediensprogramme van gemeentes meebring.

3.25 SINODE- EN RINGSITTINGS

Die Ring versoek die Sinode om dit, as staande werkswyse, aan die nuutgekoose Sentrale Kerkekommissie op te dra om die datum vir die volgende sinodesitting so spoedig moontlik, maar nie later as sy eerste vergadering nie, vas te stel en gemeentes dienooreenkomstig in kennis te stel.

3.25.1 Motivering

Dit sal tot gevolg hê dat gemeenteprogramme vooraf daarvolgens ingerig kan word. Die belangrikste voordeel is dat die vorms wat voltooi moet word met die oog op die ringsittings betyds (nie later nie as Januarie van elke jaar) reeds aan skribas van gemeentes gepos kan word. Dit word dan voltooi en afgevaardigdes word aangewys op die Februarie kerkraadsvergaderings.

RING VAN DERBY

3.25.2 AANBEVELING: Kyk 3.27.2

3.26 TYD, PLEK EN DATUM VAN DIE VOLGENDE SINODE

Die Ring van Migdol stel voor dat elke sinode die plek en datum van die volgende sitting ter tafel sal hê en bespreek

3.26.1 Motivering

Dit sal verhoed dat die sittinge van die sinode elke jaar in dieselfde provinsie gehou sal word en sal moontlik meebring dat 'n verspreiding sal plaasvind

3.26.2 AANBEVELING: Sien pt 3.27.2

3.27 PLEK WAAR SINODESITTINGS GEHOU WORD

Die Sinode word versoek dat sinodesittings op 'n meer sentrale plek beplan word

3.27.1 Motivering

Dit sal reiskoste bespaar vir gemeentes

RING VAN SOMERSET-OOS

3.27.2 AANBEVELING : Die Sinode dra dit aan die SKK op om die tyd en plek van Sinodesittings met inagneming van die konsentrasie en gerief van die meerderheid van die gemeentes so gou moontlik na afloop van die jongste sinode te bepaal en gemeentes daarvan in kennis te stel.

3.28 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN RINGE

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die Sinode om die volgende wysigings aan te bring op die gemeentelike verslagvorm aan die ringe: 1. Die vorm so te wysig dat elke kommissieverslag op 'n afsonderlike bladsy begin: bv ALGEMENE STATISTIEK - afsonderlike bladsy; OPENBARE BEDIENING - afsonderlike bladsy. 2. Die vorm verder te wysig by paragraaf B punt 3.6 om voorsiening te maak om afgestorwenes van ons gemeentelike getalle af te trek.

3.28.1 Motivering

Ja

RING VAN BEAUFORT-WES

3.28.2 AANBEVELING: sien pt 3.39.2

3.29 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Die Sinode word verwys na die gemeentelike verslagvorm

vraag 4.1 tot 4.3 (p 5) Vraag 7.1 (p. 6); Vraag 1 (Afdeling D, p 6) Vraag 7 en 8 (p 11). Dit raak die ampswerk van die ouderling, diaken en die leraar en plaas die betrokke ampsdraers in 'n staat van aanklag.

Die Sinode word ook verwys na die statistiek op p.3 pt 3. Die Ring versoek die Sinode om nog 'n punt by te voeg. Na pt 3 moet pt 3.6 "Oorlede" ingevoeg word.

3.29.1 Motivering

Ons oordeel dat die vrae nie in die gemeentelike verslagvorm tuisshoort nie omdat dit die betrokke ampsdraers in 'n staat van aanklag plaas sonder dat die kerkregtelike weg gevolg is.

RING VAN NABOOMSPRUIT

3.29.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.30 GEMEENTEVERSLAGVORMS

Die Ring van Heilbron is van oordeel dat sekere VRAE in genoemde verslagvorme INGEVOEG behoort te word, byvoorbeeld, LIDMATE AFGELOPE JAAR OORLEDE.

Aan die anderkant behoort sekere vrae WEGGELAAT te word, byvoorbeeld

Vraag 3.1 (p 4) behoort vervang te word met

WATTER TIPE BIDUUR BESTAAN IN U GEMEENTE: Wyks-Gemeente-, Susters-, Jeug-, Kerkraad-, Ander. Spesifiseer.

Vraag C.1.1 is tog 'n vanselfsprekendheid (p 4)

Vraag 3.1 tot 4.3 op bls 9 neem tog net onnodige ruimte en papiervermorsing in beslag aangesien hierdie afdeling in minimale gemeentes van toepassing is en slegs aldaar voorsiening behoort gemaak te word!

RING VAN HEILBRON

3.30.1 Motivering: geen

3.30.2 AANBEVELING: Sien Pt 3.39.2

3.31 GEMEENTELIKE VERSLAGVORMS

Die kerkraad van Bosrand versoek die Sinode om aan te beveel dat Vraag 1 van Afdeling F van die Gemeenteverslagvorm geskrap word.

3.31.1 Motivering

Die leer van die kerk kan nie losgemaak word van die Leer van die Woord van God nie. Die vrae met betrekking tot die Leer van die Woord van God word reeds behandel in Afdeling C. Die standpunte van die APK word in Vraag 2 van Afdeling F genoem. Dit is voldoende.

RING VAN MIGDOL

3.31.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.32 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Die Ring versoek die Sinode om die Visitasievorm so te wysig dat die saak van ouerbetrokkenheid by skole wel onder bespreking kom, maar dat getalle nie gemeld hoef te word nie. Die Ring versoek die Sinode om die Visitasievorm so te wysig dat daar voorsiening gemaak sal word by die Algemene Statistiek vir lidmate wat 'n gemeente deur die dood ontval.

3.32.1 Motivering

Wat word met getalle gemaak? Die Ring beklemtoon dit dat ouerbetrokkenheid by die skool van uiterste belang is omdat die ouer medeverantwoordelikheid het t.o.v. die opvoedingstaak van hulle kinders.

RING VAN DERBY

3.32.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.33 RINGSVISITASIE

Die Sinode besluit dat elke kerkraad elke jaar 'n skriftelike visitasieverslag na die ring toe stuur.

Die verslag handel oor die volgende sake

Gemeentestatistiek; Bedienaar van die Woord (KO Art 12,45); Ouderlinge (art 10) Diakens (art 19.48); Openbare Erediens (art 42); Sakramentsbediening (art 43); Verbondsjeug, verbondsonderrig en -jeugwerk (44); Sending (art 47); Opsig en tug (art 50) Verhouding na buite (57,60) en Finansies.

In die gemeente waar die ringsvergadering gehou word ontmoet die Ring die kerkraad persoonlik. Die Ringskommissie stel die agenda op in oorleg met die plaaslike kerkraad.

3.33.1 Motivering

Sodanige verslag vorm 'n rigtinggewende grondslag waarvolgens sinvolle ondersoek gedoen en gesprek gevoer kan word. Die Ring het dit beproef en vind dit baie geslaagd.

RING VAN DENDRON

3.33.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.34 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Die Ring versoek die Sinode om die woord "boekhouer" by punt H 12 te vervang met "geoktrooieerde rekenmeester".

Die Ring versoek die Sinode dat pt 2.2 van SKK omsendbrief gedateer 24 Januarie 1989 net so in 'n Herderlike brief aan kerkrade opgeneem word.

3.34.1 Motivering: geen

RING VAN BETHLEHEM

3.34.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.35 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Laat pte E.5.1; E.5.2 en E.5.3 weg.

3.35.1 Motivering: geen

RING VAN NEWCASTLE

3.35.2 AANBEVELING : Sien pt 3.39.2

3.36 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Die volgende verandering word vir die verslagvorm voorgestel: Vanaf die aanvang tot aan die einde van punt B behoort net so behou te word.

3.36.1 Motivering

Dat huidige verslagvorme lomp en tydrowend is en sterk herinner aan die ou NGKerk vorms. Ons kerk behoort weg te beweeg van ons vorige kerk en sy eie vorms op te stel.

RING VAN ROODEPOORT

3.36.2 AANBEVELING: Sien pt 3.39.2

3.37 RINGSVERSLAGVORMS

Die volgende verandering word voorgestel: Vorm "Riglyn vir kerklike visitasie by wyse van gemeentelike verslagvorm aan die ring", voeg by H.12.3.1 - Staat van inkomste en uitgawes moet aangeheg word.

3.37.1 Motivering: geen

RING VAN NEWCASTLE

3.37.2 AANBEVELING : Sien pt 3.39.2

3.38 KOMPILASIEVERSLAE BY RINGSITTINGS

Die Sinode besluit dat by Ringsittings die volgende kompilasieverslae dien: Kerklike visitasie; Finansiële verslae van gemeentes; Argief; Beskrywingspunte

3.38.1 Motivering: geen

RING VAN GERMISTON

3.38.2 AANBEVELING : Sien pt 3.39.2

3.39 KERKVISITASIE VERSLAGVORM

Die Ring van Bethlehem beveel by die Sinode aan dat die volgende punte beter omskryf word

pt A3 - meld of dit stoflik of geestelik moet wees

pt B4 - naskools - is dit kinders wat reeds die skool verlaat het maar nog nie aangeneem is nie

pt F9 - dat linkse organisasies gekrap word, want dit is uitsluitlik polities geïntereerd.

3.39.1 Motivering: geen

RING VAN BETHLEHEM

3.39.2 AANBEVELING: (Pt 3.28.2 - pt 3.39.2)

Die Sinode verwys die beskrywingspunte na die Tydelike Kommissie vir Getuigenis en Dissipelskap om in oorleg met afgevaardigdes wat hieroor 'n bydrae wil lewer, aanbevelings vir die Sinode te formuleer.

3.40 NAAM VAN KERKKANTOOR

Die Ring van Migdol versoek die Sinode om aan te beveel dat die gebruik van die begrip "Hoofkantoor" liefs nie voortaan in briefwisseling van die APK sal voorkom nie.

3.40.1 Motivering: geen

RING VAN MIGDOL

3.40.2 AANBEVELING: Die Sinode besluit dat die kerkkantoor waar die administrasie van die APK gehuisves is, bekend sal staan as die Sentrale Kerkkantoor.

3.41 TEKSTE OF BRIEFHOOFDE

Dit bekommer die kerkraad van Bosrand dat daar slegs van tekste uit die Nuwe Vertaling op briefhoofde van die administratiewe kantoor gebruik gemaak word en die kerkraad maak ten sterkste beswaar daarteen.

3.41.1 Motivering: geen

RING VAN MIGDOL

3.41.2 AANBEVELING: Die Sinode besluit dat aanhalings uit die Skrif in al die amptelike stukke van die APKerk in ooreenstemming sal wees met die besluit van die Sinode oor die Bybelvertaling vir amptelike gebruik.

3.42 KEURING VAN LERAARS

Die Ring van Bethlehem versoek die Kuratorium en SKK om groter omsigtigheid aan die dag te lê by die keuring van leraars. Veral aspekte van Kerkleer en Beleid behoort indringend ondersoek te word. Mens-verhoudinge behoort ook deeglik aandag te kry.

3.42.1 Motivering

Na aanleiding van die pynlike ervaring wat die kombinasie Ficksburg, Clocolan en Marquard ervaar het, wil ons voorkom dat sulke gebeure die Koninkryk sowel as die APK skade sal doen.

RING VAN BETHLEHEM

3.42.2 AANBEVELING: Die Sinode versoek die Kuratorium en die SKK om groot versigtigheid

by die keuring van leraars vir die APK aan die dag te lê, en om veral aandag te gee aan die aansoeker se vereenselwiging met ons kerkleer en ander kerklike beklemtoninge, asook aan die kandidaat se menseverhoudinge.

3.43 KERKLIKE ADMINISTRASIE

Die Sinode word versoek om aandag te gee aan die administrasie van die sentrale kerkkantoor

3.43.1 Motivering

Omsendskrywes, geloofsbriewe, sinodestukke bereik nie die gemeentes betyds nie. Soos nou weer die geval was, het ons geen geloofsbriewe en ringsvorms ontvang nie.

RING VAN MIDDELBURG

3.43.2 AANBEVELING: Kyk 3.44.2.

3.44 SWAK TIK- EN DRUKWERK

Die SKK word versoek om aandag te gee aan die swak tipe tikwerk wat deur die sentrale kantoor aan gemeentes uitgestuur word.

3.44.1 Motivering

Die tik en drukwerk is van swak gehalte en in baie gevalle onleesbaar.

RING VAN MIDDELBURG

3.44.2 AANBEVELING: Die Sinode dra dit aan die SKK op om indringend aandag te gee aan kerklike administrasie, veral wat betref stiptelike korrespondensie en netjiese tik- en afrolwerk.

3.45 GEHALTE VAN DRUKWERK

Gemeentes het waardering vir die Drukker wat onder moeilike omstandighede soms drukwerk vir ons kerk doen. Maar in die jongste tyd het swak drukwerk, wat onaanvaarbaar vir ons kerk is, die lig gesien.

3.45.1 Motivering

Kerk Jaarprogramme se set en drukwerk is swak en onnet. Die Jaarboek se drukwerk is onleesbaar op die volgende bladsye : 256, 285, 288 tot 295, 313, 316, 321, 324.

Ons kerk betaal vir die drukwerk en stel net belang in hoë gehalte druk en netjiese setwerk.

RING VAN MIDDELBURG

3.45.2 AANBEVELING: Die Sinode neem kennis daarvan dat die SKK reeds in die afgelope jaar met die drukker onderhandel het oor swak - drukwerk. Die Sinode aanvaar die verduideliking van die drukker dat dit te wyte was aan werksdrukte as gevolg waarvan 'n ander onderneming betrek is wat nie gehaltebeheer volgens verwagting toegepas het nie. Die Sinode betuig origins sy dank teenoor PR Drukkers vir besondere ywerige en toegewyde samewerking.

RING VAN MIDDELBURG

3.46 GEHALTE VAN DRUKWERK

In die lig van die swak verpakking, druk- en bindwerk van die handboeke vir verbondsonder- rig en die Kerkjaarboek, versoek die ring die Publikasiekomitee om beter beheer uit te oefen oor boeke wat deur die APK uitgegee word.

3.46.1 Motivering: geen

3.46.2 AANBEVELING: Die Sinode dra dit aan die SKK op om noulettend aandag te gee aan die gehalte van die verpakking, druk- en bindwerk van alle publikasies van die Afrikaanse

Protestantse Kerk.

RING VAN SOMERSET-OOS

3.47 BESKIKBAARHEID VAN BYBELS

Die Sinode word versoek om toe te sien dat die Bybelgenootskap voldoende eksemplare van die 1933 vertaling van die Bybel vir ons lidmate beskikbaar stel

3.47.1 Motivering: geen

RING VAN MIDDELBURG

3.47.2 AANBEVELING: Die Sinode dra dit aan die SKK op om met die Bybelgenootskap te onderhandel sodat voldoende eksemplare van die 1933/53 vertaling van die Bybel voortdurend beskikbaar is.

3.48 VERTEENWOORDIGING BY DIE BYBELGENOOTSKAP

Die ring van Roodepoort voel dat dit vir ons Kerk van uiterste belang is om verteenwoordiging by die Bybelgenootskap te hê en versoek die Sinode om aandag hieraan te gee.

3.48.1 Motivering: geen

RING VAN MIDDELBURG

3.48.2 AANBEVELING: Die Sinode dra dit aan die SKK op om met die Bybelgenootskap te onderhandel ten einde die doeltreffendste inspraak vir die APK by die Bybelgenootskap te verkry.

3.49 SINODEBESLUITEN EN GEMEENTES

Besluite wat geneem word by die Sinode moet terug na die gemeentes sodat hulle van alle besluite ingelig kan word en sodoende ook hulle samewerking daaraan kan gee.

3.49.1 Motivering

'n Beter skakeling tussen sinodebesluite en die gemeentes sal verhoed dat 'n gebeurtenis soos "Kerk en Samelewing" in die NG Kerk wat op mense afgedwing is, by ons sal plaasvind

RING VAN MIDDELBURG

3.49.2 AANBEVELING: Die Sinode keur die voortsetting van die praktyk van die verlede goed, naamlik dat 'n besluiteregister wat alle besluite van belang vir gemeentes bevat so gou doenlik na die sinodesitting aan alle gemeentes gestuur word.

Die Sinode vestig opnuut kerkrade se aandag op die belangrikheid daarvan dat minstens twee kerkraadslede die kerkraad op die Sinode verteenwoordig.

Die Sinode oordeel dat die verteenwoordiging van kerkrade op die Sinode volgens die Kerkorde reeds 'n mate van beveiliging bied teen oorheersing van gemeentes deur die Sinode, en stel dit opnuut as sy oortuiging dat die Sinode nie besluite behoort te neem oor sake wat doeltreffend en selfs beter op plaaslike vlak deur kerkrade hanteer kan word nie.

3.50 AANSOEKVORM OM LIDMAATSKAP

	VAN	VOLLE NAME	NOEMNAAM	GEB. DATUM
Man:				
Vrou:				
Kinders:				
Doop. lid				
				
				

Ek/ons, die ondergetekende/s, bevestig plegtig hiermee

1. dat ek/ons my/ons lidmaatskap in(vorige kerk en gemeente) skriftelik opgesê het. Die afskrif van my/ons bedankingsbrief is hierby aangeheg. Lidmaatskapbewyse word binne 6 maande ingedien

OF

dat ek/ons lidmate was van die Afrikaanse Protestantse Kerk
My/ons bewys van lidmaatskap is aangeheg;

2. dat ek/ons die Bybel as die onfeilbare Woord van God, gerig op my/ons lewe, onvoorwaardelik aanvaar;
3. dat ek/ons die drie belydenisskrifte, nl. die Nederlandse Geloofs-belydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus as 'n ware samevatting van Gods Woord onderskryf;
4. dat ek/ons die saligmakende geloof in Jesus Christus bely en deur sy genade oortuig is van my/ons ewige verlossing in Hom;
5. dat ek/ons sal meeleef met die gemeente en die regering van die plaaslike gemeente oor my/ons in opsig en tug aanvaar;
6. dat ek/ons die onderlinge byeenkomste van die gemeente getrou sal bywoon en na vermoë sal help om die gemeente in stand te hou;
7. dat my/ons kinders volgens die vereistes van die gemeente in die Verbondsklasse onderrig sal word.

Geteken Datum Opmerkings deur Ouderling

Man:

Vrou:

Woonadres: Tel:

Posadres: KODE:

Goedgekeur op: (voorsitter)

3.50.1 Motivering: geen

DS PL STORM

skkvslag/mk

- 51 -

1. Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake om allereers uitsluitel te kry oor die volgende vrae

1.1 Moet 'n lidmaat van die APK wat verhuis na 'n ander gemeente,

(a) amptelik bedank uit die gemeente waarvandaan hy vertrek (vergelyk bepaling 33.1);

(b) weer amptelik aansoek om lidmaatskap doen by die nuwe gemeente;

(c) op 'n voorgeskrewe vorm?

1.2 Het die nuwe gemeente die reg om lidmaatskap te weier in geval van

(a) 'n lidmaat wat met attestaat oorkom (Bep 32.2)

(b) 'n lidmaat wat met verouderde attestaat of slegs 'n sertifikaat van lidmaatskap oorkom (bep 32.3 en 32.4)

1.3 Het 'n tugwaardige lidmaat wat verhuis en slegs 'n sertifikaat van lidmaatskap ontvang, daarmee sy lidmaatskap verloor sonder enige verdere tughandeling?

2. Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die lig van die antwoorde van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake die moontlike akkommodeerbare gedeeltes in die beskrywingspunt te oorweeg en dienooreenkomstig 'n aansoekvorm, om lidmaatskap op te stel.

skkvslag/mk

- 52 -

3.51 ANDER RASSE BY KERKDIENTSTE

Die Sinode besluit dat

- a. Geen ander rasse toegelaat word by eredienste, begrafnisdienste, huweliksdienste of enige ander erediens soos gehou deur die APK nie en,
- b. Genoemde besluit opgeneem word in die Kerkorde.

3.51.1 Motivering

Wanneer hierdie toegewing gemaak word is dit die dun kant van die wig - die geskiedenis het ons dit geleer.

Begrafnis en huweliksdienste gaan om Woordverkondiging net soos by 'n erediens op 'n Sondag - iemand wat nie die boodskap reg kan begryp nie weens taal en kultuurverskille het geen rede om so 'n byeenkoms by te woon nie.

Hierdie aangeleentheid moet in die Kerkorde opgeneem word omdat dit 'n belangrike beleid saak is en daarom daarvoor geen onduidelikheid moet wees nie.

RING VAN SUIDKUS

3.51.2 AANBEVELING

1. Die Sinode beklemtoon dit opnuut dat die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners is en dat lidmaatskap daarvolgens deur die Kerkorde vasgestel is.
2. Die Sinode spreek hom onomwonde uit teen enige gesamentlike byeenkomste met ander volke as 'n poging om daarmee die eenheid in Christus sigbaar te demonstreer.

3. Die Sinode distansieer hom ten sterkste van enige poging om die kerk dienstig te maak aan 'n politieke beleid van integrasie deur deelname aan gemengde godsdienstige byeenkomste.
4. Die Sinode oordeel egter dat dit tot die bevoegdheid van plaaslike kerkrade behoort om te besluit oor die toelating van lede van ander volke by samekomste van die plaaslike gemeente. Die Sinode maan egter dat kerkrade met die grootste omsigtigheid en geduld in belang van eenheid en vrede in die gemeente moet optree.

W.g. W.J.C. Lubbe
VOORSITTER

W.g. M.C. Adendorff
SKRIBA

Datum : 24 Augustus 1989

BYLAE "A" 60

Afrikaanse Protestantse Kerk

'n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners

ONTMOET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

1. EERSTE ONTMOETING
2. NADERE KENNISMAKING
 - 2.1 'n Belydeniskerk
 - 2.2 'n Protestantse Kerk
 - 2.3 'n Afrikaanse Kerk
 - 2.4 'n Gereformeerde Kerk
 - 2.5 'n Ware Kerk
 - 2.6 'n Kerk wat Bybels arbei
 - 2.7 'n Behoudende Kerk
 - 2.8 'n Kerk vir blanke Afrikaners
 - 2.9 'n Kerk uit stryd gebore
 - 2.10 'n Groeiende Kerk

"Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde
is daar geen einde nie." — Psalm 107:1

EERSTE ONTMOETING

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

- 1.1 is 'n Kerk van Jesus Christus
- 1.2 is 'n Protestantse Kerk
- 1.3 is 'n Gereformeerde Kerk, 'n spruit van die kerkhervorming van die 16e eeu, 'n spruit wat ware Kerk van Christus wil wees
- 1.4 is 'n Afrikaanse Kerk
- 1.5 aanvaar die Bybel, die hele Bybel, as die heilige en onfeilbare Woord van God, as die lamp en lig en rigsgaaf vir die mens se leer en lewe op aarde
- 1.6 glo in die Drie-enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) soos Hy Hom in sy Woord openbaar
- 1.7 glo dat die waarhede van Gods Woord betroubaar saamgevat is in die Belydenisgeskrifte (die Geloofsbelydenis van Athanasius, die Geloofsbelydenis van Nicea, die Twaalf Artikels, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, edie Vyf Dordtse Leerreëls) - Belydenisgeskrifte wat deur alle eg-gereformeerde kerke aanvaar word
- 1.8 verkondig die volle Raad van God soos in sy Woord geopenbaar, en wel soos vertolk in die Belydenisgeskrifte
- 1.9 weer alle partypolitiek uit sy kansels, kateders, klaskamers en kerklike werksaamhede
- 1.10 erken en respekteer die vryheid van die individuele gelowige binne perke van die Heilige Skrif; erken ook sy Bybelse reg om deel te hê aan die verkiesing van kerkraadslede, en aan die beroeping van 'n leraar
- 1.11 erken en respekteer die vryheid en selfstandigheid van die plaaslike kerk (gemeente) as volledig kerk van Christus, onder leiding, toesig en regering van sy plaaslike kerkraad (diakens en ouderlinge, ook die predikant as lerende ouderling) en handhaaf 'n kerkorde wat gebaseer is op die presbiteriale

kerkregeringstelsel.

- 1.12 maak groot erns met die erediens as openbare samekoms van die gemeente, met die verkondiging van Gods Woord, met die sakramente (Dooop en Nagmaal), met die kerklike tug, met die onderrig van verbondskinders (en enige ander kind wat die onderrig wil ondergaan), en met die opleiding van predikante
- 1.13 vorm sy kerkverband deur 'n vrywillige ooreenkoms van plaaslike kerke ter wille van die welsyn van elke plaaslike kerk (gemeente) en ter bevordering van die koninkryk van God op aarde
- 1.14 werk om die rede saam in die meerdere vergaderinge, naamlik in ringe en in die sinode, waar elke plaaslike kerk (gemeente) reg op gelyke verteenwoordiging het
- 1.15 aanvaar sendingwerk (uitdra van die evangelie aan nie-Christene) as die Bybelse roeping van elke lidmaat, van elke plaaslike kerk (gemeente) en van plaaslike kerke (gemeentes) gesamentlik waar hulle onderling daartoe ooreenkom of daartoe ooreenkom in ring en sinode
- 1.16 ag hom as kerk Bybels geroepe tot barmhartigheidsdiens, tot bearbeiding van die jeug, en tot evangelisering van mense wat van evangelie en kerk vervreemd geraak het
- 1.17 onderwerp hom aan die gesag van die staatsowerheid insoverre die owerheid nie strydig met Gods Woord optree nie
- 1.18 ag dit sy profetiese roeping om die wil van God soos geopenbaar in sy Woord, ook aan die owerheid te verkondig
- 1.19 ag dit sy roeping om die koninkryk van God in die maatskappy te bevorder deur onder meer sy lidmate toe te rus vir hulle roeping sodat hulle soos 'n suurdeeg kan werk
- 1.20 ag dit sy roeping om hom te beywer vir Christelik-nasionale onderwys
- 1.21 erken en respekteer die verinheemsing van Christus se kerk onder mense, dit wil sê dat in elke volk die mense wat in Christus glo, 'n eie kerk vorm, en dat volkere gered word in hulle gelowige geslagte
- 1.22 erken en respekteer Christus se kerk onder blanke Afrikaners en gee gestalte aan so 'n Christus-kerk onder blanke Afrikaners

- 1.23 gun dit aan die Christus-gelowiges in elke volk om aan 'n Christus-kerk onder hulle eie mense gestalte te gee

- 1.24 soek samewerking met ander Christelike kerke wat aan Gods Woord getrou bly

- 1.25 verkondig Gods Woord waar moontlik aan Christelike kerke wat van die Woord afdwaal

2. NADERE KENNISMAKING

2.1 'n Belydeniskerk

- 2.1.1 Die AP Kerk ag homself 'n belydeniskerk omdat hy 'n omskrewe belydenis het, 'n belydenis wat sy lidmate aanvaar en waaraan hulle trou beloof.

- 2.1.2 Hierdie belydenis is vervat in die belydenisgeskrifte (kyk 1.7), wat 'n betroubare samevatting is van die waarhede van die Bybel.

- 2.1.3 Uitleg en verkondiging van die Bybel as Woord van God moet derhalwe in ooreenstemming wees met die belydenisgeskrifte.

- 2.1.4 Ook 'n lidmaat se geloof en lewe moet in ooreenstemming wees met die Woord van God soos vertolk deur die belydenisgeskrifte.

- 2.1.5 'n Lidmaat wat meen dat die belydenisgeskrifte op enige punt tekort doen aan die Bybel of afwyk van die Bybel, het die vryheid en verantwoordelikheid om die tekort of afwyking onder aandag van sy kerkraad, ring en sinode te bring. Totdat sy mening deur 'n sinode aanvaar is, mag hy sy mening nie aan medekerkklidmate (behalwe in kerkraad, ring en sinode) oordra of andersins openbaar maak nie.

2.2 'n Protestantse Kerk

- 2.2.1 omdat hy, getrou aan sy protestantse erfenis, staan vir die suiwerheid van die leer volgens Gods Woord, en protesteer teen enige leer wat deur die mens se toedoen die suiwere leer vermink of

verknoei;

2.2.2 omdat hy die vryheid van aanbidding en die vryheid van die gelowige se gewete voor God voorstaan;

2.2.3 omdat hy geloof in Christus as enigste Verlosser sonder meer as enigste voorwaarde vir saligheid aanvaar;

2.2.4 omdat hy die Bybel as enigste en hoogste gesag oor sake van geloof en moraliteit aanvaar.

2.3 'n Afrikaanse Kerk

2.3.1 omdat hy homself deur God geroepe ag om Gods koninkryk in die eerste plek onder eie Afrikaanse mense te dien, en deur hulle, ook buite die Afrikanervolk;

2.3.2 omdat hy 'n aanbiddingswyse en bedieningswyse volg wat aansluit by die wese, aard en tradisies van die Afrikanervolk.

2.4 'n Gereformeerde Kerk

Die APKerk openbaar sy strewe om 'n eg gereformeerde kerk te wees in (onder meer)

2.4.1 sy eerbied en trou aan die Bybel as God se onfeilbare openbaring

2.4.2 sy respek vir en sy trou aan die belydenisgeskrifte soos hulle sedert hulle aanvaarding deur die Sinode van Dordrecht (1618 - 1619), deur eg gereformeerde kerke aanvaar is

2.4.3 sy inrigting van sy kerkregering volgens eg gereformeerde beginsels met name sy inagneming van die Dordtse kerkorde as riglyn wanneer hy sy kerkorderlike basis neerlê

2.4.4 sy aanvaarding dat Christus se kerk op aarde bestuur word op 'n geestelike wyse soos neergelê in Gods Woord. Dit behels dat 'n kerkraad, met die ampte van ouderling en diaken (met of sonder 'n leraar) toesig hou oor Christus se gemeente en die gemeente geestelik versorg; dat ampsdraers

onder biddende opsien tot God verkies (of geroep) word; dat ampsdraers op hulself en op mekaar moet ag gee, mekaar moet bemoedig en vermaan, maar nie oor mekaar moet heers nie.

2.5 'n Ware kerk

2.5.1 Die APKerk wil ware kerk van Jesus Christus wees en wil daarom voldoen aan die eise wat gereformeerdes nog altyd aan 'n ware kerk gestel het, naamlik die suiwere verkondiging van die evangelie, die suiwere bediening van die sakramente soos Christus hulle ingestel het, en die toepassing van die kerklike tug soos Gods Woord dit vereis.

2.5.2 Hierdie eise om waarlik kerk van Christus te wees, stem ooreen met die Woord van God en met die belydenisgeskrifte.

2.5.3 Ook elke lidmaat van die APKerk word voortdurend opgeroep om met standvastige geloof in God Drie-enig en sy Woord, en met 'n lewenswandel gehoorsaam aan God en sy Woord, daaglik in die krag van die Heilige Gees te stry teen sonde en versoeking terwyl hy voortdurend vertrou op en hom verheug in die vergifnis van sy sondes en gebreke deur God, op grond van die verdienste van Jesus Christus.

2.6 'n Kerk wat Bybels arbeit

2.6.1 Die APKerk wil in gehoorsaamheid aan Gods Woord omsien na armes, sorgbehoewendes en beproefdes, eerstens in eie gemeente en eie omgewing, maar ook wyer sover moontlik. Aan diesulkes wil hy ware barmhartigheid bewys deur stoflike hulp en geestelike vertroosting en versterking. Tot sulke barmhartighedsdiens word elke lidmaat en elke plaaslike kerk, maar ook plaaslike kerke in verband van ring en sinode opgeroep.

2.6.2 Ooreenkomstig die opdrag van Christus "maak dissipels van alle nasies en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" (Mat 28: 19), ag die APKerk dit die roeping van elke lidmaat, van elke plaaslike kerk, en van

plaaslike kerke in verband van ring en sinode om die evangelie van verlossing in Christus aan nie-Christene te bring; om Christene in elke volk te ondersteun om die kerk van Christus onder eie volksgenote te verinheems, dit wil sê die Kerk van Christus eie gestalte ('n eie kerkformasie) onder eie volksgenote te gee. Die APKerk is oortuig dat dit tot 'n Christen se eerste en hoogste diens aan die koninkryk van God behoort, om Christen te wees en as Christen te dien onder die mense waar God hom geplaas en geroep het (1 Kor 7: 17 - 24). Wie sy verbondenheid met en roeping onder sy eie mense misken en ontvlug, misken en ontvlug God se beskikking.

2.6.3 Die APKerk ag dit die roeping van elke lidmaat, van elke plaaslike Kerk (gemeente) en van plaaslike kerk in verband van ring en sinode om mense wat van God en sy Woord, van Christus en sy koninkryk onder mense vervreemd geraak het, met opregte Christelike liefde en wysheid soos alleen Gods Gees kan meedeel, terug te bring tot gemeenskap met God en sy Woord, met Christus, sy kerk en sy koninkryk.

2.6.4 Die APKerk ag dit ook sy roeping om onvolwassenes in geloof, verbondskinders maar ook nie-verbondskinders, te onderrig in Gods Woord en die weg van saligheid, in die leer en geskiedenis van Christus se Kerk, en om hulle langs die weg te lei tot belydenis van geloof en 'n lewe van volwasse Christenskap.

2.7 'n Behoudende Kerk

Die APKerk is 'n behoudende kerk

2.7.1 omdat ons die dinge wat God aan ons toevertrou het, met dankbaarheid wil waardeer, getrou wil behou en bewaar, getrou wil voortdra en uitdra sodat ons "die goeie stryd" kan stry (1 Tim 1: 18)

2.7.2 omdat ons wil bly in wat ons geleer het, waarvan ons verseker is, omdat ons weet van wie ons dit geleer het (2 Tim 3: 14);

2.7.3 omdat ons deur die Heilige Gees wat in ons woon, ons goeie pand wil bewaar (1 Tim 1: 14);

2.7.4 omdat die meetsnoere vir ons in lieflike plekke geval het en ons erfenis vir ons mooi is (Ps 16: 6);

2.7.5 omdat die erfdeel van ons vaders vir ons te kosbaar is om te verwaarloos of te verruil of te vervreem (1 Kon 21: 3);

2.7.6 omdat ons elkeen wil wandel soos die Here dit aan ons toebedeel het ... wil bly in die roeping waarin God ons geroep het ... wil bly voor God in die staat waarin God ons geroep het (1 Kor 7: 17, 20, 24);

2.7.7 omdat ons, of ons lewe of sterwe, aan die Here behoort ... nie aan onself nie, en daarom nie na die stem van mense maar steeds na die stem van God moet luister (Rom 14: 8; 1 Kor 6: 19; Deut 6: 24);

2.7.8 omdat, alles in ons lewe ons nie per toeval nie, maar uit Gods Vaderhand toekom (Mat 10: 29 -30; HK 27), en omdat alle skepsele so in Gods hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (Hand 17: 25; HK 2);

2.7.9 omdat selfliefde in Gods Woord nie verbied word nie maar saam met naasteliefde op die skaal kom (Mat 22: 39);

2.7.10 omdat God ons gebied om wat Hy ons leer, ook vir ons kinders in te skerp en oral en altyd daaroor te spreek (Deut 6: 6 - 7);

2.8 'n Kerk onder blanke Afrikaners

Die APKerk is 'n kerk van Christus onder blanke Afrikaners

2.8.1. omdat net blanke Afrikaners (ook ander Blankes wat hulle met die blanke Afrikaners vereenselwig) lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) kan verkry mits voldoen word aan voorwaardes vir lidmaatskap gestel;

- 2.8.2 omdat die Bybel ons leer dat die verskeidenheid van volkere op aarde 'n Godgewilde verskeidenheid is, 'n verskeidenheid wat volgens die Bybel sal voortduur tot die wederkoms van Christus;
- 2.8.3 omdat ons glo aan die verinheemsing van die kerk van Christus onder die verskeidenheid van volkere, wat beteken dat die Christene onder elke volk aan die kerk van Christus onder hulle 'n gestalte(s) gee wat aansluit by so 'n volk se aard, kultuur, taal, leefwyse ensovoorts en die eie van so 'n volk nie ophef of verander nie, maar heilig (aan God wy);
- 2.8.4 omdat die blanke Afrikanervolk deel is van die Godgewilde verskeidenheid van volkere en dat Christus se kerk onder blanke Afrikaners, soos onder elke ander volk tot verinheemsing moet kom en sy eie gestalte moet aanneem;
- 2.8.5 omdat ons dit vir Christene van elke ander volk gun om aan Christus se kerk onder hulle 'n eie, inheemse gestalte te gee;
- 2.8.6 omdat die verskeidenheid van inheemse kerkgestaltes geensins verskeurdheid van die liggaam van Christus beteken nie, net maar verskeidenheid te midde van die eenheid van Christus se liggaam;
- 2.8.7 omdat die eenheid van Christus se liggaam (die eenheid van al sy gelowiges) gewaarborg word, nie deur mense se saamwees nie, maar deur God self, deur die eenheid van geloof, in dieselfde God-Drie-enig, deur die eenheid van dieselfde doop, deur die eenheid waarmee die Heilige Gees God se kinders saamnee.

2.9 'n Kerk uit stryd gebore

Die APKerk het uitgekristalliseer uit stryd. Die liberale studiestuk "Kerk en Samelewing", soos aangeneem op die NGKerk se Algemene Sinode in Oktober 1986, het skokgolwe deur die NGKerk gestuur en 'n intense stryd ontketen. Geskokte lidmate het gestry teen die verandering en koerswysiging van hul kerk; gestry teen die aantasting van

Skrif en belydenis; gestry teen humanistiese tendense en politieke klanke in 'n kerklike beleidstuk; gestry teen miskenning van die selfstandigheid van die plaaslike kerk (gemeente); gestry om "Kerk en Samelewing" teruggestuur te kry na en te laat oorweeg deur die plaaslike kerke (gemeentes) wat in onkunde gehou, verbygegaan en geminag is ten opsigte van die geskrif; gestry om 'n horende herdersoor en begrypende herdershart by hul kerk (die NGKerk) te vind vir hul besware - tevergeefs gestry. Na 'n stryd van agt maande - tevergeefse stryd - is besluit om 'n eie kerk te stig: die Afrikaanse Protestantse Kerk, 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners. Sedert sy stigting het lidmate uit vele kerke 'n kerklike tuiste in hierdie Kerk van Christus kom soek en gevind.

2.10 'n Groeiende Kerk

- 2.10.1 Die APKerk se groei het tot dusver alle verwagtings te bowe gegaan. Stemme wat die kerk aanvanklik "n splinter" genoem het, het stil geword.
- 2.10.2 Die eerste gemeente is gestig op 1 Julie 1987. Nou, net meer as twee jaar later, is daar reeds 177 gemeentes, versprei oor die Kaapprovinsie, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika. Gemiddeld 2 gemeentes word nog maandeliks gestig.
- 2.10.3 By stigting het slegs twee predikante hulle by die APKerk geskaar. Tans bedien 77 predikante die 177 gemeentes. En gemiddeld twee leraars uit ander kerke voeg hulself maandeliks by die APKerk.
- 2.10.4 Die gemeentes is ingedeel in tientalle ringe waarvan die meeste reeds driekeer vergader het.
- 2.10.5 Die eerste sinode het vergader sowat vier maande na kerkstigting. Die derde sinode sal DV voor einde 1989 vergader.
- 2.10.6 Die APKerk se eie teologiese skool is geopen eerder as agt maande na kerkstigting. Tans word die skool beman deur drie voltydse dosente, terwyl die studentegetal, voltydse en deeltydse reeds op dertien staan.
- 2.10.7 Ses maande na kerkstigting het die kerk se

administrasie sy eie gebou betrek, 'n gebou ruim en sentraal in Pretoria geleë, 'n gebou wat ook die teologiese skool huisves, 'n gebou wat honderduisende rande gekos het en - dank aan die Here! - kontant betaal is.

2.10.8 Die ruim hart, oop hand en besielende blymoedigheid waarmee APK-lidmate bydra tot hul gemeentes en hul kerk, bly 'n seldsame kenmerk van hul kerklidmaatskap. Aan die God wat hulle so gewillig maak, al die lof en eer en aanbidding.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK- PENSIOENFONDS

AGTERGROND

1. Toe die Afrikaanse Protestantse Kerk-Pensioenfonds met die stigting van die kerk ingestel is, het dit bestaan uit 'n voorlopige skema wat na ses maande in hersiening geneem sou word. Die bydraekoers was 18,5% waarvan die lid 7,5% bygedra het. Die huidige skema wat begin 1988 in werking getree het, bied min of meer dieselfde voordele behalwe dat die pensioen betaalbaar by aftrede gebaseer word op aantal jare diens en die gemiddelde salaris oor die laaste drie jaar wat realisties is. Die bydraekoers het verminder van 18,5% na 17,5%. Daar is egter aan die hand gedoen dat teen 'n hoër koers bygedra word ten einde voorsiening te maak vir pensioengroei na aftrede.
2. Omdat die kerk pas ontstaan het en gemeentes van meet af opgebou moes word, het die SKK besluit om te volstaan met die reeds bestaande 18,5% waaraan gemeentes reeds gewoond was. Dit sou 'n bykomende 1% gee plus die voordeel dat geen kommissie uit bydraes vloei nie. Die SKK het besluit dat die saak na drie jaar weer ooreweg kan word in die lig van hoe die fonds presteer.

VOORSTELLE TER VERBETERING

3. In die lig van verwikkelings in die pensioenwêreld, het SANLAM gedurende die jaar sekere verbeterings aan die pensioenfonds voorgestel. Hulle word vervolgens behandel.

(a) Finale salaris

Voorstel - Bereken finale gemiddelde salaris vir pensioenberekening oor die laaste twee jaar diens in plaas van oor die laaste drie jaar diens.

Nie aanvaar nie. Dit sal die bydraekoers verhoog. Meer as 60% van die pensioenfondse gebruik die laaste drie jaar.

(b) Laat aftrede

Voorstel - Indien 'n lid (met die nodige goedkeuring) na die ouderdom van 65 jaar aanbly moet daar voortgegaan word met die betaling van bydraes. Dit sal sy pensioenvoordeel verbeter.

Aanvaar. Dit sal geen bykomende finansiële implikasies meebring nie.

Voorstel - Indien pensioen na aftrede verhoog word, dit ook op so 'n lid van toepassing sal wees.

Aanvaar - vanaf datum waarop sodanige verhoging ook op ander tede van toepassing sal wees (kyk onder pensioenverhogings).

(c) Sterfte voor aftrede

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir bekamping van belasting op enkelbedrag (R150 000-00) betaalbaar aan weduwee by afsterwe van lid voor aftrede.

Kommentaar - Tans is 'n bedrag gelyk aan tweemaal jaarlikse salaris of R60 000-00 wat ookal die grootste is, vrygestel van belasting. Die voorstel kom daarop neer dat die premie vir hierdie voordeel (inbegrepe in die bydraekoers) by die lid se salaris vir belastingdoeleindes gevoeg word en dat hy belasting daarop betaal. Die enkelbedrag sal dan vrygestel wees van belasting.

Nie aanvaar nie. Dit sal beteken dat al die lede gedurende hul hele dienstydperk belasting moet betaal vir 'n voordeel wat slegs enkele maande sal raak. Lede moet liefste een of ander soort lewensversekering uitneem om die probleem te bekamp. Hulle geld sal dan nie vrugtelos aangewend gewees het nie.

(d) Kinderpensioen

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir die betaling van kinderpensioen.

Kommentaar - Toe die pensioenskema destyds oorweeg is, is besluit om liefste voorsiening te maak vir 'n weduweepensioen van 50% van die lid se salaris by afsterwe as 'n geringer persentasie plus kinderpensioen. Onthou moet word dat 'n enkelbedrag van R150 000-00 ook betaalbaar is.

Nie aanvaar nie. Afgesien van bogemelde oorwegings, sal dit die bydraekoers verhoog. Daar is egter versoek dat voorsiening gemaak word vir die betaling van 'n kinderpensioen indien die weduwee te sterwe sou kom en daar dan geen voorsiening vir die agtergeblewene afhanklike kinders is nie. Dit hou geen finansiële implikasies in nie aangesien die weduwee se pensioen vir die doel aangewend word.

(e) Arbeidsongeskiktheid

Voorstel - Dat benewens die ongeskiktheidstoelae van 75% van salaris daar aan 'n lid wat algeheel en permanent ongeskik raak, 'n kontantbedrag gelyk aan 'n jaar se salaris betaal word.

Nie aanvaar nie. Alhoewel die voorstel baie meriete het, sal dit 'n verhoging van die bydraekoers tot gevolg hê wat die SKK in hierdie stadium wil voorkom.

(f) Bedanking

Voorstel - Dat die rentekoers betaalbaar op die lid se bydraes by bedanking van 4,5% na 7,5% verhoog word en dat indien die geld na 'n annuïteit of ander pensioenfonds oorgedra word, 'n gunstiger voordeel oorweeg word.

Nie aanvaar nie. Dit sal die bydraekoers verhoog. Die APK fonds is maar onlangs ingestel en kan nie ander fondse subsidieer nie.

(g) Pensioengroei

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir groei gelyk aan twee derde van inflasiekoers.

Nie in hierdie stadium aanvaar nie. Die saak is reeds in paragrafe 1 en 2 hierbo behandel. Aandag sal weer daaraan gedurende 1990 geskenk word.

Algemeen

Aangesien die SKK nie in hierdie stadium gemeentes verder wil belas nie, is slegs daardie verbeterings wat nie die bydraekoers verhoog nie aanvaar. Die ander sake kan weer volgende jaar aandag geniet.

VERHOGING VAN LEWENSDEKKING VIR LEDE SE EGGNOTES

4. Die pensioenfonds maak voorsiening vir lewensdekking vir die eggenotes van lede vir 'n bedrag van R10 000-00. Lede is die keuse gegee om hierdie bedrag op te skuif na R50 000-00 mits hulle self die bykomende premie betaal. Behalwe vir 'n paar lede het almal verkies om die bedrag te verhoog en dit is dan ook gedoen met ingang van begin 1989. Almal wat nou aansluit is outomaties by hierdie reëling ingeskakel.

STAND VAN FONDS

5. Die pensioenfonds bestaan uit verskillende komponente. Die enkelbedrag (R150 000-00) en weduweepensioen betaalbaar aan 'n weduwee indien 'n lid voor aftrede te sterwe kom, die ongeskiktheidstoelae en die lewensdekking vir die eggenotes van lede word deur versekering gedek en die premies daarvoor word van die bydraes afgetrek. Wat oorbly gaan in die fonds waaruit die pensioen by aftrede en die weduweepensioen betaalbaar indien 'n lid na aftrede te sterwe sou kom, betaal word. Hierdie fonds het op 1 Julie 1989 op R619 327-48 te staan gekom. Dit sluit natuurlik bedrae in wat predikante wat na die APK oorgekom het, daarin vir hulle eie voordeel gestort het en wat aan hulle by aftrede 'n bykomende pensioen sal besorg.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK-PENSIOENFONDS

AGTERGROND

1. Toe die Afrikaanse Protestantse Kerk -Pensioenfonds met die stigting van die kerk ingestel is, het dit bestaan uit 'n voorlopige skema wat na ses maande in hersiening geneem sou word. Die bydraekoers was 18,5 % waarvan die lid 7,5 % bygedra het. Die huidige skema wat begin 1988 in werking getree het, bied min of meer dieselfde voordele behalwe dat die pensioen betaalbaar by aftrede gebaseer word op aantal jare diens en die gemiddelde salaris oor die laaste drie jaar wat realisties is. Die bydraekoers het verminder van 18,5 % na 17,5 %. Daar is egter aan die hand gedoen dat teen 'n hoër koers bygedra word ten einde voorsiening te maak vir pensioengroei na aftrede.
2. Omdat die kerk pas ontstaan het en gemeentes van meet af opgebou moes word, het die S K K besluit om te volstaan met die reeds bestaande 18,5 % waar-aan gemeentes reeds gewoond was. Dit sou 'n bykomende 1 % gee plus die voor-deel dat geen kommissie uit bydraes vloei nie. Die S K K het besluit dat di-saak na drie jaar weer oorweeg kan word in die lig van hoe die fonds pres-teer.

VOORSTELLE TER VERBETERING

3. In die lig van verwikkelings in die pensioenwêreld, het S A N L A M gedu-rende die jaar sekere verbeterings aan die pensioenfonds voorgestel. Hulle word vervolgens behandel.

a. Finale salaris

Voorstel - Bereken finale gemiddelde salaris vir pensioenberekening oor die laaste twee jaar diens in plaas van oor die laaste drie jaar diens.

Nie aanvaar nie. Dit sal die bydraekoers verhoog. Meer as 60 % van die pensioenfondse gebruik die laaste drie jaar.

b. Laat aftrede

Voorstel - Indien 'n lid (met die nodige goedkeuring) na die ouder-dom van 65 jaar aanbly moet daar voortgegaan word met die betaling van bydraes. Dit sal sy pensioenvoordeel verbeter.

Aanvaar. Dit sal geen bykomende finansiële implikasies meebring nie.

Voorstel - Indien pensioen na aftrede verhoog word, dit ook op 'n lid van toepassing sal wees.

Aanvaar - vanaf datum waarop sodanige verhoging ook op ander lede van toepassing sal wees. (kyk onder pensioenverhogings)

c. Sterfte voor aftrede

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir bekamping van belasting op enkelbedrag (R 150 000,00) betaalbaar aan weduwee by afsterwe van lid voor aftrede.

Kommentaar - Tans is 'n bedrag gelyk aan tweemaal jaarlikse salaris of R 60 000,00 wat ookal die grootste is, vrygestel van belasting. Die voor-stel kom daarop neer dat die premie vir hierdie voordeel (inbegrepe in die bydraekoers) by die lid se salaris vir belastingdoeleindes gevoeg word en dat hy belasting daarop betaal. Die enkelbedrag sal dan vrygestel wees van belasting.

Nie aanvaar nie. Dit sal beteken dat al die lede gedurende hul hele dienstydperk belasting moet betaal vir 'n voordeel wat slegs enkele moontlik sal raak. Lede moet liefse een of ander soort lewensversekering uitneem om die probleem te bekamp. Hulle geld sal dan nie vrugtelos aangewend word nie.

d. Kinderpensioen

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir die betaling van kinderpensioen.

Kommentaar

Toe die pensioenskema destyds oorweeg is, is besluit om liefse voor-siening te maak vir 'n weduweespensioen van 50 % van die lid se sala-ris by afsterwe as 'n geringer persentasie plus kinderpensioen. Onthou moet word dat 'n enkelbedrag van R 150 000,00 ook betaalbaar is.

Nie aanvaar nie. Afgesien van bogemelde oorwegings, sal dit die bydrae-koers verhoog. Daar is egter versoek dat voorsiening gemaak word vir die betaling van 'n kinderpensioen indien die weduwee te sterwe sou kom en daar dan geen voorsiening vir die agtergeblewene afhanklike kinders is nie. Dit hou geen finansiële implikasies in nie aangesien die weduwee se pensioen vir die doel aangewend word.

e. Arbeidsongeskiktheid

Voorstel - Dat benewens die ongeskiktheidstoelae van 75 % van salaris daar aan 'n lid wat algeheel en permanent ongeskik raak, 'n kontantbe-drag gelyk aan 'n jaar se salaris betaal word.

Nie aanvaar nie. Alhoewel die voorstel baie meriete het, sal dit 'n verhoging van die bydraekoers tot gevolg hê wat die S K K in hierdie stadium wil voorkom.

f. Bedanking

Voorstel - Dat die rentekoers betaalbaar op die lid se bydraes by bedanking van 4,5 % na 7,5 % verhoog word en dat indien die geld na 'n annuïteit of ander pensioenfonds oorgedra word, 'n gunstiger voordeel oorweeg word.

Nie aanvaar nie. Dit sal die bydraekoers verhoog. Die A P K fonds is maar onlangs ingestel en kan nie ander fondse subsidieer nie.

g. Pensioengroei

Voorstel - Dat voorsiening gemaak word vir groei gelyk aan twee derde van inflasiekoers.

Nie in hierdie stadium aanvaar nie. Die saak is reeds in paragrafe 1 en 2 hierbo behandel. Aandag sal weer daaraan gedurende 1990 geskenk word.

Algemeen

Aangesien die S K K nie in hierdie stadium gemeentes verder wil bel-nie, is slegs daardie verbeterings wat nie die bydraekoers verhoog nie aanvaar. Die ander sake kan weer volgende jaar aandag geniet.

4. VERHOOGING VAN LEWENSDEKKING VIR LEDE SE EGGENOTES

Die pensioenfonds maak voorsiening vir lewensdekking vir die eggenotes van lede vir 'n bedrag van R 10 000,00. Lede is die keuse gegee om hierdi-bedrag op te skuif na R 50 000,00 mits hulle self die bykomende premie betaal. Behalwe vir 'n paar lede het almal verkies om die bedrag te ver-hoog en dit is dan ook gedoen met ingang van begin 1989. Almal wat nou aansluit is outomaties by hierdie reëling ingeskakel.

5. STAND VAN FONDS

Die pensioenfonds bestaan uit verskillende komponente. Die enkelbedrag (R 150 000,00) en weduweespensioen betaalbaar aan 'n weduwee indien 'n lid voor aftrede te sterwe kom, die ongeskiktheidstoelae en die lewens-dekking vir die eggenotes van lede word deur versekering gedek en die premies daarvoor word van die bydraes afgetrek. Wat oorbly gaan in die fonds waaruit die pensioen by aftrede en die weduweespensioen betaal-baar indien 'n lid na aftrede te sterwe sou kom, betaal word. Hierdie fonds het op 1 Julie 1989 op R 619 327,48 te staan gekom. Dit sluit na-tuurlik bedrae in wat predikante wat na die A P K oorgekom het, daarin vir hulle eie voordeel gestort het en wat aan hulle by aftrede 'n by-

INSTELLING VAN TRUSTFONDS WAARUIT AAN PREDIKANTE WAT
NA DIE A P KERK OORGEKOM HET, 'N AANVULLENDE PENSIOEN
BETAAL KAN WORD

1. Die Sinode het tydens sy laaste sitting (in 1988) soos volg besluit:
 - a. Die Sinode is bewus van die verlies aan pensioenvoordele wat sommige leraars gely het.
 - b. Die Sinode besluit dat daar wel addisionele voorsiening gemaak moet word vir leraars wat minder as 20 jaar diens oor het met aansluiting by die A P Kerk.
 - c. Die Sinode dra dit aan die S K K en Finansiële Kommissie op om sonder versuim hiervoor voorsiening te maak.
2. Die aangeleentheid is deur gemelde twee kommissies behandel en daar is besluit om gemeentes te nader vir bydraes ooreenkomstig 'n glyskaal wat die gemeentes se groottes in aanmerking neem. Die glyskaal is soos volg:

<u>Getal lidmate per gemeente</u>	<u>Bedrag per maand per gemeente</u>
	R
Tot - 20	5,00
21 - 50	10,00
51 - 100	20,00
101 - 150	30,00
151 - 200	40,00
201 - 250	50,00
251 - 300	60,00
300 en meer	70,00

3. 'n Skrywe is op 14 Oktober 1988 aan al die gemeentes gerig waarin volle besonderhede verstrekkend is en verneem is of hulle gewillig is om tot die fonds by te dra met ingang van 1 November 1988.
4. Aangesien verwag is dat indien al die gemeentes sou bydra, 'n bedrag van meer as R 4000,00 per maand ontvang sou word, is 'n belegging met S A N L A M vir so 'n bedrag per maand aangegaan. Ongelukkig was die reaksie van gemeentes aanvanklik nie so goed nie en is die volgende bydraes ontvang:

November 1988	- R 130,00
Desember 1988	- R 1110,00
Januarie 1989	- R 1155,00
Februarie 1989	- R 1688,00
Maart 1989	- R 1800,00

5. 'n Verdere skrywe is in Mei 1989 aan daardie gemeentes wat nie gereageer het nie gerig en sedertdien het die bydraes aanmerklik toegeneem. Gedurende Julie en Augustus is onderskeidelik R 2572,00 en R 2696,00 ontvang. Tot dusver is reeds meer as R 20 000,00 ontvang en die verwagting is dat die bedrag van R 4000,00 per maand binne afsienbare tyd oorskry sal word.
6. Die persoon, 'n lidmaat van ons kerk, wat die belegging by S A N L A M gereël het, het die kommissie waarop sy geregtig was en wat vooruit betaald is, aan die A P Kerk oorgedra. Dit saam met kommissie wat sy gedurende 1987 ook op die wyse aan die A P Kerk oorgedra het en wat altesaam ongeveer R 15 000,00 bedra, is tot dusver aangewend om die bedrag van R 4000,00 op te maak.

VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE SINODE
VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
VIR DIE VERGADERING VAN 1989

Geagte broer voorsitter en broers

Die taak van die Bybelgenootskap het twee kardinale beginpunte:

- * die Godgegewe begeerte in die harte van ons ondersteuners dat Gods Woord andere sal bereik;
- * en die vermoë en toewyding van begenadigde kundiges om die Woord van God te vertaal, te druk en te voorsien teen 'n prys wat dit binne bereik van die armste bring.

Hierdie twee bene gee momentum aan die Bybelgenootskaporganisasie. Dit kan saamgevat word onder die allesomvattende term: BYBELVERSPREIDING.

1. BYBELVERTALING EN TEKSVERSORGING

"Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik..." Habakuk 2:2

Op hierdie gebied is veel vermag. Meer as R500 000 is aan hierdie deel van ons taak bestee.

1.1 Teksversorging

Die vertaalde teks van die Bybel in al die inheemse tale van die Republiek geniet steeds die voortgaande noukeurige sorg en kontrole van die Bybelgenootskap.

Die aandag, sorg en tyd wat die manuskripvoorbereidingsprogram verg, kan nie in waarde oorskat word nie. In 'n manuskrip (wat reeds tien jaar in die voorbereidingsstadium is) ontdek die manuskripleser dat daar deur 'n tikfout in Genesis 1:7 een letter ingesluip het wat die betekenis van die woord "so" na "bier" verander. In Daniël 6:1 (in 'n ander inheemse taal) ontdek 'n proefleser ná meer as 20 jaar dat die eienaam Daniël i.p.v. Darius per abuis gedruk is.

1.2 Bybelvertaling

'n Volledige gekorrigeerde uitgawe van die Bybel in Suid-Sotho (Standaard Ortografie) is voltooi asook die vertaling in Xhosa van die hele Nuwe Testament en Psalms.

In die volgende tale is gedurende die jaar onvermoeid deur vertalers gearbei en is groot vordering gemaak: Kalanga, Kung (Gobabis), Mbukushu, Nama, Suid-Ndebele, Siswati, Noord-Sotho, Venda en Xhosa.

2. BYBELPRODUKSIE

Die betekenisvolle vormgewing van die vertaalde Woord kan as die senings en spiere van die lewende Bybelgenootskap-organisme beskou word. Dit is 'n ingewikkelde proses wat geweldige kapitale en bedryfsinsette vereis. Aan produksie-voorbereidingskoste soos setkoste, ens. is bykans R316 000 spandeer.

2.1 Bybelpapier en Bindmateriaal

Meer as 900 ton papier ter waarde van R3 000 000 tesame met bindmateriaal ter waarde van ongeveer R450 000 is aangekoop vir die produksieprogram. Daar was 'n toename in koste van meer as 10%.

Die papier was in beide rolvorm en platvelle. Die palette, opmeakaargestapel, sou byna so hoog soos Tafelberg in Kaapstad gewees het, terwyl die papierrolle die afstand na Hong Kong en terug sou kon gedek het. Al hierdie papier is gebind om sodoende die gedrukte Woord aan 2 miljoen mense te bring.

Ons het verskeie soorte bindmateriaal ingevoer. Pryse styg voortdurend. Ten spyte van ekstra pogings om koste in toom te hou, het die koste van leer met meer as 20% gestyg en dié van bindmateriaal met meer as 10%. Dit is heelwaarskynlik dat hierdie neiging voortsit sal word.

2.2 Produksie

Gedurende die verslagjaar is 'n totaal van 2 100 220 Bybels en Bybelgedeeltes in 23 tale van die drukkers ontvang.

Hierdie publikasies het verskyn in gedrukte formaat, audiokassette en in braille. Dit is in 28 verskillende tale en weergawes geproduseer en omvat Bybelgedeeltes van slegs 'n enkele bladsy tot 'n Bybel van 1 856 bladsye. Die totaal is as volg saamgestel:

Bybels	985 791
Testamente	632 182
Bybelboeke	376 281
Bybelgedeeltes	105 966
	<u>2 100 220</u>

Die produksieprogram bly nog steeds toegespits daarop om volledige Bybels te voorsien. Saam met Nuwe Testamente is dit 77% van die produksie.

Meer as 600 000 Bybels en Bybelgedeeltes is aan 20 verskillende lande buite Suid-Afrika gelewer. Die Bybelgenootskap is deur die Bybelgenootskap in Malawi versoek om 'n spesiale uitgawe van die Bybel in Chichewa te druk vir die eeufeesvieringe van die sendingwerk van die NG Kerk in Malawi.

Volledige Bybels word nou in 30 weergawes in Suid-Afrika geproduseer. Van dié totaal is daar vyf weergawes wat grootliks buite Suid-Afrika gebruik word. Daar is baie min Bybelgenootskappe elders in die wêreld wat in die afgelope ses jaar vyf miljoen volledige Bybels vervaardig het en daar is sekerlik nie een wat dit in so baie tale vermag het nie.

2.3 Nuwe Uitgawes

Verskeie mylpale in produksie is bereik. Twee taalgroepe het hulle Bybels vir die eerste keer ontvang. Dit was die Bybels in Herero en Kwangali.

Die nuwe vertaling van die Nuwe Testament in Xhosa het in sakformaat verskyn en is spoedig uitverkoop asook die hersette weergawe van die Bybel in Suid-Sotho.

2.4 Bybel in Oudio- en Braille-formaat

Die produksie van die Bybel vir gesiggestremdes is ingewikkeld en verg geduldige beplanning.

Met die voltooiing van die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans in oudio- en Braille-formaat is besondere mylpale bereik. Die oudio-formaat is een van die weinig volledige produksies van die Bybel wat in Afrika beskikbaar is. Dit bestaan uit 114 kassette in 34 houe en word teen slegs 50c per kasset aan blindes en swaksindes verkoop.

Ons kon 166 Braille-Bybeldele in vyf tale versprei asook bykans 3 000 Bybelboeke in sewe tale in oudio-formaat. Die arbeid aan en verspreiding van hierdie gespesialiseerde uitgawes is 'n duur onderneming.

2.5 Intertale Kommunikasiesentrum

Die Intertale Kommunikasiesentrum aan die Universiteit van Pretoria is goed gevestig. 'n Besondere hoogtepunt vanjaar was die publikasie, na meer as 17 jaar se arbeid, van die GREEK/ENGLISH LEXICON in New York op 19 Mei 1988. Dit is 'n publikasie wat daarop gemik is om die Bybellezer te help om die betekenis van Gods Woord volgens die Griekse bronteks van die Nuwe Testament beter te verstaan. In die loop van die jaar is meer as 4 000 eksemplare reeds versprei, 'n groot aantal in die buiteland. Die eerste en tweede drukke is uitverkoop. Hierdie werk in twee volumes, wat 'n kombinasie is van vakkundige navorsing en elektroniese drukkerstoerusting, het alreeds 'n beduidende bydrae gelewer tot die saak van die Bybel.

Die arbeid aan 'n HEBREW/ENGLISH LEXICON gebaseer op die Ou Testament se bronteks vorder stadig maar seker. Dit is 'n baie groter taak as die Nuwe Testament publikasie. Nog 'n navorsingspublikasie getiteld MEANINGFUL TRANSLATION word persgereed gemaak.

2.6 Kopiereg

In Engels en Portugees word die volledige Bybel gepubliseer in terme van ooreenkomste met kopiereghouers in die buiteland. Gedurende die onderhawige jaar is bykans R70 500 aan kopieregfooie betaal.

In Suid-Afrika ondervind ons ongelukkig dat daar instansies is wat nie die wettige en professionele vereistes ten opsigte van kopiereg nakom wanneer die teks van die Bybel kommersieel vermenigvuldig word nie!

3. BYBELVOORSIENING

3.1 In Suidelike Afrika

Voorsiening van Bybels en Testamente in die tale van Suid-Afrika toon stygende neigings. In Zoeloe was die toename 91%; Engels - 8%; Xhosa - 374%; Suid-Sotho - 182% en in Tsonga 317%. Die taalpatroon van verspreide volledige Bybels in Suid-Afrika bevestig die ingewikkelde taalpatroon van ons land. Wat volledige Bybels in Engels betref, publiseer ons nou vier weergawes in Suid-Afrika.

Weer eens is Bybels en Bybeldele in meer as 100 tale versprei naamlik 106.

3.2 Totale verspreiding

	Gesubsidieerde	Nie-gesubsidieerde	Totaal
Bybels	529 068	59 568	588 636
Testamente	245 240	311 306	556 546
Bybelboeke	178 383	103	178 486
Bybelgedeeltes	57 687	29 675	87 362
	<u>1 010 378</u>	<u>400 652</u>	<u>1 411 030</u>

Die totale Bybelverspreiding is 26% hoër as die vorige jaar.

3.3 Bybel in Afrikaans

Binnekort sal daar een en 'n half miljoen Bybels van die nuwe Afrikaanse vertaling versprei wees. Dit weerspieël 'n verstommende gemiddeld van 300 000 kopieë per jaar gedurende die eerste vyf jaar sedert die publikasie in Desember 1983.

3.4 Lewering buite Suid-Afrika

Ons het 618 641 Bybels of Bybelboeke aan bestemmings buite die gebied wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bedien word, gelewer.

Dit sluit 48 verskillende tale en weergawes in, wat aan 20 verskillende lande in die Amerikas, Europa en die Verre Ooste, so wel as ons eie kontinent versend is.

TOT AAN DIE EINDES...

"...julle sal my getuies wees ... tot in die uithoeke van die wêreld". Handeling 1:8

Deur ons bydrae aan die Wêreldbegroting van die Bybelgenootskap het ons Bybelverspreiding rondom die aardbol ondersteun. Ons totale bydrae vir Bybelverspreidingsprogramme buite die Republiek van Suid-Afrika was meer as R350 000.

4. UITGAWES

Opsommend kan ons dus dankbaar rapporteer dat die ondersteuning van Bybelgelowiges aan 'n ryke verskeidenheid van Bybelprogramme momentum gegee het. In afgeronde syfers kan ons dit as volg aandui:

Vertalingsprogramme	R	500 000
Kopieregfooie	R	70 500
Produkstevorebereiding (setwerk, ens.)	R	316 000
Bybelproduksie en aankope van ander Bybelgenootskappe	R	9 000 000
Internasionale programme	R	350 000
Spesiale verspreidingsprogramme bv. gevangen	R	119 000
Totaal	R	<u>10 355 000</u>

5. ONDERSTEUNING

5.1 Ondersteuning Landswyd

Die opgewondenheid en verwagting waarmee ons saam met opofferende ondersteuners die jaar tegemoet gegaan het, is nie teleurgesteld nie. Meer as 60 000 individuele ondersteuners tesame met bykans 30 kerkverbande, asook tallose organisasies, sakeondernemings, skole, inrigtings, ens. het 'n bedrag van meer as R9 900 000 vir Bybelverspreiding bygedra. Dit moet gesien word teenoor die R10 355 500 aan uitgawes van paragraaf 4.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons al hierdie gewaardeerde bydraes ontvang het. n Aangrypende stroom van welwillendheid spreek uit die bydraes wat ons daaglik per pos en op ander wyses bereik het:

- * n Gewaardeerde raadslid van baie jare en sy gade inspireer vriende om ruim by te dra ter geleentheid van die viering van hul goue bruilof;
- * n Sakeman plaas elke aand al die munte in sy sakke in n Bybelbussie - dit lewer honderde rande vir Bybelverspreiding;
- * n Kriptiese stukkie papier waarop die skrywer sê: "My senuwees is gedaan en ek worstel met siekte!" vergesel n tjek van n paar honderd rand;
- * n Groot sakeonderneming se werkers dra maandeliks by en dit word tydens n Kersfunksie oorhandig Bybels vir die beskermingsdienste;
- * Met die tragiese heengaan van n jong dienspligtige in aktiewe diens stuur n ouerpaar n offer van meer as R7 000;

5.2 Bydraes deur gemeentes en lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Die volgende bydraes is met groot dank ontvang vanaf 1/1/88 - 31/7/89 (19 maande):

Kerkrade	1 092-90
Vroue-aksie	820-00
Jeugaksies	-
Individuele lidmate	10 101-50
TOTAAL	12 014-40

6. n TOEKOMSBLIK

Die groei van kerke en godsdienstige bewegings, die bevolkingsontploffing, die groeiende getal jongmense en ou mense bied spesiale uitdagings vir Bybelverspreiding. As dienaar van die Christelike kerk moet die Bybelgenootskap opmerkzaam en ywerig volhard om alle geleenthede aan te gryp sodat die Blye Evangelie mense verstaanbaar kan bereik.

Daar moet in gedagte gehou word dat Bybels geproduseer word teen n verlies van R6,00 per Bybel. Die persentasie verlies op Nuwe Testamente en Skrifgedeeltes is selfs meer. Bydraes van kerke en individuele gelowiges het dit vir ons moontlik gemaak om die Bybel in elkeen se moedertaal te verkoop teen n bedrag wat selfs die mees behoeftige mens kan bekostig.

Die vergadering word verseker van voorbidding in al u beraadslagings.

Ds Christo H Delpoort

Eerwaarde Voorsitter en broer

In opdrag van die S.K.K. is n vergadering van SERKOS bygewoon op 31 Augustus 1989.

Die volgende indrukke word aan die Sinode voorgelê vir kennisname :

1. Die Naam:

SERKOS staan vir : SENTRUM VIR REFORMATORIESE EN KONTEMPORÊRE STUDIES.

2. Die Aard:

SERKOS is n onafhanklike, nie-politieke, nie-winsgewende en godsdienstige instelling, wat deur verskeie Gereformeerde Protestantse Kerke en deur besorgde Christene vrywillig ondersteun word.

3. Grondslag:

SERKOS vind die grondslag van sy werksaamhede in:

3.1 Die Heilige Skrif as die geïnspireerde Woord van God - dit is die enigste erkende waarheid waarteen alle ander ideologieë beoordeel kan word.

3.2 Die Gereformeerde Protestantse Belydenisskrifte - algemeen aanvaarde Christelike belydenisskrifte, wat die waarheid van die Skrif interpreteer en op alle lewensterreine toepas.

4. Doelstelling:

Die doelstelling van SERKOS is:

4.1 Om die Gereformeerde-Protestantse geloofsleer en geloofslowe te bevorder.

4.2 Om kontemporêre ideologieë en teologieë waaronder die humanisme, sosialisme, Marxisme-Leninisme, bevrydingsteologie en andere, te bestudeer en daarteen op te tree deur middel van praktiese teen-revolusionêre, gebaseer op die Christelike oortuigings.

5. Lidmaatskap:

5.1 Individuele lidmaatskap word gegee aan persone wat die organisasie steun. Lidmaatskap mag sonder opgaaf van redes aanvaar of beëindig word.

5.2 Kerklike verteenwoordigers word deur hulle onderskeie kerke op die Raad benoem.

6. Werkswyse:

Die werkswyse van SERKOS berus op:

6.1 Ontmaskering van valse ideologieë.

6.2 Die verdediging en bevordering van die Christelike geloofsleer en geloofslewe.

7. Werksterrein:

7.1 SERKOS het strategie en ideologie verbind en tree slegs op die kerklik-godsdienstige terrein op met erkenning van die implikasies daarvan op die staatkundige, ekonomiese, maatskaplike - en ander verwante terreine. SERKOS erken dus dat die revolusionêre aanslag op Suid-Afrika primêr gevoer word op die geestelike ideologiese terrein en reageer hierop met die waarheid van die Skrif om die vrye Christelike beskawing te verdedig.

7.2 SERKOS staan dus tussen die Kerk en die revolusie en tussen die owerheid en die revolusie.

7.3 SERKOS het geen politieke beleid nie en is in diens van geen bepaalde politieke party nie, maar erken die staatkundige terrein as die terrein van ideologiese konflik.

7.4 Die boodskap van SERKOS word op nasionale vlak deur middel van inligtingstukke, voorligtingssessies, seminare, opleidingskurssuse en oudio-visuele hulpmiddels uitgedra.

7.5 SERKOS hou 'n Konferensie vir Christelike Aksie (KCA) waarby reeds 23 ander organisasies wat dieselfde doelstelling huldig geaffilieer is. Buitelandse kontakte is opgebou wat help in die stryd teen bevrydingsorganisasies, sanksies en disinvestering ten opsigte van Suid-Afrika.

8. Doelwit:

8.1 SERKOS beplan om landwyd 'n beweging van Gereformeerde - Protestantse Christene te ontwikkel om te dien as mondstuk van Christene teen die aanslag van onder andere die Marxistiese bevrydingsteologie en ander anti-Christelike ideologieë.

9. Samestelling:

Tans bestaan SERKOS uit 'n direkteur, 'n raad en 'n navorser.

Die raad sien soos volg daaruit..

KERK	PRIMAÏI	SECUNDI
N.H. KERK VAN AFRIKA	2	2
GEREFORMEERDE KERK VAN AFRIKA	2	2
N.G. KERK	11	11
TOTAAL	15	15

10. Program tydens waarnemingsdag:

DONDERDAG : 31 AUGUSTUS 1989

TYD	ITEM	OPTREDE
13:30	Ontvangs van raadslede en sprekers by seminaarkamer	Dagbestuur
14:00	Opening van Raadsvergadering Verwelkoming en verteenwoordiging Administratiewe reëlins	Dr. J.J. van Rensburg Voorsitter Direkteur
14:15	VERWAGTINGS EN PERSPEKTIEWE OP KERK EN GODSDIENSTIGE TERREIN IN DIE S.A. GEMEENSKAP: Ds. Phatudi	Gasspreker Voorgestel deur Ds. J. Lindeque
15:15	VERVERSINGS	Seminaarkamer
15:45	VERWAGTINGS EN PERSPEKTIEWE OP STAATKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE TERREIN IN DIE S.A. GEMEENSKAP: Prof. J. Potgieter	Gasspreker Voorgestel deur Ds. L. Moolman
16:45	BESPREKING EN VRAE	Voorsitter
17:15	BEELD VAN Geref. Protestantse Kerke in die BUITELAND	NAVORSER

11. Indrukke:

11.1 SERKOS het vanuit ANTIKOM gegroei.

11.2 Die redaksie en navorser van SERKOS-KOMPAS bied indrukwekkende inligting oor die Marxistiese aanslag teen die Kerk. Hierin is die lede van die Paneel vir ideologiese Aangeleenthede (SERKOS-PANIA) werksaam. Die direkteur Ds. Chris L. Jordaan skep die indruk dat meer Protestantse en Gereformeerde Kerke by SERKOS betrek moet word. Na die insiggewende lesing van prof. J. Potgieter (gas-
die "Landes van Mense

regte" uitgelig het, is liberale klanke geuiter deur drie raadslede van die N.G. Kerk by name Dr. D.A. Scholtz, ds. P. Albertyn en dr. J.J. van Rensburg wat meen dat menseregte tog 'n be-staansreg het Die ander raadslede het egter oorweldigend afwysend teenoor die handves gereageer.

Een middag saam met die raadslede van SERKOS is egter min tyd om die organisasie behoorlik objektief te beoordeel. As eindresultaat word daar tog gespesialiseer in weerstand teen die Marxistiese aanslag op die kerk.

1. Aanbeveling:

- 1.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van SERKOS en benoem voorlopig 'n waarnemer vir SERKOS.
- 1.2 Die Sinode beveel aan dat lidmate gereeld ingelig word oor die Marxistiese aanslag teen die kerk in die "Boodskapper".

(Kyk aanbeveling 2.10 by SKK-verslag)

ds. M.P. TAUTE (VOORSITTER: KERKLEER EN ETIESE NORME)

VERSLAG VAN DIE VAALTERREINBEPLANNINGSKOMMISSIE AAN DIE SINODE IN SITTING TE PARYS 1 - 7 NOVEMBER 1989

1. OPDRAG

"Die sinode keur die SKK se maatreëls vir voorlopige beplanning goed, versoek dat die betrokke beplanningskommissie ongeveer drie maandeliks verslag doen aan die SKK en dat hierdie beplanning as 'n saak van groot gewig, van dringendheid, van wye oorleg en van verreikende implikasies beskou moet word." (Handelinge, Sinode 1988, p 20)

2. WERKSAAMHEDE

- 2.1 Die Vaalterreinbeplanningskommissie het op 5 November 1988 op die terrein gekonstitueer en Prof A Swart as voorsitter, mnr E Bosman as ondervoorsitter en ds IA Brink as skriba verkies.
- 2.2 By hierdie vergadering is deeglik aandag gegee aan die taak van die kommissie, aan die onderverdeling van die grond asook aan die breë beplanning van die terrein.
- 2.3 'n Fotogrammetriese opname van beide terreine is ook reeds afgehandel teen 'n koste van R5000-00.
- 2.4 Aangesien die formele proses van onderverdeling sy loop moet neem, kon daar nie veel gerapporteer word nie. Die kommissie is immers afhanklik van die Provinsiale owerhede vir hulle goedkeuring.
- 2.5 As eerste mikpunt is gestel 'n makro-beplanning van die hele terrein insluitende Graniet-gemeente se aangrensende 15 hektaar.
- 2.6 Daar is ook besluit om die beplanning te doen in samewerking met APK-Graniet sodat daar nie oorvleueling van geriewe op die twee terreine wat aangrensend is, sal wees nie.
- 2.7 Mnr BJ van de Vyver van die firma BJ van de Vyver, Van Wyk en Kriek tree namens die kommissie op as prokureur.
- 2.8 'n Volgende vergadering op 21 September 1989 is gehou tussen afgevaardigdes van die kommissie, APK-Graniet en die Provinsiale Administrasie van die OVS.
 - 2.8.1 Hierdie vergadering is gehou met die doel om 'n

dooiepunt op te los wat ontstaan het rondom die sekondêre pad S210 wat deur die gedeelte van die grond van die Afrikaanse Protestantse Kerk loop.

3. PAD S210

- 3.1 Die goedkeuring van die onderverdeling van die gedeelte Tweespruit No 198 van die plaas Schulpsspruit no 140 is deur al die betrokke departemente goedgekeur behalwe die Provinsiale Administrasie van die OVS.
- 3.2 Die departement voorsien dat die sekondêre pad S210 wat die gedeelte van die grond sny wat aan die APKerk geskenk is, vir toekomstige ontwikkeling en benutting probleme gaan oplewer. Die pad kan 'n groot gevaar vir voetgangers inhou wat die pad gaan kruis, en die beperking ten opsigte van die boubesluitregulasies kan die terreinontwikkeling strem.
- 3.3 Aangeheg is 'n brief van die departement van Landbou waarin die beswaar van PAOVS verduidelik word.

4. OPLOSSINGSMOONTLIKHEDE

4.1 Padverlegging

- 4.1.1 'n Padverlegging kan gedoen word indien die toestemming van die grondeienaars deur wie se grond die verlegging loop, verkry word, maar op voorwaarde dat die verlegging 'n verbetering van die bestaande pad is en mits die aansoeker bereid is om die kostes te dra.

4.2 Boubesluit

- 4.2.1 Boubesluit hou in dat daar nie nader as 95 meter aan die pad gebou kan word nie. Met toestemming kan daar egter tot 43 meter van 'n pad gebou word maar dan geld dit net vir kleiner bouverke. Daar moet ook vooraf 'n terreinplan by die Provinsiale Administrasie ingedien word.

4.3 Skenkingwysiging

- 4.3.1 Die Provinsiale Administrasie het in hulle skrywe voorgestel dat die suidelike grens van die grond noordwaarts skuif tot noord van die pad S210.

5. OORWEGINGS

- 5.1 Al die genoemde moontlikhede is deeglik ondersoek en bespreek deur die vergadering van 21 September 1989. Die padverlegging het praktiese probleme wat nie oorkom kan word nie. Die boubesluit sal die grondoppervlakte baie verklein en die verkeersprobleme is vir die Provinsie 'n probleem. Die skenkingwysiging soos deur die Provinsie voorgestel is prakties onmoontlik aangesien dit die werklike bouveruimte so sal verklein dat geen groter bouverke daar gedoen sal kan word nie.
- 5.2 Na indringende ondersoek het mnr K Steenkamp sy aanvanklike skenking gewysig sodat APK-Graniet se deel alles ten noorde van pad S210 geleë is, dit wil sê tussen die pad en die Vaalrivier en die APK se deel alles ten suide van pad S210 geleë is. Die reëling behoort vir PAOVS aanvaarbaar te wees aangesien pad S210 nie meer deur 'n grondeenheid sal sny nie.

6. AANBEVELINGS

- 6.1 Dat die nuwe skenking van br K Steenkamp met dank aanvaar word
- 6.2 Dat 'n nuwe skenkingsakte dadelik opgestel word en dat 'n wysiging op die aansoek om onderverdeling ingedien word.
- 6.3 Dat mnr BJ van de Vyver kan voortgaan met registrasie
- 6.4 Dat die Vaalterreinbeplanningskommissie in samewerking met APK-Graniet die terrein asook die terrein van die APK Graniet as 'n eenheid beplan soos reeds met die gemeente ooreengekom
- 6.5 Dat die sinode gevra word om 'n behoeftebepaling ten opsigte van die terrein te doen en dat dit daarna aan 'n kommissie bestaande uit ds Hannes Joubert (argitek), mnr Egbert Bosman (ingenieur) en 2 verteenwoordigers van APK Graniet opgedra word om 'n makrobeplanning te doen.

PRCF A SWART

Voorsitter: Vaalterreinbeplanningskommissie



Direktoraat Hulpbronbewaring
Directorate Resource Conservation
Privaatsak/Private Bag X120, Pretoria 0001
Tg VELDBEHEER PRETORIA
TF (012) 206-3517
Navrae/Enquiries MEV R VD WALT
Verw./Ref. 01/15125(1)

LEB 7/3

90

Mnre B J Van de Vyver, Van Wyk & Kriek
Posbus 256
PARYS
9585

EO-10-0061

Menere

WET 70 VAN 1970 : AANSOEK VIR ONDERVERDELING VAN RESTERENDE
GEDEELTE VAN GEDEELTE BEKEND AS TWEESPRUIT NO 198 VAN DIE
PLAAS SCHULP SPRUIT NO 140, DISTRIK PARYS

U skrywe B J van de Vyver/cm/s 2158 van 14 Oktober 1988 het
betrekking.


Met verwysing na bovermelde aangeleentheid wens ek u mee te
deel dat Provinsiale Administrasie Oranje-Vrystaat die
aansoek steun op voorwaarde dat die onderverdelingsriglyn
CD noordwaarts skuif sodat die voorgestelde ABCD slegs
noord van sekondêre pad S210 soortgelyk as AFGHJ geleë is.
Tweedens moet die bepalinge van Wet 21 van 1940 nagekom
word en alvorens tot enige bouwerk oorgegaan kan word, moet
'n terreinplan van die beplande ontwikkeling voorgelê word.

Provinsiale Administrasie Oranje-Vrystaat verlang dus dat
'n gewysigde sketskaart so spoedig moontlik ingedien word
asseblief.

Die uwe

DIREKTEUR; HULPBRONBEWARING
SV

1989-01-17.



A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

TEOLOGIESE TYDSKRIF VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE

1. Aanbeveling

Die Sinode besluit in beginsel


- 1.1 dat 'n teologiese tydskrif vir die Afrikaanse Protestantse Kerke geskep word;
- 1.2 dat die tydelike Sinodale Kommissie vir Kommissies opdrag kry om 'n redaksie van sewe lede saam te stel waarvan die voltydse teologiese dosente lede moet wees en ook die kern-redaksie sal vorm;
- 1.3 op 'n naam vir die blad, (bv. Asparmos = Groete, Kol. 4:18);
- 1.4 dat die blad ongeveer sestig bladsye beslaan en hoogstens twee keer per jaar verskyn;
- 1.5 dat die blad deur die sinode gesubsidieer word betreffende die drukkoste en reiskoste vir redaksielede, met opdrag aan die tydelike Sinodale Kommissie vir Finansies om daarvoor te begroot;
- 1.6 dat die verspreiding van die blad deur die Sinodale Kommissie vir Publikasies behartig word; en
- 1.7 dat die Sinodale Kommissie vir Publikasies verantwoordelik is vir werwing van intekenare en uitruiling van teologiese tydskrifte met ander kerke of instansies.

2. Motivering

'n Teologiese tydskrif van hoogstaande wetenskaplike standaard is essensieel vir die Kerk, kerklike wêreld en samelewing, aangesien

- 2.1 daar 'n dringende behoefte bestaan aan betroubare wetenskaplik teologiese voorligting in hierdie tydsgewrig;
- 2.2 ruimte geskep moet word vir 'n eie tydskrif waarin die resultate van die teologiese studie van die Kerk se teoloë gepubliseer kan word;
- 2.3 teologiese studie, navorsing en wetenskaplike gedagte-wisseling gestimuleer moet word om stagnasie, wat noodlottig vir die Kerk sal wees, te voorkom;

- 2.4 die Kerk geroepe is om 'n teologies wetenskaplike bydrae te maak tot die skepping van 'n eie selfstandige Bybels-Gereformeerde en Afrikaans Protestantse teologie gegrond in die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkreg; en
- 2.5 die Afrikanervolk teruggevoer moet word na die positiewe omsluitende rigting van christelik-nasionaal, waarvan stelselmatig en met noodlottige gevolg afgewyk word.


DR F.A.H. VAN STADEN
(Skriba van die Kuratorium)

Posbus 4776
PRETORIA
0001

11 September 1989

Die Waarnemende Staatspresident
Kantoor van die Staatspresident
Tuynhuis
KAAPSTAD
8000

Geagte Staatspresident

Graag vra ons u ernstige aandag vir oorweging van die sake wat ons in hierdie brief stel.

Dit gebeur soms dat belangrike beslissings wat die verloop van die geskiedenis in 'n groot deel van die wêreld bepaal, in die hande van een man gekonsentreer word.

So was daar byvoorbeeld Karel Martel wat in die jaar 732 nC die oënskynlike onstuitbare opmars van die Islam oor Europa by Tours gestuit het. Sy naam weerklink dwarsdeur die geskiedenis vir daardie daad wat ruimte vir die Christendom in Europa behou het.

Kenners van die geskiedenis soos bv die Britse geskiedskrywer Irving meen dat in die hedendaagse opmars van die Kommunisme oor die wêreld die weerstand van SA daarteen van deurslaggewende belang is. Sou die RSA met sy strategiese hawes en minerale rykdom, wat die Weste nie kan ontbeer nie onder kommunistiese beheer val, sal die Weste daardeur lamgelê kan word. Die vrye Weste sal dan ook spoedig met swig voor die Kommunistiese Imperialisme -binne 5 jaar na die val van die RSA, volgens Irving.

Die moontlikheid om die aanslag van die kommunisme op die Weste af te weer, is op hierdie oomblik in u hande. Die onderhandelinge i.v.m. Resolusie 435 in SWA gaan onvermydelik uitloop op die uitlewering van SWA aan die Kommunisties beheerde Swapo.

Hiermee wil ons as Sentrale Kerkekommissie (SKK) van die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n dringende beroep op u doen om die geweldige groot verantwoordelikheid waarmee die Here u vertrou het, nl om in die grootste krisisuur van die Kerk van die Here wêreldwyd voor die opmars van die antichristelike magte, in belang van Christus en sy Kerk te besluit, en die implementering van Resolusie 435 in SWA onmiddellik te beëindig. Die ander instansies in die onderhandeling het u reeds meer as genoeg rede daartoe gegee deur hulle skending van ooreenkomste.

Ons vestig graag u aandag op die volgende gedeelte uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 36, wat u as lidmaat van 'n gereformeerde kerk ook onderskryf het en waaroor u by belydenisaflegging belooft het om tot die einde van u lewe daarin te volhard.

"Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede aangestel het

En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel"

Kragtens hierdie belydenis is dit u verantwoordelikheid om te waak teen enige stappe wat aan die Antichristelike Kommunisme die moontlikheid sou bied om die kerk in SA onder sy hiel te kry.

Die SKK wil voorts by u aandring om die daarstelling van 'n werkersdag op die eerste Maandag in Mei in heroorweging te neem. Die werkersdag - eers op 'n Vrydag en later op 'n Maandag - het nou al vir twee jaar op die 1e Mei geval.

Die moontlikheid bestaan dat dit voortaan op die 1e Mei vasgepen kan word - sekere werkers dring in elk geval aan op vakansie op 1 Mei. Die indruk is reeds gewek dat dit in die sielkundige aanslag deur die Kommunisme op die RSA 'n oorwinning vir ons vyand verteenwoordig. Die Kommunistiese agtergrond van die 1e Mei is sekerlik aan u bekend. Terloops dit is die geboortedag van die Illuminati in 1776.

Met alle begrip daarvoor dat werkers moontlik 'n vakansiedag waardeur en nodig het, pleit ons by u om 'n datumverskuiwing te maak sodat so 'n dag in elk geval nie in Mei of Junie val nie. Dit is twee maande waarin die situasie in ons land hoogs plofbaar is.

U het nou die geleentheid om u naam deur die wêreldgeskiedenis te laat weerklink soos die van Karel Martel, as die man wat die opmars van die Kommunisme oor die wêreld gestuit het by die grense van SWA!

Met agting

Namens die Sentrale Kerkekommissie.


MC ADENDORFF
Skr. ha

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

GEMEENTE GROTER DURBAN

Leraar : C.J.J. VAN RENSBURG

TEL. 466-4925

LIGHTHOUSEWEG 634
FYNLAND
4052

5. Aangesien Suidkusgemeente in vakansietye besoek word deur lidmate van oor die hele land, wil ons dit graag vir ons lidmate so aangenaam moontlik maak. Ons het daarom nou te Margate grond gekoop teen R60 000-00 en wil graag 'n gebou daar oprig vir dienste. Tans is ons in 'n karavaanpark se saal gehuisves wat veral in vakasietye probleme skep. Stranddienste word ook beoog. Die gemeente vra toestemming dat ons toegelaat word om landswyd geld te kan vra vir ons bouwerk aangesien dit nie net ons gemeente is wat voordeel daaruit sal trek nie. Die grond is ook groot genoeg om 'n pragtige jeugkampsterrein vir ons kerk in te rig, indien fondse beskikbaar is.

Baie dankie vir u aandag aan bogenoemde vyf aangeleenthede.

Sterkt u toegewens met u groot taak.

Die uwe

C. COEN VAN RENSBURG
Leraar SUIDKUS en GROTER-DURBAN

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG VAN DIE KURATORIUM AAN DIE DERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE IN SITTING TE PARYS OP 1 NOVEMBER E.V.D. 1989

A. VIR KENNISNAME

1. PERSONEL

Ji A. B. Schaff, M.C. Adendorff, R. Maré, H.C.G. Robbertze, dr. W.A. Burger, M.F.M. Pretorius van Heerden, F.A.H. van Staden, genl. J.C. Visser, proff A. Swart en T.L. Verster.

2. PERSONEELWYSIGING

Ds H.C.G. Robbertze het, nadat hy die beroep as voltydse dosent aan die Teologiese Skool aanvaar het, aan die Kuratorium onttrek en is deur ds A.S. van Jaarsveld as eerste sekondus vervang.

3. DAGBESTUUR

Ds A. Boshoff, voorsitter; dr C.I. van Heerden, onder-voorsitter en dr F.A.H. van Staden, skriba, met dr M.F.M. Pretorius en genl J.C. Visser as sekundi.

4. VERGADERINGS VAN DIE KURATORIUM

Sewe vergaderings is gehou, te wete 21/22 September, 9 November, 22 November 1988 en 9 Februarie, 1 Mei, 16 Junie en 23 Augustus 1989. n Spesiale vergadering is belê vir 18 September 1989. Kyk ADDENDUM tot die Verslag nr. I.

5. VERGADERINGS VAN DIE DAGBESTUUR

Drie vergaderings is gehou, naamlik op 3 Oktober 1988, 10 Januarie en 23 Februarie 1989.

6. PERSONEEL

6.1 Administrateur: dr F.A.H. van Staden voltyds in n erehoedanigheid, dit wil sê, sonder vergoeding.

6.2 Ander personeel: na onderhandeling en ooreenkoms met die Dagbestuur van die Sentrale Kerkekommissie het die Kuratorium verantwoordelikheid vir die volgende personeel aanvaar:

- 6.2.1 Een sekretaresse-tikster: mev C.M. Barnard
6.2.2 Een spysenier: mev E.J. Brummer
6.2.3 Een derde van die vergoeding van die rekenmeester, mnr C.J. de la Rey en sy twee assistentes.

7. SAKE BEHANDEL

7.1 Uitvoering van sinodale besluite, tweede sinode 1988

7.1.1 Voltydse Teologiese dosente, p. 28, pt. 7.2.2

BESLUIT: "Die sinode gee opdrag aan die Kuratorium om steeds te beplan vir die aanstelling van voltydse dosente so gou moontlik.

7.1.1.1 Uitvoering van besluit: Na deeglike besinning en berekening van die uitgawe met inagneming van die begroting vir 1989 is op 22 September 1988 besluit dat twee voltydse dosente beroep kan word maar dat die minimum behoefte drie voltydse dosente is.

Ten einde die uitvoering van die besluit moontlik te maak, het dr F.A.H. van Staden aangebied om, voltyds sonder enige vergoeding behulpsaam te wees, indien die Kuratorium van sy diens gebruik sal maak. Die aanbod is aanvaar en dit is besluit om n hoofdosent en twee dosente te beroep.

Op 9 November is dr F.A.H. van Staden as hoofdosent en drs H.S. Theron van Mooiooi-Rustenburg en drs H.C.G. Robbertze van Lichtenburg-Biesiesvlei beroep, met versoek dat hulle voor 21 November moet antwoord. Op 22 November is kennis geneem dat die beroepenes die beroepe aanvaar het.

7.1.1.2 Bevestiging as dosente: Die drie dosente het amptelik diens aanvaar op 1 Desember 1988 en is op 7 Februarie 1989 as dosente bevestig.

7.1.1.3 Deeltydse dosente: Ten spyte van drie voltydse dosente maar met n belading van 38 vakke, is besluit om deeltyds van die diens van twee predikante in Pretoria vir een jaar gebruik te maak teen n vergoeding van R1 000-00 elk per semester. Prof P.F.D. Weiss sou behulpsaam wees met O.T. Eksegese en dr M.F.M. Pretorius met Algemene Kerkgeskiedenis. Ongelukkig

moes prof Weiss skielik in Maart 'n ernstige oogoperasie ondergaan en moes gevolglik onttrek. Hy is na 'n geringe herverdeling van vakke tussen die voltydse dosente deur ds A.E. van den Berg vervang met opdrag Sektekunde.

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 1: B. VIR GOEDKEURING, p. 10.

7.1.2 Leerplan, p. 28, pt. 7.4.

BESLUIT: "Die Kuratorium word versoek om die getal modulelesings te heroorweeg sodat die lesinglas verminder word op die studente."

7.1.2.1 Uitvoering van besluit: Die Kuratorium het die besluit aan die dosente opgedra vir uitvoering en op 9 Februarie 1989 die voorgestelde leerplan goed-gekeur.

7.1.3 Geestelike werkers, p. 32, pt. 45.9.2

BESLUIT: "Ds E. Friis versoek dat die sinode die Kuratorium opdrag gee om die moontlikheid te ondersoek dat geestelike werkers wat oor minder akademiese kwalifikasies as die huidige oefenaars beskik, te onderrig en beskikbaar te stel."

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 2: B. VIR GOEDKEURING, p. 10.

7.1.4 Opleiding van ouderlinge in predikkunde, p. 62, pt. 7.1

BESLUIT: "Dit word na die Kuratorium verwys vir aanbeveling."

Motivering: "Ons wil graag weet of daar nie die een of ander kursus deur ons seminarium aangebied kan word om ouderlinge van ons gemeentes wat nie 'n predikant het nie, te help met die voorberei en aflewering van 'n boodskap. Dit moet hom ook die leiding gee tot die korrekte Skrifverklaring en suiwere teologie wat trou is aan die Bybel en so ook aan ons kerk se leer. Die gedagte is om die broers te bekwaam as 'leke-predikers.' Ons voel dat leesdienste die prediker weerhou om goeie kontak met die gemeente te maak."

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 3: B. VIR GOEDKEURING, p. 12.

7.1.5 Teologiese Weerbaarheid, p. 88, pt. 3.4

BESLUIT: "Die sinode besluit dat die studente van die Teologiese Skool "teologiese weerbaarheid" aangebied moet word in die sin van 'n gespierde en omvattende teologiese toegerustheid en gereedheid om die groot verskeidenheid van gewigtige eise wat die ontsaglike onvoltooide taak aan die jong predikant stel, op effektiewe wyse tegemoet te tree."

7.1.5.1 Uitvoering van besluit: Die Kuratorium het dr C.I. van Heerden versoek om 'n memorandum met aanbevelings voor te lê. Dit is verder besluit dat "teologiese weerbaarheid" die tema van bespreking sal wees op die teologiese dag met die opening van die Teologiese Skool op 8 Februarie 1989. Dr F.A.H. van Staden is versoek om by geleentheid van die bevestiging van die dosente op 7 Februarie die onderwerp teoreties-akademies in te lei en dr Van Heerden om op die teologiese dag dit prakties-akademies te behandel. Aan die versoeke is voldoen. Die teologiese dosente verantwoordelik vir Praktiese Teologie gee in hul lesings aan die studente verdere aandag aan die aangeleentheid.

7.2 Studente

7.2.1 Twee studente studeer gedurende 1989 aan die Teologiese Skool, te wete A. Boshoff (vyfde jaar) en H. Jooste (vierde jaar). Vir die studiejaar 1989 het agt studente vir die admissiestudie geregistreer: aan UP een derdejaar, twee tweedejaars en drie eerstejaars, aan UOVS een tweedejaar en aan PU vir CHO een eerstejaar. Gedurende April het 'n tweedejaar admissant te UP uit die N.G. Kerk bedank en lidmaatskap in 'n Afrikaanse Protestantse gemeente aanvaar. Die totaal admissante is dus nege.

7.2.2 Op 23 Augustus het die Kuratorium vir teologiese student D.J. van der Linde, wat met uitsondering van "Nuwe Testament" reeds die volle kursus vir BD aan die Teologiese Fakulteit, Afd. B Universiteit van Pretoria afgehandel het en wat lidmaat geword het van die AP Kerk Trans-Magalies, toegelaat om aan die Teologiese Skool te hospiteer - ten einde sekere akademiese verpligtinge na te kom met die oog op beperkte eksaminering, Colloquium Doctum en legitimering DV gedurende November 1989.

7.2.3 Die bogemelde teologiese en admissiestudente het gedurende Mei 1989 in Pretoria 'n Afrikaner Teologiese Studentevereniging gestig onder leiding van die teologiese dosente, wat 'n belangrike rol speel in die samebinding van ons studente met veral leiding aan die admissante.

7.2.4 Die Afrikaner Teologiese Studentevereniging het met goedkeuring van die Kuratorium besluit om jaarliks 'n vakansiekonserttoer te reël in 'n poging om die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds te bevorder.

7.2.5 Lenings is vir 1989 toegestaan aan 8 studente. Twee studente uit die gemeentes Lichtenburg en Sannieshof word deur dié gemeentes met lenings ondersteun wat baie hoog waardeer word, aangesien dit 'n belangrike besparing vir die Kuratorium op die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds meebring, terwyl die toenemende studentetal jaarliks 'n hoër eis aan die Fonds stel vir ondersteuning. Studente wat uit ander kerke by 'n AP kerk lidmaatskap aanvaar, word gedwing om hul volle lening terug te betaal. Die Kuratorium kon gelukkig nog telkens daarin slaag om dusdanige studente te help.

Die Teologiese Skool het reeds navraag ontvang van 5 voornemende BA I-studente vir 1990, waarvan enkele ook navraag gedoen het oor die moontlikheid van 'n studielening.

7.2.6 Keuring

Die Kuratorium het om praktiese redes besluit dat eerstejaar admissiestudente wat aan 'n ander universiteit as UP inskryf, deur die predikant van die AP kerk binne wie se gemeentegrense die ander universiteit geleë is, die keuring namens die Kuratorium sal doen met verslag aan die Kuratorium.

7.3 Aankoop van gebou

7.3.1 Aansoek by die Stadsraad van Pretoria vir herosenering - aangesien gemelde aansoek by die Stadsraad suksesvol was, kon die aankoop van die perseel en gebou te Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria afgehandel word. Danksy die besluit van die sinode om vir 1989 die rekening van die Kuratorium as hoofrekening te beskou in plaas van die rekening van die Sentrale Kerkekommissie (vir die 15% gemeentelike bydraes) kon die Kuratorium die gebou kontant aankoop en R25 000-00 aan rente bespaar. Die Kuratorium het egter as gevolg van hierdie reëling ongeveer R51 000-00 aan die Sentrale Kerkekommissie geskuld wat intussen ook gedelg is.

7.3.2 Veranderinge aan die gebou - ten einde aan die groeiende behoeftes van die SKK, wat kantoor- en bergingsruimte van die Kuratorium huur, te voldoen en voorsiening te maak vir kantoorruimte vir die dosente is besluit om die een woonstel aan die gebou in kantore en bergingsruimte te omskep vir die SKK en om noodgedwonge die erker wat aan die lesinglokaal grens as 'n dosentkantoortjie in te rig. Die groeiende studentetal, waarvoor die Kuratorium baie dankbaar is, maak 'n tweede lesinglokaal noodsaaklik. Daar bestaan ook 'n dringende behoefte aan nog twee kantore vir dosente.

7.3.3 Die biblioteek - dit is besluit om rakke in die lesingsaal in te bou vir die huisvesting van die biblioteek van die Teologiese Skool wat deur die dosente behartig word. Aangesien min boekeskenkings in 1989 ontvang is was die groei stadig. Die behoefte aan nuwe wetenskaplike werke het aankope uit die begrote bedrag verplig.

7.3.4 Omskepping van onderdakparkering in 'n saal met kluis - dit is besluit om die bestaande onderdakparkering in 'n saal te omskep, aangesien ruimte vir vergaderings van kommissies, konferensies, die teologiese dag ens. 'n dringende behoefte is. Ongelukkig is die projek vertraag, omdat geen plan van die perseel en gebou by die Stadsraad geliasseer is nie en planne van die totale opset van die punt van opmeting opgestel moes word vir goedkeuring deur die Stadsraad.

7.4 Verlening van predikant-, proponent- en oefenaarstatus

7.4.1 Predikantstatus is aan die volgende persone verleen: S. Botes en C.N. Coetzee.

7.4.2 Proponentstatus is aan die volgende persone verleen: J.H.E. Adams, M.G. Fourie, W.J. van der Merwe, J.J.J. Roodt en dr J.A. Scholtz.

7.4.3 Oefenaarskap is aan C.A. de G. Devenier verleen. Sy oefenaarskap is op 23 Augustus voorlopig teruggetrek op grond van versuim om die gestelde voorwaardes na te kom.

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 4: B. VIR GOEDKEURING, p. 12.

7.5 Inskakeling by 'n universiteit

7.5.1 Motivering - die Kuratorium is besig om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die inskakeling van die Teologiese Skool by 'n universiteit as 'n Teologiese Fakulteit, aangesien

- 7.5.1.1 die Teologiese Skool, ten spyte van 'n volledige, omvattende teologiese opleiding van die hoogste standaard net 'n diploma en nie 'n graad in die Teologie of Godgeleerdheid kan toeken, word verdere teologie studie gekortwiek;
- 7.5.1.2 daar van ons predikante is wat begerig is om doktorsale studie te onderneem, maar nou verplig word om of aan 'n Teologiese Fakulteit onder beheer van 'n ander Kerk te studeer of aan UNISA en dus buite die teologiese atmosfeer en standpunt van hulle eie Kerk;
- 7.5.1.3 daar van ons predikante is wat reeds te kenne gegee het dat hulle begerig is om binne eie kerkverband onder leiding van ons eie teologiese dosente doktorsale studie te onderneem en nie aan 'n Teologiese Fakulteit onder beheer van 'n ander Kerk nie;
- 7.5.1.4 inskakeling by 'n gevestigde universiteit die dosente en studente toegang verleen tot 'n goed toegeruste biblioteek, waarop ons Teologiese Skool ons nog nie kan beroem nie, ten spyte daarvan dat 'n ruim aantal skenkings en boeke in bruikleen is en ander uit boedels aangekoop kon word - nuwe werke is duur en vereis genoegsame fondse, wat eweneens nie beskikbaar is nie.
- 7.5.2 Voorwaarde - die Kuratorium stel onomwonde die volgende voorwaardes vir 'n dusdanige inskakeling:
- 7.5.2.1 die Kerk se karakter as kerk vir blanke Afrikaners is nie onderhandelbaar nie;
- 7.5.2.2 die Kuratorium en sy teologiese dosente behou in oorleg met die universiteit volle seggenskap ten opsigte van die teologiese vakke wat vereis word, die inhoud van die vakke en die standaard van opleiding en eksaminering;
- 7.5.2.3 die Kuratorium keur die studente en behou beheer en toesig oor die studente en dosente;
- 7.5.2.4 die Kuratorium behou die reg om self die dosente te beroep en te bevestig sonder inmenging deur die universiteitsowerheid.

7.5.3 Onderzoek en skakeling

Na onderzoek is skakeling bewerkstellig met die rektor van die PU vir CHO. 'n Onderhoud tussen 'n ad hoc-kommissie van die Kuratorium, wat die dosente ingesluit het, en die universiteitsowerheid was vir 2 Junie gereël, dog is later deur die universiteitsowerheid gekanselleer, aangesien die universiteitsowerheid nie hul weg oopgesien het om die Teologiese Skool te akkrediteer nie.

Twee subkommissies van die Kuratorium het opdrag ontvang om met twee ander universiteite te skakel en te onderhandel oor 'n moontlike akkreditering.

7.6 Belastingkorting op skenkings vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Die Kuratorium het deur middel van die rekenmeester, mnr C.J. de la Rey suksesvol onderhandel met die Ontvanger van Binnelandse Inkomste in verband met die toestaan van belastingkorting aan donateurs op skenkings wat aan die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, as 'n opvoedkundige fonds, gemaak word in die vertroue dat die vergunning donasies sal stimuleer.

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 5: B. VIR GOEDKEURING, p. 14.

7.7 Akte van toelating as oefenaar

Alhoewel die oefenaarskap as sodanig geen besondere amp is nie en 'n oefenaar wesenlik 'n admissie-teologiese student is, word die oefenaars in die amp van die ouderlingskap toegelaat om in plaaslike kerke kragtens ooreenkoms met die kerkraad en na in diensstelling sekere funksies van 'n bedienaar van die Woord te vervul. Die oefenaarskap is onderworpe aan bepaalde voorwaardes en jaarlikse hersiening. Die Kuratorium ag dit egter noodsaaklik dat aan 'n oefenaar vir die duur van sy oefenaarskap 'n AKTE VAN TOELATING AS OEFENAAR uitgereik word. Daarom het die Kuratorium 'n AKTE opgestel wat aan die sinode voorgelê word vir goedkeuring. Kyk Bylae C.

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 6: B. VIR GOEDKEURING p. 14.

7.8 Kerkregtelike posisie van teologiese dosente

Die Kuratorium het advies ingewin van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake in verband met die kerkregtelike posisie van die teologiese dosente betreffende beroeping, bevestiging in die amp, opsig ens. Aangesien

hierdie advies nie genoegsaam oorweeg kon word op die vergadering van 23 Augustus sodat 'n aanbeveling daaromtrent in hierdie verslag aan die sinode voorgelê kan word nie, verskyn 'n aanbeveling in die ADDENDUM tot hierdie Verslag nr. I.

8. VIERDE VOLTYDSE TEOLOGIESE DOSENT

Soos reeds onder punt 7.2 van hierdie Verslag gemeld, is daar 'n baie bemoedigende, toenemende getal studente wat aan universiteite inskryf met die oog op teologiese opleiding aan die Teologiese Skool. En alhoewel daar ten beste uitvoering gegee is aan die besluit van die sinode van 1988 in verband met die hersiening van die leerplan, vgl. punt 7.1.2 van hierdie Verslag, staan die Kuratorium voor die voldonge feit dat die teologiese studie ses departemente behels, te wete Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatologie, Ekklesiologie, Godsdienswetenskap en Missiologie en Praktiese Teologie met, in totaal, 38 vakke wat nie verminder kan word as 'n behoorlike wetenskaplike en gestandaardiseerde teologiese opleiding tot heil van die kerk aangebied moet word nie. Die opleiding met voltydse dosente soos in 1989 beproef, is ideaal en suksesvol. En alhoewel vanjaar nog van die hulp van twee predikante op 'n deeltydse basis gebruik gemaak is, waarvoor die Kuratorium dankbaar is, is dit vanweë die gemeentelike verpligtinge van die predikante noodwendig beperkte hulp wat nie die las van drie voltydse dosente veel verlig nie, sodat hulle nog elk een respektiewelik belas is met 16, 10 en 10 vakke.

Die Kuratorium is daarom, na veel besinning, oortuig daarvan dat dit in die beste belang van die kerk en die teologiese opleiding is dat 'n vierde predikant van die kerk voltyds afgesonder moet word vir die teologiese opleiding. Die Kuratorium is baie bewus daarvan dat die kerk eintlik nog 'n tekort aan predikante het, maar ewe-eens oortuig daarvan dat ten spyte van die tekort die voorsiening van predikante vanuit die kerk se eie teologiese opleiding absoluut van wesenlike belang vir die kerk is.

Die Kuratorium het die aangeleentheid met die Finansiële Kommissie van die sinode bespreek. Die Kuratorium is uiters dankbaar vir die feit dat die 5% aan gemeentelike bydraes wat vir die teologiese opleiding deur die sinodes van 1987 en 1988 goedgekeur is, dusdanig in reële geldwaarde toegeneem het dat die Finansiële Kommissie, sonder enige huiwering, R80000-00 vir die totale vergoedingspakket van 'n vierde voltydse dosent begroot het, vgl. Begroting, punt 9 van hierdie verslag. Aangesien dr F.A.H. van Staden se diens steeds gratis beskikbaar bly, sal die Kuratorium, met die goedkeuring van 'n vierde voltydse dosent, finansiële verpligtinge teenoor drie dosente hê.

VIR GOEDKEURING

Kyk aanbeveling 7: B. VIR GOEDKEURING, p. 16.

9. BEGROTING

Kyk verslag Finansiële Kommissie.

- 9(b) -

<u>BEGROTING</u>		<u>1990</u>	<u>1989</u>
		R	R
1.	Traktement 2 Dosente	175 000	100 000
2.	Traktement 3de Dosent	80 000	-
3.	Reiskoste Dosente & Kuratorium	45 000	45 000
4.	Administrasie: Salarisse	85 000	100 000
5.	: Telefoon	5 000	3 500
6.	: Skryfbehoeftes	8 000	2 000
7.	: Verversings	2 000	3 000
8.	: Aankoop, Woordverwerker	6 500	-
9.	: Drukker	6 000	-
10.	Eiendom: Instandhouding	12 000	10 000
11.	Munisipale kostes	4 000	2 000
12.	Versekering	4 000	-
13.	Meubels	3 000	12 000 (Meubels & boeke)
14.	Boeke	9 000	
15.	Huur van Toerusting	2 000	-
16.	Ouditfooi	500	
		<u>447 000</u>	

B. VIR GOEDKEURING

1. Aanbeveling 1, p. 3

1.1 Die sinode spreek dank en waardering uit teenoor

- 1.1.1 dr F.A.H. van Staden vir talente, kragte en tyd wat gratis in diens van die Kuratorium en die Teologiese Skool gestel is en aan mev H.M. van Staden vir haar medewerking en ondersteuning;
- 1.1.2 prof P.F.D. Weiss wat bereid was om deeltydse diens te lewer, betuig innige spyt oor sy gesondheidsterugslag en bid hom volkome gesondheid toe;
- 1.1.3 doktorandi H.S. Theron en H.C.G. Robbertze wat die beroepe as voltydse dosente aanvaar het en vir die voortreflike diens aan die Teologiese Skool gelewer gedurende 1989;
- 1.1.4 dr M.F.M. Pretorius en ds A.E. van den Berg vir diens gelewer as deeltydse dosente gedurende 1989 te midde van hulle gemeentelike verpligtinge.

2. Aanbeveling 2, p. 3

2.1 Die sinode besluit dat volstaan word met die amp van die predikant en die huidige oefenaars.

Motivering

- 2.1.1 Ons predikante moet almal aan baie hoë akademiese vereistes voldoen. Ons eerste Sinode (1987) het reeds besluit watter kursusse 'n kandidaat moes slaag om predikant te kan wees, onder andere Grieks 2, Hebreeus 2 en Latyn 1. Dit geld onverswak vir ons teologiese studente. Daar was sedert genoemde sinode etlike applikante wat in ander kerkverbande die Woord bedien het maar nie aan ons akademiese vereistes voldoen het nie. Hulle kon hoogstens by ons as oefenaars toegelaat word wat binne afsienbare tyd die ontbrekende kursusse suksesvol moet voltooi. Ons mag nie van ons hoë standaard afsien nie. Om die Woord van die Here te bedien, is 'n deeglike akademiese toerusting noodsaaklik. Dit kan nie bereik word langs die kortpad van 'n blitskursus vir voornemende lekepredikers nie.
- 2.1.2 Dit is 'n Bybelse en kerkregtelike beginsel dat alle predikante gelyk is. Die oudste predikant het geen senior of "hoër" status as die proponent wat pas as predikant bevestig is nie. Hulle is

gelyk. Ons sou hoogstens van 'n "primus inter pares" (n eerste onder gelykes) kan praat. As ons nou predikante het (wat 7 jaar moes studeer en moeilike kursusse moes voltooi), maar tegelykertyd ook lekepredikers (wat met 'n minderwaardige opleiding predikante geword het), ontstaan 'n onhoudbare situasie wat seker nie verder uitgespel hoef te word nie.

- 2.1.3 Die bestaan van oefenaars is geen oop deur of presedent om van lekepredikers gebruik te maak nie. 'n Oefenaar staan nie in die amp van bedienaar van die Woord nie. Hy is 'n ouderling wat toestemming ontvang het om sy preekgawes te oefen terwyl hy besig is om sekere afrondingstudie te voltooi (kyk ook onder punt 2 hieronder).
- 2.1.4 Ons gemeentes moet maar geduldig wees. Daar is tans ongeveer 15 000 belydende lidmate in ons kerke tesame en eersdaags sal daar 60 predikante wees. Dit beteken gemiddeld 250 belydende lidmate per predikant - wat reeds 'n baie gunstige situasie is. Alhoewel die vorming van kombinasies sekere nadele inhou, kan feitlik elke gemeente op die wyse tog binne afsienbare tyd 'n predikant hê.
- 2.1.5 Wat leespreke betref, kan dit baie geslaagd wees indien:
 - (a) die regte persoon aangewys word om die leesdienste te lei;
 - (b) preke gekies word wat geskik is vir leesdienste;
 - (c) die voorganger behoorlik voorberei.

Dit gebeur dat lidmate van sekere voorgangers by leesdienste opmerk: As ons hom nie geken het nie, sou ons dink dat hy 'n predikant is!
- 2.1.6 Die volgende kan as wenke vir die voorlees van 'n preek dien:
 - (a) kies 'n ouderling wat bevoeg is om dit te doen. Hy moet vlot wees, duidelik praat en goed gehoor kan word. Hy moet nie temerig wees nie; (die volgende sinode kan gevra word om die KO so te wysig dat enige bevoegde manslidmaat mag voorlees);
 - (b) die voorleser moet 'n preek kies wat
 - nie te lank is nie;
 - nie te lang en ingewikkelde sinne het nie;
 - aktueel is;
 - verkieslik uit APK-kringe kom;

- (c) die voorleser moet deeglik voorberei. Hy moet vooraf noukeurig vasstel watter woorde met klem gelees moet word, waar hy harder, sagter, stadiger of vinniger moet praat. Hy moet die preek nie bloot aframmel nie. Hy moet met intonasie voorlees. Dit alles verg voorbereiding. Verder moet hy Psalms en Gesange kies wat by die preekinhoud pas (indien dit nie by die preek aangegee is nie) en hy kan selfs sy gebede voorberei;
- (d) die voorleser moet in sy voordrag hom stip by die geskrewe preek hou, maar moet so voorbereid wees dat hy voortdurend van die preekteks kan opkyk om oogkontak te bekom en te behou. Daar kan selfs geen beswaar wees teen gebare nie, mits hulle beperk en sinvol is.

3. Aanbeveling 3, p. 3

- 3.1 Die sinode besluit om dit aan die Sinodale Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap op dra om iets in verband met die leesdiens in hulle sinodale opdrag om 'n handleiding vir ouderlinge op te stel, in te werk;
- 3.2 Die sinode besluit om 'n dusdanige opleiding van ouderlinge as lekepredikers en/of 'n opleiding van ouderlinge in die prediking nie goed te keur nie.

Motivering

Na behoorlike studie kom die sinode tot die oortuiging dat die APK slegs van behoorlik gekwalifiseerde predikante (vgl. toelatingsvereistes : Sinode 1987) en van oefenaars (dit is: ouderlinge wat

- 3.2.1 reeds in ander kerkverbande as bedienaars van die Woord gedien het, maar
- 3.2.2 nie oor die akademiese en teologiese opleiding wat die APK vereis, beskik nie;
- 3.2.3 deur die Kuratorium toegelaat is as oefenaars met die verstandhouding dat hulle binne afsienbare tyd aan al die akademiese en teologiese vereistes sal voldoen

gebruik sal maak.

Soos by die besluit oor lekepredikers.

4. Aanbeveling 4, p. 6

- 4.1 Die sinode besluit om die oefenaarskap in die Afrikaanse Protestantse kerke af te skaf met terugwerkende krag tot 1 Mei 1989 as dié datum waarop die Kuratorium besluit het om die verlening van oefenaarskap te bevries

tot by die derde sinode vir finale besluit deur die sinode, met dien verstande dat die volgende persone aan wie oefenaarskap reeds verleen is, te wete P.J. Retief, P.S. van Heerden, Z. van Rensburg en M.J.G. Botes die oefenaarskap behou, op voorwaarde dat hulle jaarliks, totdat hulle hul studies voltooi het en proponentstatus deur die Kuratorium oorweeg kan word, tot bevrediging van die Kuratorium studievordering bewys volgens die vereistes deur die Kuratorium gestel, asook bewys van 'n bevredigende bediening wat die kerkrade van dié gemeentes in wie se diens hulle staan, vertroulik moet voorlê aan die Kuratorium. Die oefenaarskap word in iedere geval jaarliks deur die Kuratorium in die lig van die voorgaande bewyse gemeld, hersien.

Motivering - Die Kuratorium het om die volgende redes op 1 Mei 1989 besluit om die verlening van verdere oefenaarskap tot by die derde sinode te bevries vir finale besluit deur die sinode:

- 4.1.1 die Kuratorium ondervind 'n toenemende aantal aansoeke van persone, wat predikantstatus gehad het in ander nie-erkende kerkverbande en wat lidmaatskap in een of ander van die Afrikaanse Protestantse plaaslike kerke verkry het, klaarblyklik met die doel om oefenaarskap te bekom, asook van lidmate sonder enige teologiese opleiding wat hulle aansoeke baseer op ervaring in een of ander vorm van kerkdien en/of singuliere gawes en waarvan die afkeuring van die aansoeke nie sonder reperfiksies is nie;
- 4.1.2 die groei in die gemeentetal het tydelik afgeplat, alhoewel die lidmatetal steeds groei, terwyl onder die voorsienende hand van die Here 'n baie bevredigende groei in die predikantetal uit erkende Gereformeerde kerke ondervind is, waardeur, veral gesien die gesonde gebruik deur kleiner gemeentes om in kombinasie met ander gemeentes van die diens van 'n predikant gebruik te maak, die bedieningsnood dusdanig verlig is, dat 'n noodmaatreël soos die oefenaarskap nou mee weggedoen kan word;
- 4.1.3 die sinode en Kuratorium beskou die oefenaar met goeie reg as 'n admitiese-teologiese student, wie se toelating tot die bediening onderworpe is aan bepaalde voorwaardes, jaarlikse hersiening en 'n aantal beperkende verbodings, wat nie oral en altyd deur kerkrade en gemeentelêde so verstaan word nie en gevolglik vir die Kuratorium probleme skep;
- 4.1.4 die oefenaarskap in die praktyk van die bediening eintlik 'n soort "predikantskap" skep naas die geordende predikant as bedenaar van die Goddelike Woord wat inderdaad by kerkraadslede en

gemeentelede n verkeerde indruk skeep van die oefenaarskap en n gevolglike betiteling van "dominee" wat verwagtinge skeep waaraan nie vol- doen kan word nie;

- 4.1.5 ten spyte van die feit dat die oefenaarskap aan die kerkrade verduidelik is, daar kerkregtelik oortree word deur beroepe wat uitgebring word op oefenaars met die verwagting van bevestiging, in plaas van onderhandeling met die oog op in diensneming en in diensstelling.

5. Aanbeveling 5, p. 8

- 5.1 Die sinode besluit om die vergunning deur middel van die sinodale besluiteregister onder die aandag van kerkrade en lidmate te bring, met n beroep op kerkrade en lidmate om donasies aan die Fonds te maak en lidmate te versoek om testamentêre bemakings aan die Fonds gunstig te oorweeg.

6. Aanbeveling 6, p. 8

- 6.1 Die sinode keur die Akte van toelating as oefenaar goed soos verwoord in Bylae C hieronder.

6.2 Bylae C

AKTE VAN TOELATING AS OEFENAAR

Ek, ondergetekende oefenaar
in die Afrikaanse Protestantse Kerk
verklaar hiermee dat ek glo dat die drie Formuliere van Eenheid (naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618-19) in alles met die Woord van God ooreenstem.

Ek verbind my hiermee om genoemde leer te handhaaf en te verdedig. Ek beloof om nooit heimlik of openlik, direk of indirek iets in stryd daarmee te leer of te skrywe nie. Ek sal die leer verdedig teen alle dwalinge.

Verder beloof ek dat indien ek enige beswaar teen die leer of enige punt daarvan mag hê, ek my beswaar op die kerkordelike weg (via my kerkraad en die ring na die sinode) bekend sal maak. Ek sal my onderwerp aan die uitspraak van die sinode. Ek erken die reg van my kerkraad en van die ring en sinode om te enige tyd van my n nadere verklaring te vra oor my oortuiging oor enige punt van bg. leer, indien dit om gewigtige redes nodig geag word. Ek besef dat indien my kerkraad en genoemde meerdere vergaderings sou bevind dat ek strydig met bg. bepalinge in hierdie ondertekenings-formulier gehandel het, of dat ek skuldig is aan

afwyking van genoemde leer, ek as oefenaar geskors en/of afgesit kan word.

Ek onderneem om my te hou by die beperkings wat my op- gelê is as oefenaar in die Afrikaanse Protestantse Kerk, nl. dat, alhoewel ek die Woord mag bedien en ander funksies van predikante mag verrig, ek nie sakra- mente mag bedien, ampsdraers mag bevestig en belydenis- aflegging mag behartig nie. Ek besef ook dat ek slegs as ouderling na n ring of sinode afgevaardig mag word. Verder besef ek dat ek nie na n ander gemeente as oefenaar beroep mag word nie, maar dat ek wel deur n ander gemeente in diens gestel mag word nadat die oor- eenkoms met die gemeente waarin ek reeds dienend mag wees, beëindig is.

Ek besef dat ek alleen oefenaar mag wees as ek in die amp van ouderling bevestig is. Verder besef ek dat in- dien my vordering met my studie met die oog op die ver- werwing van die nodige kwalifikasies ten einde as pre- dikant in die Afrikaanse Protestantse Kerk beroepbaar gestel te kan word, nie na die bevrediging van die Kuratorium en volgens die ooreenkoms tussen die Kura- torium en myself vorder nie, my status as oefenaar met een maand kennisgewing deur die Kuratorium my ontnem kan word. Ek sal alles in my vermoë doen om so gou moontlik aan al die vereistes van die Kuratorium te voldoen met die oog op my beroepbaarstelling as pro- ponent in die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Ek belowe om as oefenaar met volle oorgawe die diens van n herderen leraar (met die beperkings soos hierbo gestel) in die gemeente waar die Here my geroep het, te verrig.

GETEKEN TE OP 19....

HANDTEKENING: GETUIES: 1.

DATUM: 2.

VERKLARING DEUR DIE KURATORIUM VAN DIE AFRIKAANSE
PROTESTANTSE KERK

Die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerk ver- klaar hiermee dat ouderling
op 19.... as oefenaar toegelaat
is en nou deur enige Afrikaanse Protestantse Kerk per
ooreenkoms in diens gestel mag word. Die oefenaar sal

aan alle huidige en toekomstige besluit van sinodes
van die Afrikaanse Protestantse Kerk gebonde wees.

Die Kuratorium bid oudl.
krag van die Here toe in sy werk in die gemeente waar
die Here hom mag gebruik. Mag die Here hom tot 'n seën
stel vir sy kerk.

ALDUS GEGEE TE
OP 19.....

VOORSITTER:

SKRIBA :

7. Aanbeveling 7, p. 9

- 7.1 Die sinode keur die aanstelling van 'n vierde voltydse teologiese dosent aan die Teologiese Skool goed en gevolglik die bedrag vir die vergoedingspakket soos dit in die Begroting van die Kuratorium vir 1990 verskyn.
- 7.2 Die sinode versoek die Kuratorium om nog gedurende die sitting van die sinode 'n predikant van die Afrikaanse Protestantse kerkverband as voltydse teologiese dosent aan te wys met die oog op diensaanvaarding op 1 Desember 1989 of so spoedig doenlik daarna, ten einde die aangewesene, indien hy hom die aanwysing laat welgeval, genoegsaam geleentheid te bied om na Pretoria te verhuis en lesings vir die studiejaar 1990 voor te berei.

8. Aanbeveling 8

- 8.1 Die sinode betuig dank en waardering teenoor kerkrade en gemeentes vir die milde bydrae van 5% tot die Begroting van die Kuratorium vir die instandhouding van die Teologiese Skool.
- 8.2 Die sinode betuig dank en waardering teenoor kerkrade en gemeentes en teenoor lidmate wat mildelik bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

- 8.3 Die sinode betuig dank en waardering teenoor die familie Louw vir 'n maandelikse bydrae tot Die Haven Teologiese Studiefonds.

LEDE VAN DIE KURATORIUM

Ds A. Boshoff - voorsitter

Dr C.I. van Heerden - ondervoorsitter

Dr F.A.H. van Staden - skriba/administrateur *[Handwritten signature]*

Ds M.C. Adendorff

Dr W.A. Burger

Ds R. Maré

Dr M.F.M. Pretorius

Prof A. Swart

Ds A.S. van Jaarsveld

Prof T.L. Verster

Genl J.C. Visser

ADDENDUM TOT DIE VERSLAG VAN DIE KURATORIUM VAN DIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE AAN DIE DERDE SINODE IN
SITTING TE PARYS OP 1 NOVEMBER 1989 E.V.D.

C. VIR KENNISNAME

1. Die Kuratorium het op 18 September 1989 n agtste vergadering gehou.
2. n Sesde persoon, J.H. van der Walt is as proponent gelegitimeer en beroepbaar gestel.

D. VIR GOEDKEURING

9. Aanbeveling 9

Dien van teologiese dosente op Kuratorium

- 9.1 Die sinode besluit dat indien n lid van die Kuratorium n beroep as dosent aan die Teologiese Skool aanvaar, hy nie langer as lid van die Kuratorium mag dien nie.
- 9.2 Die sinode besluit dat hierdie beginsel ook vir enige lid van enige ander sinodale kommissie geld, naamlik dat indien n lid van n sinodale kommissie as amptenaar in diens van sy kommissie tree, hy nie langer lid van daardie kommissie bly nie.

10. Aanbeveling 10

Kerkregtelike posisie van teologiese dosente

Die Kuratorium het by die Kommissie vir Kerkregtelike Sake advies gevra betreffende die kerkregtelike posisie van die teologiese dosente. Die aangeleentheid kon egter nie gefinaliseer word nie.

Die sinode besluit om die aangeleentheid aan die volgende Kuratorium en Kommissie vir Kerkregtelike Sake op te dra om dit verder te ondersoek.

11. Aanbeveling 11

Die sinode besluit dat vanaf die oomblik van besluit die betiteling van "professor" aan die drie voltydse teologiese dosente van die Teologiese Skool toegeken word en dat indien die sinode die aanbeveling vir n vierde voltydse dosent (kyk aanbeveling 7, p. 9 en 16) goedkeur, die titel van "professor" aan die vierde dosent toegeken word vanaf die oomblik van bevestiging.

Motivering

Die Kuratorium het om die volgende redes eenparig besluit om die bogemelde aanbeveling 11 aan die sinode voor te lê:

1. Die drie voltydse teologiese dosente aan die Teologiese Skool is beroep en bevestig as "die hoof van die teologiese opleiding" of "hoofdosent" en "dosente." Die betiteling "hoof van die teologiese opleiding" is lank en lomp, sodat die benaming "hoofdosent" gebruiklik geword het. Die betiteling "hoofdosent" moes meermale nader verduidelik word aan staatsinstansies en ander instansies as soortgelyk aan "prinsipaal" of "rektor."

Die aanspreekvorm het veral vir die twee dosente verleentheid geskep. Die hoofdosent geniet die aanspreekvorm van "dokter" en het vanweë sy bekendheid in regse kringe nie probleme met n aanspreekvorm nie. Dosente Theron en Robbertze het beide die status van doktorandus en alhoewel op skrif verwys kan word na drs Theron en drs Robbertze is so n aanspreekvorm in die spreektaal nie gebruik nie. Die aanspreekvorm vir beide is "dominee." In die praktyk ervaar hulle egter meer dikwels by besoek aan gemeentes om eredienste te lei, dat, sodra dit bekend word dat hulle dosente is, hulle aangespreek word as "professor" omdat kerkrade en lidmate hulle as dosente met die betiteling assosieer. Omdat hulle egter nie professore is nie, moet hulle noodwendig die betiteling afwys met verduideliking.

2. In die ander Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika was dit vanaf die aanvang of redelik spoedig nadat n Teologiese Skool geopen is, gebruik om die teologiese dosente die titel en aanspreekvorm van "professor" te gee. Die lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerke is dus heeltemal geassosieer met die gebruik. Die Afrikaanse Protestantse Kerk is as volwaardige, selfstandige Gereformeerde Kerk die enigste Kerk waarvan die dosente nog nie die betiteling "professor" het nie.
3. Terwyl die Kuratorium ondersoek instel na die moontlike inskakeling van die Teologiese Skool deur akkreditering by n universiteit as Teologiese Fakulteit word in alle opsigte daarna gestrewe om die status en standaard van die Teologiese Skool te bevorder.
4. Die teologiese opleiding wat die Teologiese Skool aanbied is van die hoogste standaard. Dit is die strewe dat die opleiding deur elke instansie erken sal word vanweë die standaard van opleiding daaraan verbonde.
5. Die teologiese dosente is nie alleen elkeen hooggekwaliëseer in sy eie vakgebied nie, maar het elk-

een ook bewys daarvan gelewer dat hulle akademies in staat is om standaardonderrig te gee in ander vakgebiede soos aan hulle deur die Kuratorium toevertrou. Sodoende was vir 1989 18 vakke toevertrou aan dr Van Staden, (hy was met 2 vakke tydelik bygestaan deur twee hulpdosente), 10 aan drs Theron en 10 aan drs Robbertze.

12. Aanbeveling 12

12.1 Die sinode besluit dat die besluit van die sinode 1987 naamlik dat Latyn I of IB 'n verpligte vak saam met Grieks II en Hebreeus II is vir die admissiestudie en met 'n leeskenis van Duits, soos volg gewysig word:

12.1.1 dat Grieks II en Hebreeus II verpligtend is vir die admissiestudie;

12.1.2 dat studente die keuse het om òf Latyn I (of IB) of Duits I vir die admissiestudie te neem;

12.1.3 dat indien Latyn I of IB wel as vak geneem word in plaas van Duits I 'n leeskenis van Duits steeds vereis word.

12.2 Die sinode besluit dat 'n lys opgestel word van die Latynse woorde/uitdrukkings wat wel nog in een of ander teologiese vak gebruik mag word met die Afrikaanse vertaling daarnaas vir beskikbaarstelling aan die studente wat nie Latyn as vak kies nie en dat dit aan die Raad van Dosente opgedra word om 'n dusdanige lys op te stel of te laat opstel.

Motivering

1. Latyn kom net nog op 'n baie beperkte skaal voor in teologiese vakke soos Dogmatiek, Dogmageskiedenis, Kerkreg en Hermeneutiek. Dit is in die reël beperk tot 'n aantal geykte uitdrukkings met 'n bepaalde betekenis. 'n Gebrek aan kennis van Latyn is egter geen belemmering om hierdie vakke suksesvol te bestudeer nie.
2. Toegang tot sekere ou kerkhistoriese bronne en wat die Kerkreg betref bv. die Politica Ecclesiastica van G. Voetius vereis kennis van Latyn. Ervaring het egter geleer dat selfs Latyn I onvoldoende daartoe is. Toegang tot hierdie bronne is beperk tot doktorsale studie en wel ook afhangend van die onderwerp van 'n tesis.
3. Aangesien 'n groot aantal teologiese werke, wat vir die teologiese studie van besondere belang is, in Duits beskikbaar is, is kennis van Duits van groot belang.

4. Die studie van Latyn was reeds van vroeg af aan die Stellenboschse Seminarium geen vereiste nie en reeds vanaf 1945 nie meer 'n vereiste vir teologiese studente wat vir die Diploma in Teologie in plaas van die BD-graad ingeskryf het aan die Teologiese Fakulteit Afd. B. UP nie. Daarom het waarskynlik die grootste persentasie van ons predikante nie Latyn as studievak bestudeer nie.
5. Die opvoedkundige waarde van Latyn word nie onderskat nie, maar die teologiese opleiding is so omvangryk en gestandaardiseer dat die keuse van en gevolglik verpligte admissiestudie sodanig moet wees dat dit die teologiese studie ten beste moet dien en bevorder. Indien die opvoedkundige waarde van 'n vak bepalend moet wees sou meer vakke as Latyn aanspraak kon maak op verpligte studie soos bv. Filosofie.

Die Kuratorium bid die sinode die seën van die Here toe op sy werksaamhede, debatte en besluite.

LEDE VAN DIE KURATORIUM

Ds A. Boshoff - voorsitter
 Dr C.I. van Heerden - ondervoorsitter
 Dr F.A.H. van Staden - skriba
 Ds M.C. Adendorff
 Dr W.A. Burger
 Ds R. Maré
 Dr M.F.M. Pretorius
 Prof A. Swart
 Ds A.S. van Jaarsveld
 Prof T.L. Verster
 Genl J.C. Visser

119

Afrikaanse Protestantse Kerk

'n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners

DERDE SINODE 1 - 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FINANSIES

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Die kommissie, soos deur die SKK saamgestel, bestaan uit die volgende lede: di AJ Taute (voorsitter), CFW Snyman (ondervoorsitter), CF Swart, LD Pienaar (skriba), oudll FH Boltman, HJ Claasen, CJ de la Rey, CC du Preez.

1.2 Vergaderings

Die kommissie het die volgende vergaderings gehou: 4 en 18 Oktober 1988 (beide saam met SKK-dagbestuur), 9 Februarie 1989 en 14 Junie 1989. Die kommissie sal ook DV in Augustus 1989 vergader.

1.3 Opdragte van die sinode

1.3.1 Addisionele pensioenvoordele

1.3.1.1 Die volgende besluit van die sinode 1988 geld hier

1. Die sinode besluit dat daar wel addisionele voorsiening gemaak moet word vir leraars wat minder as 20 jaar diens oor het met aansluiting by die APK.
2. Die sinode besluit dat 'n begrotingspos in die sinodale begroting geskep word om vir bogenoemde voorsiening te maak.
3. Die sinode dra dit aan die Finansiële Kommissie op om hierdie pos, per voorlegging aan die SKK, wel op die Begroting van 1989 in te werk.

Die uitvoering is verwys na die FK en SKK.

1.3.1.2 Die SKK-dagbestuur en die FK het twee maal saam vergader om hierdie besluite uit te voer.

1.3.1.3 Die gesamentlike vergadering het besluit:

'n Trustfonds word geskep wat aanvanklik aangewend word vir die aanvulling van die pensioenvoordele vir predikante, waar nodig.

Bydraes tot die fonds sal bereken word per gemeente

Alle gemeentes sal tot die fonds bydra

Bydraes van gemeentes sal maandeliks geskied volgens 'n vasgestelde tabel.

1.3.1.4 Die Fonds het reeds op 1 November 1988 begin funksioneer.

1.3.1.5 Die SKK hanteer die belegging van die fonds

1.3.1.6 Aan die volgende persone is opgedra om 'n reglement vir hantering en funksionering van die fonds op te stel. Die voorsitter van die FK (ds AJ Taute), die rekenmeester (br CJ de la Rey) en die regsadviseur (dr P Kotze).

Sien Aanbeveling 4.1

1.3.2 Verhoging tarief vir reiskoste

Die sinode 1988 het besluit (bls 95): Sou

121

dit gebeur dat kostes drasties verhoog, die FK opdrag ontvang om die saak van reiskoste te behandel en aanbevelings aan die SKK voor te lê.

Dit is op 9 Februarie 1989 deur die kommissie behandel en by die SKK is aanbeveel dat die tarief op 55c per km gestel word.

Sien Aanbeveling 4.2

1.3.3 Uitgawe van SKK

Soos deur die sinode besluit (bls 96), is hierdie saak op 'n samespreking met die SKK afgehandel op 18 Oktober 1988.

1.3.4 Pos van Administrateur

Die sinode het besluit: dat die pos van Administrateur so gou as wat finansies en middele dit toelaat, in aparte poste nl Administrateur vir die SKK en Administrateur vir die Kuratorium omskep sal word.

Die saak word na die FK verwys om so gou doenlik te implimenteer (bls 97).

Die FK het met sy vergaderings van Oktober 1988 die hele poste-struktuur van die kantoor onder oë geneem en aanbevelings aan die SKK gedoen, sodat die pos van administrateur op 1 Januarie 1989 gevul is.

1.4 Werksaamhede

1.4.1 Die kommissie het deurentyd gehou by die riglyne wat die Sinode 1988 goedgekeur het (bls 41 - 42). Die volgende sake wat aandag geniet het, word vermeld:

1.4.1.1 Groepversekering vir korttermyn-eiendomme, ens.

Soos by die vorige sinode gemeld, het br HJ Claasen voordele beding en 'n omsendbrief hieroor is aan

122

alle kerkrade gestuur.

Sien ook Aanbeveling 4.3

1.4.1.2 Kontantvloei

By die drie-maandelikse vergaderings is die kontantvloei van die SKK en Kuratorium behandel, en waar nodig, aanbevelings aan die SKK voorgelê.

1.4.1.3 Reserwefonds

Die geouditeerde finansiële state is behandel en met groot dank aan die personeel, aan die SKK en Kuratorium voorgelê.

Dit blyk uit die state dat die boekjaar 1988 met 'n aansienlike oorskot afgesluit is. Die FK het dus besluit om dadelik met die Reserwefonds te begin en 'n bedrag gelykstaande aan 'n maand se gemiddelde inkomste daarin te stort (R63 000) - Riglyne 8.1.3, bls 42.

Wat die Kuratorium betref, word dit by die begroting behandel.

1.4.1.4 Telefoonkonferensies

Ter wille van besparing het die FK by die SKK aanbeveel dat telefoonvergaderings op die proef gestel word.

1.4.1.5 Op die vergadering van 9 Februarie 1989 is 'n versoek van die SKK behandel om aanbevelings i.v.m. die traktementskaal vir leraars te maak. Br CC du Preez het hiermee 'n leidende rol gespeel.

Sien aanbeveling 4.4

FKVSLAG/mk

-4-

1.4.1.6 Reistoelae vir predikante in gemeentes

Die kommissie het ook hieroor by die SKK aanbeveel dat 'n tarief van 55c per kilometer gehandhaaf word. Daarby het die FK ook geoordeel (soos by die sinode 1988 aanbeveel deur die tydelike kommissie) dat kerkrade hul reistoelae moet baseer op die tabelle van die AA wat baie volledig uitgewerk word o.g.v. grootte van motors, afstand gereis, ens. Die kommissie het ook geoordeel dat gemeentes wat ver van die hoof-sentra geleë is, tog hul brandstofpryse moet vergelyk met die van die hoofsentra.

Sien aanbeveling 4.5

2. BEGROTING VAN FONDSE HANTEER DEUR SKK

Die kommissie wil ter wille van duidelikheid die begroting onder aparte hoofde behandel

2.1 Begroting 1989

In die verslag aan die Sinode 1988 het die FK gemeld dat dit toe baie moeilik was om te begroot, aangesien al die werksaamhede in die beginstandium was. Vir die huidige boekjaar is die kontrole heelwat makliker, aangesien die groeipyne al minder word. Die FK behandel gereeld die kontantvloei-staat en wys op afwykings.

2.2 Begroting 1988

Aangesien daar by die sinode 1987 slegs 'n tentatiewe begroting opgestel kon word, (aangesien die kantoor slegs 'n paar maande funksioneer het), het die FK tog probeer om by die begroting te hou. Die geouditeerde state van die boekjaar 1988 is by die rekenmeester beskikbaar. Dit is in Februarie 1989 deurgewerk en aan die SKK voorgelê.

Enkele syfers kan hieruit vir kennisname verstrekkend word

2.2.1 Inkomste

Die totale inkomste het R797295 beloop.

Hiervan is R757 454 deur gemeentes bygedra.

(Dit beteken dat die totale inkomste van al die gemeentes R7 574 540 beloop het).

2.2.2 Uitgawes

Die totale uitgawes onder die verskillende poste het R668 201 beloop. Die werklike syfers word by die begroting van 1990 vermeld.

Dit beteken dat daar in 1988 'n surplus inkomste bo uitgawe van R129 094 was. Hiervan is R63 000 as begin van die Reserwefonds aangewend.

Sien Aanbeveling 4.6

2.3 Begroting 1990

2.3.1 Die kommissie het kennis geneem dat daar vanaf November 1987 tot Desember 1988 'n geweldige styging in die bydraes van gemeentes was. (Nov 1987 was by R40500, Des 1988 R53 083, Sept 1988 R97 609). Die kommissie oordeel egter dat in gedagte gehou moet word dat alle gemeentes met spesiale insamelingspogings besig is en dat inkomste dalk later pro rata kan daal.

Daarom moet die sinode baie versigtig wees by die aangaan van verpligtinge.

Sien Aanbeveling 4.7 (nuwe projekte)

2.3.2 Die FK wil weereens baie sterk beklemtoon dat alle sinodale werksaamhede totaal afhanklik is van bydraes van gemeentes. Die Reserwefonds wat opgebou word, is slegs 'n middel om die doel van werklik kontant te werk, te bereik. Uitgawes kan dus alleen aangegaan word as die bydraes uit gemeentes

genoegsaam inkom. Die FK is steeds innig dankbaar dat bydraes vanaf gemeentes met groot blymoedigheid gegee word, sodat die sinodale werksaamhede kan voortgaan.

2.3.3 Die FK wil ook daarop wys dat die sinode moet toesien dat van die begin af 'n suiwer kerkregtelike pad geloop word, nl dat werksaamhede wat by 'n gemeente of 'n ring tui shoort, nie deur die sinode gedoen word nie. Die sinodale begroting moet dus slegs werk dra wat by die sinode tuis hoort.

2.3.4 Inkomste bereken vir 1990

Op grond van die inkomste van 1988 (R757424) en die verhoogde bydraes in die eerste deel van 1989 oordeel die kommissie dat begroot kan word vir 'n styging van ongeveer 20%. Daarom word begroot vir 'n inkomste van R900 000 in 1989.

Sien Aanbeveling 4.8

2.3.5 Uitgawe begroot vir 1990

2.3.5.1 Die FK lê die volgende begroting vir uitgawes vir die boekjaar 1990 aan die sinode voor:

	BEGROOT 1989	BEGROOT 1990
	R	R
1. Administrasie		
1.1 Salarisse	200 000	250 000
1.2 Posgeld	4 000	7 000
1.3 Skryfbehoeftes	15 000	15 000
1.4 Telefoon	7 000	8 000
1.5 Reiskoste	12 000	18 000
1.6 Oudit	-	1 000

1.7 Honorarium Skakeladmin		15 000
1.8 Kantoorhuur	15 000	12 000
1.9 Verversings	-	1 500
1.10 Huur van toerusting	-	<u>2 000</u>

Subtotaal pt 1 329 500

2. Amptelike blad	40 000	65 000
3. Bedieningsuitgawe	220 000	300 000
4. Leraarsversekering	13 000	13 000
5. Sinode 1990	17 500	24 000

6. Kapitale uitg

6.1 Woordverwerker	-	6 500
6.2 Drukker	-	6 000
6.3 Faksimilee	-	<u>4 500</u>

Subtotaal pt 6 17 000

7. Kommissies	Aangevra 1990	Begroot 1990
7.1 Argief	8 080	7 400
7.2 Barmhartigheidsdiens	3 500	3 500
7.3 Bybelvertaling	5 100	5 100
7.4 Finansies	6 000	6 000
7.5 Getuienis & Dis	4 500	4 500
7.6 Jeug	9 800	9 800
7.7 Kapelaans-		

dienste	-	2 500
7.8 Kerkleer en Etiese norme	7 000	7 000
7.9 Kerkmusiek en -sang	14 900	14 900
7.10 Kerkregtelike sake	8 800	8 800
7.11 Liturgie	-	2 500
7.12 Opvoeding & Onderwys	3 500	3 500
7.13 Sending	128 000	8 000
7.14 SKK	30 000	<u>30 000</u>

BEGROOT 1989

60 000 229 180 113 500

R 862 000

TOTAAL 1 - 7

Na Reserwefonds R 38 000

2.3.5.2 Opmerkings

Die FK het die behoeftes i.v.m. uitgawes onder beheer van die SKK met die Dagbestuur bespreek. Die berekening vir 1990 is ook gedoen aan die hand van die werklike uitgawes van 1989.

1. Administrasie

Reiskoste (1.5) Die bedrag van R18 000 sluit 'n vervangingsfonds vir die motor in.

Honorarium skakeladministrateur (1.7). 'n Aanbeveling is aan die SKK voorgelê dat die poste van Skakel-administrateur en Redakteur van Die Boodskapper

gekombineer word, sodat die salaris en honorarium gelykstaan aan die topkerf van die traktementskaal.

2. Amptelike blad

Die FK beveel die volle bedrag wat aangevra is, aan, gesien die belangrikheid van die blad. 'n Volledige memorandum is voorgelê.

3. Bedieningsuitgawe

Op die samespreking van die FK en Dagbestuur, SKK is besluit om die benaming Reisende leraars te vervang met Bedieningsuitgawe. Hierdie fonds word aangewend vir alle hulp in gemeentes, waar nodig en aangevra.

4. Leraarsversekering

Hierdie is 'n vasgestelde bedrag soos reeds in 1989 besluit.

5. Sinode 1990

Die begroting vir 1990 maak voorsiening vir die sinode 1990.

6. Kapitale uitgawes

Op die samespreking met die Dagbestuur SKK is besluit om 'n woordverwerker aan te koop, wat later as rekenaar ook vir ander werksaamhede gebruik kan word. Op aanbeveling van die rekenmeester is besluit op 'n woordverwerker waarby 'n drukker saam met 'n woordverwerker van die Kuratorium gebruik kan word. Hier word dus 50% van die drukker se aankoop begroot.

Op dieselfde vergadering is ook besluit om 'n faksimileer aan te koop ten einde tyd en koste op langtermyn te bespaar.

7. Kommissies

Op versoek van die FK het byna al die kommissies 'n begroting van uitgawe ingedien. Dit het die opstel van die begroting baie vergemaklik. Die FK kon ook die berekening doen op grond van 'n volle jaar se uitgawes.

By feitlik al die kommissies word die aangevraagde bedrae per begroting aanbeveel. Die FK het steeds probeer om hier ook soveel as moontlik te bespaar. Die volgende verduidelikings word gegee

7.1 Argief (7.1)

Die kommissie se aanvraag is:	Reiskoste	R1 400
	Diverse items	R1 000
	Rakke en kartone	R5 680

Die FK beveel aan dat die insit van rakke geskied deur die Kuratorium (as eienaar van die gebou). Vandaar 'n aanbeveling van R5 000 daarvoor.

7.2 Kerkmusiek en -sang (7.9)

'n Volledige verduideliking is gegee saam met die aanvraag. Aangesien die saak van 'n eie sangbundel baie belangrik is, word die uitgawe so aanbeveel.

Reiskoste	R5 100
Inligtingkursusse	R3 000
Kursusmateriaal	R 800
Drukwerk Proefbundel	R6 000
	R14 900

7.3 Sending (7.13)

Die kommissie het die volgende aangevra

Tentakel (Ngunivolke)	Leraar	R60 000
	Toerusting	R40 000
	Aksie in Hillbrow	R20 000

Literatuur R 1 000

Vergaderings R 7 000

R128 000

Die FK het die volgende hieroor besluit

- (i) Die FK beveel R1000 vir literatuur en R7000 vir reiskoste aan.
- (ii) Tentaksie: Daar is nie nou fondse beskikbaar vir so 'n groot projek nie. Die gees van die sendingbeleid wat in 1988 aanvaar is, is dat sendingwerk die taak van die individu en die plaaslike kerk is. Daarom glo die FK dat 'n ander weg gevind moet word.
- (iii) Hillbrow: Fondse is nie nou beskikbaar vir so 'n aksie nie en dieselfde beginsel as hierbo gemeld, geld hier ook. Die gemeente en/of ring moet leiding neem.

8. Reserwefonds

Hoewel die sinode 1988 besluit het dat 'n bedrag gelykstaande aan een maand se gemeente-bydrae in die begroting vir die Reserwe fonds begroot word, het die FK besluit om op die begroting slegs die beraamde oorskot van R38 000 vir die Reserwefonds te begroot. Die sinode het in elk geval ook besluit dat alle oorskotte aan die einde van 'n Boekjaar in die Reserwefonds gestort moet word.

Sien Aanbeveling 4.8

3. BEGROTING VAN KURATORIUM

3.1 Die FK het gereeld die finansiële state van die Kuratorium behandel en waar nodig aanbevelings aan die Kuratorium voorgelê. Die volledige, geouditeerde finansiële state is ter insae beskikbaar.

3.2 Begroting 1988

3.2.1 Die begroting wat by die sinode van 1987 goedgekeur is, was geheel en al 'n skatting,

aangesien die werk toe nog nie eens begin het nie. Tog was die inkomste uit gemeentes sodanig dat alle uitgawes gedek kon word.

Uit die inkomste van R400 762, waarvan R378 727 gemeente-bydraes was, het die uitgawe R198 733 beloop. Dit het 'n surplus van R202 029 meegebring.

Die FK het by die Kuratorium aanbeveel dat die surplus geheel en al gebruik word vir afbetaling van die Kuratoriumgebou.

3.2.2 Met die behandeling van die finansiële state vir die boekjaar 1988 het die FK met groot dank kennis geneem dat op 31 Desember 1988 slegs R51 720 aan die SKK fondse verskuldig was.

3.3 Begroting 1989

Die kontrole oor finansies vir die boekjaar 1989 is baie makliker, aangesien die groeipyne, soos ook by SKK-fondse heelwat minder is.

Sien Aanbeveling 4.9

3.4 Begroting 1990

Die begroting is opgestel tydens 'n samespreking met lede van die Dagbestuur van die Kuratorium

3.4.1 Inkomste

Op grond van die inkomste van 1988 - R378 727 word met 'n verhoging van ongeveer 20% begroot vir 'n inkomste van R450 000 as bydrae uit gemeentes.

3.4.2 Uitgawe

Vir uitgawe in 1990 word soos volg begroot

	1989	1990
1. Traktement: 2 Dosente	100 000	175 000
2. 3e Dosent	-	80 000
3. Reiskoste Dosente & Kur	45 000	45 000
4. Administrasie:		
4.1 Salarisse	100 000	85 000
4.2 Telefoon	3 500	5 000
4.3 Skryfbehoeftes	2 000	8 000
4.4 Oudit	-	500
4.5 Verversings	3 000	2 000
5. Aankoop - Woordverwerker		6 500
6. Aankoop Drukker	-	6 000
7. Eiendom: Instandhouding	10 000	12 000
8. Munisipalekoste	2 000	4 000
9. Versekering:		4 000
10. Meubels		3 000
11. Boeke	12 000	12 000 (meubels & boeke)
12. Huur van toerusting	-	2 000
Huur van eiendom	25 000	-
	302 500	450 000

3.4.3 Opmerkings

1. Traktement (1)

By die huidige dosente se traktement is voorsiening gemaak vir 'n 15% verhoging.

2. 3de Dosent (2)

By die samespreking is geoordeel dat R80 000 beskikbaar gestel word, as die Kuratorium sou besluit om 'n 3de dosent te beroep.

3. Woordverwerker

Aangesien die Kuratorium nie 'n behoorlike tikmasjien het nie, is aanbeveel dat 'n woordverwerker gekoop word met 'n drukker wat ook deur die SKK gebruik word.

4. Meubels en Boeke

Daar is besluit om die 2 items te skei.

5. Reserwefonds

Die FK het vroeër reeds besluit dat die sinodebesluit om 'n Reserwefonds op te bou, ook op die Kuratoriumbegroting van toepassing is. Daarom is by die Kuratorium aanbeveel:

5.1 Moontlike oorskotfondse van 1989 en 1990 word in die Reserwefonds gestort.

5.2 In die begroting van 1991 sal 'n bepaalde bedrag vir die Reserwefonds ingesluit word (gelykstaande aan die gemiddelde bedrag van een maand).

Sien aanbeveling 4.10

4. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings spruit uit die verslag en word met verwysing na die punt in die verslag aan die sinode voorgelê.

4.1 Trustfonds (pt 1.3.1)

Die sinode roep gemeentes op om gereeld die inbetalings te doen vir die APK-trustfonds volgens die skaal soos deur die SKK aanbeveel.

4.2 Reiskoste (Pt 1.3.2)

4.2.1 Die sinode keur die aanbeveling van die FK goed dat reiskoste vanaf Februarie 1989 op 55c/km vasgestel word.

4.2.2 Die sinode gee 'n staande opdrag aan die FK om reiskoste voortdurend te ondersoek en aan die SKK aanbevelings daarvoor te maak, wanneer nodig.

4.3 Groepversekering (Korttermyn)(Pt 1.4.1.1)

Die sinode neem kennis dat sekere voordele vir korttermynversekering beding is en versoek kerkrade om te verseker dat hulle die stuk van br HJ Claassen hieroor ontvang het.

4.4 Traktementskaal (Pt 1.4.1.5)

Die sinode besluit om aan 'n kommissie opdrag te gee om die traktementskaal van leraars voortdurend te ondersoek en om nie later nie as November van elke jaar aanbevelings aan kerkrade deur te stuur.

4.5 Reistoelae aan predikante (pt 1.4.1.6)

4.5.1 Die sinode beveel vir die huidige aan dat ook reistoelae van leraar in gemeentes gebaseer word op 55c/km.

4.5.2 Die sinode raai kerkrade ook aan om die volledige tabelle in verband met vervoerkostes soos deur die AA opgestel, as riglyne te neem vir vasstelling van reistoelae.

4.5.3 Kerkrade van plattelandse gemeentes ver van die groot sentra word gevra om die brandstofprys in hulle gebiede in aanmerking

te neem by die vasstelling van die leraars se reistoelae.

- 4.5.4 Die sinode dra dit aan die FK op om voortdurend die tendense i.v.m. vervoerkoste te ondersoek en aanbevelings te maak, indien nodig.

4.6 Begroting 1988 (Pt 2.2.)

- 4.6.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die hemelse Vader vir die goeie inkomste wat in die gemeentes ontvang word, waardeur die Kerk se werk kan voortgaan.

- 4.6.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel wat die boekhouding hanteer vir die manier waarop die werk uitgevoer is.

4.7 Nuwe projekte (pt 2.3.1)

Die sinode besluit dat geen nuwe projekte met finansiële implikasies deur die sinode aanvaar word sonder aanbeveling van die FK nie.

4.8 Begroting 1990 (pt 2.3.4 en 2.3.5)

Die sinode keur die begroting van inkomste en uitgawe vir 1990 goed.

4.9 Begroting Kuratorium 1988 en 1989 (Pt 3.2 en 3.3)

- 4.9.1 Die sinode betuig sy innige dank aan die hemelse Vader dat die inkomste vir die Kuratorium sodanig was dat die teologiese opleiding kan voortgaan en dat die gebou aangekoop kon word.

- 4.9.2 Die sinode betuig sy innige dank aan die personeel wat die boekhouding behartig.

4.10 Begroting Kuratorium 1990

Die Sinode keur die begroting van inkomste en uitgawes vir 1990 goed.

4.11 Samestelling van kommissies

4.11.1 Aanbeveling

Die sinode besluit :

1. Dat kommissies ter wille van besparing uit 'n beperkte getal persone bestaan wat tog redelik verteenwoordigend uit die dele van die land sal wees, waar nodig;
2. Dat kommissies 'n paar dae voor die verdaging van die sinode saamgestel moet word;
3. Dat kommissies voor die verdaging van die sinode moet konstitueer en reeds 'n beplanning van die volgende jaar se werk moet doen;
4. Dat alle vergaderings van kommissies goed beplan moet word sodat die beste gebruik van beskikbare tyd en geld gemaak word en dat kommissies daarop gewys moet word dat vergaderings in dieselfde week tog ook 'n besparing meebring.
5. Dat kleiner kommissies tog soms van telefoonkonferensies gebruik kan maak om sodoende reiskoste te bespaar.

5. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende Beskrywingspunte is aan die FK voorgelê en deur die FK behandel. Die aanbevelings word daarby gegee.

5.1 Sentrale kas vir predikante (Ring van Stellenbosch)

- 5.1.1 Dat alle predikante in diens van die APK uit 'n sentralekas betaal sal word. Dat alle gemeentes behalwe die 15% van alle inkomste 'n sekere persentasie van alle inkomste maandeliks vir die doel aan die sentralekas sal oorbetal.

MOTIVERING

1. Dat alle gemeentes 'n gelyke aandeel sal hê aan die dienste van 'n predikant - ongeag die grote van 'n gemeente.
2. Dat die finansiële las van die gemeentes ook hierdeur verlig sal word al is hulle ook in kombinasie.
3. Dat die APK gemeentes nie dieselfde pad sal loop as so baie NGKerk gemeentes wat vanweë finansies moet ontbind nie.
4. Dat die oorbetalings van pensioene, mediese fondse en belasting uit een rekening aan die betrokke instansies oorbetaal kan word. Gedeeltelik word die voorstel alreeds deur SKK so gedoen.

5.1.2 Aanbeveling

Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie

1. Die Gereformeerde kerkreg handel met die baie belangrike plek van die plaaslike kerk wat vir sy leraar verantwoordelik is.
2. Dit sal baie praktiese probleme meebring soos bv ekstra personeel in die kerkkantoor om so 'n fonds te hanteer.

5.2 Amptelike kwitansieboeke (ds JJ Venter, oudl AA Bruwer, Fochville)

- 5.2.1 Dat amptelike APK-kwitansieboeke onverwyld aan alle gemeentes (volgens behoefte beskikbaar gestel word.

MOTIVERING

1. Dit is 'n groot leemte in gemeentelike finansiële administrasie en die leemte kan veroorsaak dat vervalsing en diefstal maklik plaasvind.
2. Vir behoorlike ouditering is amptelike

kwitansieboeke 'n belangrike vereiste

5.2.2 Aanbeveling

1. Die Sinode oordeel dat 'n amptelike kwitansieboek nie nodig is nie, aangesien elke kerk vir sy eie finansiële sake verantwoordelik is en self kwitansieboeke kan druk of laat druk.
2. Die sinode dra aan die SKK op om wel ondersoek in te stel na die druk van kwitansieboeke vir gebruik in die kerke, maar dan alleen met die oog op besparing as 'n groot hoeveelheid gedruk word.

5.3 Vryskelding van 15% oorbetalings op inkomste verdien uit rente (Ring van Naboomspruit)

- 5.3.1 Dat gemeentes nie heffingspligtig is op inkomste verdien uit rentes op beleggings wat gemaak is van fondse waarop reeds 15% heffing betaal is nie

MOTIVERING

1. Daar bestaan verwarring of gemeentes ook 15% oorbetalings moet maak op inkomste verkry uit beleggings
2. Volgens 'n sinode besluit moet alle gemeentes 15% van alle inkomste verkry, oorbetaal aan die SKK. Die balans van 85% is dan die gemeente se eiendom, waaruit alle gemeentelike uitgawes betaal moet word en waaruit enige projek wat aangepak word, gefinansier moet word.
3. Inkomste verkry uit beleggings wat gemaak is van gelde waarop reeds 15% aan die SKK oorbetaal is vorm deel van die 85% van die gemeente se bates en is nie weer belasbaar nie.

5.3.2 Aanbevelinge

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie

5.3.3 Motivering

1. Die FK reken dat rente wat verdien word op 'n belegging, ook inkomste is.
2. Ondervinding het geleer dat as daar een uitsondering gemaak word, dit later al meer en meer word en die hele stelsel van bepaling van sinodale bydraes uiters ingewikkeld kan word.

5.4 Kwytskelding: Boufondsbydraes (Verwoerdburg)

5.4.1 Daar word voorgestel

1. Dat gemeentes van die 15% op boufondsbydraes kwytsgekeld word.
2. Die ouditeur opdrag gegee word om die volgende in sy verslag te meld:
 - 2.1 redes vir afname in dankoffers;
 - 2.2 redes vir toename in boufonds;
 - 2.3 of enige wanpraktyk vermoed word.
3. Indien die gemeentes oortree, die kwytskelding terug getrek word.

5.4.2 Motivering

Dit is ons gemeente se gevoel dat die las wat deur die 15% aanslag op 'n gemeente geplaas word indien hy addisionele fondse genereer om 'n kerk te bou, buitensporig en onaanvaarbaar is.

Die volgende voorbeeld word gebruik om die inpak van die Sinode se besluit te toon.

Gemeente A wil 'n saal van R100 000 bou
Fondse wat hier voor benodig word R117 647

15% aan sinode R17 647

Op R100 000 plaas die Sinode 'n addisionele las van R17 647 op die gemeente. Die vraag moet gevra word of dit billik is teenoor die gemeente en of die Sinode bo en behalwe die normale fonds, hierdie addisionele opbrengs kan regverdige. Ons aanvaar dat die Sinode verpligtinge het om na te kom en ondersteun dit ook dat daar nie 'n afname in fondse aan die Sinode mag wees nie.

Die gevaar dat gemeentes hulle dankoffer inkomste moedswillig gaan verminder en as boufonds toon, kan maklik beheer word.

Die ouditeur word versoek om in sy verslag aan te dui:

redes vir afnames in dankoffers
redes vir toename in boufonds
of enige wanpraktyke vermoed word

As gevolg van bogenoemde beheer rus geen verder verpligting op die Sinode nie en die Sinode kan enige gemeente waar wanpraktyke voorkom die vrystelling opskort en verplig om op al die fonsse ontvang 15% te betaal.

5.4.3 Aanbeveling

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie

5.4.4 Motivering van aanbeveling

1. Die kommissie verwys na pt 5.3.3.2
2. Die FK oordeel dat so 'n kontrole soos voorgestel, nie op die terrein van die ouditeur se werk lê nie.
3. Enige uitsondering bring ongelukkig moontlikhede vir ongerymdhede en "oortredings"
4. Hoewel die FK die uitgawes van sinodale fondse konserwatief behandel, sal enige aftrekking van inkomste uiteindelik

anders verhaal moet word.

5.5 Kwytskelding: sekere insamelings (Ring van Memel)

5.5.1 Die Ring van Memel beveel aan dat

Die Sinode die volgende riglyne aanvaar betreffende die vereiste 15% van alle insamelings wat aan die SKK oorbetaal moet word.

Gemeentes moet vir sekere insamelings vrygestel word van die verpligte 15% oorbetalings aan SKK. As voorbeeld word genoem die koop van 'n pastorie, die bou van 'n kerk, en spesiale pogings wat deur die susters aangewend word vir spesifieke gemeentelike doeleindes.

5.5.2 Aanbeveling

Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

5.5.3 Motivering

Dieselfde motivering as by die vorige 2 beskrywingspunte geld hier.

5.6 Finansiële state aan Sinode (Ring van Migdol)

5.6.1 'n Voorstel deur die Ring van Migdol dat 'n gesamentlike finansiële verslag aan die sinode deurgestuurd sal word, is eenparig deur die Ring aanvaar.

5.6.2 Aanbeveling

Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie

5.6.3 Motivering

1. Die FK het aanvanklik ook gevra dat geouditeerde finansiële state van elke gemeente aan die kerkkantoor gestuur moet word, maar die sinode het dit nie

goedgekeur nie.

2. Die FK besef ook dat dit eintlik geen doel dien nie. Die Ring moet 'n kerkraad se finansiële posisie ondersoek en beoordeel. Dit word as voldoende beskou.

In die maandelikse staat wat die kassier saam met inbetalings besorg, word die bepaalde maand se totale inkomste en uitgawe van die gemeente aangeteken. Vir die sinodale bydrae se kontrole is dit voldoende.

5.7 Aanbevelings met finansiële implikasies (Ring van Naboomspruit)

- 5.7.1 Dat aanbevelings met finansiële implikasies voortaan aan die einde van Oktober i.p.v. Desember in die hande van kerkrade moet wees.

MOTIVERING

Geen

5.7.2 Aanbeveling

Die sinode besluit dat aanbevelings met finansiële implikasies voor die einde van Oktober in die hande van kerkrade moet wees.

5.8 Korttermynversekering (Ring van Derby)

- 5.8.1 Die Ring versoek die Sinode om versekering van eiendom van kerkrade op groepsbasis by een versekeraar te ondersoek sodat die beste voordeel vir alle gemeentes beding kan word.

- 5.8.2 By die sinode van 1988 is reeds gerapporteer dat br H Claasen voordele vir gemeentes beding het. Die inligting is net na die sinode aan kerkrade gestuur. Dit kan by die kerkkantoor aangevra word (of ook by Claasenmakelaars, Posbus 44252, Linden, 2104).

5.9 Verlagings van sinodale bydrae (Villiers)

5.9.1 Punt 1: Dat ons vra dat die 15% oorbetalings na 10% verminder sal word.

5.9.2 Motivering

Dat dit nie Bybels is nie.

Dat die groot groei van die gemeentes asook die lidmaattalle dit regverdig.

Dat baie gemeentes nou in die proses van kerkbou is asook groot uitgawes wat aangegaan moet word.

5.9.3 Aanbeveling

Die Sinode besluit om die Beskrywingspunt nie goed te keur nie.

5.9.4 Motivering

Die FK het besluit om die sinode weer te verwys na die aanloop en geskiedenis van die sinodale bydrae tot dusver.

Met die stigting van die kerk in 1987 is besluit dat gemeentes 15% van hul inkomste aan die kerkkantoor moet oorbetal ten einde die bediening van die eerste gemeentes uit te voer.

Tydens die eerste sinode in 1987 is besluit om op grond van die destydse inkomste, te hou by die 15%. Ook by die sinode is besluit dat die verdeling van hierdie bydrae sou wees 2/3 vir SKK en 1/3 vir teologiese opleiding.

Die FK oordeel dat vir die huidige by die 15% gehou moet word, aangesien die administrasie nog opgebou moet word. Sou die sinodalebydrae verlaag word na 10% van die inkomste van gemeentes, sou die teologiese opleiding sterk ingedrang kom. Die FK glo dat die begroting wat voorgelê is, bogenoemde feite onderskryf en verduidelik.

5.10

Sentrale Eiendomsfonds (Ring van Germiston)

5.10.1 Beskrywingspunt:

1. Die sinode besluit om 'n sentrale eiendomsfonds te stig.

2. Elke belydende lidmaat word versoek om maandeliks 'n bedrag van 50 sent of jaarliks 'n bedrag van R6 tot die fonds by te dra.

3. Die fonds word deur 'n komitee onder toesig van die FK beheer en geadministreer.

4. Bydraes tot die fonds word maandeliks belê teen die heersende rentekoers.

5. Gemeentes kan by die komitee aansoek doen om 'n lening met die doel om grond of kerkgeboue aan te koop, of 'n gebou op te rig.

6. Aansoeke word deur die komitee oorweeg en volgens meriete goedgekeur.

7. Gemeentes wat so gehelp is, betaal die lenings terug aan die SKK vir herbelegging in die fonds.

5.10.2 Aanbeveling

Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

5.10.3 Motivering

1. Die FK oordeel dat kerke reeds baie bydra tot sinodale fondse - dit sou onbillik wees om nog ekstra bydraes te vra vir so 'n fonds.

2. Die voorstel kan nie nou in die praktyk

uitgevoer word nie, aangesien dit o.a. addisionele personeel sal verg.

Die Kommissie hoop dat hy hiermee die opdrag wat aan hom gegee is, reg uitgevoer het.

Die sinode word 'n gesëende vergadering toegebid.

Mag ook die finansies gebruik word in diens aan en tot uitbreiding van Sy koninkryk.

AJ TAUTE
Voorsitter

LD PIENAAR
Skriba

PKKEN 1

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners.

VERSLAG VAN DIE PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE
NORME AAN DIE DERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE
KERK IN SITTING TE PARYS OP 1 NOVEMBER 1989 E.V.D.

A. Vir Kennisname.

1. Personeel: Di. M.C. Adendorff, I.A. Brink, Dr. A.G. Burger, Br. M.J. Cornelius, Dr. F.A. Jansen, Di. R.W. Louw, R. Maré, P.K. Roodt, M.P. Taute, H.S. Theron, A.S. van Staden en Br. H. van Wyk.
2. Vergaderings: Twee vergaderings is gehou, naamlik op 9 Februarie 1989 en 13 Junie 1989.
3. Sake behandel: Die volgende prioriteitslys van sake wat voor die kommissie gedien het, is opgestel en daar is besluit om weens die omvang daarvan, vir hierdie verslag slegs die eerste 5 af te handel.
 1. Beskrywingspunt: "neergedaal ter helle".
 2. Die lasgewing van die permanente kommissies sowel as die toegang van sinodale kommissies tot kerkrade en gemeentes.
 3. Campus Crusade.
 4. Geheime organisasies.
 5. Okkultisme (insluitende die New Age.)
 6. Die vrou in die amp.
 7. Skakeling met die owerheid en pers.
 8. Islam- en Hindoe-geloof.
 9. Chillasme en anti-chillasme.
 10. Israelvisie.

B. Vir Goedkeuring:

1. Beskrywingspunt insake "neergedaal ter helle": "Ek stel voor dat die woorde "ter helle" in Art. 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis, vraag 44 van die Heidelbergse Kategismus en Art. 38 van die Geloofsbelydenis van Athanasius (Aangehaal in Art. 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) geskrap word en deur die woorde "na die doderyk" vervang word.
 - 1.1. Motivering:
 - 1.1.1. Die woorde "ter helle" kwel my al baie jare want volgens die Heilige Woord van God het Christus, onse Here nie na die hel neergedaal nie, maar na die doderyk.
 - 1.1.2. Aanhalings uit die Bybel wat by die sterwe van

Christus van toepasing blyk te wees, is soos volg:
Ps. 18:5-6; Ps. 116:3; Jes. 53:5; Jes. 53:9; Mat. 17:23; Mat. 26:38; Mat. 27:46; Mat. 28:7; Mark. 16:6; Luk. 23: 43; Luk. 24:46; Joh. 20:9; Hand. 2:31. Hierdie tekste bewys onomstootlik die waarheid van my stelling.

1.1.3. Moontlike rede waarom die foutiewe terme gebruik is en nog gebruik word:

1.1.3.1. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is heel waarskynlik gedurende die vierde eeu n.C. opgestel. Die Geloofsbelydenis van Nicea (325 n.C.), is waarskynlik opgestel in die Algemene Konsilie van Nicea (325 n.C.), en uitgebrei in die van Konstantinopel (381 n.C.). Die Geloofsbelydenis van Athanasius (aangehaal in art. 9 van die NGB) word gewoonlik toegeskryf aan Athanasius, bekende regsinnige kerkvader van die 4de eeu n.C.

1.1.3.2. Aangesien die Nuwe Testament in Grieks geskryf is, bestaan die waarskynlikheid dat die geloofsbelydenisse genoem in 1.2.3.1. ook oorspronklik in Grieks opgestel is, en is die Grieks mitologiese term Hades heelwaarskynlik ook vir die doderyk gebruik. (Hades(-deez) 1. In Greek mythology, the abode of the dead, a region accessible from two or three spots on earth, and surrounded by five rivers, Styx, Lethe, Phlegethon, Acheron and Cocytus. 2. The ancient Greek god of the underworld; Pluto, son of Cronus and Rhea, and brother of Zeus and Poseidon. Orcus 1. In Roman mythology, the abode of the dead. 2. Hades or Pluto, the god of the underworld. Dis. The Roman equivalent of the Greek Pluto, god of the lower world; hence, also the infernal regions: Hade Tartarus. In classical mythology, the place of punishment in the lower world. Originally, a dark abyss as far below Hades as earth is below heaven, and later the abode where the wicked undergo eternal punishment. (Funk & Wagnalls New Practical Standard Dictionary)

(Ha'des. Naam in die mitologie vir die Onderwêreld, doderyk of hel - 'n donker, onderaardse gebied: ook, 'n naam vir die heerser oor die gebied: die toegang tot Hades word bewaak deur die belhond Cerberus. Cerberus. Ook kerberus (G. mit) Driekoppige waakhond van die onderwêreld; belhond. (Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.) Soos blyk uit die betekenis van Tartarus hierbo word in die mitologie die hel en die doderyk as twee verskillende plekke aangedui; nl. Tartarus die plek van straf of hel en Hades die doderyk.

1.1.3.3. Die Heidelbergse Kategismus of Onderwysing in die Christelike Leer is opgestel deur die Heidelbergse hoogleraars in die godgeleerdheid, Zacharias Ursinus en Caspar Olevanus en in 1563 gepubliseer. Gedurende die tydperk 1618-1619 is dit deur die Sinode van Dordrecht hersien en as onderwysing in die Christelike leer goedgekeur. Na my mening bestaan daar nie

sekerheid wie die Apostoliese Geloofsbelydenis of die Geloofsbelydenis van Athanasius oorspronklik uit die Grieks vertaal het nie. Waarskynlik is die geloofsbelydenisse eers vertaal en daarna is die Heidelbergse Kategismus opgestel. Alhoewel die klassieke mitologiese terme nog baie in gebruik sou wees het daar klaarblyklik 'n fout ingeglip met die vertolking van die woord Hades, welke woord "doderyk" beteken, tot die woord "hel". Soos hierop in 1.2.3.2 aangedui het Tartarus "hel" beteken. Skynbaar is daar nagelaat om die woorde "ter helle" met die woorde wat in die Bybel voorkom te toets - sien aanhalings hierbo.

1.1.3.4. Die volgende kerkgenootskappe is ten opsigte van artikel 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis genader:

1.1.3.4.1. Die Rooms-Katolieke Kerk: "He descended to the dead" (The Sunday Missal p. 29)

1.1.3.4.2. Die Ortodokse Griekse Kerk: "He descended to the dead"

1.1.3.4.3. Die Anglikaanse Kerk: "He descended to the dead" (He descended to hell" was used since 1642 to revision during 1976?)

1.1.3.4.4. Die Lutherse Kerk: "Hinabgestiegen in das Reich des Todes"

1.1.3.5. Gevolgtrekking: M.i. is voldoende feite geboekstaaf vir hersiening van art. 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis, vraag 44 van die HK en art. 38 van die Geloofsbelydenis van Athanasius (aangehaal in art. 9 van die NGB) deur die woorde "ter helle" te skrap en te vervang deur die woorde "na die doderyk" Oudl. S.M. de Bruyn.

1.2. AANBEVELING:

Die sinode keur nie die wysiging van "neergedaal ter helle" na "neergedaal na die doderyk" goed nie.

1.3. Motivering.

1.3.1. Inleiding: Tot in die vierde eeu n.C. tref ons die leerstuk oor die neerdaling van Christus nêrens in die geloofsbelydenis aan nie, selfs nie in die bekende belydenisskrif van Nicea nie. In 359 n.C. maak die neerdaling sy verskyning in die belydenisskrif van Sirmium. Die daaropvolgende konsilies van Nicea (359) en Konstantinopel (360) neem dit ook op. Hierna kom dit sporadies voor tot in die sesde eeu (onder andere by Rufines, Ceasarius van Arles en in die Athanasium) waarna dit veelvuldiger voorkom. Hoewel die neerdaling dus eers in die 4de eeu sy intrede doen in die belydenisskrifte, is dit egter 'n baie ouer tradisie. Die spore daarvan word reeds aangetref in die vroeë Christelike Kerk.

1.3.2. Calvyn: Vir Calvyn is die neerdaling as onderdeel van die plaasvervangende werk van Christus van die allergrootste belang. 'n Saak van uitnemende vertroosting. Dit dui daarop Christus nie net liggaamlik vir ons

gesterf het nie, maar die toorn van God gedra het en as't ware handgemeen met die helse en doodse magte geraak het. Maar in dit alles is dit 'n vernedering van Jesus voor en in sy dood. Die volgorde in die twaalf artikels dui volgens Calvyn eerstens aan wat Jesus voor die oë van mens gely het en dan met die neerdaling ter helle die onsienlike en onbegryplike oordeel wat Hy voor Gods aangesig gedra het. Nie net in sy liggaam nie, maar veral ook in sy siel het Hy die vreeslike kwellinge van 'n verdoemde en verlore mens gedra. Die hoogtepunt van hierdie neerdaal is dan die uitroep: "My God, My God, waarom het u my verlaat?" 'n Woord van benoudheid uit die binneste van sy siel. So dui die neerdaling van Jesus dus op sy lyding voor en in sy dood. Dit het geen betrekking op enige-iets wat na sy dood gebeur het nie. In hierdie opsig is dit dan ook opvallend hoeveel Luther en Calvyn ooreenstem in hulle onderskeie interpretasies. Die H.K. vr en antw 44 sluit dan ook direk aan by Calvyn se interpretasie.

1.3.3. Wat wou die vroeë Kerk sê? Die vroeë kerk vind aansluiting by die boodskap van die evangelie. Die kernboodskap is die dood en opstanding van die Here Jesus. Die versoeningswerk van Christus hang volledig af van die egtheid van sy dood. Sy dood raak die hemel en die aarde maar ook die onderwêreld of doderyk. Niks kon die egtheid van Jesus se dood so seker stel as die feit dat Jesus ook na die doderyk gegaan het. Om te sterf beteken om na die doderyk te gaan. Dit geld vir die verlede, hede en toekoms. Die genoegsaamheid van sy sterwe beteken dat die magte van die dood, hel en sonde finaal oorwin is. Hierdie sake word in die vroeë kerk voorop gestel.

1.3.4. Kan ons verander? Die Twaalf Artikels as belydenisskrif kan nie verander word as daar nie eenstemmigheid is onder die kerke wat dit aanvaar nie. Dieselfde geld vir die HK as Gereformeerde belydenisskrif. Per slot van rekening gaan dit om die groot heilswaarde van Christus se dood en opstanding, sy lyding en kruisiging waarin Hy na liggaam en siel die helse smarte van Gods toorn moes verduur ter wille van ons sondes en om die opstanding.

2. Lasgewing aan elke permanente sinodale kommissie.

2.1. Aanbevelings:

- 2.1.1. Die sinode besluit dat die reglement van elke permanente kommissie minstens Bepalinge 1 tot 10 sal bevat.
- 2.1.2. Die sinode besluit dat die volgende PKKEN en die volgende PKvKS die hieropvolgende konseplasgewing moet bestudeer met die oog op die samestelling van finale lasgewing wat deur die sinode van 1990 finaal gekeur moet word. Intussen dien dit as riglyne vir permanente kommissies tot by die volgende sinode.
- 2.1.3. Die sinode keur die hieropvolgende konseplasgewing vir elke kommissie goed.
- 2.1.4. Die sinode besluit dat hierdie lasgewings alle vorige

sinodebesluite wat hiermee in stryd is, vervang.

2.2. Bepalings vir elke permanente kommissie van die sinode.

2.2.1. Opdraggewer en samestelling.

Die kommissie ontvang slegs opdragte van 'n sinode van die APK, wat die grootte van die kommissie bepaal en die lede met secundi benoem.

2.2.2. Advies.

Wanneer ander permanente kommissies of kerkrade of ringe of lidmate dit versoek, mag die kommissie aan hulle advies aanbied. Sodanige advies sal egter altyd slegs aanbevelings wees en mag nooit as voorskrifte aangedien of aanvaar word nie.

Wanneer die kommissie 'n advies oor 'n saak lewer waaroor geen sinode van die APK nog 'n uitspraak gelewer het nie, moet die Kommissie dit duidelik in sy advies vermeld. Die kommissie mag nie oor sodanige saak 'n standpunt namens die APK stel nie. Slegs 'n sinode van die APK kan uitsprake namens die APK doen. Die Kommissie mag wel bestaande standpunte van 'n sinode deurgee.

2.2.3. Interpretasie.

Die Kommissie het die reg om sinodebesluite oor sake rakende die terrein van die Kommissie te interpreteer en sodanige interpretasie as advies te gee. Slegs 'n sinode van die APK mag egter 'n vorige sinodebesluit gesaghebbend en finaal interpreteer of wysig of herroep.

2.2.4. Binding.

Die Kommissie is gebind aan die Belydenisskrifte en Kerkorde van die APK asook aan sinodebesluite.

2.2.5. Rapport.

Die Kommissie word deur 'n sinode van die APK saamgestel en moet gevolglik van al sy werksaamhede aan die volgende sinode skriftelik rapport lewer. Die Kommissie rapporteer nie aan 'n ander kommissie nie en is nie bevoeg om as regter tussen kommissies op te tree nie.

2.2.6. Openbare optrede.

Die Kommissie mag homself nie aandien as "die APK" of as "die sinode" nie. Die Kommissie kan nooit as 'n sinode tussen verskillende sinodes funksioneer nie. Desnieteenstaande mag die Kommissie standpunte van sinodes oor sy werkterrein in die openbaar (oor die radio, op TV en in die pers) via die kommissie wat die mandaat daartoe van 'n sinode ontvang het, stel indien dit nodig en gewens mag wees.

2.2.7. Beskrywingspunte.

Beskrywingspunte vir 'n sinode, wat op die terrein van die Kommissie val, word deur die Kommissie voor die sinode bestudeer sodat die Kommissie se aanbeveling saam met die beskrywingspunt op die sinode kan dien. Die Kommissie moet hom daarvan vergewis of vorige sinodes van die APK reeds besluite geneem het wat die beskrywingspunt raak. Indien die Kommissie oordeel dat 'n beskrywingspunt by 'n ander kommissie tuishoort,

verwys hy dit direk na daardie kommissie en rapporteer aan die volgende sinode oor die verwysing.

2.2.8. Indeks.

Die Kommissie stel 'n indeks van alle sinodebesluite wat op sy terrein val, op en bring die indeks jaarliks op datum. Hierdie indeks vorm nie deel van sy rapport aan die sinode nie, maar moet wel deur die Kommissie vir die sinode beskikbaar gehou word.

2.2.9. Sakelys van Kommissie.

Die Kommissie hanteer slegs sake wat op sy terrein val en waartoe hy van 'n sinode volmag ontvang het.

2.2.10 Lasgewing.

Die Kommissie

2.2.10.1. word deur die persoon wat deur die sinode as same-roeper aangewys is, byeengeroep met die oog op die verkiesing van 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en ander funksionariese wat die Kommissie nodig mag ag;

2.2.10.2. besorg op sy eerste vergadering 'n kopië van sy eie lasgewing aan elke lid van die Kommissie, en dra sorg dat elke lid met die inhoud daarvan vertrouwd is;

2.2.10.3. vergader minstens een keer per jaar. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die secundi opgeroep;

2.2.10.4. hou notule van al sy vergaderinge;

2.2.10.5. stel 'n rapport vir die volgende sinode op. Hierdie rapport moet die riglyne vir rapport, wat deur die sinode vasgestel is, volg - dat sal gevolglik 'n begroting en konsep-lasgewing vir die te-benoemde Kommissie bevat;

2.2.10.6. doen by sinodes aanbevelings ten opsigte van wysigings aan hierdie lasgewing.

2.3. Konsep-lasgewing vir elke permanente sinodale kommissie.

(Die volgende word t.o.v. elke kommissie bygevoeg na 2.2.10.6. as voortsetting van elke kommissie se lasgewing.)

2.3.1. SKK

Die Kommissie

2.3.1.1. stel 'n dagbestuur saam;

2.3.1.2. bepaal die tyd en plek van die volgende sinode van die APK en roep die sinode betyds op;

2.3.1.3. beveel by elke sinode die tydsduur van die sinode aan;

2.3.1.4. stel die konsepsakelys vir die volgende sinode op;

2.3.1.5. tref alle praktiese reëlings vir die hou van 'n sinode, bv. die reëlings van verblyf en etes van afgevaardigdes;

2.3.1.6. ontvang geloofsbriewe van afgevaardigdes na 'n sinode en rapporteer ter vergadering daarvoor;

2.3.1.7. dra verantwoordelikheid vir die publiseer en verspreiding van die handelinge van die sinodes;

2.3.1.8. Gaan die statistiek van ringe na (soos jaarliks na die Argief deurgestuur) en rapporteer globaal daarvoor aan elke sinode;

2.3.1.9. oorweeg aansoeke van persone wat predikante in die

APK wil word, en wat tydens aansoek bedienaar van die Woord in ander kerkverband is; 'n persoon wat so toegelaat word, kan deur die SKK in reisende diens in die kerke in kerkverband gebruik word. In sodanige geval ontvang die persoon sy opdragte van die SKK en word hy deur lg. getrakteer totdat hy 'n beroep aanvaar (lees hiermee saam die besluite oor reisende leraars);

2.3.1.10 dien as skakel t.o.v. interkerklike verhoudinge, maar voer in die hoedanigheid slegs sinodebesluite uit. Alleen 'n sinode kan besluit of daar enger korrespondensie met 'n ander kerkverband mag bestaan;

2.3.1.11 wys jaarliks 'n redaksiekommissie vir die Boodskap per aan. Die redaksiekommissie werk onder toesig van die SKK;

2.3.1.12 doen aanbevelings aan kerkrade t.o.v. nasionale dae van verootmoediging;

2.3.1.13 stel jaarliks 'n gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing deur ringe op asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe;

2.3.1.14 hanteer alle voorkomende sake wat nie op die terrein van enige ander permanente kommissie val nie, en ook nie hierbo gedek is nie. Die hantering geskied egter altyd met inagneming van die volgende:

2.3.1.14.1. sake wat by 'n plaaslike kerk alleen tuisshoort, word nie behandel nie;

2.3.1.14.2. sake wat by 'n ring tuisshoort, word daarheen verwys;

2.3.1.14.3. die sweem mag nie bestaan dat die SKK as "sinode" of as "hoofkommissie" fungeer nie;

2.3.1.14.4. oor kontensieuse sake word geen besluite geneem nie, maar dit word na die volgende sinode verwys.

2.3.1.15 die dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling;

2.3.1.16 behartig skakeling namens sinodes met die owerheid ooreenkomstig Kerkorde art. 57.5;

2.3.1.17 behartig interkerklike verhoudinge;

2.3.1.18 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die SKK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.2. Die Kuratorium

Die Kuratorium

2.3.2.1. stel 'n dagbestuur saam;

2.3.2.2. wys subkommissies aan soos hy dit van tyd tot tyd nodig ag;

2.3.2.3. behartig die redaksie en uitgawe van 'n Teologiese Blad;

2.3.2.4. meubileer die Teologiese Skool, dosente-kantore, kantore vir kantoorpersoneel van die teologiese skool, in oorleg met die RKA;

2.3.2.5. stel personeel vir die kantoor aan en besluit oor hulle diensvoorwaardes, salarisse en ontslag;

2.3.2.6. bestuur en beheer die Teologiese Skool. Dit sluit ook die uitvoering en toepassing van Kerkorde art. 6 en 7.3 in;

PKKEN 8

- 2.3.2.7. oefen beheer uit oor die fondse van die Kuratorium en Teologiese Skool (waaronder die belê van fondse, besteding daarvan, boekhouding, ouditering, ens.);
- 2.3.2.8. implimenteer die besluite van en oor die Kuratorium as regs persoon vir solank die Kuratorium 'n regs persoon is;
- 2.3.2.9. skakel met die betrokke gemeente(s) wat by die beroeping van teologiese dosente betrokke is (kyk goedgekeurde beroepsprosedure);
- 2.3.2.10. oorweeg aansoeke van persone wat tevore reeds predikante was en nou predikant in die APK wil word maar wat tydens datum van aansoek nie meer bedienaar van die Woord was nie. Indien 'n aansoek slaag, word aan die persoon proponentstatus toegeken (hy word gelegitimeer) en word hy beroepbaar gestel;
- 2.3.2.11. bedien sinodes met advies t.o.v. die volgende:
 - 2.3.2.11.1. wysiginge in leerplanne van teologiese studente;
 - 2.3.2.11.2. wysiginge in toelatingsvereistes vir teologiese studente;
- 2.3.2.12. administreer beurse en lenings van voorbereidende en teologiese studente; dit sluit die beslissing oor aansoeke, invordering van leningskuld ens. in;
- 2.3.2.13. behartiging van ooreenkomste met oefenaars. Die Kuratorium bepaal hoedanig die jaarlikse vordering van oefenaars t.o.v. die verwerwing van die nodige kwalifikasies moet wees. Indien vordering nie volgens die reëling van die Kuratorium geskied nie, kan die oefenaarskap deur die Kuratorium beëindig word;
- 2.3.2.14. oefen beheer uit oor die Biblioteek van die Teologiese Skool;
- 2.3.2.15. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kuratorium mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.3. Argief, Video's en Foto's.

Die Kommissie

- 2.3.3.1. versamel en bewaar alle argiefmateriaal;
- 2.3.3.2. stel 'n behoorlike indekstelsel op wat die argiefstukke vir navorsers toeganklik maak;
- 2.3.3.3. beheer die toegang tot en gebruik van argiefmateriaal op so 'n wyse dat dit nie verlore of beskadig raak nie;
- 2.3.3.4. reël dat foto's en video's by geskiedkundige geleenthede geneem word en dat dit in die argief opgeneem word;
- 2.3.3.5. beywer hom vir die daarstelling van 'n veilige en brandvaste bergplek vir argiefmateriaal;
- 2.3.3.6. skakel voortdurend met ringe, kerkgrade en permanente kommissies m.d.o. op 'n argiefbewustheid;
- 2.3.3.7. reël by geleentheid uitstallings en bekendstellings bv. tydens byeenkomste waar alle predikante of kommissies byeen is;
- 2.3.3.8. bedien kerkgrade en ringe van advies t.o.v. die inrigting van hul eie argiewe;

PKKEN 9

- 2.3.3.9. hou rekord van versoeke wat aan kerkgrade en ringe gerig is, en volg korrespondensie op indien nodig;
- 2.3.3.10. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.
- 2.3.4. Barmhartigheidsdienste.

Die Kommissie

 - 2.3.4.1. voorsien kerkgrade op versoek van advies m.b.t. barmhartigheidsdienste, maar skryf nooit voor nie;
 - 2.3.4.2. formuleer aanbevelings vir sinodes oor beskrywingspunte t.o.v. barmhartigheidsdienste;
 - 2.3.4.3. tree as skakel op wanneer die AP-Kerke 'n gesamentlike barmhartigheidsinrigting loods;
 - 2.3.4.4. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.
- 2.3.5. Finansies.

Die Kommissie

 - 2.3.5.1. pas begrotingsbeheer oor die finansies van sinodes (insluitend kommissies van sinodes) toe;
 - 2.3.5.2. kontroleer maandeliks inbetalings van gemeentes;
 - 2.3.5.3. lê aan elke sinode 'n begroting voor met inagneming van sinodale inkomste en uitgawes sedert die vorige sinode;
 - 2.3.5.4. adviseer die SKK en Kuratorium t.o.v. die besteding van sinodale fondse;
 - 2.3.5.5. lewer finansiële advies aan ringe en kerkgrade wanneer ringe en kerkgrade daarom vra;
 - 2.3.5.6. gaan die geouditeerde finansiële state t.o.v. die SKK, RKA en Kuratorium na en adviseer sinodes in hier voege;
 - 2.3.5.7. gaan besteding deur alle permanente kommissies na en wys alle oorbesteding uit. Die FK rapporteer hieroor aan die eersvolgende sinode;
 - 2.3.5.8. verleen advies aan alle permanente kommissies sodat uitgawes aangepas word by inkomste;
 - 2.3.5.9. herinner kerkgrade wat hulle oorbetalings nie betyds aan die kerkkantoor stuur nie, aan betrokke sinode besluite;
 - 2.3.5.10. beplan en implimenteer dokumentasie wat nodig is vir die vlot hantering van sinodale fondse;
 - 2.3.5.11. adviseer die sinode t.o.v. riglyne vir sinodale begrotings (kyk besluite van sinode van 1988);
 - 2.3.5.12. hersien jaarliks die traktementskaal van predikante. Dit word as riglyn aan alle gemeentes deurgegee;
 - 2.3.5.13. besin van tyd tot tyd oor reiskostetariewe. Die Kommissie besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkgrade;
 - 2.3.5.14. hanteer alle sake rakende die pensioenfonds vir predikante, dosente en kantoorpersoneel; verder skakel die Kommissie met die mediese skema;
 - 2.3.5.15. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die FK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.6. Formuliere en Liturgie.

Die Kommissie

- 2.3.6.1. dra sorg vir die opstel van 'n Kerkboek soos deur die sinodes goedgekeur en behartig alle gewysigde en ongewysigde herdrukke;
- 2.3.6.2. bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte oor die liturgie en formuliere m.d.o. op advies aan die volgende sinode;
- 2.3.6.3. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.7. Getuienis en dissipelskap.

Die Kommissie

- 2.3.7.1. bring onderwerpe waaraan daar behoefte aan publikasie is, onder die aandag van sinodes;
- 2.3.7.2. organiseer die totstandkoming van preekbundels, dagboeke, Bybelstudiehandleidings en evangelisasie- en sendinglektuur; behartig die keuring daarvan en stuur dit deur na die RKA wat as uitgewer optree;
- 2.3.7.3. organiseer die daarstelling en publikasie van lektuur wat in hospitale gebruik kan word;
- 2.3.7.4. adviseer kerkrade via sinodes oor die hantering van kerkloses en kerklosses;
- 2.3.7.5. stel jaarliks 'n boodskapreeks vir die pinksterweek aan kerkrade beskikbaar wat dit mag gebruik na goeddunke;
- 2.3.7.6. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.8. Jeug en Verbondsonderrig.

Die Kommissie

- 2.3.8.1. is verantwoordelik vir die opstel van handboeke vir verbondsonderrig;
- 2.3.8.2. adviseer kerkrade via sinodes t.o.v. registers, kaartstelsels en diplomas wat by verbondsonderrig gebruik kan word; ook t.o.v. toerusting van verbondsonderrigleerkragte, handleidings vir leerkragte ens.; (*)
- 2.3.8.3. sorg vir die opstel van belydenisafleggingskaarte, verbondsonderrigdiplomas, -registers, -kaarte, -seëls, ens. wat kerkrade mag benodig;
- 2.3.8.4. adviseer kerkrade op versoek van sinodes t.o.v. gemeenskaplike aangeleenthede; (*)
- 2.3.8.5. voorsien die SKK van wenke m.b.t. vrae oor die jeug wat in die gemeentelike verslagvorm opgeneem kan word;
- 2.3.8.6. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.
(*) 2.3.8.2 en 2.3.8.4 is adviese en moet nie as voorskrifte beskou word nie.

2.3.9. Kapelaansdienste.

Die Kommissie

- 2.3.9.1. dien as skakel tussen die APK, die beskermingsdienste en nywerheidsbediening;
- 2.3.9.2. bedien kerkrade van inligting t.o.v. dienspligtiges en kapelane;
- 2.3.9.3. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.

2.3.10. Kerkleer en Etiese Norme.

Die Kommissie

- 2.3.10.1. bestudeer alle beskrywingspunte en briewe en ander stukke wat met die belydenisskrifte en die besluite van die sinodes wat met leerstellige en etiese sake te doen het, m.d.o. op 'n aanbeveling aan die volgende sinode; dit sluit sake in soos sekteverskynsels, valse godsdienste, die vrou in die amp, geheime organisasies, die ontugwet, sabbatsontheiliging, dobbelary, dans, gemengde huwelike, gesamentlike aanbidding, apartheid, instromingsbeheer, perdewedrenweddenskappe, verderflike bioskoop, films oor die Bybelse geskiedenis of Bybelse figure, "kinderbybels", lastering van die Naam van die Here, godsdienstige strominge, Chiliasme, okkultisme, ens.;
- 2.3.10.2. skakel ten nouste met die PKvKS waar besinning ook kerkregtelike implikasies het;
- 2.3.10.3. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.11. Kerksang en -musiek.

Die Kommissie

- 2.3.11.1. stel hom ten doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die APK daar te stel vir gebruik in die erediens sowel as ander byeenkomste in die plek van die huidige Psalm- en Gesangeboek;
- 2.3.11.2. werk intussen saam met die ander drie Afrikaanse kerke aan die hersiening van die Psalms;
- 2.3.11.3. koöpteer kundiges met o.a. musiek- en letterkundige agtergrond;
- 2.3.11.4. lê van tyd tot tyd gekeurde liedere aan gemeentes voor vir toetsing en kommentaar aan die Kommissie;
- 2.3.11.5. bekom die nodige kopiëreg voordat 'n lied uit 'n ander bundel in ons eie bundel opgeneem word;
- 2.3.11.6. lê sy produk aan 'n sinode van die APK voor vir goedkeuring;
- 2.3.11.7. bied via sinodes leiding aan orreliste in die plaaslike kerke;
- 2.3.11.8. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.12. Kerkregtelike Sake.

Die Kommissie

- 2.3.12.1. adviseer sinodes oor enige beskrywingspunt, beswaar of versoek wat met die kerkorde, bepalinge, orde-

PKKEN 12

- reëls, vergaderingprosedures en ander kerkregtelike sake te doen het;
- 2.3.12.2. adviseer sinodes by die hantering van apèlle en by kondoneringsake;
 - 2.3.12.3. adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ringe en permanente kommissies t.o.v. kerkregtelike sake slegs indien advies gevra word;
 - 2.3.12.4. lewer insette t.o.v. die kerkregtelike korrektheid van kerklike dokumente (bv. briefhoofde, doopsertifikate, attestate, aktes, ens.);
 - 2.3.12.5. kan gebruik maak van 'n regsadviseur wat deur 'n sinode goedgekeur is;
 - 2.3.12.6. dien sinodes met advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde, bepalings van die Kerkorde, ordereëls en besluite van 'n vorige sinode;
 - 2.3.12.7. doen aanbevelings aan sinodes t.o.v. die hersiening van die Kerkorde, bepalings van die Kerkorde en ordereëls vir kerklike vergaderings. Die kommissie behartig die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publiserings daarvan na 'n sinodale vergadering;
 - 2.3.12.8. gee voorligting waar 'n lid van die moderamen van 'n sinode of 'n lid van 'n tydelike en/of 'n permanente kommissie van 'n sinode of amptenaar van die kerkkantoor of Teologiese Skool a.g.v. sy/haar ampspligte betrokke raak by gemeenregtelike sake of 'n hofgeding;
 - 2.3.12.9. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die KvKS mag gee as deel van hierdie lasgewing.

2.3.13. Onderwys en Opvoeding.

Die Kommissie

- 2.3.13.1. adviseer sinodes (en daarmee kerkrade) t.o.v. Christelik-nasionale onderwys;
- 2.3.13.2. moedig via sinodes ouers, onderwysers, opvoedkundiges en vakspesialiste aan om 'n wakende oog te hou oor opvoedingsinhoud en leerplanne en handboeke in alle vakgebiede, maar veral in Bybelonderrig, Bybelkunde, Geskiedenis en letterkunde;
- 2.3.13.3. gee die lidmate en kerkrade via die sinode leiding om volkseie skole (insluitende bewaarskole en preprimêre skole) te handhaaf en te beywer vir volkseie tersiêre inrigtings;
- 2.3.13.4. beywer hom vir informele Christelike opvoeding d.m.v. jeugkampe en veldskole. Hierin word met die kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig saamgewerk;
- 2.3.13.5. doen langer-termyn beplanning m.d.o. op eie tersiêre onderwys (kollege en/of universiteit), moontlik op die Vaalrivierterrein;
- 2.3.13.6. dien as skakel tussen die sinodes en onderwysinstellings en -owerhede;
- 2.3.13.7. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.

PKKEN 13

2.3.14. Sending.

Die Kommissie

- 2.3.14.1. neem as vertrekpunt art. 47 van die Kerkorde;
- 2.3.14.2. bring van tyd tot tyd praktiese riglyne onder die aandag van kerkrade wanneer deur sinodes versoek;
- 2.3.14.3. evalueer die gemeenskaplike sendingsituasie gedurig m.d.o. aanbevelings aan sinodes;
- 2.3.14.4. identifiseer binne- en buitelandse sendingvelde;
- 2.3.14.5. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

2.3.15. Redaksie van die Boodskapper.

Die Kommissie is verantwoordelik vir

- 2.3.15.1. die gereelde verskyning van die Boodskapper;
- 2.3.15.2. die insameling, keuring en plasing van leesstof;
- 2.3.15.3. werwing van adverteerders om so die koste te besnoei;
- 2.3.15.4. werwing van intekenaars, met die ideaal dat by elke besoekpunt in elke gemeente 'n Boodskapper besorg word;
- 2.3.15.5. versending van eksemplare aan die kerkkantoor van die Gereformeerde Kerke, Hervormde Kerk en NGK, aan ons eie argief en aan strategiese punte in die beskermingsdienste;
- 2.3.15.6. uitvoer van ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee en beskou sodanige opdragte as deel van hierdie lasgewing.

3. Toegang van sinodale kommissies tot kerkrade en gemeentes.3.1. Aanbevelings:

Die sinode besluit:

- 3.1.1. Alle permanente kommissies tree slegs ooreenkomstig goed-omskrewe opdragte deur die sinode op.
- 3.1.2. Geen permanente kommissie kan as 'n hoofkommissie beskou word, of as 'n sinode in interim nie.
- 3.1.3. Alle permanente kommissies rapporteer slegs aan hul opdraggewer, nl. die sinode.
- 3.1.4. Geen persoon, geen kommissie, selfs nie 'n sinode mag direk met 'n gemeente skakel met verbygaan van die plaaslike kerkraad nie. Jesus Christus regeer deur sy Woord en Gees in die plaaslike kerk (gemeente) en in die proses gebruik Hy die kerkraad. Geen mens, instansie, liggaam of wie ookal het die reg om die gemeente direk te nader nie. Daar moet met die kerkraad geskakel word. Die kerkraad is 'n regspersoon en gevolglik handelingsbevoeg.
- 3.1.5. Wanneer 'n permanente kommissie dit vir die uitvoering van sy sinodale opdrag nodig ag om met gemeentes (d.w.s. met kerkrade) te skakel (bv. d.m.v. vraelyste of korrespondensie), doen hy dit d.m.v. die administrateur t.w.v. ko-ordinasie. I.g.v. botsende reëlins deur verskillende kommissies, bring die administrateur dit onder die aandag van die betrokke kommissies wat,

na onderhandeling met mekaar daaroor en ko-ordinasie van die reëlins, hulle onderskeie skrywes aan die gemeentes rig. Hy mag egter van die masjinerie van die kerkkantoor gebruik maak (tiksters, kopieermasjien, ens. via die administrateur.).

- 3.1.6. Dieselfde geld indien 'n permanente kommissie oordeel dat hy inligting of advies van 'n ander permanente kommissie benodig: hy skakel (m.b.v. die masjinerie van die kerkkantoor indien hy so verkies) direk met daardie ander kommissie. Hy bly egter self verantwoordelik vir sy aanbeveling by die volgende sinode.

4. Campus Crusade for Christ.

4.1. Aanbevelings:

Die sinode besluit:

- 4.1.1. Die sinode besluit dat Campus Crusade for Christ (CCC) by gemeentelêde afgekeur moet word omdat hulle beweeg op die terrein van die plaaslike kerk.
- 4.1.2. Die sinode besluit dat die studiestuk oor CCC wat voor die kommissie gedien het, in die Boodskapper moet verskyn.

4.2. Motivering:

Alhoewel CCC sê hy is nie 'n kerk nie en wil slegs 'n diensaksie van die kerk wees, kan 'n mens hieroor 'n paar vrae stel. Sy selfstandige optrede langs die kerk is tog 'n duidelike bewys dat hy in kompetisie met die kerk is. Die aard van sy kursusse wat hy aanbied is dan ook 'n oorvleueling van dit wat tot die taak van die kerk tuishoort. So vind 'n mens by hulle die volgende: 'n musiekbediening, 'n hospitaalbediening, 'n gevangenisbediening, 'n professionele bediening, 'n tienerbediening en 'n militêre bediening. Op hierdie wyse is hulle besig om op die werksterrein van die kerk in te beweeg en is dit net te verwagte dat daar een of ander tyd spanning gaan ontstaan. Veral waar net 'n groepie lidmate hierby betrokke raak en ander hulle skaar by die normale gemeentebediening. Die kerk van Jesus Christus het 'n verantwoordelikheid wat nie oordraagbaar is nie en wat binne die struktuur van die gemeente tot uiting kom. (Uittreksel uit verslag genoem in 4.1.2.)

5. Vertroulike organisasies.

5.1. Beskrywingspunt:

5.1. Dr. M.F.M. Pretorius:

- 5.1.1. Deur die eeue voor en na Christus was daar geheime organisasies want die mens was altyd aangetrek deur die misterieuse en geheimsinnige. Oor die algemeen was dit ook die heidense mense wat sulke geheime organisasies gestig het. Waar dit wel christene was wat geheime organisasies gestig het, was die gevolg daarvan altyd dat die aanvanklike goeie en edel doel van die geheime organisasie mettertyd verlore gegaan het en het hulle nie meer die goeie nie maar verkeerde dinge

begin doen.

In ons eie land het ons die voorbeeld van die Vrymesselary wat in die 18de eeu eers uit Nederland (êrens na 1756) en toe uit Engeland na die eerste Britse besetting van 1795, na Suid-Afrika oorgeplant is. Dit is bekend dat goeie Christenmense en volksleiers soos o.a. Piet Retief, MW Pretorius, NJ Diedrichs almal lede van die Vrymesselary was, seker veral omdat hulle doelstellings so goed is en omdat die laer orde lede in elk geval nie eers geweet het van die gekonkel en selfs bese bese dinge wat in die hoër ordes aangegaan het nie.

Verder het die Afrikaner Broederbond wat in 1918 gestig is, maar eers aan die begin van die dertiger jare 'n geheime of vertroulike klousule in hulle grondwet bygekry. Hier was die organisasie aanvanklik 'n oop organisasie wat hulle doelstellings bekend gemaak het en mense uitgenooi het om by hulle aan te sluit. Vergelyk die brief van LJ Erasmus, Hoofsekretaris van die Afrikaner Broederbond in die korrespondensiekolomme van die Kerkbode, 7 Julie 1921 "...('n beweging) waar elke suiwer opregte Afrikaner kan aansluit..." Volgens prof. At Pelzer in sy boek oor die Afrikaner Broederbond se eerste 50 jaar het die AB om praktiese redes in 1932 finaal besluit om 'n geheimhoudingsklousule in hulle grondwet in te bring nadat hulle reeds vanaf 1922 op Bondsraadsvergaderings vir en teen geheimhouding besluit het. (Pelzer, p. 12-22) Hier glo ek, het die Satan wat hom soms kan voordoen as 'n engel van die lig, die Uitvoerende Raad van die AB om die bos gelei en hulle oorreed om so 'n vertroulikeheidsklousule in die konstitusie in te bring. Voordat en nadat hierdie besluit geneem is en in werking gestel is, het sover my kennis strek die AB nooit 'n werklik deeglike studie van die grondliggende Christelike-etiese beginsels waarop 'n Christen aan 'n geheime en/of vertroulike organisasie mag behoort, gedoen nie. Blykbaar het die vertroulike aard vir hulle die gewenste resultaat meegebring en was dit vir hulle genoeg en is hulle gewetens wat hierdie saak betref, toegeskroei. Die feit dat groot kerkmanne, predikante en teologiese professore asook ouderlinge wat o.a. leiers in die samelewing was, ingeval het by die geheimhouding, was vir die meeste lede genoegsaam rede waarom dit eties reg sou wees om aan 'n geheime organisasie te behoort. Die verdere feit dat die opponerende magte van die internasionalisme, liberalisme, humanisme, marxisme en neo-marxisme gebruik maak van geheime bewegings, was vir die AB genoegsaam rede om selfs ook nou in die geheim te opereer en dus van die onbybelse, wêreldse metode (wapen) gebruik te maak om die magte van die duisternis te beveg. Dus, i.p.v. met die wapens van die lig te stry teen die magte van die duisternis (Rom 13:12) gord die lede van die geheime organisasie nou die wapens van die duisternis aan om die magte van die duisternis (marxisme ens) te

bestry. Dit kan tog nie werk nie en die verloop van die tyd het dit ook uitgewys dat die geheimhoudingsklousule 'n groter geleentheid tot knoeiery en diskriminasie teen mede-Afrikaners en mede-Christene, gegee het. A.g.v. die linkse kaping van die AB het regse, behoudende lede van die organisasie ongeveer in 1982/83 bedank uit die AB en saam met 'n paar ander behoudende Afrikaners (wat nie lede van die AB was nie) 'n nuwe geheime en/of vertroulike organisasie gestig nl. Toekomsgepres (TG) As gevolg van die vermeende suksesse wat die AB met hulle geheime vertroulike aard bereik het, het hierdie nuwe organisasie reg van die stigting af 'n geheime en vertroulike lidmaatskap en werkwyse, gehad. Juis omdat hy die AB en die Vrymesselary wou beveg. Dis interessant om daarop te let dat alle geheime en/of vertroulike organisasies 'n verklaarde vyand het wat beveg moet word. Ek is oortuig daarvan dat hierdie nuwe geheime en/of vertroulike organisasie wat op Christelike-nasionale grondslag staan noodwendig ook maar uiteindelik dieselfde pad as die AB sal loop, nie omdat hul doelstellings verkeerd is of omdat dit swak Afrikaners is wat daaraan behoort nie, maar omdat hulle die Bybelse, Christelike beginsels in verband met hul geheime en vertroulike aard, verwerp. Hoewel TG via sommige lede gevra is om hulle redes vir hulle geheime en/of vertroulike aard, uit die Skrif te regverdig het hulle na 9 maande nog nie die bewyse gebring nie. Daarom was die aanbeveling van die Sinodale Kommissie vir Kerkleer en Beleid aan die Sinode van die APK 1988 'n goeie voorstel. Dit het gelui: "Die kommissie beveel by die sinode aan dat 'n ad hoc kommissie aangestel word om 'n volledige verslag uit te bring t.o.v. die standpunt van die Kerk oor Vrymesselaars, Broederbond en Toekomsgepres" (p. 246 Agenda Sinode, 22-26 Aug. 1988) Ek sou daarby net wou amendeer dat die APK 'n beginselstandpunt moet stel of 'n Christen aan enige geheime en/of vertroulike organisasie mag behoort. Verder sou ek wil hê dat die ad hoc kommissie moet bestaan uit lede wat nie self aan geheime en/of vertroulike organisasies behoort nie. Dit is tog 'n aanvaarde Gereformeerde kerkregtelike beginsel dat 'n mens nie oor 'n saak kan oordeel waarin jyself belange het nie. Uit die aard van die saak sal die ad hoc kommissie lede van sulke organisasies moet aanhoor en/of skriftelike verslae van die organisasies moet bestudeer.

5.1.2. Wat die Christelik-etiese aspek van die lidmaatskap van die Christen aan geheime en/of vertroulike organisasies betref die volgende:

5.1.2.1. Kan 'n organisasie werklik geheim en/of vertroulik wees sonder om die 9de gebod te oortree. 'n Gewese lid vandie AB het verklaar dat hy altyd ongemaklik gevoel het om sy eie of medelede se lidmaatskap geheim te hou om 'n sg. noodleuen te vertel of te

verswyg dat hy na 'n AB vergadering gaan.

5.1.2.2. Die stigting van en behoort aan 'n geheime organisasie deur lidmate van 'n Christelike kerk (of kerke) beteken onmiddellik die verwek van partyskap en verdeeldheid in 'n gemeente of kerk (vgl. o.a. I Kor. 1-3). Die gemeente moet juis saamgebond word deur hulle innige verbondenheid aan hul hoof nl. Christus. Wanneer daar nou nog 'n verbondenheid aan mekaar kom van sommige lidmate van die gemeente dan beteken dit dat hierdie groep nie meer so verbonde is aan die res van die gemeente wat nie lede van die geheime organisasie is nie. 'n Vraag wat ook by 'n mens opkom is hoe dit werk dat lede van 'n geheime organisasie oor die kerkgrense van 4 Afrikaanse Protestantse Kerke heen lede kan wees van die geheime organisasie waar hulle hartlik saamwerk maar wanneer dit weer vir hulle nodig (nuttig) is dan bestry hulle mekaar lustig op kerklike terrein. (Is dit dalk voordeliger om invloed uit te oefen in 4 kerke en nie net in een of twee kerke nie?)

5.1.2.3. Dit veroorsaak dat daar 'n wantroue kom tussen lede van die liggaam van Christus as 'n deel van die liggaam aan 'n geheime organisasie behoort van wie die lidmaatskap geheim (of vertroulik) is; van wie die program van beginsels en doelstellings geheim is en wie se werksaamhede nie bekend is nie. Waar daar wantroue is kan daar nie die liefde wees wat tussen Christene behoort te wees nie.

5.1.2.4. Dit lei tot selfverheffing want net "goeie" Christen Afrikaners word uitgekies om daaraan te behoort. Die lede verhef hulle dus bo die Christen Afrikaners wat nie aan hulle organisasie behoort nie.

5.1.2.5. Hierdie organisasies veroorsaak onnodige spanning tussen Christene en Afrikanervolksgenote. Die spanning word o.a. veroorsaak deurdat daar nie meer die openlike vrymoedigheid is om met mekaar te praat nie.

5.1.2.6. Om hulle doelstellings te bereik is dit noodsaaklik dat die lede van die geheime organisasies invloed moet uitoefen en omdat dit in die geheim gedoen word, kan mense wat selfs benadeel word deur hierdie verkryging van invloed, hulle self nie verweer of verdedig nie.

5.1.2.7. Omdat dit natuurlik is dat jy voorkeur gee aan mense wat jy ken en aan wie jy verbonde is deurdat trou beloof is aan dieselfde doelstellings, is die risiko groter dat gediskrimineer sal word teen Christen Afrikaners wat net so bekwaam (of selfs bekwaamer) is op die terrein van politiek, kultuur en selfs kerk. Hierdie diskriminasie kan natuurlik ook omgekeerd plaasvind nl. dat jy nie vir iemand kies of stem omdat jy weet of vermoed hy behoort aan 'n geheime organisasie, maar dan bly die rede vir die diskriminasie nog steeds die bestaan van die geheime organisasie en mense se weerstand daarteen.

- 5.1.2.8. Dit kan lei tot die ontduiking van verantwoordelikheid want omdat 'n saak wat in die geheim aangepak is en misluk, nie ten laste van die lid of lede of organisasie self, gelê kan word nie.
- 5.1.2.9. Lede van geheime organisasies onttrek hulle gedeeltelik aan die opsig en tug van die kerk wat die kerkraad weet (normaalweg) nie dat hulle lede is nie (en as hulle weet) weet hulle nie wat die doelstellings is nie en weet ook nie wat die lede doen nie (Vgl. Joh. 3:20) Deur hierdie onttrekking word die goeie funksionering van die liggaam van Christus belemmer.
- 5.1.2.10 Ek is oortuig daarvan dat wanneer daar 'n botsing van belange tussen die van die organisasie en die van die kerk (gemeente) van die Here plaasvind dan word die hoogste lojaliteit nie altyd aan die Here se belange betoon nie maar aan die van die organisasie en weereens kan dit as gevolg van die geheime/vertroulike aard van die organisasie nie vasgestel of bepaal word nie.
- 5.1.2.11 Sleutelposisies in die kerk kan (en is dikwels in die verlede) deur lede van 'n geheime organisasie beset (op heeltemal wettige wyse of selfs met vooraf afspraak) en dan kan of mag hulle hul invloed misbruik o.a. om die goeie doelstellings van die organisasie te bevorder wat nie noodwendig die beste vir die kerk van Christus sal wees nie. Sulke lede van 'n geheime organisasie wat bv. op die moderatuur of op 'n sinodale kommissie van 'n kerk dien kan (en het al in die verlede) gesorg dat daar tot op hede nog nie 'n objektiewe, omvattende ondersoek na sg. Christelik-Nasionale geheime organisasies gedoen is nie.
- 5.1.2.12 Van ons as Christene word verwag dat ons ware navolgers van Jesus Christus, die Hoof van die Kerk sal wees (vgl. o.a. I Petr. 2:21). Jesus self het gesê dat Hy in die geheim niks gepraat het nie (Joh. 18:20) Hoe kan 'n groep Christene dan nou in die geheim bymekaar kom en in die geheim praat? Ons moet tog ook soos Christus die lig van die wêreld wees (Joh. 8:12) vgl. ook Matt. 5:14-16)
- 5.1.2.13 Was dit nie oneties dat lede van 'n geheime en/of vertroulike organisasie wat lede was van die 1987 APK Sinode toegelaat het (of dalk die voorstel gemaak het?) dat 'n voorstel aanvaar is waarin sensuur toegepas word op lede van die Vrymesselary en die AB daarin dat hulle nie op 'n APK kerkraad mag dien nie? M.a.w. hulle gebruik (misbruik?) die kerk om 'n hou in te kry teen hulle politieke/kulturele opponente (Sien besluit op p 49)
- 5.1.2.14 Hoe kan 'n lid van 'n geheime en/of vertroulike organisasie werklik voortdurend sy lig laat skyn (Matt. 5:14-16 en Ef. 5:8) as hy vir 'n leeftyd (of 'n korter periode) aan 'n geheime organisasie behoort en in die geheim werk?
- 5.1.2.15 Volgens die AB se doelstellings wil hulle nie op die

- terrein van die kerk opereer nie, tog lê hulle geloofsmaatstawwe aan vir lidmaatskap van hul organisasie. Hulle onderneem ook om die belange van die Christelike kerk te bevorder vir sover dit op sy weg le, se die AB. Hoe gaan hulle dit regkry sonder om op die kerklike terrein te opereer?
- 5.1.3. Verder kyk ons nou na sommige redes wat deur lede van geheime organisasies aangevoer word vir hulle vertroulike of geheime aard:
- 5.1.3.1. Hulle sê dat kerklike vergaderings ook vertroulik van aard is:
- 5.1.3.1.1. By die ampsgeheim gaan dit om persoonlike geheime wat aan 'n ampsdraer bekend gemaak word; by die geheime organisasie is dit 'n metode om sekere oogmerke te bereik.
- 5.1.3.1.2. Sg. geheimhouding by kerklike vergaderings: Besluite van kerklike vergaderings is nie geheim nie maar vir almal toeganklik (elke lidmaat kan insae vra van die notules) Die meeste besluite van kerklike vergaderings word deur afkondigings en publikasie in kerklike blaai bekend gemaak. Verder is die lede van 'n kerkraad aan almal bekend (hulle name en adresse word afgekondig en hulle word in die openbaar in hul amp bevestig) Kerklike vergaderings word in die openbaar bekend gemaak. Daarteenoor is die lidmaatskap, vergadering en besluite van geheime organisasies vertroulik en geheim.
- 5.1.3.2. Daar word beweer dat hulle sulke goeie doelstellings het en sulke goeie werk doen maar hulle mag dit nie bekend maak nie en dus kan dit nie werklik beoordeel word nie.
- 5.1.3.3. Hulle sê 'n mens se linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie (Matt. 6:3) en daarom doen hulle goeie werke in die geheim. Hierdie teksvers handel uitsluitlik oor die doen van goeie werke d.w.s diens van barmhartigheid alimentasie ens. terwyl dit maar een van die bysake by die doelstellings van die geheime en/of vertroulike organisasies is.
- 5.1.3.4. Die AB beweer "geheimhouding is 'n praktiese manier van handeling en nie 'n beginselaangeleentheid nie -- op sigself is dit nie goed of verkeerd nie" (Acta Suid-Transvaal Sinode, 1963 p. 553 oor Vertroulike aard van die Bond)
- 5.1.3.4.1. As dit nie so 'n beginselssak is nie waarom veg hulle so vir die behoud van hulle vertroulike aard.
- 5.1.3.4.2. Mag 'n Christen gebruik maak van 'n metode, praktyk wat goed of sleg kan wees?
- 5.1.3.5. Die voorbeeld van die geheime polisie, kabinetsgeheime en ondergrondse kerk in bv. Rusland word genoem as voorbeelde. Wat die eerste twee betref kan net gesê word dat dit lê op heeltemal 'n ander terrein en wat die ondergrondse kerk betref kan gesê word dat so 'n geheime organisasie tog nie met die kerk van Christus vergelyk kan word of gelykgestel

word nie en verder het ons vir die afgelope eeue nie so 'n situasie hier in ons land gehad nie.

5.1.4. Verdere gedagtes:

- 5.1.4.1. Bewerings van sommige lede van TG dat die APK deur TG gestig is, wek kommer aangesien ons glo dat dit 'n kerk van Christus is wat deur die kragtige werking van die Heilige Gees ontstaan het. (Dat TG-lede wel teenwoordig was aanvaar ons, maar as dit werklik die geval is soos wat sommige hulleself aanmatig, moet die kerk asseblief nie hulle lidmate in die duister daaromtrent hou nie!)
- 5.1.4.2. Meeste lidmate wou juis onder die heerskappy van die AB uit kom om weer in 'n kerk te wees waar die Heilige Gees alleen die kerk regeer. Daarom moet ons waak daarteen dat die geleentheid weer in ons geliefde kerk geskep word wat ons gesien het, die uiteinde van die NG Kerk beteken het.
- 5.1.4.3. In 'n korrupte wêreld waar bedrog en ondergrondse gekonkel hoogty vier, moet elke Christen soos 'n lamp wees wat op 'n stander staan en skyn sodat almal in die huis, ja almal in die land kan sien dat God WAARHEID is!!
- 5.1.4.4. Ons moet ook altyd onthou dat vervolging ons deel sal wees in hierdie lewe - 'n dienskneg is nie groter as sy Heer nie! As ons dan skaam is om ons getuienis van Christus en Christenskap voor die wêreld te lewer, sal Christus ons ook nie voor Sy Hemelse Vader bely nie. (Vgl. Mark 8:38, Matt 10:32 en Luk 12:8)
- 5.1.4.5. Laat ons as Christene liever soos een man die hande vat en onverskrokke die Woord van die Waarheid uitbasuin en laat ons werk met ywer en die Krag wat God vir ons gee want nie deur 'n politieke party, enige organisasie of menslike beplanning gaan ons land gered word nie, maar deur die Krag van God wat Hy werk deur Sy Kerk en Sy kinders deur die heldere en duidelike getuienis wat ons lewer.
- 5.1.5. BESKRYWINGSPUNT VIR APK SINODE 1989.
Die sinode besluit dat om aan 'n geheime en/of vertroulike organisasie te behoort 'n wêreldse en onbybelse werkwyse is, om watter goeie rede ookal te bereik. Daarom word lidmate van die APK afgeraai om aan 'n geheime en/of vertroulike organisasie te behoort.

5.2. Aanbevelings.

Die sinode steun nie bg. beskrywingspunt nie, maar keur die volgende aanbevelings goed:

- 5.2.1. Die sinode oordeel dat lidmaatskap aan 'n geheime en/of vertroulike organisasie nie per se verkeerd is nie; dit sal afhang van so 'n organisasie se aard, doel, gees en praktyk.
- 5.2.2. Die sinode beklemtoon Art. 32 van die NGB wat o.a. lui: "Ons verwerp alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en

te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou."

- 5.2.3. Die sinode herroep die vorige besluite oor geheime organisasies in die lig van 2 hierbo.
- 5.2.4. Die sinode besluit dat geen lidmaat wat lid is van die Vrymesselary, in 'n besondere amp in die APK mag dien nie, aangesien die organisasie 'n vae algemene godheid bely.
- 5.2.5. Die sinode gee aan die PKKEN opdrag om daaroor te besin of 'n lidmaat van die APK hoegenaamd 'n lid van die Vrymesselary mag wees.
- 5.2.6. Die sinode doen 'n beroep op alle lidmate om nie aan enige organisasie, vereniging, klub of party te behoort of dit te ondersteun, alvorens hy/sy hom/haar nie deeglik vergewis het daarvan dat die grondwet, doelstellingen of beleid van so 'n organisasie, vereniging, klub of party gegrond is op die Woord van God, en nie in stryd is met die Leer van die Kerk nie. (KO Art. 60). Lidmate wat hulle op hierdie terrein egter welskuldig maak, staan onder die normale opsig en tug van die plaaslike kerk en moet hulle laat vermaan deur die kerkraad en hulle bekeer van hulle verkeerde weë.

5.3. Motivering.

5.3.1. Inleidend

Die sinode sal oor hierdie saak kalm en prinsipieel moet dink. Ons moet vasstel waaroor dit eintlik gaan, kriteria daarstel en dan organisasies daaraan meet.

5.3.2. Waarom dit werklik gaan.

Dit gaan ten diepste oor die geheime aard, die vertroulikheid van die organisasies. Daar moet uitgemaak word of dit strydig met die Bybel is indien 'n organisasie so 'n karakter dra.

5.3.3. Bybels verantwoord?

- 5.3.3.1. In die eerste plek dien daarop gelet te word dat ons met buite-kerklike organisasies te doen het. Hier is nie sprake van 'n APK-organisasie binne die gemeente of kerkverband nie. Dis 'n organisasie van mense, soos die Rapportryers, die Volkswag, 'n debatsvereniging, ens. met die verskil dat dit 'n geheime organisasie is.
- 5.3.3.2. Is geheimhouding per se onskriftuurlik? Daar is meermale van geheime optredes in die Bybel sprake:
 - 5.3.3.2.1. in afwysende sin, o.a. in:
 - Gen. 37:18: Josef se broers hou listig (heimlik) raad om hom dood te maak;
 - 1 Sam. 18:20-25: Saul beplan om Dawid te laat sterf en beveel sy dienaars om "in die geheim" (vs. 22) 'n leuen aan Dawid te vertel;
 - Ps. 83:4: die vyande van die Here hou "onder mekaar raad" (in geheim) om listige planne te smee;
 - Ps. 101:5: ons mag nie heimlik van ons naaste kwaadsprek nie.
 - 5.3.3.2.2. in goedkeurende sin, o.a. in:

Spr. 11:13 en 20:19: om 'n geheim te openbaar kan kwaadsprekery wees;

5.3.3.2.3. Spr. 25:9: moenie 'n ander se geheim openbaar nie. ter beskerming van 'n lewe is geheime strategie afgespreek en toegepas;

1 Sam 20:19-23, 39, 41: Jonatan spreek in die geheim 'n strategie met Dawid af. In die uitvoering daarvan word selfs Jonatan se dienaar weggestuur (40) sodat hy nie moet hoor wat gepraat word nie;

5.3.3.2.4. in oorlogssituasies word geheime optredes beplan en deurgevoer;

Jos. 2:1: verkenner word "in die geheim" na Jeri-ko gestuur;

Jos. 2:4-6: Ragab bewaar die geheim van die twee verspieters;

Jos. 6:17: Ragab (e.a) moet gespaar bly omdat sy in die geheime sending saamgewerk het. (ook vs. 23 en 25)

Rigt. 3:16-31: Ehud kom met 'n "geheime" boodskap of opdrag na Eglon, vermoor hom, en sê later "die Here gee julle vyande in julle hand" (vs. 28)

Rigt. 12:5-6: 'n Plan word afgespreek: laat die manne wat deur die driewe wil gaan "Sjibbolet" sê. As hy "Sibbolet" sê, weet ons hy is die vyand, dan maak ons hom dood.

5.3.3.3. Ons kan dus konkludeer:

5.3.3.3.1. as die motief vir geheimhouding reg is, is die geheimhouding reg;

5.3.3.3.2. geheimhouding in 'n oorlogssituasie is gewoonlogies en gesonde verstand.

5.3.3.4. Kriteria.

5.3.3.4.1. Daar moet kriteria aangele word om geheime organisasies te beoordeel.

5.3.3.4.2. Die kriteria kan wees:

5.3.3.4.2.1. Wat is die basis, die uitgangspunt van die organisasie?

- Is hy gebou op die aanvaarding van die Woord van God?

- Bely hy die Drie-enige God van die Bybel?

- Ag hy die Bybelse beginsels hoog en streef hy na die uitlewing daarvan?

5.3.3.4.2.2. Wat is sy doelstellings?

- Is dit Godvererend?

- Dien dit tot behoud van die Afrikanervolk, sonder benadeling/verkleining van ander volke?

- Dien dit waarlik die belange van S.A.?

5.3.3.4.2.3. Wat is die gees van die organisasie?

- Is dit 'n gees van naasteliefde en diens?

- Is dit volksvreemd?

- Wil dit kompromieë met afgodsdienaars, heidene en die wêreld sluit? ens.

5.3.3.4.2.4. Wat gebeur in die praktyk?

- Word gepoog om die staat met geweld omver te werp?

- Word in stryd met die Bybel gehandel?

- Word mense te na gekom? ens.

5.3.3.5. Gewetebinding.

5.3.3.5.1. Geen sinode mag iemand in sy gewete voor die Here bind nie.

5.3.3.5.2. As lidmate van AP kerke in hul siel voor God oortuig is dat hulle geheime organisasie (waarteen ons sinodes geen Skriftuurlike beswaar kon inbring nie) juis die Here dien en dat daar niks onskriftuurliks in die organisasie is nie, kan hulle nie in hulle gewete gebind word nie.

5.3.3.6. Gerusstelling.

5.3.3.6.1. Ons gerusstelling lê vir ons by die gelowige lidmaat wat lid mag wees van 'n aanvaarbare geheime organisasie. Baie predikante en lidmate van AP kerke was vroeër lede van die AB, maar toe die AB 'n verkeerde koers begin loop het, 'n verkeerde gees ontwikkel het, en gemelde predikante en lidmate nie verandering daaraan kon bring nie, het hulle hulleself van die AB onttrek.

5.3.3.6.2. Indien aanvaarbare geheime organisasies waaraan van ons lidmate tans mag behoort, 'n verkeerde rigting inslaan, sal hulle hulle ook daarvan distansieer.

5.3.3.7. Oorlogssituasie.

5.3.3.7.1. Ons moet ons afvra teen wie ons wil "veg"? Teen ons eie mense? Teen diegene wat as Afrikaners dieselfde ideale as ons koester?

5.3.3.7.2. Die Afrikanervolk is tans in 'n soort "oorlog"-situasie: dit gaan om oorlewing. Dit gaan om die behoud en voortdra van die Christelike waardes en boodskap. Die kerk kan eenvoudig nie mense (gelowiges) wat hierdie stryd op 'n bepaalde strategiese wyse (geheime organisasie) wil voer, verstoot nie.

6. OKKULTISME (Insluitende die New Age beweging).

6.1. Aanbevelings:

6.1.1. Die sinode neem met ontsteltenis kennis van die New Age beweging: Dit is 'n beweging wat 'n alternatiewe lewens- en wêreldbeskouing aan die mens bied. Dit is in beginsel humanisties en holisties en vergoddelik die mens. Van die verlossing van Jesus Christus is daar geen sprake nie. Die beweging streef na 'n Nuwe Wêreldorde onder die algemene leieskap van "die Christus" wat 'n valse wêreldmessias is. Die Nuwe Wêreldbeskouing streef na universalisme en sintese op bykans elke terrein van die lewe.

6.1.2. Die New Age lewens- en wêreldbeskouing bevat elemente van die Hindoeïsme en Boeddhisme met sy reïnkarnasie. Die begrippe "Joga, Ha en Tha, Hatha Joga" en afgo-diese name soos "Satti, Kali en Savi" asook okkultis-

PKKEN 24

me, is vir die Skrifgelowige onaanvaarbaar. Die sinode beveel aan dat lidmate ingelig en gewaarsku word teen hierdie leer van die New Age en dat inligting oor die onderwerp versprei behoort te word deur Kerkrade om groter weerbaarheid by ons lidmate te skep.

- 6.1.3. Die studiestuk: "Die Nuwe Era of die Tydperk van die Waterdraer" deur M.G. Burger word saam met die addendum onder aandag van lidmate gebring. (Bylae A)

7. DIE VROU IN DIE AMP.

7.1. Aanbeveling:

Hierdie saak word verwys na die te gekose PKKEN vir verslag aan die volgende sinode. 'n Goeie verslag deur Ds. H.S. Theron dien as konsep-verslag.

8. SKAKELING MET DIE PERS EN OORHEID.

Hierdie opdrag aan die kommissie is afgehandel in die aanbevelings t.o.v. die lasgewing van die SKK. (Sien pt. 2.3.1.16.)

9. ISLAM EN HINDOEGELOOF.

9.1. Aanbeveling:

- 9.1.1. Die sinode dra dit opnuut aan die PKKEN op om 'n indringende studie oor die gevare wat die Islam en Hindoegeloof vir lidmate inhou, te doen met verslag aan die sinode van 1990.

10. CHILIASME EN ANTI-CHILIASME.

10.1. Aanbeveling:

Die sinode verwys die saak na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme om na die bestudering van die verslae en beskrywingspunte wat ontvang is, die sinode te dien met 'n aanbeveling.

11. ISRAEL-VISIE.

11.1. Aanbeveling:

Die sinode verwys die saak na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme om na die bestudering van die verslae en beskrywingspunte wat ontvang is, en artikels wat in die Boodskapper verskyn het, die sinode te dien met 'n aanbeveling.

12. PKKEN.

12.1. Aanbeveling:

Die sinode keur die benaminge Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme en Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme vir hierdie kommissie goed.

13. BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG NA 1989 SE RINGSVERGADERINGS.

13.1. Sabbatsontheiliging.

13.1.1. Ring van Dendron:

- 13.1.1.1. Beskrywingspunt: Die sinode gee aan sy Kommissie

PKKEN 25

vir Kerkleer en etiese Norme opdrag om na grondige studie, die sinode leiding te gee oor die Bybelse leer t.o.v. die onderhouding van die Sondag.

- 13.1.1.2. Motivering: Hieroor is daar onsekerheid m.d.o. op verantwoorde houding en optrede in 'n verwordende samelewing waar Bybelse begisels skynbaar toenemend geïgnoreer word.

- 13.1.1.3. Beskrywingspunt: Die sinode besluit om
1. met Skrifbewys die SAUK te wys op die manier waarop die dag van die HERE geheilig moet word;
2. die lidmate van die APK op te roep tot voorbidding vir die SAUK-Raad en sy personeel.

- 13.1.1.4. Motivering: Die SAUK-Raad gee blykbaar al hoe meer toe aan die druk van die wêreld. TV-uitsendings op Sondag, doen na ons mening werklik afbreuk aan die heiliging van die dag van die Here. Oor die rusdag tot God se eer, lees ons bv. in Eksod. 20:8-11, Deut. 5:12-15, Jes. 58:13 en die Heidelbergse Kategismus Sondag 38, vraag en antwoord 103.

13.1.2. Ring van Memel:

- 13.1.2.1. Beskrywingspunt: Die sinode spreek hom uit by wyse van 'n Bybelse getuigenis teen die toenemende Sabbatsontheiliging met die oopstel van winkels op Sondag om handel te dryf, en deur die aanbied en uitesending van georganiseerde sport op Sondag.

13.1.3. Ring van Moot-Sentraal:

- 13.1.3.1. Beskrywingspunt: Die APK neem om Christus ontwil groot aanstoot aan die gruwelike Sondagsontheiliging wat in toenemende mate in ons land voorkom en skynbaar deur hoë gesag oor die hoof gesien word. Die APK sal derhalwe 'n dringende skrywe aan die betrokke minister en SAUK-TV rig en die inhoud van hierdie skrywe sowel as die antwoord wat daarop verkry word in die Boodskapper aan sy lidmate bekend maak.

- 13.1.3.2. Motivering: Die sinode moet 'n dringende skrywe aan die betrokkenes rig en daardeur vir vriend en vyand wys dat hy vir die saak van Christus opkom.

13.1.4. Aanbeveling:

Die sinode verwys al hierdie beskrywingspunte na die TKKEN om die sinode te dien met 'n aanbeveling

13.2. Halaal-teken op voedselware.

13.2.1. Ring van Moot-Sentraal:

- 13.2.1.1. Beskrywingspunt: Die APK neem met misnoë kennis van die ongevraagdheid waarmee die Halaal-teken van die Islam afgodsdien in toenemende mate op voedselware aangebring word en waar daar vir die Christene weinig indien enige alternatief beskikbaar is. Gevolglik versoek die APK al sy lidmate om hulle daadwerklik te weerhou van sulke voedselware en om hulle besware onder die aandag van die winkeliers te

PKKEN 26

bring. Verder sal die sinode van die APK sy misnoë oor die hele aangeleentheid aan die hoogste gesag bekend maak.

13.2.1.2 Motivering: Alhoewel daar groot waardering is vir standpunte in die BoodsAPPER moet die APK saam met ander kerke duidelik standpunt inneem teen hierdie skreiende onreg.

13.2.2. Ring van Roodepoort:

13.2.2.1. Beskrywingspunt: Die sinode word versoek om as sinode by die betrokke regeringsinstansies teen die Halaälteken op produkte beswaar aan te teken. Lidmate moet op die heidense afgodsdienste by die aankoop van sulke produkte gewys word en versoek word om ander produkte te koop.

13.2.3. Aanbeveling: Die sinode keur die beskrywingspunte goed en verwys dit na die SKK vir uitvoering.

13.3. Okkulte.

13.3.1. Ring van Moot-Sentraal:

13.3.1.1. Beskrywingspunt: Die APK neem met ontsteltenis kennis van die toenemende voorkoms van okkulte literatuur asook die beoefening van okkulte praktyke in Suid-Afrika. Gevolglik versoek hy die betrokke minister om toe te sien dat hierdie gruwels deur drastiese wetgewing verbied word en diegene wat hulle daaraan skuldig maak swaar gestraf moet word.

13.3.1.2. Motivering: Die APK mag nie vir lief neem met die instroming van sataniese geskrifte en die beoefening van okkulte praktyke in Suid-Afrika nie. Hy moet sy stem in hierdie verband laat hoor.

13.3.2. Ring van Memel:

13.3.2.1. Beskrywingspunt: Die sinode bring by wyse van artikels in die BoodsAPPER die New Age Beweging onder die aandag van die lidmate en rus hulle so-doende toe om hierdie gevaarlike en volksvreemde beweging op alle lewensterreine te herken en met alle mag te beveg.

13.3.3. Aanbeveling: Die sinode keur hierdie beskrywingspunte goed en verwys dit na die SKK vir uitvoering.

13.4. ANDER BESKRYWINGSPUNTE:

13.4.1. Ring van Heilbron: Valse leringe:

"Hierdie Ring is diep besorg oor vreemde leringe, dikwels geklee in 'n godsdienstige baadjie, waaraan ons lidmate (veral ons jeug), blootgestel is; bv: The New Age Movement, Israel-visie, Swart Teologie, Bevrydingsteologie, ens. Hiermee versoek die ring die sinode dringend om daadwerklike stappe te doen om die nodige lektuur, in hierdie verband, so spoedig moontlik vir die kerk beskikbaar te stel."

13.4.1.1. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt aangesien die sake aandag geniet.

PKKEN 27

13.4.2. Ring van Mooiwooi: Vorm vir aansoek om lidmaatskap:

"Die volgende vorm deur Ds. P.L. Storm opgestel word na die sinode opgestuur as beskrywingspunt vir gebruik in die APK."

(Sien Bylae B)

13.4.2.1. Aanbeveling: Die sinode verwys die vorm na die SKK vir ooreweging.

13.4.3. Ring van Moot-Sentraal: Dwelms.

13.4.3.1. Beskrywingspunt: Die APK neem met skok kennis van die voorkoms onder en gebruik van dwelmmiddels deur skoolkinders in veral die stadsgebiede van ons land en versoek die hoogste gesag om die strawwe vir skuldigbevinding in dwelmshandel aansienlik swaarder te maak.

13.4.3.2. Motivering: Dwelmsverslawing sal alleenlik stopgesit kan word indien verskerpte wetlike strawwe mense sal afsit om daarin handel te dryf.

13.4.3.3. Aanbeveling: Die sinode keur hierdie beskrywingspunt goed en verwys dit na die SKK vir uitvoering.

13.4.4. Ring van Bloemfontein: Linkse organisasies:

13.4.4.1. Beskrywingspunt: Die ring versoek dat die APK se amptelike standpunt t.o.v. linkse organisasies in die BoodsAPPER gepubliseer word. Lidmate het 'n dringende behoefte aan meer inligting.

13.4.4.2. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien dit aandag geniet.

13.4.5. Ring van Newcastle: Verslagvorm:

13.4.5.1. Beskrywingspunt: Die ring versoek die sinode om aan die kommissies opdrag te gee om hulle inligting uit die gemeentes, d.m.v. die jaarlikse verslagvorm in te win en nie deur ander ontydige vrae te verloor.

13.4.5.2. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt aangesien dit elders behandel word.

13.4.6. Ring van Newcastle: Verbondsonderwyser as amp:

13.4.6.1. Beskrywingspunt: Die ring versoek die sinode om aandag te skenk aan die moontlikheid om die verbondsonderwyser as amp te aanvaar en wel om die volgende redes:

a) Omdat die verbondsonderwyser(es) so 'n geweldige verantwoordelike taak het moet hy/sy geluiseerd word vir die gemeente aflê oor sy/haar roepingsbewustheid.

b) Omdat die verbondsonderwyser 'n amp is wat by uitstek ingerig is volgens die beginsels en doelstellings soos uiteengesit in Efes. 4:11 en verder m.a.w. lering, verbondsbegeleiding en verskansing teen dwaallering.

c) Omdat volgens Efes. 4:11, Christus nie net 3 ampte ingestel het nie, maar die Heilige Gees

PKKEN 28

gee daardie dienste na sy behoefte.


- 13.4.6.2. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt en verwys dit na die Kommissie vir Kerk-regtelike Sake.
- 13.4.7. Ring van Newcastle: Rasgemengde byeenkomste:
- 13.4.7.1. Beskrywingspunt: Die ring versoek die sinode om as riglyn te gee dat geen rasgemengde byeenkomste in die APK plaasvind nie, selfs nie by spesiale geleenthede nie.
- 13.4.7.2. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.
- 13.4.8. Ring van Lichtenburg: Verhouding tussen APK lidmate en beswaarde lidmate van die NGK:
- 13.4.8.1. Beskrywingspunt: Die ring versoek die sinode om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om indringend en daadwerklik aandag te gee aan die verslegtende verhouding tussen ons lidmate en lidmate van die NG Kerk wat steeds beswaard is.
- 13.4.8.2. Motivering: Ons ervaar op plaaslike vlak dat dit ons bondgenote van vroeër is wat ons nou begin beveg by bv. dorpsrade en skole. Die indruk word gelaat dat lede van die Afrikaanse Gereformeerde Bond ons as hul vyand nr. 1 sien. Dit veroorsaak dat hulle soms hulle tyd en asem mors om ons te beveg i.p.v. die stryd te stry wat hulle behoort te stry, nl. teen die verliberalisering van die NGK.
- 13.4.8.3. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt en verwys dit na die plaaslike kerke.
- 13.4.9. Ring van Lichtenburg: Kategismusprediking:
- 13.4.9.1. Beskrywingspunt: Die sinode besluit dat predikante minstens twaalf keer per jaar die Kategismus opeenvolgend in hul prediking moet behandel.
- 13.4.9.2. Motivering: Predikante wat by verskillende preekpunte elke Sondag moet preek, vind dit moeilik om so dikwels as 18 keer per jaar die kategismus te behandel en omdat sommige Sondagse afdelings bv. baie lywig is.
- 13.4.9.3. Aanbeveling: Die sinode keur nie hierdie beskrywingspunt goed nie.
- 13.4.10. Phalaborwa en Tzaneen: "Geloofsvryheid" en "godsdiensvryheid":
- 13.4.10.1. Beskrywingspunt: Die kerkrade van Phalaborwa en Tzaneen versoek die sinode om leiding te gee oor die begrippe **geloofsvryheid** en **godsdiensvryheid**.
- 13.4.10.2. Motivering: Die vraag ontstaan of die begrip geloofsvryheid net betrekking het op die vryheid van geloof en die christelike gemeenskap. Wanneer het die begrip geloofsvryheid ontstaan: sou dit dalk

PKKEN 29

wees in die tyd van die Kerkhervorming met die vervolging van Protestante? Kan geloofsvryheid en godsdiensvryheid langs mekaar gestel word asof dit nie saak maak watter godsdiens aangehang word nie? Is die begrip geloofsvryheid dus nie net geregverdig in die sin van: in die christendom is daar verskillende belydenisse en daar kan nie teenoor sulke belydenisse en denominasies gediskrimineer word nie?

- 13.4.10.3. Aanbeveling: Die sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die PKKEN.
- A 13.4.11. Ring van Migdol: Dra van hoed deur vrou:
- 13.4.11.1. Die ring wil aanbeveel dat die dra van die hoed deur die vrou in die gemeente weer die gebruik word. Indien die sinode van oordeel is dat dit nie weer die gebruik moet wees nie, versoek die ring dat dit by wyse van Skriftuurlike bewysplase sal geskied.
- 13.4.11.2. Aanbeveling: Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt. Dit staan dames vry om hoed te dra indien hulle dit sou verkies, aangesien dit nie verbied word nie.
- 13.4.12. Ring van Klerksdorp: Duidelik omskrewe karakter:
- 13.4.12.1. Beskrywingspunt: Die ring beveel by die sinode aan dat die APK dit as dringende doelwit stel om sy duidelik omskrewe karakter in alle opsigte gestand te doen, nl. om 'n waarlik Gereformeerde kerk van Christus onder Blanke Afrikaners te wees, d.w.s. volgens suiwer Calvinistiese beginsels - en sonder versuim alles wat moontlik is, te doen om gesuiwer te word van enige oorblywende metodiese, liberalistiese, humanistiese, kollegialistiese en ander ongewenste reste en invloede - en dat hierdie dringende doelwit verwesenlik word deur 'n sinodale kommissie ad hoc te benoem wat:
1. sodanige reste en invloede duidelik identifiseer.
 2. hulle ontstaansgronde en geestelike milieu indringend kontroleer.
 3. sodanige praktyke en standpunte volgens Skrif en belydenis evalueer.
 4. en die metode van eliminerings adviseer.
- 13.4.12.2. Aanbeveling: Die sinode benoem so 'n kommissie.
14. Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag tot die bevrediging van die sinode uitgevoer het.


M.P. Taute. (Voors.)


A.S. van Staden (Skriba.)

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODE, 1 TOT 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Die Kommissie bestaan uit al die predikante van die kerk, en n goeie kworum was teenwoordig.

1.2 Vergaderings

Die vergadering van die Kommissie is gehou op 6 en 7 Februarie 1989. Die Ad Hoc-komitee het tussenin vergader, maar hierdie was die eerste volle ledevergadering sedert die laaste Sinodesitting.

1.3 Sake wat behandel is

Die Ad Hoc-komitee het n verslag aan die Kommissie voorgelê wat uit drie dele bestaan het, nl. n Samevatting van die besonderhede en Standpunte wat voorgekom het in die stukke wat deur die Ad Hoc-komitee voorberei en behandel is tot by die Sinodesitting. Die tweede deel het bestaan uit die verslag wat aan die Sinode voorgelê is met die besluite wat die Sinode daarvoor geneem het.

Van hierdie eerste twee dele het die Kommissie net kennis geneem.

Die derde deel van die verslag van die Ad Hoc-komitee is n samevatting van die belangrikste besware wat teen die NAV ingebring is. Hiervan is ook net kennis geneem hoewel daar oor verskeie punte lewendige bespreking was.

Veral het die probleme rondom die vasstelling van die grondteks asook die dinamies-ekwivalente vertalingsmetode baie en lewendige bespreking uitgelok. Ten spyte van die feit dat die Ad Hoc-komitee aangetoon het dat die UBS-teks wat vir die NAV gebruik is, die resultaat is van die navorsing van baie wetenskaplikes oor n lang tydperk en daarom op wetenskaplike gronde as die beste en betroubaarste teks beskou moet word, en dat dit haas onmoontlik is vir individue of selfs die Bybelgenootskappe om die teks se samestelling te beïnvloed, is daar tog baie bedenkinge teen die teks se suiwerheid en betroubaarheid. Besware berus hoofsaaklik op die vraag of die persone wat aan die samestelling van die teks meegewerk het, soos veral Hort en in mindere mate Westcott, asook die feit dat Rooms Katolieke op die UBS dien, en dat vertalings deur Bybelgenootskappe geïnisieer word, nie gevare inhou vir die

suiwerheid van die teks nie. Feit is dat die Ad Hoc-komitee aangetoon het dat daar dan doelbewuste vervalsing van 'n Manuskrip sou moes plaasvind, want elke woord in die teks moet ondersteun word deur 'n Manuskriplesing. Tog is die bona fides van die instansies wat vir die grondteks verantwoordelik was, deur sommige lede in twyfel gebring en daarom ook die teks. Die standpunt is gehandhaaf dat Textus Receptus homself as betroubaar bewys het en daarom as sodanig aanvaar moet word. Hierteenoor het die Ad Hoc-komitee verskillende onsuivere tekslesings by T.R. kon aantoon asook die twyfelagtige tekslesings in die MSS wat vir die eerste uitgawes van T.R. gebruik is.

Met betrekking tot die vertalingsmetode is 'n sterk gevoel uitgespreek ten gunste van 'n letterlike vertaling as die suiwerste en betroubaarste, terwyl die dinamies-ekwivalente metode te veel omskrywing wat grens aan parafrase bevat. Dit is nie die taak van 'n vertaling om die teks uit te lê nie, slegs om die betekenis weer te gee. Hierteenoor is die standpunt deur die Ad Hoc-komitee gestel dat die doel van 'n vertaling tog is om die betekenis van die teks so duidelik as moontlik weer te gee, en as dit nodig is om vir hierdie doel betekenis te omskryf, dan is dit tog geoorloof. Die OAV het ook talle sulke voorbeelde van omskrywing t.w.v. duidelikheid. Daarom is omskrywing nie verkeerd nie. So lank dit die betekenis van die teks korrek weergee. Op hierdie punt kon die Kommissie egter nie eenstemmigheid bereik nie. Daar was die gevoel dat by die teks nou bygevoeg word wat nie daar staan nie. Hierteenoor het die Ad Hoc-komitee aangetoon dat geen foutiewe vertalings kon uitgewys word nie, hoewel op sommige plekke op die vertaling kon verbeter word. Geen leerstellige dwalings kon in die NAV bewys word nie.

Nadat oor die twee dae ruim geleentheid vir bespreking gegee is, word daar deur prof W.J.G. Lubbe 'n voorstel ingedien, wat met kleiner wysigings uiteindelik goedgekeur is. Daar word ook besluit om die voorstel as die Kommissie se aanbeveling na die Sinode deur te stuur.

2. VIR GOEDKEURING

- 2.1 Die Sinode is oortuig dat 'n Kerk se roeping om die Woord van God te verkondig, aan so 'n kerk ook die verantwoordelikheid oplê om hom voortdurend te beywer vir die juisste grondteks en die juisste vertaling van die teks in die moedertaal.
- 2.2 Die Sinode getuig dat die AP Kerk sy roeping gehoorsaam wil wees en sy verantwoordelikheid wil opneem.
- 2.3 Derhalwe besluit die Sinode met betrekking tot die Bybel in Afrikaans soos volg:
 - 2.3.1 Die Sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as 'n betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord.

- 2.3.2 Die Sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983), hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.
- 2.3.3 Die Sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat lidmate wat die NAV wil lees aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.
- 2.3.4 In die lig van sy roeping en verantwoordelikheid (vgl. 3.2.1 en 3.2.2 hierbo) wys die Sinode jaarliks 'n Vertalingskommissie van vyftien met sy sameroeper aan, 'n Kommissie waarop die APK-teologiese skool se dosente in die Ou en Nuwe Testament ex officio dien, en dra aan die Kommissie op:
 - 2.3.4.1 - om selfstandig of in samewerking met ander vertalers die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans oor 'n tydperk van 10 jaar grondig te hersien, of indien nodig geag, te hervertaal, en uit 'n grondteks vir die O.T. en N.T. onderskeidelik soos deur die Kommissie gekeur en deur die Sinode goedgekeur, met inagneming van alle bruikbare Bybelvertalings;
 - 2.3.4.2 - om sy resultate ten opsigte van elke jaar se werk vir kommentaar aan lidmate van die AP Kerk beskikbaar te stel en alle kommentaar noukeurig te oorweeg;
 - 2.3.4.3 - om jaarliks aan die Sinode verslag te doen van sy resultate.

DS. H.C.G. ROBBERTZE

DS. H.S. THERON

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODESITTING : 1 - 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG VAN : SINODALE KOMMISSIE VIR GETUIENIS EN DISSIPELSKAP

Hiermee doen die kommissie as volg verslag:

1. VIR KENNISNAME

1.1 PERSONEEL

Ds W.A. Jooste (Voors)
Ds C.J. Prins
Ds R.J.H. Pottas
Ds H.B. Heymans
Oefen P.S. van Heerden
Oudl D.J. Esterhuizen
Ds J.P. Bezuidenhout (Skriba)

1.2 VERGADERING

Die kommissie het op 9 Februarie en 13 Junie 1989 vergader.

1.3 OPDRAGTE VAN VORIGE SINODE

1.3.1 Opstel van Literatuur - (3.1 aanbev. 2)

1.3.1.1 Preekbundels: Leraars kan preke aanstuur na ds H.B. Heymans (Frankfort) vir publikasie. Reedsbestaande preekbundels is: Die Triomf van Gods lig; Wyksbidure vir Ouderlinge.

1.3.1.2 Dagboek vir lidmate: In die jaarboek opgeneem.

1.3.1.3 Dagboek vir die jeug: Die opstel hiervan word verwys na die jeugkommissie.

1.3.1.4 Bybelstudies: beveel aan: "Dissipelskap" uitgegee deur Christelike Lektuursentrum; "Die lewensweg van vreugde" - Ds C.J. Prins en uitgegee deur Christelike Lektuursentrum: Tel. 012-571105/6.

Enige verdere studies vir publikasie kan aan ds Prins gestuur word.

1.3.1.5 Handleiding vir Kerkrade en Gemeentlike administrasie: Beveel aan dat S.K.K. die saak hanteer.

1.3.1.6 Toerusting van Ouderlinge en Diakens:
Ds R. Marè en Dr W. Burger is besig met handleidings vir Ouderlinge en Diakens asook hul toerusting. Verslag word by die Sinode ge-
doen.

1.3.1.7 Probleemvrae: Word opgevang deur handleidings.

1.3.2 Evangeliespreekkamer.... /2

1.3.2. Evangeliesprekkamer in groot sentra:- (Notule 78.7.1 aanbev. 3)

Geen Kommentaar is ontvang. Noodsaaklikheid van sulke spreekkamers word herbeklemtoon. Personeeltekorte is wel 'n probleem ten opsigte van beskikbaarheid en opleiding.

Vraag: Dat ringe rapporteer in verband met ondersoek.
Sien aanbeveling.

1.3.3. Hulp aan predikantlose gemeentes:- (Vorige verslag, pt.6)

Die vorige besluit word weereens onder gemeentes se aandag gebring, nl:
"Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om hul leraars vir ten minste een week elke twee maande los te maak vir diens as reisende leraars"
Vraag:- In hoeverre is dit geïmplimenter? Sien aanbeveling.

Graag wys ons daarop dat, hoewel die S.K.K. geen selfstandige Sinodale poste skep nie, dit kerkrade vrystaan om in samewerking met die S.K.K., gedeelde poste te skep. Sulke poste kan dan gedeeltelik die gemeente bedien en gedeeltelik reiswerk doen.

1.4 ANDER SAKE

1.4.1. Redaksie en Publikasie van Manuskripte:-

Die Kommissie oordeel dat alle manuskripte na die betrokke kommissies gestuur moet word om persklaar gemaak te word waar na dit na die publikasiekommissie (die S.K.K.) gestuur word vir finale redaksie en publikasie.

1.4.2 Voortgesette toerusting van en Pastoraat aan Predikante

Die kommissie het hierdie twee sake onder oë geneem.

Ten opsigte van die eerste is dit reeds 'n bestaande behoefte in die bediening en dus noodsaaklik dat verder hiervoor voorsiening gemaak sal word. - Sien aanbeveling.

Ten opsigte van die pastorale sorg aan leraars het die behoefte sterk na vore gekom weens:- Die verwerking van die trauma om jou vorige kerk te verlaat te midde van groot provokasie; Die wydverspreidheid - veral in die platteland - van leraarsposte en min persoonlike kommunikasie met medekollegas, Die behoefte aan persoonlikheids- en geestelike gemeenskap.

In die lig van lg. het 'n kommissie hierdie behoefte probeer opvang deur riglyne op te stel vir gebruik by broederlike ringshyeenkomste (Sien Bylae A.)

Sien aanbeveling.

1.4.3 Pinksterreeks

Volgens versoek het u kommissie ds. L. Pienaar gevra om 1989 se Pinksterreeks op te stel. Nadat hy dit gedoen het, het dit geblyk dat die Publikasiekomitee iemand anders gevra het. Lg. reeks is gebruik. Sien Aanbeveling.

1.4.4 Klank en Videobande:-

Weens die tekort aan leraars en klein gemeentes, moet noodwendig van tegniese hulpmiddele gebruik gemaak word om kerkrade te help in die aanbidding van eredienste. Sonder om met die SAUK te kompeteer, is dit moontlik dat sulke opnames tydens gewone eredienste opgeneem kan word. Lidmate wie se belangstellings in hierdie rigting lê, kan aangewend word. Sien Aanbeveling.

1.4.5 Verwelkomingskaart aan alle nuwe lidmate:-

Ds. Prins het so 'n kaart opgestel en laat druk v r gebruik in gemeentes. (Bylaag B.) Dit is van hom verkrygbaar @ 60c stuk by Posbus 126, Panorama 7506 en tel 021-589777.

Die gebruik van so 'n kaart word sterk aanbeveel.

2. VIR GOEDKEURING:

2.1 AANBEVELINGS

2.1.1. Dagboek vir die Jeug (1.3.1.3):

Die Sinode verwys die opstel van sodanige literatuur na die Jeugkommissie.

2.1.2. Handleiding vir Kerkrade en Gemeentlike Administrasie (1.3.1.5)

Die Sinode verwys die opstel en afhandeling van hierdie handleiding na die S.K.K. vir spoedige implimentering.

2.1.3. Evangeliesprekkamers in groot sentra:- (1.3.2)

In aansluiting by die vorige beroep op ringe in hierdie verband; beveel die Sinode aan dat gebruik gemaak word van beraders in hul sentra wat vanuit 'n Gereformeerde hoek beraad aanbied.

2.1.4. Hulp aan predikantlose gemeentes (1.3.3.)

Die Sinode besluit: Om weereens 'n ernstige beroep op kerkrade te doen die vorige besluit in hierdie verband te implimenter.

2.1.5. Voortgesette toerusting van en pastoraat aan Predikante (1.4.2)

Aanbeveling 1: Die Sinode versoek die kuratorium om, binne die raamwerk van sy personeel, en ander beskikbare persone, steeds aandag te gee aan die voortgesette teologiese opleiding van leraars.

Aanbeveling 2: Die Sinode verwys die riglyne in verband met groepspastoraat aan die predikante tydens ringsbroederlike vergaderinge, na ringe om daadwerklik aandag aan hierdie aspek van die bediening te gee.

2.1.6. Pinksterreeks (1.4.3.)

Die Sinode wys 'n verantwoordelike instansie aan vir die opstel van toekomstige pinksterreekse.

2.1.7. Klank en Video bande:

Die Sinode versoek:

1. Gemeentes om klank en videobande van volle eredienste te maak en van belangstellende lidmate gebruik te maak.
2. Die Kerkkantoor om bestaande fasiliteite so uit te brei (waar nodig) dat dit as 'n klank- en videobank kan optree.

2.2. BESKRYWINGSPUNTE

2.2.1 Handleiding vir Ouderlinge/Diakens

Gemeente van Randfontein

Die kerkraad het besluit dat die Sentrale Kerke Kommissie genader sal word of dat 'n beskrywingspunt voor die Sinode sal dien wat lui dat daar 'n handleiding vir diakens en ouderlinge opgestel moet word wat op 'n kort en bondige wyse die pligte van so 'n amp beskryf.

Motivering:

Die Afrikaanse Protestantse Kerk-kerkraadslid wil graag sy taak verrig soos wat dit gedoen behoort te word met 'n eie Afrikaanse Protestantse Kerk-karakter.

Ring van Dendron

Die sinode gee sy Kommissie vir Ampsbediening opdrag om 'n gepaste handleiding vir ouderlinge aan kerkrade beskikbaar te stel.

Motivering:

Beskikbare handleidings van ander kerke is om een of ander rede onbevredigend bv. t.o.v. beklemtoning en benadering dis óf te lywig óf te kortaf.

AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van beskrywingspunte aangesien die saak reeds aandag geniet.

2.2.2. PinksterbidureDr. F.A.H. van Staden:Die sinode besluit:

1. om 'n kommissie te benoem om 'n beginselstudie van pinksterbidure te maak, en
2. by die volgende sinode verslag te doen met aanbeveling in verband met pinksterbidure in die Afrikaanse Protestantse kerke, aangesien
 1. pinksterbidure nie 'n tradisie en/of algemene gebruik in Gereformeerde kerke oor die wêreld is nie;
 2. dit sy ontstaan in die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika het, waar dit as tradisie en algemene gebruik gehandhaaf word;
 3. dit nie 'n gebruik in die ander twee Afrikaanse Gereformeerde Kerke, te wete die Ned. Hervormde Kerk in Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is nie;
 4. predikante en lidmate uit gemeentes van die twee Kerke onder punt 3 genoem lidmaatskap in Afrikaanse Protestantse kerke aanvaar het vir wie die tradisie en gebruike vreemd is;
 5. die Afrikaanse Protestantse kerke as selfstandige Gereformeerde kerke, soos alle ander Gereformeerde kerke, 'n eie karakter ontwikkel;
 6. die Afrikaanse Protestantse kerke daarteen moet waak, veral in die lig van punte 4 en 5 hierbo genoem, dat dit nie maar net 'n blanke replika van die Ned. Geref. Kerk sal word, soos sekere gevaartekens reeds aandui nie.

Ring van Dendron:

Die sinode dra dit aan sy Kommissie vir Ampsbediening op om 'n evaluering van die Pinksterbidure te maak en daarna riglyne vir die hou daarvan aan elke kerkraad beskikbaar te stel.

Motivering:

Om dié gebruik sonder meer na te volg, is na ons mening nie in die beste belang van die kerk nie. Ongewenste aksente en neigings behoort aangewys te word. Indien wenslik gevind, is riglyne vir 'n gesonde en vrugbare Pinkstertyd baie nodig in ons hele kerk.

AANBEVELING:

Die Sinode verwys die beskrywingspunte van die Ring van Dendron en Dr. van Staden na die Sinodale Kommissie vir Leer en Belydenis om 'n prinsipiële studie te maak van die praktyk van Pinksterbidure.

2.2.3. Wêreldbiddag vir vroue:Ring van Moot Sentraal:

Die Ring neem met dank kennis dat daar nie meer aan die Wêreldbiddag vir Vroue deelgeneem word nie, en versoek dat daar op 27 Junie van elke jaar 'n gemeentelike bidgeleentheid in elke gemeente gehou word as dankbetuiging vir die groot lig wat God in die kerklike duister gebring het met die totstandkoming van die A.P.K.

Di. J.A. du Plessis (Potchefstroom en J.J. Venter (Fochville))

Die Sinode word versoek om hom uit te spreek teen die jaarlikse Wêreld Biddag vir vroue asook die hou van 'n soortgelyke biddag deur vroue van die APK op dieselfde dag.

Motivering:

'n Volledige agtergrond studiestuk is voorgelê en staande voorgedra deur Ds. J.A. du Plessis.

AANBEVELING:

Die Sinode aanvaar die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal as die besluit van die vergadering.

2.2.4. Ampswerk van Ouderlinge:Ring van Derby

1. Die Sinode is oortuig daarvan dat die amp van die ouderling nie 'n opsionele amp in die kerk is nie.
2. Die Sinode spreek sy waardering teenoor ouderlinge uit wat die erns van hulle dienswerk uitleef en bely.
3. Die Sinode doen 'n beroep op ouderlinge om nie in 'n vorm van beskeidenheid te verval wat daarop neerkom dat hulle vir die gemeente van geen nut is nie.
4. Die Sinode wys ouderlinge daarop dat die Here wat roep ook getrou is. Ampswerk moet dus staan in die teken van die oorwinningskrag van die Koning van die Kerk.
5. Die Sinode is daarom oortuig daarvan dat ouderlinge baie vrugbaar gebruik kan en moet word vir leiding by wyksbidure.
6. Die Sinode wys lidmate daarop dat die ampswerk van die ouderling ook die bediening van die Woord insluit wanneer die leraar nie beskikbaar is nie. Die prediking van die ouderling mag daarom nie ondergeskik beskou word aan die prediking van die leraar nie. Getroue kerkbesoek is 'n kenmerk van gehoorsaamheid aan die Woord van die Here, ongeag wie dit mag bring.

AANBEVELING:

Die Sinode aanvaar hierdie beskrywingspunt as die besluit van die vergadering.

2.2.5. Uitroep van Biddae:

Di. J.A. du-Plessis (Potchefstroom) en J.H.E. Adams (Klerksdorp)
Die Sinode word versoek om nie onnodig spesiale biddae uit te roep nie en uiters diskreet hiermee te handel.

Motivering:

Die uitsonderlingskarakter ontnem die gewone gebedsgeleentheid van krag asof die Here alleen op die buitengewone gehoor sou gee. Daarmee saam verval die sin van die gewone, op God bepaalde tye, samekomste van die Kerk

AANBEVELING:

Die Sinode aanvaar die beskrywingspunt as besluit van die vergadering.

3. BEGROTING:

U Kommissie begroot die volgende vir die komende jaar:

Onkoste van vergadering	=	R5.900
(Reiskoste, verblyf ens.)		
Ander (etes ens.)		100
		<u>R6.000.</u>

4. SLOT

Hiermee vertrou u Kommissie dat hy sy taak volvoer het en wens die Sinode die kenlike leiding van die Heilige Gees toe.

VOORS: DS. W.A. JOOSTE

SKRIBA: DS J.P. BEZUIDENHOUT.

PASTORAAT AAN DIE PASTOR BINNE GROEPSVERBAND
(Konsep voorgelê aan Sinodale Kommissie vir Getuigenis en Diensverband)

I. ALGEMEEN

1. Predikantsbyeenkomste in Ringsverband (Broederkringel) is nie 'n nuwe verskynsel nie. Intendeel, dit is 'n ou gebruik asook 'n groot behoefte binne die geleedere van predikante. In die geleedere van die A.P.K. se predikantekorps blyk dit 'n besondere behoefte te wees weens die isolasie teenoor kollegas van ander kerke en/of afstande wat hulle van mekaar skei. Die druk en spanning van 'n kerk wat sy staanplek in 'n gemeenskap moet oopkap, vra na 'n "rusplekkie" en "geleentheid" om net weer tot verhaal te kom tussen ander kollegas.
2. Predikantsbyeenkomste kan hoofsaaklik in 3 groepe ingedeel word, nl:
Bloot Sosiale byeenkomste
Akademies-georiënteer - bespreking van een of ander aspek van die teologie/bediening.
Terapeuties - blootstelling en deelneming aan die groepdinamika.
Byeenkomste kan ook uit 'n kombinasie van bogenoemde bestaan.
3. Met die oog op die pastoraat aan die pastor in groepsverband, is die terapeutiese byeenkoms van besondere belang. Graag gee ons verder hieraan aandag.

II. DOEL VAN 'n PASTORAAL-TERAPEUTIESE BYEENKOMS:-

Om 'n geleentheid te bied waar die pastor (en gade) saam met (en te midde van) sy mede kollegas:-

1. die vervulling van psigososiale behoeftes:
Kommunikasie - met sy wisselwerkende verhouding van geen en neem, van hoor en om gehoor te word;
Sekuriteit: - die belewing van veiligheid in die geborgenheid van die ons-wees
Medewerking - die meewerking en betrokkenheid by 'n gesamentlike doel en taak;
Aanvaarding - samebinding word ervaar rondom 'n gesamentlike doel.
2. Katarsis (Ontlading) kan ervaar
Hy kry kans vir ekspressie van sy belewenisse in sy gemeentelike bediening (eensaamheid, frustrasies, vreugdes, probleemervarings); ampservaringe, persoonlike belewenisse, ens. Sonder om dit 'n "Kla-byeenkoms" te maak, kan daar deur aanvaarding en empatiese meelewing van die groep, sinvolle verwerking van die belewenisse plaasvind.
3. Kan meedoen aan terapeutiese interaksie wat in so 'n aanvaarende en meelewende groep kan lei tot persoonlikheids en geestelike groei. (So 'n groep sou ook as 'n "groeigroep" hanteer kon word).

Samevattend kan die doel van so 'n broederkring gestel word as: 'n geleentheid waarin (saam met mede kollegas) die vervulling van psigososiale behoeftes ervaar kan word te midde van ontlading van gevoelens en die terapeutiese interaksie met die oog op persoonlikheids- en geestelike groei.

III. INRICHTING VAN BYEENKOMSTE

Die tipe van byeenkoms bepaal die inrigting daarvan.

1. Vereistes vir 'n geslaagde pastoraal-terapeutiese byeenkoms:

- 1.1 Bekendheid - dis noodsaaklik dat lede nie as vreemdelinge teenoormekaar sal staan nie. Hierdeur word 'n gemaklike verhouding geskep wat vrymoedigheid aanwakker.
- 1.2 Informaliteit - Dis geen formele vergadering nie. Laat elkeen gemaklik wees.
- 1.3 Aavaarding - Aanvaar mekaar onvoorwaardelik as persone in sy eie reg; as selfstandige en unieke persoonlikhede.
- 1.4 Vertroulikheid - Sake wat met mekaar bespreek word (veral wanneer daar ontbloting plaasgevind het) moet vertroulik hanteer word en nie buite die groep bespreek word nie.
- 1.5 Openheid - Gereserveerdheid in gesprek demp die atmosfeer en skep wantroue. Dit bring mee dat daar geen diepte in die terapeutiese verhouding bereik kan word nie.
- 1.6 Meelewendheid (empatie) - 'n veroordelende en tereg wysende houding sonder empatie laat persone toeklap en sal vermeidende van byeenkomste plaasvind. Meelewendheid gee die gevoel van aanvaarding en stimuleer openheid en 'n blootstelling van jouself sodat die terapeutiese proses kan plaasvind.
- 1.7 Spontaneïteit - Hoewel ontbloting nie altyd spontaan kom nie (dit is soms moeilik om oor jouself te praat) skep spontaneïteit die vrymoedigheid in die groep om te kommunikeer.
- 1.8 Sinvolheid - 'n doellose byeenkoms wek geen verwagting by lede en bring maklike afwesigheid by die groep mee. Dit moet 'n byeenkoms wees waarvan niemand wil wegbly nie.
- 1.9 Liefde - Bo alles en ten grondslag van alles lê die liefde van Christus wat my dring, maar ook alle voorafgaande houdings bepaal. "dra mekaar se laste en vervul so die Wet van God" (Gal. 6:2)

2. SAKELYS VAN 'n BYEENKOMS

Die volgende riglyne kan gebruik word:

- 2.1 Leiding - Laat een persoon vir daardie byeenkoms die leiding neem. Beurte kan gemaak word.
- 2.2 Bekendheid - Maak seker dat hulle mekaar ken. Maak kennis (Vsbreker) (Waar kom jy vandaan? Hoelank in A.P.K.? Ervaring van aansluiting by A.P.K.? ens. ens.)
- 2.3 Spontane gesprek - indien 'n onderwerp spontaan aan die orde kom, gaan voort daarmee. "Iets op die hart" kan ook 'n onderwerp aansny.
- 2.4 Reaksie van ander lede - Met die bogenoemde "vereistes" in gedagte, reageer die lede: reflektierend/onderrigtend/ondersteunend/vermanend ens.

- 2.5 Verdere onderwerp: Persoonsontleding - Nadat hulle mekaar goed ken en vertroue in mekaar is opgebou, kan hierdie onderwerp beurtelings behandel word. Elkeen word die geleentheid gegee om homself te beskryf ten opsigte van persoonskenmerke en sy eie ervaring daarvan. Ander kry geleentheid om insette te lewer. Sodoende kan selfkennis en persoonsverryking verkry word.
- 2.6 Ander onderwerpe vir bespreking: - Die volgende kan ook binne die besprekingsveld lê: (nie kliniessaaklik nie, maar subjektief): Huweliksverhoudings binne pastorie; kinderhantering; aanvaarding in gemeenskap (in algemeen) as A.P.K.-predikant; verhouding tot vorige kollegas in N.G.K.; ekumeniese verhouding tussen predikante, ens. Kies onderwerpe volgens plaaslike en persoonlike behoeftes
- 2.7 Afwisseling tussen tipes van byeenkomste kan oorweeg word - afhange van hoe gereeld byeengekóm word.
N.B: Geen rigiede patroon hoef gevolg te word nie. Plaaslike omstandighede, samestelling van groep en behoeftes word in ag geneem.

IV. SLOT

1. Dis 'n geleentheid wat jaloers vertroetel moet word.
2. Dit moet beskou word as deel van my ampsroeping en ampstoerusting en is 'n noodsaaklikheid vir my bediening.
3. Rogenoemde is slegs riglyne en eie inisiatief versker sinvolheid en die sukses van die groep.

KOBUS (J.P.) BEZUIDENHOUT.

13-6-1989

BRONNELYS:

1. Herderkunde: Prof. J J de Klerk; Bls. 46-56
2. Die funksionering van die kleingroep in die kerk: Dr. L.C. Dressel; N.G.T.T. - September 1984.
3. 'n Perspektief vanuit die Sisteem benadering op die benutting van die kleingroep in gemeente bou: Ds. D J Kotze; N.G.T.T. Julie 1987.

Skrifgedeeltes in Tye van:

- 1. Benoudheid: Ps.6; 22; 46; 62; 70 en 91.
- 2. Twyfel en Versoeking: Onthou twyfel is nie sonde nie - die toegee daaraan, tog wel! Toe die slang twyfel in die hart van Eva wou saai, het hy aan haar gevra: "Is dit ook so dat God gesê het ...?" Gen. 3:1; met Jesus: Matt. 4:3-4,6. Moody het gesê: "Jy kan nie verhoed dat voëls daar buite oor jou kop vlieg nie; jy kan wel verhoed dat hulle op jou kop kom nes maak!" Jy kan ook nie verhoed dat die duivel sy twyfel-pyle op jou afskiet nie, jy kan wel verhoed dat die duivel se twyfel-pyle jou hart binnedring deur te glo dat Jesus in jou hart is en hom toe te laat om met die twyfel te handel. Die regverdige sal deur die geloof lewe. Rom. 1:17; Hebr. 2:18; 7:25; Joh. 15:1-5; 1 Kor. 10:13; Jak. 1:1-18.
- 3. Krankheid: Ex. 15:26; Ps. 38; 41; 73; 103; Jes. 53; slaan ook al die gedeeltes in die vier Evangelies na; 1 Petr. 2:24-25.
- 4. Droefheid: Ps. 23; 34:19-23; 51:19; 147:3; Jes. 61:1; Joh. 14:1-3; 11:21-35; Open. 21:3-5; 1 Thess. 4:13-18.
- 5. Onsekerheid: Jes. 41; 43; Matt. 11:28-30; Joh. 1:1-5; 12-14; Joh. 3; 6:34-58; 10:1-29; 1 Joh. 5:9-13.
- 6. Dankbaarheid: Ex. 15:1-21; Ps. 40; 91; 103; Rom. 6:1-23; 8-11:33-36; Open. 5:1-14.
- 7. Verwachting op verskyning van Jesus: Matt. 25:1-13; Luk. 12:35-48; 21:34-36; Joh. 14:1-3; 17:24-26; Hand. 1:1-14; Rqm. 8:18-31; 1 Kor. 1:7; 15; Fil. 3:20-21; 1 Thess. 1:9-10; 2:19-20; 3:11-4:3; 4:13-18; 5:1-10; 5:23-24; 11 Tim. 3:1-5; 4:6-8; Hebr. 9:26-27; 2 Petr. 3:1-18; 1 Joh. 3:1-3; Open. 2:25-29; 3:10-13; 4:1 - 5:14; 20:6; 22:6-21.

Lees daagliks die Woord van God as 'n liefdesbrief van jou Hemelse Vader!

Bid sonder ophou!

Verwag daagliks die verskyning van Jesus Christus in die lug!

Leaan

Ouderling

Afrikaanse Protestantse Kerk

'n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners



Geagte Broeder/Suster

Naam:

U aansoek om lidmaatskap is goedgekeur

en die kerkraad en gemeente

Heet u

Hartlik

Welkom

As Nuwe Lidmaat

In die boesem van

gemeente.

Ons vertrou dat u verblyf in ons midde baie gelukkig, blymoedig en vrugbaar in diens van onse Here Jesus Christus sal wees!

Byl. 1979. 6. 187

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE
AAN DIE DERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE
KERK TE PARYS, 1 - 7 NOVEMBER 1989.

1.

VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Primari

Secundi

Ds AS van Staden
Oudl MP Taute
Ds JM Rheeder
Ds CJS Botha
Br P Wilsenach
Ds NRJ van Zyl
Diak WH Wentzel
Oudl TI Thiebault
Ds S Botes (gekoöp)
Ds LH Jacobs
Ds HB Heymans
Br APC van der Ryst
Br D Briel
Br PJ Erasmus
Br BJ Kruger
Br NH Badenhorst
Ds R Pottas

1.2

Vergaderings

Twee vergaderings is gehou n 9 Februarie, waar ds Rheeder tot saamroeper en ds Botes tot skriba verkies is, en 13 Junie. Op 28 Julie is 'n telefoonkonferensie gehou met die opstel van 'n handleiding vir diakens as tema.

Ds Rheeder het die kommissie op uitnodiging op 21 Junie verteenwoordig op verkennende samesprekings oor voorkomingsdienste: kindermolestering in die AKDB-kantoor van die NGK.

1.3

Sake behandel:

1.3.1 'n Konsep-reglement word aanvaar as Reglement vir die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste:

1.3.1.1 Die SKB se primêre taak is om sake wat deur die sinode na hom verwys is, af te handel met verslag aan die volgende sinode.

1.3.1.2 Die SKB pak geen groot permanente ondernemings aan nie, aangesien dit oor geen fondse beskik nie, en die werklike diens van barmhartigheid tuis hoort by die diakonie op plaaslike vlak.

1.3.1.3 Dia SKB tree as skakel op tussen die diakonie van die gemeentes onderling, asook tussen die diakonie en die SKK of sinode in sake wat die kerk in breër verband raak.

1.3.2

In opdrag van die vorige sinode is

1.3.2.1 'n omskrywe via die ringe aan gemeentes gerig om die behoefte te bepaal na 'n be-

2/.....

158

huisingskema en aftree-oord vir bejaardes, sowel as statistiek in te win oor bejaardes wat saamwoon buite huweliksverband en die aantal sorgbehoewende bejaardes en kinders in ons gemeentes.

Hieroor word as volg berig: te Frankfort, Heilbron en Zeerust bestaan daar behuising-skemas, terwyl Buhrmannsdrift die behoefte daaraan gevoel; te Zeerust is 'n aftree-oord vir bejaardes, terwyl Buhrmannsdrift, Groblersdal en Groot Marico een sal verwelkom; die ring van Kimberley beskik blykbaar oor 'n terrein vir so 'n projek; in ons gemeentes is geen bejaardes wat buite huweliksverband saamwoon nie, en die getal sorgbehoewende bejaardes en kinders is 11 elk.

1.3.2.2 'n Aanvang gemaak met die opstel van 'n hand-leiding vir diakens (Bylae 1), wat as rig-snoer kan dien tydens ringsdiakonale kon-ferensies.

1.3.2.3 'n Versoek aan ringe gerig met betrekking tot kundige lidmate wat gespesialiseerde diens op die terrein van barmhartigheid kan lewer, sodat gemeentes sulke persone op 'n basis soos ooreengekom kan gebruik.

1.3.3 Wat hulp aan studente in maatskaplike werk betref, oordeel die kommissie dat dit eintlik op die gemeen-tevlak tuis hoort, daar die kommissie self nie oor fondse beskik nie.

1.3.4 Samesprekings met SKDB van die NGK

Die SKDB van die NGK het die APK uitgenooi na same-sprekings in verband met Kindermolestering op Dinsdag 4 Julie 1989. Die Voorsitter van die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste het die ver-gadering bygewoon.

Die samesprekings sou eers op 21 Junie plaasgevind het. Weens die afwesigheid van een van die afge-vaardigdes, is die byeenkoms verskuif na 4 Julie.

Afgevaardigdes van die AGS, NHK, NGK en myself as afgevaardigde van die APK was teenwoordig. Die af-gevaardigde van die Geref. Kerk het nie opgedaag nie.

Die naam van hierdie skakelkomitee is as volg: Interkerklike skakelkomitee vir Diens van Barmhartig-heid.

Alhoewel die samesprekings net oor "Kindermolestering" sou handel, het 'n paar ander sake ook onder be-spreking gekom.

1.3.4.1 Gereelde byeenkomste van skakelkommissie

Afgevaardigdes na skakelkommissie moet van hulle kerke die opdrag kry om saam te praat.

Kommissie voel dat daar een keer per ses maande vergader moet word.

Afgevaardigdes moet dus amptelik kom. Kommissie kan nie bindende besluite neem nie.

Kerke kan meer as een afgevaardigde na samesprekings stuur.

Dit sal 'n broederlike ontmoeting met 'n sakelys wees.

1.3.4.2 Kindermolestering

Die Kerk (NGK) het aan die Minister van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling ver-soek gerig om 'n kommissie aan te stel wat op die saak van kindermolestering in kan gaan. Die versoek is gerig, omdat:

Die Kerk nie 'n mandaat daartoe het nie; die Kerk nie oor die nodige fondse beskik nie; en die Kerk nie oor die nodige mannekrag be-skik nie.

Die versoek was dat die betrokke Minister 'n multi-professionele kommissie van onder-soek na kindermolestering moet gelas. Hierin sal ook van die kundigheid van siel-kundiges en maatskaplike werkers gebruik gemaak kan word. Die Minister het egter hierdie kommissie van ondersoek afgekeur.

Die kommissie doen aan die hand dat die pastorieë se telefoonnommers beskikbaar moet wees vir verwysing indien sulke ge-valle aangemeld word. So 'n geval moet dan onmiddellik aan die Departement van Gesondheid en Welsyn aangemeld word - daar bestaan 'n na-uurse diens vir kinder-molestering.

1.3.4.3 Vertoë na Owerheid

Enkele sake is reeds deur NGK onder die aandag van die owerheid gebring:

- Nie-gesamentlike belasting:
Vertoë is gerig dat belasting en pensioen van die vrou van dié van die man geskei moet word.
- Verklaarde rampgebiede:
Die owerheid wil tog graag wet en orde handhaaf. Indien 'n gebied as rampgebied verklaar word, is die Kerk diakonaal daarby geïntegreer. Die Staat se pensioenfonds neem dan oor - beskik oor die nodige fondse.
- Aanneming van kinders:
Vertoë is gerig tot owerheid dat by die aanneming van kinders geloofs- en kultuurverbande in aanmerking geneem moet word. Die kind het ook sy regte - is bv. Afrikaners, gereformeerde ens. Volgens wat ons verneem, was daar alreeds sprake dat kleurlingkinders vir aanneming aan Blankes toegesê kan word. Dit word ten sterkste afgekeur.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Beskrywingspunte

Die volgende is ontvang:

2.1.1 Ring van Dendron

Die sinode neem die beginselbesluit dat wanneer hy dit nodig ag om een of ander tehuis op te rig, dit gedoen word met eie kerklike fondse. Die sinode besluit om dié moontlikheid deeglik te ondersoek en benoem 'n kommissie daarvoor of verwys dit na 'n staande kommissie.

Motivering: wanneer van nie-kerklike fondse gebruik gemaak word, is die kerk gebind deur voorwaardes wat van die kant van die instansie wat die lening verskaf, gestel word. Behalwe die rente wat in die kas van 'n ander vloei, mag sodanige voorwaardes met die kerk se oortuigings bots.

Aanbeveling: die sinode neem hiervan slegs kennis omdat hieraan reeds aandag gegee is (vgl 1.3.2.1).

2.1.2 Ring van Derby

Beveel by die sinode aan dat daar op die een of ander wyse 'n aanvang gemaak sal word met georganiseerde bejaardesorg sodat ons senior lidmate uiteindelik in 'n inrigting onder beheer van ons kerk versorg kan word.

Versoek die sinode om 'n goeie Afrikaanse woord vir "alimentasie" te formuleer wat die betekenis van die saak duidelik na vore sal bring.

Aanbeveling: die sinode neem kennis van die eerste paragraaf omdat dit gedek is deur 1.3.2.1 hierbo, en keur die woord "hulpverlening" in plaas van "alimentasie" goed.

2.1.3 Ring van Lichtenburg

Die sinode beveel by gemeentes aan dat daar vir die huidige gebruik gemaak word van neutrale tehuise vir kinders en bejaardes (bv die wat deur die SAVF) beheer word). Die sinode stel dit as 'n ideaal om 'n tehuis vir bejaardes daar te stel deur ons gemeentes saam.

Motivering: die ervaring het geleer dat daar ouer-tehuise is wat ander kerke se lidmate bevoordeel wanneer hulle aansoek doen vir 'n plekkie in die tehuis.

Aanbeveling: die sinode neem hiervan slegs kennis omdat dit 'n bestaande praktyk is.

Die sinode oorweeg en keur goed dat met die NHK onderhandel word met die oog daarop dat ons kerke deelhebbers kan word aan hulle Raad vir Maatskaplike Sorg (Ondersteuningsraad) en daartoe kan bydra, maar dan ook van hulle dienste gebruik kan maak soos en wanneer dit benodig mag word.

Aanbeveling: die sinode laat die saak oorstaan totdat die betrokke kerk amptelik sy standpunt oor ons bestaan as kerk gestel het.

2.1.4 Ring van Naboomspruit

Stel voor dat alle gemeentes 1% van Dankoffer vir bejaarde fonds stuur (skenk).

Motivering: omdat d'far seker in elke gemeente 'n behoefte is om voorsorg te maak vir hul ou mense stel ons voor dat: elke gemeente 1% van hul Dankoffer aan so 'n fonds sal afstaan (na % verpligte reeds aan SKK gestuur is); 'n bejaarde tehuis liewer in ringsgebied opgerig word - ou mense wil graag in eie omgewing bly en dit is ook vir ander familie meer ekonomies; dit kan ook op ringsvlak gereël word omdat gebied geskiktheid en behoeftes makliker geken is; as die SKK hul weg oopsien om 'n % van die verpligte persentasie wat alreeds deur die gemeentes gestuur is aan te wend vir hierdie saak, sal dit 'n groot verligting vir die gemeentes wees (siende dat daar oral met kerke wat gebou word finansiële tekorte is).

Aanbeveling: die sinode neem hiervan slegs kennis omdat dit 'n onpraktiese voorstel is.

2.1.5 Ring van Vereeniging

Versoek die sinode, en in meer besonder die SKB, om struktuur te gee aan die behoefte en nood van lidmate wat drank- en verdowingsmiddels misbruik; ook om voorligting binne die kerk te gee.

Motivering: vir inligting word daarop gewys dat in die Vereenigingse ringsgebied twee lidmate is wat by die struktuurgewing van so 'n diens betrek kan word.

Aanbeveling: die sinode oordeel dat omdat daar reeds baie gevestigde interkerklike instansies bestaan wat wetenskaplik hiermee handel, daar geen nodigheid is om self 'n struktuur te skep wat groot finansiële implikasies inhou wat die kerk nie kan dra nie; wat voorligting betref, geld dieselfde oordeel.

2.2 Algemeen

- Aanbevelings:
- 2.2.1 Die sinode beveel by permanente kommissies aan om, waar prakties moontlik, ook gebruik te maak van telefoonkonferensies om reis- en verblyfkoste te besnoei. Sensitiewe of vertroulike sake word vanselfsprekend hier vermy.
 - 2.2.2 Die sinode keur Bylae 1: Deeglike Diakenskap in beginsel goed as vertrekpunt vir 'n handleiding vir diakens.
 - 2.2.3 Die sinode dra dit aan sy volgende SKB op om voort te gaan met die opstelling van bogemelde handleiding vir diakens, met inagneming van die finansiële implikasies daaraan verbonde.
 - 2.2.4 Die sinode keur 'n begroting van R3 500 vir reiskoste vir 'n minimum van 2 vergaderings vir die SKB goed.
 - 2.2.5 Die sinode spreek hom uit oor die voorgesette deelname aan die Interkerklike skakelkommissie.

- 2.2.6 Die sinode benoem sy verteenwoordiger(s) op die kommissie, indien daartoe besluit word.

Die kommissie bid die sinode die Here se seën en die leiding van sy Gees toe.

J.M. RHEEDER
VOORSITTER

S. BOTES
SKRIBA

BYLAE 1.DEEGLIKE DIAKENSAP

(Handleiding vir diakens in die Afrikaanse Protestantse Kerk)

Om gekies te word as diaken, beteken vir die meeste van ons 'n klomp vergaderings, kollekte opneem in die erediens en miskien elke maand dankoffer gaan opneem in die wyk. As dit werklik alles was wat diaken-wees beteken, is die kerk besig om 'n klomp mense te mislei en hulle kosbare energie te vermors.

Diaken-wees is in werklikheid 'n wonderlike geleentheid om 'n baie besondere diens te verrig in die Kerk en Koninkryk van Jesus Christus. Die amp stel jou in die bevoorregte posisie om deel te kan word van die edelste werkterrein van die Kerk. Om diaken te wees beteken om die liefde van God op 'n tasbare en sigbare manier aan ander te bewys.

Wat beteken diaken-wees?

In die Griekse Bybel word die woord diakonos gebruik as daar van die diaken-amp gepraat word. Die woord beteken "een wat dien, aan tafel bedien, 'n sendeling of ambassadeur". As die werk van die diakonos beskryf word, word daar gepraat van "om te dien" of "om te sorg vir" (Bv. in 2 Kor. 3:3.) of "om in te samel of kollekteer" (Bv. 2 Kor. 8:4; 2 Kor. 9:1, 12 en 13). Hiervan kan ons al baie aflei van wat alles met diaken-wees bedoel word!

Die Een wat vir ons die voorbeeld kom stel het om te dien, is natuurlik Jesus Christus (Mark.10:45). Die werk wat Hy met soveel liefde en in Goddelike volmaaktheid kom begin het, word voortgesit deur die diaken.

Die sleutelwoord vir die tipe diens wat die diaken verrig, is liefde. Liefde wat gebore is uit barmhartigheid. Heel in die begin van die kerk se bestaan, voordat daar diakens was, het die apostels alles gedoen - ook die diaken se werk (Hand. 6:2). Later het die werk te veel geword en het die diaken-amp as 'n afsonderlike amp ontstaan (Fil. 1:1) en het dit heel gou duidelik geword dat sekere mense veral toegerus is deur die Heilige Gees vir die ampswerk (1 Tim. 3:8-13). Daarom is die diaken die een wat die onderlinge liefde en gemeenskaplike geloof in die gemeente gaan bewys aan hulle wat in nood is en hulp en ondersteuning nodig het. Die diaken dra die warmte van die liefde van Christus in die koue, sondige wêreld in.

Wat is die diaken se funksie en opdrag?

Die diaken moet nie dink sy werk het net met geld te doen nie. Die diaken het ook 'n geestelike taak in die kerk. Die

Kerkorde stel dit so: "die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het." (Art. 19) Dit beteken dat die diaken die mens in nood so help, dat hy in die proses leer om homself later te help. Dit sal ook beteken dat die diaken soms vir die mens in nood deur gebed en selfs voorlees uit die Woord van die Here, vertroos en bemoedig in sy nood. Daarom moet die diaken werklik die liefde van Christus ken en ervaar in sy lewe sodat hy dit vryelik met ander kan deel en daarvan getuig. So gesien, kan die diaken se werk nooit los staan van die ouderling en predikant se werk nie, want hy begin as't ware die geestelike werk waarop die ander ampte later voortbou.

Hoe moet die diaken sy taak uitvoer?

Omdat die diaken veral vir mense help wat op tydelike gebied in nood verkeer, maak geld en tydelike middele 'n belangrike deel van sy werk uit. Daarom is die diaken die een wat verantwoordelik is vir die insameling van die geld. Dit word natuurlik gedoen deur die offergawes in die erediens op te neem sowel as om die dankoffers van lidmate te ontvang namens die kerk.

Maar hier eindig die diaken se werk nie. Hy moet nie net die lidmate se offers by die kerk se kassier inbetaal, en nou is sy werk afgehandel nie. Nou begin dit eintlik eers, want die diaken is die een wat moet toesien dat daardie fondse reg aangewend word. Die fondse moet gebruik word vir barmhartigheidsdiens aan gesinne wat behoeftig is of kinders wat versorg moet word. Ook moet die diaken omsien na jongmense wat die pad byster geraak het en hulp nodig het om weer op die regte pad te kom. Dikwels is daar bejaardes wat besondere hulp nodig het, of siëkes wat gehelp moet word of 'n familie wat hulp nodig het by die afsterwe van 'n geliefde, ens. Oral is die diaken die onmisbare skakel wat die hulp verleen en onder die aandag bring van die ouderling, predikant of selfs die maatskaplike werker, dokter of sielkundige. So vorm die diaken 'n skakel in 'n lang ketting van helpers; 'n span waarin elkeen sy volle deel moet doen om die liefde van God in Christus op 'n ordelike manier aan die mens in nood uit te dra.

Verder moet die diaken die een wees wat die oorsake vir al hierdie probleme betyds raaksien en dit dan uitskakel. Die taak van die diaken is nie net om mense wat reeds in nood is, te help nie, maar ook om alles moontlik te doen om te voorkom dat mense in die noodsituasies beland. Daarom moet die diakens ook die nodige fondse aanwend om euwels wat mense in ellende dompel, te bestry. Mense moet betyds gewaarsku word teen die dinge wat hulle of hulle naasbestaandes in ellende gaan dompel.

Gelukkig staan die diaken nie alleen wanneer hy al hierdie

dinge moet doen nie. Agter die diaken staan 'n georganiseerde kerk waar dinge behoorlik gereël en georden word. Die diaken is verantwoordelik vir sy wyk; elke wyk vorm deel van 'n plaaslike kerk waar daar 'n kerkraad is wat die werk organiseer. Verder is daar ringe wat op ringslvak barmhartigheidswerk reël en natuurlik ook die sinode met sy Kommissie vir Barmhartigheidsdienste wat alle gemeenskaplike sake koordineer. Daar word dienswerk deur kerklike inrigtings gedoen, met die staat saamgewerk en selfs dienswerk in wêreldperspektief verrig. Dit maak van die diaken die eerste en belangrikste skakel in 'n wêreldwye, georganiseerde diensaksie.

Slot

Om diaken te wees beteken dus om die Kerk van Christus in aksie te wees. Jy, as diaken, is die hand van die kerk. Elders in die kerk word gedink, beplan en gefilosofeer, maar hier, in die diaken-amp word al daardie dinge werklikheid. Dis voorwaar 'n ondenkbare eer en voorreg om so in diens van God te kan wees. Dank Hom daarvoor en dien Hom met oorgawe.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Verslag aan die derde sinode, in sitting 1-7 November 1989, deur die kommissie vir Kapelaansdienste

1. VIR KENNISNAME

1.1. Personeel.

Die tweede sinode het ses lede vir die kommissie aangewys, tw:

Dr. J.D. Malan

Ds. M.J. Hartzenberg

Oudl. J.B. Swartz

Oudl. A. van Niekerk

Genl. (Oudl.) J.C. Visser

Oudl. D.J. Visser

1.2 Vergaderings

Die kommissie het een keer vergader op 13 Junie 1989. Vier lede kon nie die vergadering bywoon nie omdat hulle adresse en telefoonnommers nie ter hand was nie.

1.3 Sake afgehandel

1.3.1 Begroting

Die kommissie het begroot vir twee vergaderings tussen die derde en vierde sinode. Die kommissie het gereken op n kommissie bestaande uit ses lede, wie verspreid oor die land woon. Die begrote bedrag is R4 400-00.

1.3.2 Lasgewing

1.3.3 Beskrywingspunte, navrae en opmerkings.

Van die ring van Newcastle is die probleem om met dienspligtiges te Ladysmith kontak te maak onder ons aandag gebring. Die gemeente Boshoff het melding gemaak van die feit dat BM-lede verplig is om n erediens in die NG Kerk by te woon.

1.3.4 Onderhoude met die Kplne. Genl. van die SAW en SAP.

1.3.4.1. Die sake onder 1.3.3. genoem is in die onderhoud met die

Kapln. Genl. bespreek.

Volgens die rekenaar van die SAW is daar net drie persone in Ladysmith wat lidmaat is van een of ander AP Kerk. Die SAW verkies dat n geordende lidmate van bepaalde kerke onderrig tydens kerklike periodes ens. Lidmate word ook net in die plaaslike dorp na eredienste vervoer. Die plaaslike kapelaan het beweer dat hy pas aan die begin van Junie die inligting oor die drie AP Kerk lidmate gekry het.

Wat die Boshoff-probleem betref is daar twee belangrike dinge wat ons moet onthou.

1. Elke soldaat word verplig om een erediens op 'n Sondag by te woon. Indien moontlik word vervoer beskikbaar gestel om die persoon na sy eie kerk te vervoer, mits dit in dieselfde dorp is.
2. Indien daar nie 'n erediens van sy kerk is nie, moet hy dan 'n diens van 'n ander kerk van sy keuse bywoon. Indien daar net een kerk beskikbaar is, word almal verplig om daardie erediens by te woon.

1.3.4.2 Die besoek aan die Kpln. Genl. van die SAP.

Die APK Pretoria (of watter gemeente ookal die naaste aan die polisie kollege is) se kerkraad word versoek om asb. Genl. (ds.) Colyn te kontak en met hom en ook met die bevelvoerder van die kollege te reël sodat u gereeld weekliks kontak met die rekrute van die AP Kerke kan hê. 'n Reëling kan ook getref word sodat u gereeld in die kollege erediens vir die lidmate van die AP Kerke kan hou of dat die rekrute na u erediens vervoer kan word.

Polisiemanne in operasionele omstandighede word deur die polisie kapelane self bearbei.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Lasgewing. (Staande opdrag)

Die kommissie was in die bevoorregte posisie om die voorstelle van die KKS ter hand te hê. Die kommissie vereenselwig hom daarmee en gee dit weer.

2.2. Die sinode keur die volgende lasgewing goed:

Lasgewing vir die kommissie vir kapelaansdienste.

Die kommissie

2.2.1 word deur die persoon wat deur 'n sinode as sameroeper aangewys is, byeengeroep met die oog op die verkiesing van 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en ander funksionaris wat die kommissie nodig mag ag;

2.2.2 besorg op sy eerste vergadering 'n kopie van sy eie lasgewing aan elke lid van die kommissie, en dra sorg dat elke lid met die inhoud daarvan vertroud is;

2.2.3 vergader minstens een keer per jaar. Wanneer 'n vakature/s ontstaan, word die secundus/i opgeroep;

2.2.4 hou notule van al sy vergaderings;

2.2.5 stel 'n rapport vir die volgende sinode op. Hierdie rapport moet riglyne vir rapporte, wat deur die sinode vasgestel is, volg - dit sal gevolglik 'n begroting en konsep-opdragte vir die te-benoeme kommissie bevat;

2.2.6 beveel by die sinode sekere wysigings ten opsigte van hierdie lasgewing aan;

2.2.7 dien as skakel tussen die AP Kerke en die SAW en ander beskermingsdienste;

2.2.8 bedien kerkrade van inligting tov dienspligtiges en kapelane;

2.2.9 wanneer sinodes van tyd tot tyd ad hoc-opdragte aan hierdie kommissie gee, word sodanige opdragte as deel van hierdie lasgewing beskou.

2.3 Die sinode dra aan die te benoeme kommissie op om: In die lig van die veranderende omstandighede (privatisering) in die SAVD, ondersoek in te stel na wat van die spoorweg hostels word en dit onder die aandag van plaaslike kerke te bring.

Sela.

Voorsitter

Skriba

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

DERDE SINODESITTING, 1 NOV. e.v.d. 1989

VERSLAG VAN DIE SINODALE ARGIEFKOMMISSIE

1. VIR KENNISNAME

1.1 PERSONEEL

Dr. M F M Pretorius is as voorsitter gekies en ds. W M Grové as skriba. Die ander lede deur die sinode benoem, is ds. A E van den Berg en ouderlinge A H P Louw en L C B Breytenbach. Lg. het nie een vergadering bygewoon nie en het gevra om van verpligtinge onthef te word aangesien hierdie kommissie se werk buite sy belangstellingsveld lê.

1.2 VERGADERINGS

Sedert die sinode: Twee is gehou.

1.3 SAKE WAT BEHANDEL IS

1.3.1 I.v.m. die JAARBOEK 1990 is voorbereidings bespreek. Die SKK is gevra om dit voortaan deel van die kerklike publikasies te maak.

1.3.2 Ander sake wat hanteer is: 'n Veilige bewaarplek vir argiefstukke en ander argiefsake, die biblioteek en die begroting.

1.3.3 Die SKK is gevra om voorsiening te maak vir 'n veilige bewaarplek.

1.3.4 Wat die biblioteek betref, is besluit dat dit onder sorg van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding tuis hoort en dis per brief aan die SKK meegedeel.

1.3.5 Ons het geen beskrywingspunte ontvang nie.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 RIGLYNE VIR DIE ARGIEF

2.1.1 Die sinode keur die riglyne wat in 1988 voorgelê is, goed.

2.1.2 Die sinode keur die derde deel vir genoemde riglyn, soos volg goed:

Registerafskrifte (Doo- en lidmateregisters)

2.1.2.1 Soos met die oorspronklike register, word dit met swart ink geskryf.

2.1.2.2 'n Fotokopie van goeie gehalte op 80 gram papier, is aanvaarbaar.

2.1.2.3 Die ringskriba sien toe dat elke gemeente se afskrifte ontvang word en hy besorg dit aan die kerkargief.

2.1.2.4 Afskrifte vir 1990 begin by gemeentestigting tot 31 Des. 1989. Daarna jaarliks oor elke volgende kerkjaar.

2.2 DIE LEIDRAAD

Wat by die tweede sinode (1988) goedgekeur is, word deur hierdie vergadering weer onder die aandag van elke skriba (van gemeente, ring, sinodale kommissie) gebring. (Kyk: Tydelike Argiefkommissie se verslag, 1988).

2.3 SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die Sinode ag vier lede vir hierdie kommissie genoegsaam en dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om die lede te benoem.

2.4 DEELTYDSE ARGIEFHULP

Die sinode keur die optrede van die SKK goed om 'n deeltydse argiefhulp te benoem en dat hy deur plaaslike lede van die kommissie bygestaan word waar dit dienlik is.

2.5 BEGROTING

Die sinode keur die volgende begroting goed:

Rakke in bewaarplek	+	R2 000-00
1000 Lêer kartonne		3 680-00
Reiskoste (indien die kommissie dieselfde bly)		<u>1 500-00</u> pj
		<u>R7 180-00</u>

3. Hierdie verslag is volgens besluit van die kommissie op 14/06/1989.

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

W.A. Grové

108

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde kerk van Christus
onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODE: 1 - 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG VAN DIE PERMANENTE JEUGKOMMISSIE



ONS ALLES VIR CHRISTUS

A. VIR KENNISNAME:

1. Personeel: Die volgende lede het op die kommissie gedien:

Ds P W Botha	- Sekretaris	D Briel	- Diaken
Ds J N Joubert		A F Badenhorst	- Ouderling
Ds O D Scheuer			
Ds P Stans			
Ds P L Storm			
Ds J H Therón			
Ds A P Viljoen	- Voorsitter		

2. Vergaderings: Die kommissie het by twee geleenthede vergader.

9 Februarie 1989

13 Junie 1989

-2-

3. Sake behandel: Die volgende sake is deur die Jeugkommissie in behandeling geneem:

3.1. Sake in behandeling geneem en afgehandel:

3.1.1. Hersiening en herdruk van Verbondsonderrig boeke
Volgens Sinodebesluit 62.3.1.3 (a + b) is hersiening en herdruk slegs in die allernoodsaaklikste gevalle gedoen. 18 000 boekies is herdruk teen die bedrag van R51 638.75.

3.1.2. Die Jeugboodskapper:

Volgens Sinodebesluit 62.3.2.7 van 1988 het daar reeds vyf uitgawes van Die Jeugboodskapper verskyn. Alhoewel dié blad volgens berigte deur baie kinders gelees word, is die reaksie op versoeke om te skryf en nuus deur te gee, nie na wense nie.

3.1.3. Handboek vir volwasse onderrig:

Volgens Sinodebesluit 62.3.1.5 van 1988 het die kommissie aandag gegee aan die opstel van so 'n boek. Die boek "'n Volwasse Man" het reeds verskyn. 'n Woord van opregte dank aan die skrywer Ds R Maré asook die redakteurs ds O D Scheuer en Dr F A H van Staden en die eindredakteur Ds J H Theron.

3.1.4. Bestelling van Verbondsonderrig benodigdhede:

Ten einde te voorsien in die behoefte van toekennings vir die Verbondsonderrig einde 1989 is die volgende bestelling by PR Drukkers geplaas:

* 2 500 seëls vir elke jaargroep;

-3-

* 1 000 eksemplare van Aandenkingskaarte - blommemo-tief;

* 1 000 eksemplare van Aandenkingskaarte - kerkmo-tief.

Daar is gereken dat alle ander benodigdhede, insluitende handboeke, voldoende is tot einde 1990.

3.2. Sake in behandeling geneem en nie afgehandel nie:

3.2.1. Inligtingstukke vir Jeugaksies.

3.2.2. Drafttoer vir Hoërskooljeug.

3.2.3. Stranddienskamp vir naskoolse jeug.

3.2.4. Jeugsaamtrek.

3.2.5. Studentebediening.

3.2.6. Dagboek vir Jeug.

3.2.7. Bybelkennis.

B. VIR GOEDKEURING:

1. BESKRYWINGSPUNTE DEUR KOMMISSIE IN BEHANDELING GENEEM

1.1. Beskrywingspunte ten opsigte van Verbondsonderrig-handboeke:

1.1.1. Die Sinode dra dit aan die Jeugkommissie (aangewys deur die Sinode) op om:

-4-

1. Die lesreeks tans in gebruik by ons Verbondsonderrig te hersien en aan 'n volgende Sinode voor te lê vir goedkeuring.
2. Handboeke vir die gebruik van die leerkrigte saam met die lesreeks daar te stel en aan 'n volgende Sinode voor te lê vir goedkeuring en/of 'n lys van aanbevole boeke deur die BoodsAPPER aan die leerkrigte te verstrek om bogenoemde leemte vir tyd en wyl te vul.

Motivering:

Ten opsigte van 1. Ofskoon die Kerk steeds groot bewondering koester vir die prestasie deur die opsteller(s) behaal met die daarstelling van die reeks onder groot druk in die ongelooflike kort tydjie, is dit tog wenslik dat die reeks hersien word.

Ten opsigte van 2. By die voorbereidingswerk van die leerkrigte is handboeke bykans sonder uitsondering onontbeerlik en die voorsiening daarvan sal die entoesiasme van die vrywilligerkorps verder laat oplaai vir hulle pragtige werk.

Insender: Ring van Lichtenburg.

- 1.1.2. Die Ring van Naboomspruit het op sy sitting van 16 April 1989 besluit om die volgende wenk aan u voor te lê.

-5-

Dat oorweging geskenk word aan die verbetering en herskrywe van die lesreekse.

Insender: Ring van Naboomspruit.

- 1.1.3. Die Ring van Stellenbosch versoek die Sinode en die verantwoordelike kommissie om ondersoek in te stel na die bevatlikheid van die inhoud van die Verbondsonderrig ten opsigte van die Laerskoolkind.

Motivering:

Daar is ruimte vir verbetering.

Insender: Lidmate: H J Steyn en J van Wyk - Paarl
Ring van Stellenbosch.

- 1.1.4. Dat die Ring besluit om die Sinode te versoek om so gou moontlik aandag te gee aan die saak aangesien die boeke totaal onder die merk is. Veral wat die Belydenisklas betref.

Beveel aan dat ondersoek deur onafhanklike kommissie gedoen word.

Insender: Ds J J Venter (Bloemhof).

- 1.1.5. Die Ring van Migdol handhaaf bogenoemde beskrywingspunt.

Insender: Ring van Migdol.

- 1.1.6. Die Sinode besluit om sy standpunt oor die herdruk/hersiening van handboeke te herroep, en wel dringen-

ende aandag sal skenk aan die grondige hersiening en gepaardgaande kwaliteitsverbetering ten opsigte van die inhoud van alle handboeke, veral ten opsigte van St. 8 en 9.

Motivering:

Die APK se handboeke steek in baie gevalle baie af teen dié van die ander 3 Afrikaanse Kerke, veral wat die hoërskooljeug betref. Die leerstof het nie genoegsame diepte nie, die belydenisskrifte word nie volledig behandel nie, en leerstellige dwalings kom voor.

Insender: Ds J J Venter (Fochville)

Ds J A du Plessis (Potchefstroom - nou Naboomspruit).

- 1.1.7. Hierdie Ring is van oordeel dat daar 'n besliste leemte bestaan met betrekking tot die kardinale leerstuk: STAPPE OP DIE HEISLWEG (bls. 57 en 65). Hierdie besondere afdeling behoort sodanig uitgebrei te word dat dit vir die verbondskind duidelik, verstaanbaar is in só 'n mate dat dit hom/haar sal help om tot geloofsekerheid te kom. Met ander woorde praktiese stappe om tot geloofsekerheid te kom.

KENMERKE VAN DIE WARE KERK: bogenoemde leerboek, bl. 62. Die Ring versoek die Sinode om hierdie aangeleentheid duideliker te omskryf. 'n Aparte opskrif behoort daaraan gegee te word, en kan goedskiks vóór of ná punt 3 (bl. 60) ingevoeg word.

Insender: Ring van Heilbron.

OPMERKING:

Alhoewel die kommissie dit net weer onder die aandag van die Sinode wil bring dat die eerste reeks handboeke met baie groot spoed onderneem moes word, kan die leemtes en swakhede daarin nie onbeperk oor die hoof gesien word nie en blyk dit tog die beste te wees om so spoedig moontlik met 'n totale hersiening te begin.

AANBEVELING:

Die Sinode besluit om in die lig van bogenoemde beskrywingspunte en op aanbeveling van die Permanente Jeugkommissie sinodebesluit 62.3.1.3 (a + b) van 1988 te herroep en onmiddellik oor te gaan tot die aanwys van 'n hersieningskommissie wat so spoedig moontlik aan die saak aandag sal gee.

1.2. Beskrywingspunt ten opsigte van handleidings vir Verbondsonderrigpersoneel

- 1.2.1. Dat daar 'n handleiding beskikbaar gestel word om Verbondsonderrigters te skool en in staat te stel om vrae te beantwoord wat tydens die aanbieding van lesse opduik.

Insender: P de Klerk - Hoof van Verbondsonderrig Goudveld-Sentraal.

- 1.2.2. Die Ring van Bloemfontein versoek dat die wenslikheid van 'n handleiding vir Verbondsonderrigvaardigheid ondersoek word en indien moontlik daar gestel word.

Insender: Ring van Bloemfontein.

AANBEVELING:

Die Sinode gee die nuut saamgestelde hersieningskommissie opdrag om, in die lig van bogenoemde twee beskrywingspunte asook Sinodebesluit 62.4.4 van 1988, dringend aan só 'n handleiding aandag te gee.

1.3. Beskrywingspunt ten opsigte van toekennings vir leerkragte

Die Ring van Mooinooi versoek die Sinode om die moontlikheid van diplomas en seëls vir leerkragte te ondersoek.

Insender: Ring van Mooinooi.

AANBEVELING:

Die Sinode besluit dat die Jeugkommissie in die lig van bogenoemde beskrywingspunt, en met in agneming van Sinodebesluit 93.2.10 van 1988 wêr aan dié saak aandag moet gee.

1.4. Beskrywingspunt ten opsigte van Sakramentsbediening:

Die Sinode gee aan die Kommissie vir Jeug- en Verbondsonderrig opdrag om so gou moontlik 'n gepaste aandenkingskaart/boekie oor die sakrament van die Doop vir die Afrikaanse Protestantse Kerke beskikbaar te stel.

Motivering:

Ons het nog nie so iets nie. Dit gaan gesonde lering in die ouerhuise indra en 'n waardevolle herinneringsartikel wees.

Insender: Ring van Dendron.

AANBEVELING:

Die Sinode keur so 'n aandenkingskaart/boekie in beginsel goed en dra dit aan die Jeugkommissie op om so spoedig moontlik so iets beskikbaar te stel.

1.5. Beskrywingspunt ten opsigte van handleidings vir jeugaksies

Die Ring van Newcastle versoek die Sinode om aandag te skenk aan die opstel van volledige handleidings vir die verskillende jeugaksies.

Insender: Ring van Newcastle.

AANBEVELING:

Die Sinode neem met dank kennis van werk wat reeds in dié verband gedoen is (sien A 3.2.1 op bl. 3) op grond van sinodebesluit 62.3.2.5 van 1988 en versoek die Jeugkommissie om méér aktuele handleidings daar te stel.

1.6. Beskrywingspunt ten opsigte van Verbondsonderrig

Die Ring beveel sterk by kerkrade aan dat dooplidmate nie slegs gegropeer word volgens hulle skoolstanderd nie, maar volgens hulle verstandelike bevatlikheid en geloofsrypheid, en nie ipso facto toegelaat word as belydende lidmate nie maar wel deeglik sekerheid van geloof in Christus moet hê alvorens hulle as lidmate toegelaat word.

Die geestelike rypheid en insig van individue verskil van persoon tot persoon en word nie gewaarborg deur

die saamgroepeer in een ouderdomsgroep nie, en sekerheid van geloof in Jesus Christus, waarop die Verbondsonderrig tog gerig moet wees, is die primêre vereiste vir die belydenis van daardie geloof en die toevoeging tot die gemeente van Christus Jesus.

Insender: Ring van Stellenbosch.

AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van bogenoemde beskrywingspunt en bring weer die publikasie "Reëls bedoel as riglyne vir Verbondsonderrig" (goedgekeur deur Sinode van 1988 - 62.3.1.4) onder die aandag van gemeentes. In dié verband moet veral gelet word op punte 3.2.1 en 4.1 - vierde paragraaf.

2. BESKRYWINGSPUNTE NIE DEUR KOMMISSIE IN BEHANDELING GE-NEEM NIE

Die volgende beskrywingspunt is laat ontvang (ná 13 Junie 1989) en is nie deur die Permanente Jeugkommissie in behandeling geneem nie. Die Tydelike Jeugkommissie by die Sinode sal egter hieraan aandag gee:

2.1. Kampterrein vir Jeug - Kerkraad van Germiston.

2.2. Waarom die APK gestig is - Kerkraad van Baberton.

2.3. Onderskeid tussen kleuter en pre-primêre kinders ten opsigte van Verbondsonderrig - Ring van Germiston.

2.4. Toekenning van diplomas en seëls - J A du Plessis.

2.5. Aantal lesse in Verbondsonderrigboeke - onbekend.

2.6. Sentrale Jeugaksie - Ring van Morgenzon.

2.7. Hersiening van Verbondsonderrigboeke - Ring van Migdol.

3. BEGROTING VIR 1990

ITEM	VERHAALBAAR	NIE-VERHAALBAAR
Reiskoste vir kommissievergaderings		R 5 000.00
Reiskoste vir hersieningskommissie	R 3 500.00	
Die Jeugboodskapper		R 4 800.00
Verbondsonderrigboeke	R80 000.00	
Toekennings-Verbondsonderrig	R 1 000.00	
Inligtingstukke - Jeugwerk	R 1 500.00	
Onvoorsienbare uitgawes - bv. Sinode opdragte	R 4 200.00	
TOTAAL	R90 200.00	R 9 800.00

Opmerkings:

1. U sal merk dat die grootste gedeelte van die begroting verhaalbare kostes is.
2. Daar het verskele beskrywingspunte ingekom dat die Verbondsonderrighandboeke totaal hersien moet word (sien B1 (1.1 - 1.7) asook dié aanbeveling in dié verband op bl. 7) ten spyte van Sinodebesluit 62.3.1.3 (a + b) van 1988 dat dit eers oor 'n paar jaar moet geskied. Vandaar die groot begroting.
3. Met die onvoorsienbare uitgawes word bedoel dat daar heel moontlik deur die Sinode van 1989 opdragte aan die Jeugkommissie gegee kan word waarvoor die kommissie self nie begroot het nie. Vandaar die R4 200.00 vir onvoorsienbare uitgawes.

AANBEVELING:

Die Sinode keur die begroting van die Jeugkommissie goed en bid hom seën en wysheid toe in die uitvoering van sy pligte.

SLOT

Dit was vir elke lid van die Jeugkommissie 'n besondere voorreg om die afgelope jaar op dié wyse die Koning van die Kerk te kon dien.

Die gebed van elke lid se hart is dat die Afrikaanse Protestantse Kerk nooit sy kinders en jongmense sal afskeep nie. Inteendeel, dat ons kerk bekendheid daarvoor sal verwerf vir sy onvermoeide arbeid met die Verbondskind en Verbondsjeug.

Mag die Woord van God altyd die rigsgaande wees waarvolgens hulle hul lewens inrig (Ps 119: 105) en mag hulle altyd God se onbeperkte liefde vir hulle (Matt 19:14) ervaar.

Ds P W (Willie) Botha: Sekretaris

Ds A p (Tonie) Viljoen: Voorsitter

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODE IN SITTING: PARYS: 1-7 NOVEMBER

Verslag van Kommissie vir Kerksang en Musiek

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Ds. N.J. Rautenbach (Pretoria-Oos) Voorsitter
Ds. D.R. Schwartz (Groot Marico, Zeerust, Bûrmanse Drift)
Ds. R.W. Louw (Goudveld Sentraal en Henneman)
Ds. L.P. Pienaar (Phalaborwa en Tzaneen)
Mnr. F. Swanepoel (Naboomspruit)
Mev. R. Cloete (Orreliste: Moot-Sentraal)
Mev. E. Rautenbach (Orreliste: Pretoria-Oos)
Mev. A. Boshoff (Orreliste: Middelburg)

1.2 Vergadering

Drie vergaderings is gehou nl.

9 Februarie 1989
15 Mei 1989 en
12 Junie 1989

terwyl ook telefonies gesprekke gevoer is in belang van die kommissie se werk tussen kommissielede.

1.3 Sake behandel: Sangbundel

1.3.1 Psalms

In verband met die volgende Sinodale besluite is gehandel.

Notule 1988

"79.2.3 A. i) Die sinodale besluit om saam te werk met die hersiening van die Psalms met die hersieningskommissie van die NG kerk die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk.

ii) Die Psalms moet ook vir ons kerk aanvaarbaar wees voordat ons dit in ons eie bundel opneem.

iii) Die sinode wys verteenwoordigers aan op die hersieningskommissie."

U kommissie het 'n brief gerig aan die SKK om die nodige aansoek te doen om hierdie kontak te bewerkstellig. Drie lede van u kommissie sal, indien die aansoek slaag vir samewerking by die bg. hersieningskommissie die kerk verteenwoordig. Tans wag ons nog op reaksie van die hersieningskommissie. Sodra ons dus reaksie kry kan voorliggaan word met die opdrag van die Sinode i.v.m. die Psalms.

1.3.2 Ander liedere

1.3.2.1 Sinodebesluite 1988

79.2.3 B. Behalwe vir die Psalms word besluit dat ander liedere versamel word uit o.a. huidige gesange, ander bestaande bundels en eie skeppings.

79.2.3 C. (ii) Van tyd tot tyd moet gekeurde liedere aan gemeentes voorgelê word vir toetsing en rapport aan die kommissie.

79.2.3 C. iii Kopiereg

Alle nodige kopiereg moet eers verkry word alvorens enige lied in die bundel opgeneem word.

79.2.3 C. (iv) Sinodale goedkeuring

Sodra die gewenste aantal getoetste en goedgekeurde liedere versamel is word die volle bundel (Psalms ingesluit) aan die sinode voorgelê vir goedkeuring.

1.3.2 Keuring

Om bostaande besluite uit te voer het u kommissie 'n begin gemaak met die keuring van Liedere uit die Gesange en Hallelujaliedere en was daar ook 'n aantal ander bundels en liedere onder ons aandag. Heelwat kommentaar van lidmate van ons kerk is ook ontvang, en daarmee is rekening gehou. In die verband het ons ook die volgende beskrywingspunt ontvang van die Ring van Naboomspruit:

Die Sinode: 1989 wys 'n permanente kommissie aan om die Hallelujaliedere asook die liedere in die Jeugbundel te keur t.o.v. die wyse en die leerstellige inhoud daarvan. Die kommissie moet aan die volgende sinode rapporteer sodat ons AP Kerke d.m.v. 'n sinode 'n konkrete standpunt oor die liedere kan formuleer en daar duidelikheid en eenvormigheid in ons kerke (gemeentes) kan kom. Indien die kommissie die opdrag nie binne een jaar kan voltooi nie, moet hy elke jaar verslag lewer van die werk wat afgehandel kon word, en in elk geval minstens 50 liedere voor die eersvolgende sinode afhandel.

Motivering

1. Die Sinode van 1988 het besluit dat Hallelujaliedere wel buite die erediens "met diskresie gebruik mag word". (Handelinge, p.35, Aanbeveling 2 - vergelyk D1)

2. Dit beteken dat die liedere nie voor die voet gebruik mag word nie. By implikasie hou dit in dat daar Hallelujaliedere is wat nie suiwer is nie.
3. Die probleem is dat die gebruik van die liedere in gemeentes sal verskil - diskresie is 'n subjektiewe saak. Een gemeente mag almal sing, 'n ander slegs die helfte, of 'n kwart, ens.
4. Dit is nodig dat ons kerke (gemeente) beginselbe-gronde leiding van kundiges ontvang. Elke lied sal noukeurig dogmaties geweeg moet word. Daar sal eenvormigheid hieroor bereik moet word.

Geteken:

JN Boshoff AJ Pienaar
R Maré HP Schaaf
SC Maré

13 Februarie 1989

Aangesien bostaande beskrywingspunt hoofsaaklik alreeds 'n besluit van die Sinode is, is ook elemente in die beskrywingspunt, nog nie deur Sinode besluit, bespreek en ook as riglyn beskou vir ons werksaamhede.

1.3.2.2 a) Gesange

Die werksmetode wat ons gevolg het, was om te begin met die bestaande Gesange van die NG kerk en die Hervormde Kerk. As gevolg van die wyd uiteenlopende gedagtes versoeke en houdings teenoor bepaalde Gesange was die taak uiters tydrowend en moeilik. Daar is dan ook hoofsaaklik eers gelet op melodieë wat behou kan word vir ons eie bundel. Dan is daar ook gelet daarop dat ons die onnodige herhaling van melodieë vir verskillende Gesange en Psalms kan uitskakel of ten minste verminder. 'n Voorbeeld is bv. Ges. 100, 131, 162, 173, 232 en 334, - wat almal dieselfde wysie het, word 'beslis' aan gewerk om slegs een of twee Gesange in die bundel te behou. Dit skep dan ook weer meer ruimte vir ander liedere.

Die volgende opmerkings is van belang:

i) Gesange wat sonder verlies kan verval is:

Ges. 18, 27, 30, 32, 35, 44, 50, 52, 53, 60, 64, 66, 72, 75, 76, 81, 93, 95, 98, 101, 107, 109, 111, 112, 118, 121, 123, 126, 127, 128, 136, 139, 144, 153, 157, 193, 195, 197, 206, 208, 215, 220, 237, 240, 248, 251, 265, 271, 274, 278, 281, 288, 290, 301, 303, 312, 324, 341, 345, 348, 351.

ii) Gesange waar Gesange met ander Gesange gekombineer kan word en melodie behou kan word.

Ges 31: Kan gekombineer met Ges. 191 veral vers 2 en 3
 Ges 65: Kan by Ges. 5 ingewerk word
 Ges 64: laat uit t.w.v. Ges. 67
 Ges 66: Kan verval t.g.v. of gekombineer word met Ges. 204 en 213
 Ges 77: het mooi woorde maar melodie word nie aanvaarbaar gevind by lidmate nie.
 Ges 78: dieselfde geld as vir Ges. 77
 Ges. 156, 164 en 233 - Kan gekombineer word.
 Ges. 159 en 168: behoort gekombineer te word
 Ges 184, 27 en 145 behoort gekombineer te word
 Ges 219, 229, 304 en 352 kan goedsikks in een loflied omskep word
 Ges 319 en 320 kan 320 se melodie eerder gebruik word en die woorde kan in een lied gekombineer word.

iii) Gesange waar melodieë probleme gee en ritmies onaanvaarbaar is

Ges. 35 (albei melodieë moet verval), 75 (te middeleeus), 77, 78, 81 (eentonig), 93 (nie geskik vir kerslied), 95, 101, 107, 109, 116, 121, 126 (moeilike melodie), 127, 136, 139 (ritme pas nie), 144, 150, 153, 154 (aanvaar liever van Velden se melodie), 197 (vreemd), 206, 208, 237 (vreemd), 240 (ritme), 250 (melodie van Ps. 8 of ou hallelujawysie word eerder aanbeveel), 251, 265 (vreemdklinkende toonaard), 281, 288, 289 (oorspronklike melodie word aanbeveel), 299, 303, 316, 324, 327 (kan hier liever Ps. 134 se melodie gebruik), 351.

iv) Gesange wat eerder vir 'n koorbundel as 'n sangbundel van die kerk aanbeveel word

Ges. 111, 116, 118, 208, 220, 243, 248, 255

v) Melodieë wat moeilik is maar baie goed en voorlopig ingevoeg word vir gemeentes se kommentaar

Ges. 14, 42, 45, 54, 58, 115, 128, 134, 140, 143, 179 (vir aanleer, laat rustekens uit), 212, 234, 246 (leer eerste melodie aan, laat 2de verval), 249, 256 (Mel. Ps. 69).

vi) Woorde kan verander

U kommissie het te min tyd gehad om al die Gesange se woorde stelselmatig deur te werk. Voorlopig wil ons egter die volgende noem:

Ges 77 Se woorde moet 'n nuwe melodie kry
 Ges 78 se teks kan behou word
 Ges 96 kan ook 'n regstreekse vertaling uit die Duits bykry.
 Ges 260 Reel 3, liever "hul troos" i.p.v. "die troos"
 Ges 328 Die kommissie voel dat die eerste 4 reëls wat almal met "Jesus" begin steurend is. Die volgende sou 'n beter bewoording wees. Die reëls begin as volg:

Reel 1: Here
 Reel 2: Jesus
 Reel 3: Christus
 Reel 4: U die, of U

1.3.2.2 b) Hallelujas

Met die Hallelujabundel moes daar uiters versigtig gewerk word. Ons het ook die probleem ondervind dat van die Hallelujas se woorde teologies nie aanvaarbaar is nie en weens gebrek aan tyd kon dit dus nie volledig geëvalueer word nie. Dus is daar voorlopig eers gekyk na wat voorlopig aanvaarbaar is en aanbeveel kan word terwyl daar steeds nog gewerk word om die evaluering, van liederes in die bundel. Die volgende Hallelujaliedere is aanvaarbaar:

Lied nrs.: 34, 35, 77, 143, 180, 192, 201, 210, 212, 227, 247, 259, 260, 279, 286, 290, 294, 336, 453.

1.3.2.2 c) Jeugsangbundel

Daar is ook na die bundel gekyk en voorlopig lyk die volgende aanvaarbaar:

Nr. 4, 5, 6, 7, 8, 11, 12, 14, 16, 17, 18, 19(koor)
 20, 21(koor), 22, 23(koor), 24, 25, 26(ook koor), 28, 29(sonder sinkopasies), 32(koor), 36, 37, 38, 40, 45?, 49(koor), 59(kanon vir jeugkampe), 60(vir jeugkampe), 62, 66.
 Kleiner kinders: 69, 70, 71, 72, 73, 77, 78, 81, 82, 83, 89, 90, 92, 95, 96, 100.

1.3.3 Bundel (voorlopig)

Uit die aard van die saak sal verstaan word dat daar nog geweldig baie liederes bestaan, waarvan ons nog nie eers aan die skrifberymings van die Gereformeerde kerk aandag kon gee nie. Tog is die druk om leiding deur die kommissie en die Sinode so sterk vir 'n eie liederbundel dat die kommissie 'n voorlopige

toetsbundel saamgestel het. Met die bundel moet die volgende in ag geneem word:

- i) Die bundel is slegs 'n voorlopige leidraad van liedere wat aanbeveel word vir sang in ons kerk. Liedere kan deur Sinode en sy kommissie nog bygevoeg of weggelaat word.
- ii) Elke gemeente ontvang twee bundels waaruit eie bundels vir die gemeente gemaak kan word vir toetsing, en kommentaar.
- iii) Geen bundel of afdrukke mag verkoop word nie.
- iv) Kommentaar van watter aard ookal is welkom en sal na gekyk word.
- v) Elke melodie en woordinhoud gaan nog aan deeglike kommentaar en toetsing onderwerp word.
- vi) Die uiteindelijke formaat: Dit word aanbeveel dat die bundel 'n A5 formaat sal hê om drukkostes te verminder.
- vii) Groot dank aan Piet Roodt drukkers wat hierdie toetsbundel gratis gedruk het.
- viii) Die Psalms is nie in bundel opgeneem nie omdat almal voorlopig gebruik word in ons kerk.

1.3.4 Kopiereg

Voorlopige navraag i.v.m. kopiereg is gedoen en dit blyk dat hierdie saak vir ons nog ernstige probleme kan gee. Kopiereg vir 'n bundel kan egter nog nie aangevra word voordat ons nie eers 'n aanduiding van die Sinode het vir watter liedere aansoek om kopiereg gedoen moet word nie. Om sake te vergemaklik kan die Sinode hierdie voorlopige toetsbundel as basis aanvaar vir die aansoek van kopiereg. Indien kopiereg dan verkry word kan wel van die liedere uitgelaat en kopiereg vir nog liedere aangevra word.

Dit wil egter voorkom asof ons moeilik kopiereg gaan kry, op die tekste van liedere, waar dit aangevra moet word by die NG Kerk uitgewers. Met Melodieë behoort dit egter makliker te gaan.

Waar kopiereg egter nie verkry kan word nie sal die Kerk óf die ander kerke se sangbundels, óf bepaalde sangbundel moet aanvaar, óf die nodige aanvullings maak vir melodieë en bewoording (tekste) wat nog benodig mag word.

1.3.5 Formuliere (insluitend Belydenisskrifte)

Daar het ook versoeke gekom dat die Sinode dit moet oorweeg om Liturgiese formuliere en belydenisskrifte in die sangbundel op te neem. U kommissie is van mening dat die Sinode dit na die kommissie vir Liturgie kan gee

vir ondersoek en indien dit 'n praktiese uitvoerbare versoek is, dit dan wel uit te voer.

1.3.6 Rubriekindeling vir toekomstige bundel

Aangesien 'n eie bundel met eie karakter uiteindelik gedruk gaan word is u kommissie van mening dat liedere Alfabeties (volgens die eerste reël van die lied) geplaas word met twee inhoudsopgawes. Die een inhoudsopgawe word aangegee volgens alfabetiese volgorde en die tweede volgens bepaalde rubrieke bv. God die Vader, God die Seun, God die Heilige Gees, Nagmaal, Doop ensovoorts. Op die wyse kan een lied wat by twee sake pas onder elke rubriek genoem word.

1.4 Sake behandel: Leiding in Kerkmusiek

Sinodebesluit 1988

"79.3: Die kommissie vir kerkmusiek en -sang kry opdrag om so gou moontlik op streekbasis kundige lidmate van ons kerk te vra om begeleiers die nodige leiding te gee i.v.m. musiek tydens eredienste!

U kommissie het aandag aan die saak gegee en wel beplan om so 'n byeenkoms te reël in Welkom. Dit kon egter nie ten uitvoer gebring word nie as gevolg van botsende datums, gebrek aan tyd. Fondse was ook 'n probleem. Die kommissie beskou dit egter as van groot belang dat daar in 1990 ernstig aandag aan die saak gegee word.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Sangbundel

Aanbeveling

- a) Die Sinode besluit om voort te gaan met onderhandeling met die hersieningskommissie van die NG Kerk en Hervormde Kerk i.v.m. die Psalms vir ons nuwe bundel.
- b) Die Sinode besluit om die voorlopige proefbundel soos voorgelê en gewysig deur die Sinode te aanvaar as riglyn vir sang in ons kerk in 1990.
- c) Die Sinode versoek gemeentes om nie enige liedere amptelik te sing wat nog nie in die proefbundel, of in die huidige Psalm en Gesangeboek opgeneem is nie, en vra kommentaar en aanbevelings van gemeentes vir verdere verbetering aan ons proefbundel.
- d) Die Sinode wys daarop dat die bundel slegs voorlopig is en dat die finale bundel se formaat, indeling van liedere, drukwerk, ens. van hoogstaande professionele gehalte sal en moet wees.
- e) Die Sinode gee opdrag om die Kommissie vir Kerksang en musiek om ernstig voort te gaan met die verkryging van kopieregte. Waar kopiereg nie verkry kan word nie, moet dadelik aandag gegee word aan nuwe bewoording vir voorlegging aan die volgende Sinodale vergadering.

- f) Die Sinode verwys die moontlikheid van die opneem van Liturgiese formuliere en Belydenisskrifte (en moontlik formuliergebede bv. 1944 sangbundel) in die sangbundel na die kommissie vir Liturgie en die kommissie vir kerksang en musiek, vir aanbevelings by die volgende Sinode.

2.2 Leiding: Kerksang en Musiek

Aanbeveling

Die kommissie vir kerksang en musiek kry opdrag om op 'n praktiese wyse op streekbasis leiding te gee aan kerkrade en orrelistes i.v.m. sake van belang vir ons kerkmusiek. Gemeentes word versoek om hulle afgevaardigdes na so 'n byeenkoms se kostes te dra.

3. BEGROTING

Vir begroting: Sien Finansiële verslag van die Finansiële Kommissie.

4. SLOT

U kommissie is steeds besig met die opdragte aan ons gegee tot en met die Sinode en sal tydens die Sinode enige verdere verwikkeling rapporteer. Hiermee vertrou ons dat ons die taak aan ons opgedra volgens verwagtinge hanteer het. Seën word al die afgevaardigdes toegewens.

Geteken:

.....
Ds. NJ Rautenbach
VOORSITTER

.....
Mev. A Boshoff
SEKRETARESSE

DERDE SINODE 1 - 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel:

Ds PS van Staden
Ds JD van der Merwe
Oudl L Taljaard
Oudl MJ Cornelius
Ds LH Jacobs
Oudl HP de Villiers
Prof A Swart
Oudl J van Niekerk
Br IA Kotze

1.2 Vergaderings

Twee vergaderings is gehou, nl op 9 Februarie en 14 Junie

1.3 Sake behandel

1.3.1 Opdrag van tweede Sinode

Die kommissie het aandag en uitvoering gegee aan die besluit van die tweede Sinode nl

1.3.1.1 Die Sinode stel ondersoek in na die moontlikheid dat aanvoer- en voorbereidingswerk gedoen moet word om die moontlikheid te skep vir eie formele Christelike volksopvoeding, onderwysersopleiding en tersiêre onderwys. Vir die doel kan die Vaalrivierkerkterrein in 'n kampus ontwikkel word.

1.3.1.2 Die Sinode besluit dat verteenwoordigers van die APK-opvoedkundiges op die Vaalrivierbeplanningskommissie moet dien.

1.3.1.3 Die Sinode besluit dat die SKK 'n brief

aan die onderwysowerhede moet rig waarin versoek word dat skoolsale soos in die verlede aan alle kerke gratis en vryelik beskikbaar gestel word. (Kyk aanbeveling 2.1.4)

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Beskrywingspunte

- 2.1.1 Die Sinode word versoek om dringend aandag te gee aan die uitbouing en tot stand bring van Christelik-Nasionale privaatskole vanaf preprimêre tot tersiêre vlak

RING VAN MOOT-SENTRAAL

MOTIVERING: Die druk vir integrasie op skoolvlak verhoog

AANBEVELING: Die Sinode besluit dat die APK moet betrokke raak by en steun gee aan ondernemings wat gerig is op Christelik-volkseie onderwysvoorsiening vir die Afrikaner Boerevolk.

- 2.1.2 Die Sinode tree deur 'n kommissie met die Transvaalse Onderwysdepartement in gesprek oor die bekendmaking van hul amptelike beleid m.b.t. sport en kultuur in die skole.

MOTIVERING: Ons wil graag so 'n beleidsverklaring hê om te weet waar ons staan en wat ons moet doen.

AANBEVELING: Die Sinode verwys gemeentes na die amptelike beleid van die TOD soos duidelik uiteengesit in hfst 23 p 211 A 24 van die "Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie 1986." Genoemde handleiding is in 1986 gepubliseer en is by elke skoolkantoor beskikbaar.

- 2.1.3 Die Sinode beveel by kerkrade aan dat waar van toepassing kerkrade van die geleentheid gebruik moet maak om skoolhoofde skriftelik te versoek om van die APK leraar by skoolopenings en sluitings gebruik te maak.

MOTIVERING: Daar is ook APK dooplidmate as leerlinge in die onderskei skole.

AANBEVELING: Die Sinode besluit dat toegesien sal word dat die

Christelik-Nasionale karakter in die opvoeding van Afrikaner verbondskinders gehandhaaf sal word. Dit impliseer APK kerkrade en lidmate moet toesien en 'n wakende oog daaroor hou dat die wet ten opsigte van Christelike Nasionale onderwys toegepas word

AP Kerke moet hulle beywer vir groter verteenwoordiging in skoolbeheerrade, oueronderwysersverenigings, jeugkultuuraksies, ens

AP Kerk moet voorts vertoë rig aan plaaslike bestuursrade en skoolhoofde dat AP Kerkleraars minstens in verhouding met APKerke verbondskindersgetalle geleenthede sal kry om by funksies van plaaslike skole op te tree en skoolopenings waar te neem

- 2.1.4 Die Sinode verwys kerkrade na die Kode vir Skoolhoofde oor geboue, terrein, vervoerskemas Junie 1972 par 14 punt 1 punt 4 punt 11 waarvolgens geen gelde betaalbaar is vir godsdienstige doeleindes nie en 'n applikant hom op die Direkteur kan beroep

2.2 Begroting

Kyk verslag van die Finansiële Kommissie

2.3 Opdragte aan die volgende kommissie

Die Kommissie word versoek om aandag te gee aan die gebruik van die Vaalrivierterrein.

3. Die kommissie hoop en vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

DS PS VAN STADEN
Voorsitter

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DERDE SINODE : 1 TOT 7 NOVEMBER 1989

VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR SENDING

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel: Ds JA Visser (S)
Ds HJ Liversage (Skr.)
Ds CJJ van Rensburg
Ds DE Maïan
Ds OD Scheuer
Oudl (oef) ZJ van Rensburg
Mev H van Heerden
Oudl CJ van Helsdingen
Oudl P Streicher

1.2 Vergaderings: Twee vergaderings is gehou, nl
op 9 Februarie en 14 Junie

1.3 Sake behandel

1. Tent evangelisasie
2. Radio sending
3. Sendingbeleid
4. Bedanking
5. Voorkeurlys met begrotings dws
 1. Sending onder swartmense R80 000 pj
 2. Sending onder blankes in Hillbrow R60 000 pj
 3. Radio sending R40 000 pj
 4. Sending onder Indiërs R50 000 pj
6. Sendingbeleid
7. Verandering, Sendingkommissie na Kommissie onder
ander volke
8. Beskrywingspunte
9. Begroting

2. VIR GOEDKEURING

2.1 BESKRYWINGSPUNTE

2.1.1 FORMULERING VAN BESKRYWINGSPUNT

Die Sinode maak 'n duidelik omlynde onderskeid tussen die bedieningsgebiede van Sending en Evangelisasie. Sending is die bring van die Evangelie aan diegene wat nog nooit van Christus gehoor het nie. Evangelisasie is die bring van die Evangelie aan hulle wat nie meer wil hoor nie soos kerklosses en ander ongeërgdes.

MOTIVERING

Die huidige sendingbeleid van die APK maak weinig indien enige onderskeid tussen Sending en Evangelisasie. Die gevaar is dat die APK later met 'n probleem kan sit nl. dat hy nie meer weet of hy met Sending of met Evangelisasie besig is nie. Dit sal in die APK se belang wees indien daar duidelike onderskeid kan kom sodat permanente kommissies nie later op mekaar se gebiede begin oortree en werksaamhede gedupliseer word nie.

Gemeente : MOOT-SENTRAAL

AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed en stel sy standpunt vir die onderskeiding tussen Evangelisasie en Sending soos uiteengesit is in die bylae A.

2.2 KOMMISSIE AANBEVELINGS

- 2.2.1 Die Sinode begin 'n sending aksie onder die Zoeloes deur gebruik te maak van 'n mobiele eenheid. Begroting daarvoor R60 000 vir die pos en R40 000 vir toerusting, Totaal R100 000.
- 2.2.2 Die Sinode begroot R20 000 per jaar aan Ring van Linden om Sending werk te doen in Hillbrow. Daar sal jaarliks verslag gedoen word aan die Sinode oor vordering wat gemaak is.
- 2.2.3 Die Sinode begroot R1 000 (Eenduisend rand) om traktaatjies te laat druk. Vrywilligers in die skryf daarvan word gevra.

DIE VERHOUDING TUSSEN EVANGELISASIE EN SENDING

1. GRENSLOSE VERWARRING

Alles wat vandag oor sending en evangelisasie geskryf word, en gedoen word, is nie ewe duidelik nie. Steeds moet gewaak word dat al die verhoogde aktiwiteite nie 'n verskraling van die evangelie meebring nie. Oral is daar volop "gees", maar ons moet steeds vra of alles die waarmerk van die Heilige Gees dra. Dit is goed om in die omstandighede waarin ons verontrus is oor dinge die geloof van Paulus te betuig. "In elk geval, of dit met bedoelings is of in opregtheid, op allerlei maniere word Christus bekend gemaak, en daarvoor is ek bly." Fil. 1:18.

2. VERWARRING OOR BEGRIPPE

Onduidelikheid oor wat met evangelisasie en sending bedoel word, laat ook veel van die werk ontspoor en ontnem dit hom sy krag. So word die werk koersloos en selfs 'n groot probleem. Dit is goed om eers die omvang van die verwarring te peil.

Wat word bedoel as gepraat word van evangelisasie - "evangelism" en van sending, - "mission." Hiermee hang 'n derde begrip saam nl. "gemeentebediening," of "ampsbediening" of "gemeente-opbou" of kerkwerk.

Deur die groot verskeidenheid evangelisasie-aksies en evangelisasie-bewegings, op wêreldwye vlak en plaaslike vlak word die woord "evangelism" met verskillende nuanserings gebruik. Tog is die oorheersende gedagte dat daarmee bedoel word: die arbeid binne die kerk self, die arbeid aan afvalliges en vervreemdes, sowel as die bereiking van die ongelowige of heiden, dit behels die oproep tot bekering, maar ook die praktiese hulpverlening, ten slotte bedoel dit ook die aksies binne die eie kultuurmilieu sowel as die binne ander kultuurverbande.

Nog verder verwarrend is dat evangelisasie en sending as sinonieme gebruik word en dat dit dikwels afgewissel word.

Daarby het 'n duidelike polarisering gekom. Eerstens is daar die groep wat al meer weg beweeg van die prediking van bekering en oproep tot geloof in Jesus Christus, en kom by die verbetering van die mens se lewe en lot, die poging om as kerk in die stryd en nood "present" te wees (dit wil sê teenwoordig). Christus se rol is nie die van Verlosser en Here nie, maar van "voorbeeld" van 'n "mede-stander" of 'n "mede-betrokkene." Dit is die "ecumenicals" se standpunt.

Hierteenoor die "evangelicals" - wat die aksent laat val op die kragtige verkondiging van die evangelie waardeur mense opgeroep word tot bekering en lewensheiliging. Aan ons diakonale, sosiale-werksaamhede word sekondêre betekenis toegeken.

Die woorde evangelisasie/sending kry verskillende teologiese lading by die twee groepe.

By ons in S.A. geld al die bogenoemde verwarring. Dit word verder kompliseer: met evangelisasie word bedoel die arbeid aan die wit afvallige en vervreemde lidmaat van die kerk, al het hy uit en uit ongelowige geword.

Die woord sending word gereserveer vir die arbeid aan die swart en gekleurde mense. Hier het intussen eie en selfstandige kerke ontstaan en tog word arbeid hier en die finansiële steun hier, nog steeds algemeen "sending" genoem. En dit is tog foutief! Dit is 'n verwarrende beeld wat deur evangelisasie en sending opgeroep word. Die begrippe het historiese konnotasie maar ook 'n nuwe inhoud en albei bestaan langs mekaar. Ons moet helderheid oor die saak kry.

3. GRENSE WAT AL MEER VERVAAG

Die grense tussen die kerk aan die een kant en evangelisasie en sending aan die ander kant vervaag al meer. Veral by kerke met 'n volkskerkkarakter, waar daar haas 'n outomatiese lidmaatskap is en 'n tradisionele Christendom geld, vind die ergste erosie plaas. In baie opsigte het dit onseker geword wat kerk en nie-meer-kerk is. Die doop word gesekulariseer.

Die grense tussen sending en evangelisasie vervaag. Die voortskrydende ontkerklikling en ontkerstening, maak dit onseker of die mense nog in die sfeer van die verbond leef. By die sending is daar al veel van die evangelie wat mense te hore kom deur die massamedia. Daar is 'n vertekende beeld van die Christendom.

Die Christelike kerk verloor al meer hulle geestelike krag en invloed. Op groot skaal vloei mense weg uit die kerke. Al meer word van die "gedoopte heiden" gepraat.

Die groot toename in die groei van die verskillende sektes help verder om die grense tussen kerk en wêreld uit te wis.

Dit is veral rondom die verlening van ontwikkelingshulp, en die stryd om bevryding, om verandering van strukture in sosio-politieke aktiwiteite, dat die grense tussen evangelisasie en sending sterk uitgewis word.

4. WYSES WAAROP DIE VERWARRENDE BEELD HANTEER WORD

4.1 Die aanvaarding dat die grense weggeval het

Sonder enige reserwe word die verskeidenheid van werksaamhede as 'n eenheid gesien en dit geskied op dieselfde wyse.

Dit het voordele en skyn maklik te wees. Tog bring dit 'n miskienning van die beeld van die Skrif. Ons vergeet daardeer dat die kerk as liggaam van Christus, as mense wat leef uit die binding met Christus en dat hulle daardeur verander is, 'n ander taak en bestemming gekry het.

As alles sending/evangelisasie is, dan is niks eintlik sending/evangelisasie nie. Dit is onaanvaarbaar. Dit word 'n gevaarlike vorm van vermenging tussen kerk en wêreld, tussen kerk en kultuur.

Ons moet duidelik onderskei.

4.2 Pogings om Evangelisasie en Sending te onderskei

4.2.1 Geografiese onderskeiding

Die Ev. sien op arbeid wat naby is, in die land. Sending is werk aan mense wat ver is, 'n ander wêreld-deel, die sg. "Derde wêreld."

Dit is 'n willekeurige onderskeiding. Dit klop nie met die werklikheid nie.

4.2.2 Die onderskeiding volgens "voorwerp"

Die aksente val op die persone tot wie die aksie gerig word.

By evangelisasie sien dit op persone wat reeds met die evangelie in aanraking gekom het, en by wie allerlei reste van die evangelie aanwesig is. Die wat staan in die dampkring van die verbond.

By die sending word die werk gerig op persone wat nog nie die evangelie gehoor het nie.

Die teologiese onderskeid by die voorwerp is dat by Evangelisasie is die voorwerp mense wat: nie meer Christene is nie, terwyl by die sending van voorwerpe: nog-nie-Christene is nie.

Die onderskeiding kan nie alleen gebruik word nie. Die vraag hier is, wat word onder "Christen" verstaan?

'n Bybelse Christen, 'n nuwe mens kan wel in sonde val, wegdwaal maar nie verval nie.

4.2.3 Onderskeiding volgens inhoud van die boodskap

Dat die één boodskap wat gebring word, gedifferensieer word sodat dit aansluit by die verskillende mense of groepe tot wie dit gerig word.

Dit impliseer dat die voorwerpe 'n sterk woord meespreek.

4.2.4 Die onderskeiding volgens kultuurmilieu

Evangelisasie geskied binne eie kultuurmilieu.

By die Sending word gesien dat die arbeid die grense van die eie kultuurmilieu oorskry en binne 'n ander kultuurmilieu werk. Sending is trans-kultureel, met die bygedagte dat hierdie kulture nie-Christelik is.

Hierdie onderskeiding moet gesien word as 'n graad-verskil tussen Sending en Evangelisasie.

5. 'N WERKBARE ONDERSKEID

5.1 'n Onderskeiding is nodig

Ons wil nie in grenslose verwarring bly hang nie.
Ons wil nie die kerklike arbeid onbybels vervlak nie -

Daarom wil ons onderskei sonder om te skei. Dit is die goeie beginselstand.

Ons wil in alles reg laat geskied aan die sentrale bedoeling van die Skrif.

5.2 Die verskillende woorde in die N.T. gee nie sondermeer 'n duidelike onderskeiding nie.

1. euaggelion en euaggelizomai - om die blye boodskap aangaande Jesus aan mense van alle soorte bekend te maak.

2. diagello -

Evangelisasie beteken - in die lig van die woorde om die blye boodskap oor 'n wye terrein te bring.

5.3 Riglyne uit die Skrif

* Die kerk en die gemeenskap van gelowiges in die wêreld.

Die versoeningswerk van Christus word afgestem daarop dat mense die evangelie hoor, daardeur verander word, aan Christus gebind word, en kinders van God word, en Jesus as Here bely, en sy wederkoms tegemoet lewe. Intussen leef hulle as mense van die lig. (Ef. 5:8) Hulle druk hul eenheid met Christus en met mekaar uit - ook in die onderlinge byeenkomste en nagmaal. Hoewel die kerk in die wêreld bestaan en leef, is daar 'n duidelike roeping om na binne afgesonderd vir God te lewe, Hom te dien en te aanbid, en na buite van hierdie groot daad van God te getuig.

* Die taak van die Kerk in die wêreld

Hierdie taak bestaan daarin dat God aanbid, geëer, gedien en verheerlik word. Dat die boodskap van die Evangelie op baie maniere in die wêreld uitgedra moet word, dat die medemens op elke moontlike manier gedien moet word - en dat die verkondiging en die diens 'n diepe eenheid vorm. Woord en daad vorm 'n eenheid.

* Die mens in sy omstandighede -

Hoewel daar maar een evangelie is en dit die onveranderlike boodskap is wat berus op Jesus se persoon en werk, moet hierdie Evangelie by die mees uiteenlopende mense gebring word. Die mens se leefwêreld moet ook in berekening gebring word. Die evangelie moet afgestem word op die konkrete mens in sy konkrete lewe.

* Die gelowige word anders aangespreek as die ongelowiges

Die gelowiges leef steeds uit die evangelie en word aangespreek vanuit die sterker grond van die belydenis dat Jesus die Verlosser en Here is, dat sy wil geld en gehoorsaam moet word.

Die ongelowige wat buite staan en nog nie die binding met Jesus ervaar nie, het nog nie erken dat Jesus die Here van ons hele lewe is nie.

* Die ideaal en werklikheid

Die ideaal van die Skrif is dat die kerk 'n duidelike grens sal hê - dat die gelowiges almal meelewend, meewerkend sal wees en dat die kerk "een, heilige, algemene kerk" sal wees. Verder dat die kerk in die wêreld leef en werk, met 'n openheid na die wêreld, 'n solidariteit met die mense, maar tog 'n onderskeid en 'n skeiding. Dus die skeiding tussen kerk aan die een kant en wêreld aan die ander kant tot wie die kerk die evangelie bring, met die bedoeling dat ook die mense in die wêreld die boodskap sal hoor, sal glo, en deel van die kerk word.

Intussen is die kerk verskeur, en aangepas by die wêreld. So was daar eers baie oortuigde mense binne die kerk. Later het die verskynsel gekom dat rondom die kerk, 'n derde terrein ontwikkel het, nl. diegene wat afvallig geword het van die kerk, wat van Christus en sy kerk afvallig geword het, wat in die dampkring van die verbond staan, maar totaal daarvan vervreemd geraak het. Die feit is 'n aanklag teen die kerk dat hy te min kerk van Jesus Christus is.

Die ideaal is dat die kerk 'n duidelike grens sal hê en dat die wat binne is, werklik binne sal hoort en die wat buite is, getrek sal word om ook binne te kom.

Die werklikheid is egter dat daar deur verskillende faktore 'n grys gebied tussen kerk en wêreld ingeskuif het. Dit is mense wat 'n ambivalente posisie inneem. Hulle is nie werklik kerk nie, maar hulle is nie voluit heidene nie. Ons moet altyd uitgaan van die prinsipiële en trag om die konkrete werklikheid om te buig na die beginsels. Intussen moet volle erns gemaak word met die geworde werklikheid.

5.4 Eén evangelie gebring op drie onderskeie terreine

Word die de facto posisie as uitgangspunt geneem, is die wenslikste om 3 terreine te onderskei waarop die een evangelieboodskap op baie maniere bedien word.

Word gewerk vanuit die prinsipiële siening moet die kerk skerp afgegrens word van die wêreld, sodat daar die duidelike geestelike grootheid, die kerk van Jesus Christus sal wees, en daaromheen die ongelowige wêreld wat nie die verlossing van Jesus Christus ken nie, maar aan wie die kerk dit met groot krag en aandrang op baie maniere betuig.

Waar die kerk waarlik kerk is en waar die tug behoorlik funksioneer, sal ons die grense tussen die kerk en nie-kerk, duidelik wees, maar daar sal die terreine van evangelisasie en sending een groot gebied wees wat om die kerk uitwaai en wat gekenmerk sal wees deur grade van aanraking met die evangelie. Intussen sal op 'n besondere wyse gewerk moet word sodat die kerk vernuwe word. Dit geskied deur geïntensifiseerde ampsbediening. Tegelyk sal op die terreine van die evangelisasie en sending gewerk moet word.

Skematies sou ons die 3 terreine by wyse van drie konsentriese sirkels kan voorstel, waarvan die terrein van die ampsbediening die middelste sirkel is A en dan die sirkel van die evangelisasie B en daaromheen die sirkel van die sending C wat strek tot alle dele en uithoeke van die wêreld.

Die terrein van die ampsbediening is die bediening van die evangelie aan die gemeente self, onder leiding van die ampte, onder albei sleutels, nl. woordbediening en kerklike tug. Hier word die omvattende sorg van die evangelie aan die lidmate van die gemeente bestee, om hulle te bring tot die diens en aanbidding van God, tot hulle geestelike groei deur getuienis en diens in die kerk en wêreld.

Die terrein van die evangelisasie is persone wat kom uit die kerk, wat miskien gedoop is, wat opgegroeï het in die samelewing wat gestempel is deur die Christendom, mense wat lewe in die dampkring van die verbond by wie daar nog allerlei veste van die Christendom is - maar wat van Christus, sy Woord en kerk vervreemd is.

Hulle weet baie van die evangelie en die kerk, maar het teleurgesteld of moedswillig weggegaan. Nou staan hulle met die rug na die Bybel en die kerk. Die vervreemding kan in verskillende grade en vorme voorkom. Dit kan kortstondig of kronies wees.

Die terrein van die Sending - is die persone wat in die groot sirkel om die kerk en om die evangelisasie, hulle plek het.

Die grense tussen die kerk en evangelisasie het in baie opsigte vaag geword. Nog meer het die grense tussen die evangelisasieterrein en die sendingterrein vaag geword. In baie opsigte is dit nie meer aan te dui nie en is dit maar 'n graadonderskeid.

5.5 Die onderskeiding langs die lyn van die vier komponente van die evangeliebediening.

5.5.1 Die boodskapper

Sinnvolle arbeid op die twee terreine, moet sy vertrekpunt neem in die sendende kerk. Dit moet daarin veranker wees, daaruit leef, en daarheen terugkeer. Toe dit nie in die geskiedenis gebeur het nie, het allerlei groepe buite en langs die kerk die werk gedoen.


Die kragtigste evangelisasie en sendingwerk word gedoen waar die kerk werklik lewe en die beeld van Christus sy Here vertoon. Dit gaan dus nie om slegs mense uit te stuur, of geld te gee nie, maar om self nuut te wees en as lewende gemeente in die wêreld die evangelie voor te leef.

Dit is dieselfde kerk wat optree in sowel evangelisasie en sending. Die voorwerpe van evangelisasie lê nader by die kerk, uit dieselfde kultuur en taal, en kan maklik aansluit by die kerk. In geval van sending is persone baie keer van 'n ander taal en kultuur en is dit Bybels om hulle te lei tot selfstandige of eie kerkvorming.

Die kerk as boodskapper moet juis hom anders voorberei om die voorwerpe op die sendingterrein te bereik as dié op die terrein van die evangelisasie. Dit gebeur in die APK se teologiese skool. Vergelyk sendinglesings.

5.5.2 Die geadresseerdes/voorwerpe

Die kerk beweeg in die twee terreine na mense wat nie of nog nie of nie meer deur die evangelie bereik word nie.



Hulle het elkeen 'n eie konkrete leefwêreld en kultuurmilieu. Daar moet hulle aangespreek word. Tog is ook hier 'n graadverskil. By die evangelisasie is daar baie invalspoorte, raakpunte, kultuurwaardes - die doop is so 'n invalspoort. God het dit nie vergeet nie. By die sending is veel minder aanrakingspunte en moet die basis van voor af gelê word. Die kultuur en leefwêreld vra 'n ander benadering. Daar is onderskeid, al is dit net in graad.

5.5.3 Die boodskap

In albei gevalle is die boodskap dieselfde, maar dit het tog wat die 2 terreine betref, 'n eie aksentuering of toespitsing.

Die weg van heil wat God gegee het tot redding moet verduidelik word. In geval van evangelisasie moet die plaasvervangende versoening en bevryding verduidelik word. By die sending is daar eers struikelblokke wat uit die weg geruim moet word. Die evangelie moet vertolk word vir 'n bepaalde bevatlikheid en verstaanshorison van die geadresseerdes.

Die mens moet gebring word om op die verkondiging te antwoord en dit te omhels. Die prediking wat lei tot redding, en heil en omkering moet die mense bring om navolgers van Jesus te word. Hier verkry die boodskap uit die aard van die saak 'n ander toespitsing en inkleding by die sending as by die evangelisasie.

5.5.4 Die wyse, of die middele waardeur die boodskap oorgedra word

By evangelie en sending word al die gewone middele gebruik, maar dan moet daarby op besondere manier getrag word om die evangelie by die struikelblokke verby te kry, om toegang tot die harte van mense te verkry, en wel op so 'n wyse dat hulle daarna luister en daarop antwoord, maar die wyse het by die sending 'n ander aksentuering. Die evangelie kom in 'n bepaalde kultuurkleed. Dit moet oorgeklank word in die kultuurhorison van die hoorders.

By die wyse kom ons weer by die boodskapper uit. Die boodskap moet gedra word deur 'n lewende gemeente in 'n lewende verhouding tot Jesus. Daar is geen goedkoop middel nie.

5.6 Konklusie

Dit is gebiedend nodig om in die werk van die kerk duidelik te onderskei sonder om te skei. Die regte onderskeiding belemmer nie die werk nie, maar wil dit juis veel meer effektief maak.

- Daar moet vasgehou word daaraan dat die evangelie van Jesus Christus die kerk as sy liggaam byeenbring

en dat die kerk 'n grootheid in die wêreld is, wat met alles op die wêreld afgestem is, maar tog duidelik daarvan onderskei moet word.

- Die taak van die kerk in die evangelisasie- en sendingwerk moet te alle tye voluit erken en in werking gestel word. Albei impliseer steeds 'n lewende, getuigende, en dienende kerk.
- Rondom die kerk as besondere werkkring is daar steeds wyer uitkringende terrein van mense wat in verskillende grade met die evangelie en Christendom in aanraking gekom het en aangespreek is. Hierdie een groot terrein moet nader onderskei word vir die meer effektiewe wyse om die evangelie tuis te bring.
- Om te onderskei tussen evangelie en sending hang steeds saam met die siening van die kerk en verder word dit bepaal deur die 4 komponente nl. die boodskapper, die geadresseerdes, die boodskap, en die wyse waarop die boodskap oorgedra word. Nie net een komponent bepaal die verskil nie, al vier komponente gelyktydig moet in berekening gebring word. Daar sal oorvleueling wees, maar daar moet 'n onderskeiding wees.
- Verder moet daar veel meer oorleg tussen evangelie en sending plaasvind en so talle raakvlakke só tot hulle reg te laat kom.

6. In plaas van 'n onvrugbare stryd - liever 'n besonne aksie

Niks is so onvrugbaar en so teen die bedoeling van die Skrif nie as dat daar uit verskillende oorde getwis word oor wat die verskil tussen evangelisasie en sending sou wees, maar dat die stryd alle energie in beslag neem sodat niks gedoen word nie aan die groot saak van die uitbreiding van die Koninkryk van God, waarom dit immers in evangelisasie en sending gaan.

In plaas van 'n verlamme gestry oor die twee, moet daar 'n eerlike en besonne aksie en beplanning en deurvoering daarvan kom.

Immers die Koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in die krag van die evangelie. Dit gaan egter nooit om aksie as sodanig nie - dit is aktivisme - maar om deeglike kerklike besinning wat uitloop op verantwoordelike optrede. Dit moet sodanig wees dat dit die weg vir die gang van die evangelie oopmaak en dit oop hou, en agterna die werk bevestig in Bybel-gefundeerde bediening van die evangelie op die mees effektiewe wyse en wel op die terreine van evangelisasie en sending, maar soos dit uitvloei uit die terreine van evangelisasie en sending, en soos dit uitvloei uit die terrein van die ampsbediening.

- 10 -

Iets van die omvattendheid van die Bybelse evangelisasie en sending kom uit die woord van Chrysostomos

"n Hele Christus vir my saligheid
n Hele Bybel vir my staf
n Hele kerk vir my gemeenskap
n Hele wêreld vir my gemeente."

Ons moet leer om onself en as kerk volledig en finaal aan die Here van evangelisasie en sending oor te gee, onself te stel tot beskikking van die groot Missio Dei. God is besig om reddend deur die wêreld te trek en ons mag met Hom meetrek. Dan moet ons leer om met die Hugenate te bid: "Tot u beskikking, my Here!" en die gebed van Calvyn na te volg: "My hart gee ek aan U, o God, louter en sonder voorbehoud" (inskripsie op Calvyn se wapen).